# DIE BENUTTING VAN VEERKRAG DEUR MIDDEL-ADOLESSENTE IN 'N HERSAAMGESTELDE GESIN

deur

**SUZETTE EBERSOHN**

Voorgelê ter vervulling vir die graad

**PHILOSOPHIAE DOCTOR**

**Departement Opvoedkundige Sielkunde**
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van Pretoria
Suid-Afrika

**STUDIELEIER:**
Professor A.C. Bouwer

2011

© University of Pretoria

# DANKBETUIGING

**Ek wil graag die volgende persone bedank vir hulle bydraes, bystand en volgehoue ondersteuning tydens die voltooiing van my studie:**

- SOLI DEO GLORIA: Aan God alleen die eer vir die krag en deursettingsvermoë om die studie te kon onderneem, want sonder Sy groot genade sou ek nie dié studie kon voltooi nie!

- Die vier deelnemers wat my toegelaat het om vir 'n wyle binne hulle harte te kon inkyk.

- My studieleier, Prof. A.C. Bouwer. Dankie vir die wonderlike, besielende wyse waarop u my deurgaans bygestaan en daadwerklik gelei en tydens my studie ondersteun het. Die opofferings, aansporing en welwillendheid deur u getoon, was werklik inspirerend en word opreg waardeer. Watter wonderlike voorreg om onder u bekwame leiding my studie te kon voltooi.

- My man, Gys, vir sy volgehoue ondersteuning, geduld en geloof in my. Jou liefdevolle aanmoediging en motivering het as inspirasie gedien en word opreg waardeer. Ek is baie lief vir jou.

- My kinders, Marius en Odette. Baie dankie vir julle geduld met Mamma. Julle liefde, ondersteuning en bystand het as motivering gedien tydens die skryf van die "boek". Julle is kinders op wie ek baie trots is.

- Bertus, Schalk, Anna en Nienke vir julle liefdevolle ondersteuning en volgehoue aanmoediging.

- Thea de Villiers vir jou onbaatsugtige hulp en leiding met die tegniese versorging van my studie.

- My vriende, vriendinne en familie vir hulle ondersteuning en motivering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

# VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

**Hierdie dokument moet geteken word en saam met enige opstel, verslag, projek, taak, verhandeling en/of proefskrif ingedien word.**

Student se volle name: **Suzette Ebersohn**

Studentenommer: **24342522**

**Verklaring**

1 Ek verstaan wat plagiaat is en is bewus van die Universiteit se beleid in hierdie verband.

2 Ek verklaar dat hierdie **proefskrif** my eie oorspronklike werk is. Indien ander mense se werk gebruik is (hetsy uit 'n gedrukte bron, die internet of enige ander bron), is dit behoorlik erken en is daarna verwys in ooreenstemming met die departementele vereistes.

3 Ek het nie werk wat voorheen deur 'n ander student of enige ander persoon geskep is, gebruik om dit as my eie in te dien nie.

4 Ek het nie en sal nie toelaat dat enige iemand my werk kopieer met die bedoeling om dit as sy/haar eie werk aan te bied nie.

STUDENT SE HANDTEKENING: .....................................

STUDIELEIER SE HANDTEKENING: .....................................

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Summary


## THE MIDDLE-ADOLESCENT'S UTILISATION OF RESILIENCE IN A RECONSTITUTED FAMILY

Divorce is a potentially destructive reality in society. According to the bio-ecological model of Bronfenbrenner, the development of the child takes place within two micro family systems when a family is reconstituted following divorce: the *primary micro family system*, where the child resides permanently with his/her biological parent who has parental rights and responsibilities, as well as the *secondary micro family system* of the other biological parent who also has parental rights and responsibilities, where the child visits periodically. Challenges that the child faces in the context of the reconstituted family thus include shared membership of the two micro family systems and the complexity of the mesosystem.

Resilience can be defined as a process of the inborn ability to achieve positive outcomes and to adjust successfully despite challenges and adverse living conditions. The purpose of the study was twofold: firstly, to achieve understanding of the way in which middle-adolescents of divorced parents, in moving between the two micro family systems of their reconstituted families, utilise their resilience to develop optimally in spite of a probably dysfunctional relationship between their biological parents at the mesosystemic level and secondly, to contribute to the fields of knowledge on resilience and bio-ecological theory in order to enhance educational psychology praxis with regard to the adaptation of adolescents of divorced parents in reconstituted families.

The study was qualitative, and conducted in the interpretive paradigm. A multiple case study with a purposeful sampling of four participants was used. Unstructured narrative conversations were conducted, which included a resilience-based therapeutic intervention to facilitate sensitisation regarding personal strengths and assets in accordance with the asset-based approach. The format of the data description and analysis was defined by the narrative way of working. The participants' utilisation of resilience qualities was evaluated in accordance with a definition of resilience which had been newly constructed by means of a synthesis of the bio-ecological model, positive psychology and the focuses of the first three waves of resilience research.

The findings of the study indicated that the way in which middle-adolescents utilise their resilience depends on a therapeutic process (a personal, controlled process) as well as the nature of the mesosystem in their developmental context (a factor that can only be controlled by the divorced biological parents). In respect of a therapeutic process, the utilisation of the middle-adolescents' resilience depends on their emotional security to make conscious choices to mobilise their resilience and consequently change their behaviour in order to cope effectively with difficult family circumstances in both their micro-family systems. In respect of the nature of the mesosystem, the utilisation of the middle-adolescents' resilience depends on the effectiveness of the relationship between their divorced biological parents at the mesosystemic level. The utilisation of resilience *per se* is apparently dependent on some consistent systemic foundation in the developmental context of the child, which is, in the case of divorce, the mesosystem.

**Key words**

Divorce
Reconstituted family
Resilience
Middle adolescent
Personal characteristics
Proximal processes
Mesosystem
Bio-ecological model
Asset-based approach
Waves of resilience research

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

## INLEIDENDE ORIËNTERING TOT STUDIE


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | DIE RASIONAAL VAN MY STUDIE | 1 |
| 1.2 | MY NAVORSINGSVRAAG | 9 |
| 1.3 | DIE DOEL VAN MY STUDIE | 9 |
| 1.4 | DIE AANNAMES VAN MY STUDIE | 10 |
| 1.5 | MY TEORETIESE RAAMWERK | 11 |
| 1.6 | MY NAVORSINGMETODOLOGIESE BEPLANNING | 11 |
| 1.6.1 | Wat is my navorsingsparadigma? | 11 |
| 1.6.2 | Wat is my navorsingsontwerp? | 12 |
| 1.6.3 | Wie sal my navorsingsdeelnemers wees en hoe gaan ek hulle kies? | 12 |
| 1.6.4 | Hoe gaan ek die data insamel? | 13 |
| 1.6.5 | Hoe gaan ek die data analiseer en interpreteer? | 14 |
| 1.7 | BEGRIPSVERKLARINGS | 15 |
| 1.8. | MY ETIESE OORWEGINGS | 16 |
| 1.9 | MY ROL AS NAVORSER | 17 |
| 1.10 | DIE PROGRAM VAN MY STUDIE | 18 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

## 'N BIO-EKOLOGIESE INTERPRETASIE VAN VEERKRAG: LITERATUUROORSIG


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 19 |
| 2.2 | DIE BESTUDERING VAN DIE ONTWIKKELENDE MIDDEL-ADOLESSENT IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN DIE POSITIEWE SIELKUNDE | 21 |
| 2.3 | OPTIMALE ONTWIKKELING AS UITKOMS VAN VEERKRAGBENUTTING | 25 |
| 2.3.1 | Oriëntering | 25 |
| 2.3.2 | Ontwikkelingsuitdagings in die hersaamgestelde gesin | 26 |
| 2.3.2.1 | Die hersamestelling van 'n gesin na egskeiding | 26 |
| 2.3.2.2 | Miskyking van die hersaamgestelde gesin as unieke gesinsvorm | 34 |
| 2.3.2.3 | Disfunksionele verhoudings tussen biologiese ouers in die mesosisteem | 38 |
| 2.3.3 | Veerkrag as bereiking van verskeie ontwikkelingstake in die konteks van die hersaamgestelde gesin | 39 |
| 2.4 | VERSKILLENDE DIMENSIES VAN NAVORSINGSBENADERINGS VAN VEERKRAG | 45 |
| 2.4.1 | Oriëntering | 45 |
| 2.4.2 | Eerste Golf: Die Fenomenologiese Golf van veerkrag-navorsing | 47 |
| 2.4.2.1 | Begripsverheldering | 47 |
| 2.4.2.2 | Bespreking | 50 |
| 2.4.3 | Die Tweede Golf: Operasionele Golf van veerkragnavorsing | 50 |
| 2.4.3.1 | Inleiding | 50 |
| 2.4.3.2 | Die Kompenseringsmodel | 52 |
| 2.4.3.3 | Die Beskermingsmodel | 53 |
| 2.4.3.4 | Die Aansporingsmodel | 54 |
| 2.4.3.5 | Die Veerkragmodel | 56 |
| 2.4.3.6 | Bespreking | 59 |
| 2.4.4 | Derde Golf: Veerkragteorie | 61 |
| 2.4.4.1 | Begripsverheldering | 61 |
| 2.4.4.2 | Bespreking | 65 |
| 2.5. | 'N BIO-EKOLOGIESE INTERPRETASIE VAN DIE VEERKRAGTIGE MIDDEL-ADOLESSENT IN DIE KONTEKS VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | 66 |
| 2.5.1 | Opsomming | 66 |
| 2.5.2 | 'n Bio-ekologiese definisie van veerkragbenutting | 69 |

# HOOFSTUK 3

## NAVORSINGMETODOLOGIESE BEPLANNING EN VERLOOP

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 71 |
| 3.2 | NAVORSINGSPARADIGMA | 72 |
| 3.2.1 | Teoretiese paradigma | 72 |
| 3.2.2 | Metodologiese paradigma | 76 |
| 3.3 | NAVORSINGSONTWERP | 78 |
| 3.3.1 | Veelvuldige-gevallestudie | 78 |
| 3.3.2 | Narratiewe werkswyse | 81 |
| 3.3.3 | Seleksie van deelnemers | 84 |
| 3.3.4 | Data-insamelingstegnieke | 86 |
| 3.3.4.1 | Inleiding | 86 |
| 3.3.4.2 | Informele gesprek | 87 |
| 3.3.4.3 | Ongestruktureerde narratiewe gesprek | 88 |
| 3.3.4.4 | Narratiewe tegniek: “FACE” | 89 |
| 3.3.4.5 | Observasie | 90 |
| 3.3.4.6 | Reflektiewe navorser-joernalisering | 91 |
| 3.3.5 | Data-analise | 92 |
| 3.4 | MY ROL AS NAVORSER | 95 |
| 3.5 | KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA | 97 |
| 3.5.1 | Inleiding | 97 |
| 3.5.2 | Geloofwaardigheid | 97 |
| 3.5.3 | Vertroubaarheid | 99 |
| 3.5.4 | Toepaslikheid | 100 |
| 3.6 | ETIESE MAATREëLS | 100 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 4

# BESPREKING VAN DATA


4.1 INLEIDING 103

4.2 RESULTATE EN BEVINDINGS 105
4.2.1 Deelnemer A: Heidi 105
4.2.1.1 Feitlike konteks van Heidi se mikro-gesinsisteme 105
4.2.1.2 Die verloop van Heidi se narratiewe gesprekke 109
4.2.1.3 Analise van Heidi se narratief in terme van veerkragbenutting 111
4.2.1.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Heidi se veerkragbenutting 122

4.2.2 Deelnemer B: Leon 127
4.2.2.1 Feitlike konteks van Leon se mikro-gesinsisteme 127
4.2.2.2 Die verloop van Leon se narratiewe gesprekke 131
4.2.2.3 Analise van Leon se narratief in terme van veerkragbenutting 133
4.2.2.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Leon se veerkragbenutting 144

4.2.3 Deelnemer C: Fanus 149
4.2.3.1 Feitlike konteks van Fanus se mikro-gesinsisteme 149
4.2.3.2 Die verloop van Fanus se narratiewe gesprekke 152
4.2.3.3 Analise van Fanus se narratief in terme van veerkragbenutting 155
4.2.3.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Fanus se veerkragbenutting 164

4.2.4 Deelnemer D: Sonja 168
4.2.4.1 Feitlike konteks van Sonja se mikro-gesinsisteme 168
4.2.4.2 Die verloop van Sonja se narratiewe gesprekke 174
4.2.4.3 Analise van Sonja se narratief in terme van veerkragbenutting 176
4.2.4.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Sonja se veerkragbenutting 193

4.3 TER AFSLUITING 198

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 5

## OORSIG VAN DIE NAVORSING, META-SKOU, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS


| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | INLEIDING | 200 |
| 5.2 | OORSIG VAN DIE NAVORSING | 201 |
| 5.3 | META-SKOU OP MY NAVORSING | 205 |
| 5.3.1 | Inleiding | 205 |
| 5.3.2 | Meta-skou op my rol in die navorsing | 206 |
| 5.3.3 | Vergelykende analise van die proksimale prosesse in die deelnemers se mikro-gesinsisteme | 209 |
| 5.3.3.1 | Inleiding | 209 |
| 5.3.3.2 | Moeilike omstandighede as risiko-faktore wat die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme beperk | 211 |
| 5.3.3.3 | Intrinsieke eienskappe as risiko-faktore wat die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme beperk | 214 |
| 5.3.3.4 | Persoonlike sterkpunte en bates wat geïdentifiseer is in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering en benut is ten einde proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme te bevorder. | 217 |
| 5.3.4 | Die invloed wat die mesosisteem uitoefen op die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme | 225 |
| 5.3.5 | Ten slotte | 227 |
| 5.4 | GEVOLGTREKKINGS: DIE ANTWOORD OP MY NAVORSINGSVRAAG | 228 |
| 5.5 | KRITIESE BESKOUING OP MY NAVORSING | 232 |
| 5.5.1 | Sterkpunte van die navorsing | 232 |
| 5.5.2 | Beperkings, leemtes en knelpunte van die navorsing | 235 |
| 5.6 | AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT VERDERE NAVORSING | 237 |
| 5.7 | TEN SLOTTE | 239 |
| | LITERATUURVERWYSINGS | 240 |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDENDE ORIËNTERING TOT STUDIE

*"Experience is not what happens to a man.*
*It is what a man does with what happens to him"*

- Aldous Huxley

## 1.1 DIE RASIONAAL VAN MY STUDIE

Statistiek toon dat egskeidings jaarliks wêreldwyd, en spesifiek ook in Suid-Afrika, toeneem. Volgens die gegewens vir 2009 wat beskikbaar gestel is deur die Suid-Afrikaanse Statistiekdiens (Statistics South Africa, 2009) fluktueer die aantal huwelike wat die afgelope dekade (2000-2009) in die skeihof geëindig het tussen 28 924 en 34 145 per jaar. Verdere statistieke toon aan dat 28 295 kinders onder die ouderdom van agtien jaar aan die einde van 2009 betrokke was by egskeidings. Volgens die gegewens van die Amerikaanse statistiekdiens vir die tydperk vanaf 1992 tot 2002 is die aantal minderjarige kinders wat deur 'n egskeiding geraak is 16.8 per 1000 kinders. Statistieke toon dat 80% van geskeide mans en 75% van geskeide vrouens in die VSA weer trou en die meeste trou binne drie jaar na die egskeiding (US Census Bureau, 2003).

Die realiteit van die egskeiding is 'n persoonlike belewenis wat dikwels deur die ouers sowel as die kinders as oorweldigend en traumaties ervaar word (Hetherington & Stanley-Hagan, 1999:129). Ouers se verhouding met mekaar word op 'n radikale wyse deur 'n egskeiding beïnvloed. Baie geskeide ouers ervaar negatiewe gevoelens jeens hulle vorige egmaat lank na die egskeiding. In baie gevalle kan gevoelens van bitterheid en kwaad ook voortduur ten spyte van hertroue (Fischer, De Graaf & Kalmijn, 2005:1131).


Navorsing met betrekking tot egskeiding en hertroue wil laat blyk dat konflik tussen ouers, beide voor en na egskeiding, die risiko verhoog van 'n verskeidenheid van emosionele en gedragsprobleme by kinders (Afifi, 2003:729; Ayoub, Deutsch, & Maraganore, 1999: 297; Kelly, 2002:963). Vroeëre navorsing het grootliks gewentel rondom die adolessent se gevoelens van verdeelde lojaliteit (Afifi, 2003:729, McGoldrick & Carter, 2005:417), maar meer onlangse studies toon dat kinders selfs as volwassenes steeds hierdie verdeelde lojaliteitsgevoelens beleef (Amato & Afifi, 2006:232). Die vrae wat hieruit by my opkom is:

Watter strategieë het bogenoemde persone as adolessente aangewend om te kon "oorleef" in hierdie warboel van lojaliteitskonflikte? Het hulle dan nie hul ouers se egskeiding verwerk as hulle nog steeds met verdeelde lojaliteit gekonfronteer word nie of funksioneer hulle tans as volwassenes moontlik net "terwille van die vrede" tussen hulle en hul biologiese ouers ?

Die hersaamgestelde gesin verwys na 'n gesin, van 'n tweede huwelik, waar ten minste een van die egmaats 'n kind of kinders in 'n vorige huwelik gehad het, voor die egpaar se nuwe huwelik. Deur 'n herstrukturering ontstaan dus weer een gesin. Waar die ouer dikwels opwinding ten opsigte van hertrou beleef, ervaar menige kind dit as 'n persoonlike bedreiging. Vir die kinders beteken hertroue die uitbreiding van hul familie: "stief"[1]ouers "stief"grootouers, "stief"broers en/of- susters, sowel as moontlike halfbroers en/of-susters. Dit beteken egter ook vir hulle 'n *verlies* van hul enkelouer met wie hulle 'n spesiale band opgebou het. Hulle ervaar ook soms jaloesie jeens die nuwe eggenoot, wat hul spesiale plek kom inneem (Kaplan, 1991:50; Stoll, Arnaut, Fromme & Felker-Thayer, 2005:177), gevolglik is die kinders dikwels onwillige deelnemers aan die nuwe hersaamgestelde gesin. Fantasieë van 'n versoening tussen die biologiese ouers kom ook dikwels by die kind in 'n nuutgevormde hersaamgestelde gesin voor (Bigner, 1998:442).

Vanuit my Meestersgraadstudie wat gefokus het op die geskeide biologiese vader se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind, het ek, aan die hand van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner, tot die volgende gevolgtrekking gekom: die hersamestelling van die gesin na egskeiding impliseer dat die ontwikkeling van die kind, anders as in 'n kerngesin, benewens in mikro-sisteme van onder andere skool en portuurgroep (Bronfenbrenner, 1992:188; Thomas, 2000:405; Swart & Pettipher, 2011:10-17), ook binne **twee** mikro-gesinsisteme plaasvind. Figuur 1.1 gee 'n voorstelling van die hersaamgestelde gesin aan die hand van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner soos daar deur my aangepas (Ebersohn 2006:73).

[1] Aangesien daar 'n stigma kleef aan die woord *stiefouer* en dit in die volksmond 'n mite geword het dat "stief"-ouers sogenaamde "slegte" ouers is (Allison 2005: 27; Ceglian & Gardner 2000:112), het die "stief"-ouer dus van die begin af te make met 'n negatiewe vooroordeel wat oorkom moet word (Du Plessis 1993:28). Vanweë die feit dat daar so 'n negatiewe konnotasie aan die woord *stief* geheg word, is ek van mening dat die benaming van die "ander pa" of die "ander ma" 'n meer positiewe uitwerking op die verhoudings binne die hersaamgestelde gesin kan hê en sal ek dus in my eie stellings van dié term gebruik maak. Ek sal die woord "stief" in aanhalingstekens gebruik waar die term voorkom in literatuur waarna ek verwys.




Figuur 1.1 Die bio-ekologiese model van die hersaamgestelde gesin

Volgens Figuur 1.1 vind die kind se ontwikkeling eerstens plaas binne die mikro-gesinsisteem van die kind en sy/haar biologiese ouer, gewoonlik die moeder, by wie die kind se permanente plek van verblyf is en wat ouerlike regte en verantwoordelikhede (Parliament of the Republic of South Africa, 2005) ten opsigte van die kind het. Hierdie mikro-gesinsisteem noem ek die kind se *primêre mikro-gesinsisteem.* Tweedens vind die kind se ontwikkeling plaas binne die mikro-gesinsisteem van die ander biologiese ouer, gewoonlik die vader, wat gesamentlike ouerverantwoordelikhede en regte oor die kind het, en by wie die kind slegs periodiek besoek aflê, en dit noem ek die kind se *sekondêre mikro-gesinsisteem.* Die stippellyne in die twee mikro-gesinsisteme simboliseer die openheid vir interaksie op mesosisteemvlak (ideaal gesproke van albei mikro-gesinsisteme) wat die heen-en-weer beweeg van die kind tussen die gesinsisteme gemaklik moontlik (behoort te) maak.

Die kind is 'n volwaardige lid van elke gesinsisteem. Die aanvanklike mikro-gesinsisteem, vanwaaruit die kind gebore is en wat nie meer funksioneer nie, word voorgestel deur die sirkel, met gebroke lyne. Alhoewel die eersgestigte mikro-gesinsisteem van die kind as gevolg van die ouers se egskeiding verbrokkel het, kan dié mikro-gesinsisteem se voorgesette invloed nie misken of geïgnoreer word nie.

Ofskoon daar tydens my Meestersgraadstudie (Ebersohn, 2006) slegs gefokus is op die ontwikkeling en interaksie van verhoudings van die nie-inwonende kind binne die sekondêre mikro-gesinsisteem, het dit geblyk dat die kind se primêre mikro-gesinsisteem noodwendig ook in aanmerking geneem moet word aangesien die twee mikro-sisteme in die mesosisteem wedersyds op mekaar invoer en die interaksie met mekaar van kardinale belang is in die verkenning van die proksimale prosesse tussen die ouers en die kind. ’n Nuwe insig en uitbouing van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner is dan gelewer in die vorm van die stippellyne in plaas van vaste lyne om die wenslikheid van gesonde wederkerige interaksie tussen die mikro-gesinsisteme van geskeide ouers wat hulle in ’n hersaamgestelde gesin bevind, voor te stel.

Die interaksies van die twee mikro-gesinsisteme in die mesosisteem beïnvloed die wyse waarop die ouers in beide mikro-gesinsisteme pogings aanwend om verhoudinge met hul kind/ers te handhaaf. Binne hierdie unieke mesosisteem is daar verskeie bates wat mag bestaan asook potensiële slaggate wat die ouers kan lamlê in die gestaltegewing aan hul opvoedingsverhouding met hul kind/ers (Ebersohn, 2006).

Die eksosisteem verwys na een of meer kontekste waarin die kind nie direk betrokke is nie, maar wat indirek die kind se ontwikkeling beïnvloed. In die kerngesin word die kind beïnvloed deur byvoorbeeld verantwoordelikhede of spanning in ’n ouer se werksituasie wat oorspoel na die huis en moontlik die kwaliteit van die opvoedingsverhouding beïnvloed. Die kind in die hersaamgestelde gesin, as deelnemer aan twee mikro-gesinsisteme, word indirek beïnvloed deur die eksosisteem waaraan twee ouerpare in afsonderlike gesinsisteme onderwerp is, wat onafhanklik van mekaar funksioneer, en wat moontlik die proksimale interaksie mag beïnvloed (Donald, Lazarus & Lolwana, 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:12).

Die makrosisteem verwys na die houdings, oortuigings en waardes wat inherent in die sisteme binne ’n spesifieke kultuur teenwoordig is. Groeiende erkenning en aanvaarding in die makrosisteem van die hersaamgestelde gesin as ’n unieke gesinsvorm kan daartoe bydra dat effektiewe interaksie en ondersteuning moontlik is vir die kind in die twee mikro-gesinsisteme, wat gevolglik ook ’n effek op die mesosisteem sal hê. Andersyds kan gevind word dat vanuit een of albei mikro-gesinsisteme uiteenlopende waardes vanuit die makrosisteem onderskryf word, wat die konflik en frustrasies kan voed, ook op mesosisteemvlak (Donald *et al.*, 2002: 51; Swart & Pettipher, 2011:12).

Die chronosisteem verwys na die ontwikkelings-tydrame wat bestaan in die interaksies binne en tussen die sisteme. Die ontwikkelingsfase waarin die kind/ers verkeer het tydens die egskeiding asook tydens die hersamestelling van die gesin, beïnvloed die proksimale interaksie en prosesse van die kind/ers in elk van die twee mikro-gesinsisteme. Die hersaamgestelde gesin opsigself word as 'n ontwikkelende gesinseenheid gesien wat op sy beurt weer in interaksie met die progressiewe ontwikkelingsvlak van die kind verkeer en die proksimale prosesse tussen gesinslede beïnvloed. Die dimensie van voor- en na egskeiding, en voor en na tweede huwelik, voer chronosistemies op 'n besondere wyse in veral op beide mikro-gesinsisteme asook op mesovlak (Donald *et al.,* 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:12).

Die mikro-, meso,-, ekso, makro en chronosisteme word volgens Bronfenbrenner beskryf as *"..... a set of nested structures, each contained inside the next like a set of Russian Dolls"* (in Swart & Pettipher, 2005:10). Die middel-adolessent word as 'n aktiewe deelnemer in sy/haar eie ontwikkeling beskou en is nie net oorgelewer aan die omgewing nie en is nie net die produk van die omstandighede nie. Daar bestaan dus 'n voortdurende interaksie tussen die middel-adolessent en verskeie sisteme wat wederkerig mekaar beïnvloed. Die middel-adolessent se persepsie van die omgewing is sentraal in die begryping van hoe die individu in interaksie met sy/haar omgewing verkeer. Hierdie persepsie van die omgewing rig dus die middel-adolessent se optrede teenoor ander persone sowel as teenoor die omgewing (Donald *et al.,* 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:12).

Ten spyte van die feit dat hersaamgestelde gesinne 'n betekenisvolle deel uitmaak van die kliëntepopulasie van die helpende professies wat ouerbegeleiding ontvang, is daar nog steeds unieke behoeftes wat nie deur die algemene huweliksberadingskriteria gedek word nie (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:448). Ofskoon navorsing in die afgelope dekade meer begin fokus het op die begeleiding van die hersaamgestelde gesin (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:448; Amato & Gilbreth, 1999:559; Cohen & Fowers, 2004:39; Coleman, Ganong & Fine 2000:1288; Dunn, 2002:154-161; Du Plessis 1994:65; Dupuis, 2007:91; Golish, 2003:41; Kapp 2002:158; Sobelewski & King, 2005:1196; White & Gilbreth, 2001:155), is Sweeney (2010:667) van mening dat meer kwalitatiewe werk gedoen moet word rondom die ervarings, persepsies en refleksies van elke lid van die hersaamgestelde gesin ten einde dié unieke gesinseenheid optimaal te kan ondersteun by wyse van ouerbegeleiding.

Samevattend blyk dit dat navorsing die afgelope dekade onder meer fokus op faktore wat bepalend kan wees vir optimale aanpassing binne die hersaamgestelde gesin, soos onder andere ouer-kind verhoudings (Cohen & Fowers, 2004:39; Dunn, 2002:154-161; Dunn, 2004:659; King, 2007:1178; White & Gilbreth, 2001:155), die belangrikheid van

gesamentlike ouerskap (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:448; Amato, 2000:1269; Amato & Gilbreth, 1999:559; Sobelewski & King, 2005:1196), die belangrikheid van optimale kommunikasie binne die hersaamgestelde gesin (Beaudry, Boisvert, Simard, Parent & Blais 2004: 86; Halford, Nicholson & Sanders, 2007:471; Golish, 2003:41) asook aspekte rondom konflikhantering binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin (Dunn, O'Connor & Cheng, 2005:223; Sarrazin & Cyr, 2007:77; Amato & Afifi, 2006:222). 'n Duidelike skuif vanaf 'n probleem-gesentreerde benadering na 'n meer oplossing-gesentreerde benadering kan in die afgelope dekade se navorsing waargeneem word. Verbrokkeling van die hersaamgestelde gesin kan, met die nodige ondersteuning, verminder word deurdat die kinders, onder andere, meer ondersteuning ontvang om die unieke uitdagings van 'n hersaamgestelde gesin te kan hanteer (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:449).

Ten spyte van al die huidige kennis in die navorsingsveld met betrekking tot optimale funksionering van hersaamgestelde gesinne, bestaan daar steeds leemtes met betrekking tot insig in die wyses van hantering van die situasie deur die kind binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin (McGoldrick & Carter, 2005:417). Ideaal gesproke word positiewe ouer-kind- en "stief"ouer-kind verhoudings, die belangrikheid van voortgesette gesamentlike ouerskap na egskeiding, optimale kommunikasie binne die hersaamgestelde gesin asook aspekte rondom konflikhantering binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin in terapeutiese intervensie programme ingesluit en met groot vrug toegepas.

My vraag is egter: Hoe handhaaf die kind hom/haarself binne die twee mikro-gesinsisteme waartoe hy/sy behoort in die geval van disfunksionele verhouding tussen die biologiese ouers? Min navorsing is bekend oor hoe die kinders in hersaamgestelde gesinne daarin slaag om aan te pas en te bly funksioneer in die teenwoordigheid van negatiewe of verswarende omstandighede, soos byvoorbeeld konflik tussen hulle biologiese ouers, verdeelde lojaliteitsgevoelens en 'n swak ouer-kind verhouding of "stief"ouer-kind verhouding (Amato & Afifi, 2006 :234; Halpern-Meekin & Tach, 2008:435).

My terapeutiese dienste in my privaatpraktyk fokus toenemend op die hantering van verhoudingsprobleme tussen ouers en veral middel-adolessente van geskeide ouers binne die hersaamgestelde gesin en vraagstukke soos verdeelde lojaliteitsgevoelens, voortgesette ouerskap na egskeiding asook optimale kommunikasie vaardighede word hanteer. Dit is vanuit hierdie aktiwiteite in die praktyk duidelik dat ouers met die hersamestelling van 'n gesin nie emosioneel vaardig voel om die behoeftes van hulle kinders (insluitend middel-

adolessente) te identifiseer en aan te spreek nie. Dit blyk dat ouers self op emosionele oorlewing ingestel is en dat optimale voortgesette ouerskap na die vorming van 'n hersaamgestelde gesin nie altyd realiseer nie (Sobelewski & King, 2005:1196), wat my as terapeut uitdaag om dan alternatiewe begeleidingstrategieë te volg.

Navorsing in die veld van gesinsbegeleiding impliseer tans 'n paradigma-skuif waar daar nie meer gekonsentreer word op risikofaktore wat kan aanleiding gee tot psigososiale probleme nie, maar eerder die identifikasie van sterktes en bates binne die individu en die gesin (Goldenberg & Goldenberg, 2004:13). Veerkragnavorsing met betrekking tot kinders verwys na die fenomeen van patrone van positiewe aanpassings en optimale ontwikkeling in die konteks van betekenisvolle teenspoed of risiko-faktore. Veerkragnavorsing het ook oor die afgelope 50 jaar ontwikkel vanaf 'n psigopatologiese denkrigting, wat gefokus het op die oorsake, identifisering en behandeling van individue wie se ontwikkeling bedreig word deur risiko-faktore, na 'n denkrigting wat fokus rig op die identifisering van positiewe ontwikkeling in die teenwoordigheid van risiko-faktore (Sweeney, 2010:667).

Hierdie veranderende denkrigtings is van kardinale belang in die voorkoming en behandeling van kinders wat die risiko loop om psigopatologiese probleme te mag ontwikkel. Navorsing wat dus al gedoen is aangaande menslike ontwikkeling in die teenwoordigheid van hoë-risiko lewensomstandighede (Felner, 2006:125; Glantz & Johnson, 1999:229; Hetherington & Elmore, 2003:182; Houshyar & Kaufman, 2006:181) het almal ten doel om te verstaan hoe suksesvolle ontwikkeling plaasvind ten spyte van verskeie ontwikkelingsuitdagings. Young-Eisendrath (in Devenson, 2003:6) postuleer juis dat moeilike tye een van die motiveerders is vir menslike ontwikkeling: *"Until we reach our limits, we don't know how to overcome them. Until we feel our greatest fears directly, we don't know our courage".*

Min navorsing is tans bekend oor hoe die kinders in hersaamgestelde gesinne daarin slaag om aan te pas en positief te bly funksioneer in die teenwoordigheid van negatiewe of verswarende omstandighede, soos byvoorbeeld konflik tussen hulle biologiese ouers, verdeelde lojaliteitsgevoelens en 'n swak ouer-kind verhouding of "stief"ouer-kind verhouding.

Dit is nou juis op hierdie punt waar my nuuskierigheid rondom die middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin verder gaande is. Met die bevindinge van my Meestersgraad-studie asook my terapeutiese ervarings in privaatpraktyk in gedagte, het die volgende vrae by my opgekom: Wat het middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne tot hul beskikking, om ten spyte van verskeie uitdagings en struikelblokke steeds te bly

"oorleef" en te "cope"? Hoe kry hierdie middel-adolessente dit reg, metafories gesproke as 'n rubber-balletjie gesien, om binne die twee mikro-gesinsisteme waaraan hulle verbonde is, te bly terugbons? Bons hulle miskien meer en hoër terug in die primêre mikro-gesinsisteem as in die sekondêre mikro-gesinsisteem, of omgekeerd, of is dit om't ewe? Wat is dit wat die balletjie sy veerkrag gee om te kan bons?

In my terapeutiese praktyk onderskryf ek die bate-gebaseerde benadering. Die bate-gebaseerde benadering is nie 'n program wat op 'n sekere tydstip geïmplementeer kan word nie, dit is eerder 'n ingesteldheid ten opsigte van individue en sisteme, met betrekking tot die keuse van die individu om dit wat tot beskikking is, ten beste te benut. 'n Belangrike oorweging om in gedagte te hou is dat die verkenning van bates, byvoorbeeld in die hersaamgestelde gesin, nie bloot gerig is daarop om die sterkpunte en swakpunte te analiseer nie, maar dat dit eerder 'n paradigma skuif is van hoe ons die hersaamgestelde gesin benader (Eloff, 2003:10). Kretzmann en McKnight (1993:13) stel dit soos volg:

> *"Every single person has capabilities, abilities and gifts. Living a good life depends on whether those capabilities can be used, abilities expressed and gifts given. If they are, the person will be valued, feel powerful and well-connected to people around them."*

Ek as professionele rolspeler figureer nie as die 'kenner' nie, maar word eerder beskou as 'n fasiliteerder van kommunikasie en mobilisering van bates wat beskikbaar is binne 'n sisteem, met die doel om individue te bemagtig en met meer positiewe gevoelens te laat ten einde optimale ontwikkeling te fasiliteer (Eloff, 2003:10,47). Alhoewel navorsing onder meer begin fokus het op faktore wat bepalend kan wees vir optimale aanpassing binne die hersaamgestelde gesin, bestaan daar steeds leemtes met betrekking tot insig in die wyses van hantering van die situasie deur die middel-adolessent binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin.

Navorsing in verband met die veerkragbenutting van die middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin is dus van belang om die kennisbasis uit te brei en tot helderder begryping te kom van die pogings wat die middel-adolessent aanwend om in die oënskynlike warboel van funksionele en disfunksionele verhoudings in die mikro- sowel as meso-sisteme steeds die ontwikkelingstake effektief te deurloop. Aangesien verhoudings in die hersaamgestelde gesin besonder kompleks blyk te wees, is 'n enkelvoudige of eensydige ondersoek na verhoudings metodologies beskou wesenlik onaanvaarbaar.

## 1.2 MY NAVORSINGSVRAAG

Die studie sal gerig word deur die volgende primêre navorsingsvraag:

> ***Hoe benut middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrageienskappe om, ten spyte van 'n moontlik disfunksionele verhouding tussen hul biologiese ouers op meso-sisteem vlak, steeds optimaal te ontwikkel, in die proses van hul beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin?***

Om die primêre navorsingsvraag te beantwoord, sal die volgende sekondêre navorsingsvrae die ondersoek rig:

- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die primêre mikro-gesinsisteem?*
- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die sekondêre mikro-gesinsisteem?*
- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die heen-en-weer beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme?*

## 1.3 DIE DOEL VAN MY STUDIE

Die doel van die studie is om 'n verklarende begryping te vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van middel-adolessente van geskeide ouers se benutting van hul veerkrageienskappe. Die fokus gaan gerig word op die middel-adolessent se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin, in die teenwoordigheid van moontlike disfunksionele verhoudings tussen die geskeide biologiese ouers. Die wyse waarop en die mate waartoe die veerkrageienskappe van die middel-adolessente in hul beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme figureer sal in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering ondersoek word, ten einde 'n dieper vlak van begryping te bewerkstellig van *hoe* middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrageienskappe benut.

Dit word verder ten doel gestel dat die verwagte teoretiese bydrae van hierdie studie sal voortbou op die bestaande kennisbasis rakende die veerkragteorie en die bio-ekologiese sisteemteorie ten einde die verryking van die opvoedkundige sielkundige praktyk met

betrekking tot die aanpassing van adolessente van geskeide gesinne binne die hersaamgestelde gesin te ondersteun.

## 1.4 DIE AANNAMES VAN MY STUDIE

Die aannames van die studie word gegrond op literatuur, bevindings vanuit my Meestersgraad-studie asook ervarings vanuit my privaatpraktyk as Opvoedkundige Sielkundige. Ek as navorser sal poog om hierdie aannames reflektief te herken en te erken, veral hoe die aannames my navorsingskeuses beïnvloed en as sodanig dus ook gevolge inhou vir my bevindings en gevolgtrekkings en ek onderneem om hulle voortdurend te toets.

Die studie vertrek vanuit die aanname dat unieke interpersoonlike verhoudings tussen gesinslede gevorm word tydens die hersamestelling van 'n gesin. Die hersamestelling van die gesin na egskeiding impliseer aan die hand van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner, dat die ontwikkeling van die kind, anders as in 'n kerngesin, benewens in mikrosisteme van onder andere skool en portuurgroep in **twee** mikro-gesinsisteme plaasvind, naamlik die *primêre mikro-gesinsisteem* waar die kind permanent woon saam met sy/haar biologiese ouer wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het, en die *sekondêre mikro-gesinsisteem* van die ander biologiese ouer, waar die kind slegs periodiek besoek aflê. Ouerskap in 'n hersaamgestelde gesin is meer kompleks, met uitdagings wat nie noodwendig in 'n kerngesin voorkom nie. Optimale kommunikasie tussen gewese egmaats speel 'n groot en betekenisvolle rol in die suksesvolle voltrekking van gesamentlike voortgesette ouerskap na egskeiding in die konteks van die hersaamgestelde gesin.

Verbrokkeling van die hersaamgestelde gesin kan, met die nodige ondersteuning, voorkom of verminder word indien die kinders, onder andere, meer ondersteuning ontvang om die unieke uitdagings van 'n hersaamgestelde gesin te kan hanteer deur die aktualisering van hul innerlike kapasiteite om 'n betekenisvolle en bevredigende lewe te kan lei. Die kinderkliënte behoort dus gelei en ondersteun te word om die kragte te ontdek en aan te wend sodat optimale ontwikkeling as resultaat van veerkrag as uitkoms gesien kan word. 'n Individu se veerkrag ontwikkel nie bloot deur die teenwoordigheid van sekere eksterne of ook interne eienskappe nie, maar veral deur die optimale **gebruik** van die interne eienskappe asook in interaksie met die omgewing.

## 1.5 MY TEORETIESE RAAMWERK

My voorgenome studie word begrond in die sisteemteorie en in besonder die Bio-ekologiese model van Urie Bronfenbrenner (Verwys na 1.2). Dié model is ’n voorbeeld van ’n multidimensionele model van menslike ontwikkeling wat die aanname huldig dat daar verskillende lae of vlakke van sisteme bestaan wat voortdurend met mekaar in interaksie is en wat bydra tot die verandering, groei en ontwikkeling van die kind. Wat dus in die een sisteem gebeur, het ’n invloed op en word beïnvloed deur die ander sisteme. Multidimensionele modelle het veral waarde in die beskrywing van ontwikkeling sowel as die komplekse en oorsaaklike prosesse betrokke in verandering (Donald *et al.*, 2002: 51; Swart & Pettipher, 2011:10).

Met ’n *vergrootglas* gaan ek eerstens die ontwikkelingsverskynsel in totaliteit van die middel-adolessent binne die primêre sowel as die sekondêre mikro-gesinsisteem ondersoek. Tweedens gaan ek fokus op die middel-adolessent se veerkrag soos dit deur die teorieë binne die eerste drie golwe van navorsing met betrekking tot veerkrag onderskryf word. Die ondersoek van veerkragbenutting van die ontwikkelende middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin gaan deur ’n besondere bril, die bate-gebaseerde benadering, geskied. Die lense van die bril lê stewig in die raam van die positiewe sielkunde.

## 1.6 MY NAVORSINGMETODOLOGIESE BEPLANNING

### 1.6.1 Wat is my navorsingsparadigma?

Ek beoog om die ervarings van die middel-adolessente van geskeide ouers vanuit hulle subjektiewe posisie te beskryf, aangesien my oogpunt as navorser nie die fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur die middel-adolessente beteken (’n epistemologiese perspektief). Daarom word die studie binne die paradigma van kwalitatiewe navorsing as **interpretivisme** geposisioneer. As interpretivistiese navorser sal ek poog om in noue samewerking met die middel-adolessente, met die oog op begryping van hul subjektiewe ervarings, die betekenis wat hulle heg aan ervarings en konstrukte te identifiseer, te verken en te beskryf (’n ontologiese perspektief).

Die begryping van veerkragbenutting van die middel-adolessente in hul beweging tussen twee mikro-gesinsisteme, gaan vanuit die middel-adolessente se perspektief verhelder word aangesien hulle nie passiewe toeskouers is nie, maar aktief deelneem aan die konstruering

van hul wêreld. My voorgenome kwalitatiewe navorsing gaan dus 'n *"...quest for understanding and for in-depth inquiry"* (Henning, 2004:3) wees.

### 1.6.2 Wat is my navorsingsontwerp?

'n Veelvuldige gevallestudie sal as navorsingsontwerp gebruik word. Die gevallestudie-ontwerp word geanker deur die bio-ekologiese sisteemteorie, aangesien dié multidimensionele model van ontwikkeling kontekstueel gebonde is. Die interaksie tussen die konteks en die gebeure van die middel-adolessent se benutting van veerkrag sal die data wees wat geanaliseer word. Die veelvuldige gevallestudie-ontwerp skep die ruimte om die konteks van elke hersaamgestelde gesin as 'n uniekheid te hanteer.

Aangesien ek as interpretivistiese navorser die middel-adolessent se subjektiewe ervarings, belewenisse, denke, opinies, persepsies, interaksies en veerkrag in die konteks van die hersaamgestelde gesin gaan verken (Creswell, 2002:521), kan ek nie anders as om van narratiewe data-insamelingsmetodes gebruik te maak nie. Waar die gevallestudie gemoeid is met die ryke en deeglike beskrywing van relevante gebeure-in-konteks, met betrekking tot die verskynsel wat ondersoek word, word die *formaat van beskrywing* deur die narratiewe werkwyse gedefinieer. Ek gaan dus my fokus rig op die insameling van *stories* as data, die analisering van elke individuele *storie* asook die interpretering en weergee van die data in 'n narratiewe formaat (Cohen, Monion & Morrison, 2000:182, Creswell, 2002:521).

### 1.6.3 Wie sal my navorsingsdeelnemers wees en hoe gaan ek hulle kies?

Aangesien die doel van my kwalitatiewe studie is om tot 'n besondere vorm van begryping van veerkragbenutting van middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin te kom, gaan ek 'n **doelmatige steekproeftrekking** uitvoer. Ek is op soek na spesifieke deelnemers, *"who can travel with me on my journey towards more knowledge..."* (Henning, 2004:71), deelnemers wat behulpsaam kan wees in die verdere uitbouing van die substantiewe teorieë aangaande egskeiding, die vorming van hersaamgestelde gesinne en die benutting van veerkrageienskappe deur middel-adolessente wat hul potensiaal selfaktualiseer (Merriam, 1998:61).

Seleksiekriteria vir my steekproef sluit middel-adolessente van geskeide ouers in van wie beide geskeide biologiese ouers hertrou het. Ten einde te verseker dat 'n redelike mate van aanpassing tussen die ouers en kind/ers in die hersaamgestelde gesinne bereik is, word vereis dat die middel-adolessent reeds vir 'n tydperk van minstens twee jaar in die hersaamgestelde gesinne van beide biologiese ouers funksioneer.

Ten slotte sal slegs Afrikaanssprekende deelnemers betrek word, aangesien die gebruik van metafore as een van die metodes van data-analise beoog word en simboliese betekenis in die beskrywing van ervarings by wyse van metafore by middel-adolessente uit verskillende taal/kultuurgroepe mag verskil.

Om die moontlike sydigheid te vermy van 'n steekproef wat by wyse van respons op 'n breë uitnodiging saamgestel word, gaan ek 'n meer gelyke basis probeer skep deur deelnemers persoonlik te betrek slegs vanuit die aanmeldings vir beroepsoriënterings-ondersoeke in my privaat praktyk. Graad 9 leerders (middel-adolessente) besoek dikwels my praktyk met die doel om hulpverlening te ontvang ten einde ingeligte besluite rondom vakkeuses vir Gr. 10 te kan neem. Na afloop van die beroepsoriënteringsondersoek, op 'n tyd gekies as in die beste belang van die kliënt, sal ek as navorser 'n uitnodiging aan die middel-adolessente van geskeide ouers sowel as 'n versoek om toestemming aan hulle biologiese ouers rig om aan die studie deel te neem. Ek beoog om vier middel-adolessente (wat aan die seleksiekriteria voldoen), twee seuns en twee dogters, by my studie te betrek.

### 1.6.4 Hoe gaan ek die data insamel?

Die data wat ek benodig handel oor die algemene dag-tot-dag bestaan van middel-adolessente in die konteks van die hersaamgestelde gesin (Creswell, 2002:531), ten einde 'n reflektiewe en interpretivistiese begryping van hul veerkragbenutting te vorm (Riessman, 1993:2). Ongestruktureerde narratiewe gesprekke, tesame met die narratiewe tegniek, FACE soos ontwikkel deur Lizelle Lötter (2007:www.face-emotions.co.za), die spesifieke gebruik van metafore, observasies, veldnotas, informele gesprekvoering en reflektiewe joernalisering sal gebruik word om volledige, vergelykbare en bevestigde data (McMillan & Schumacher, 2001:428) van die middel-adolessente van geskeide ouers se persepsies, beskouings en ervarings aangaande hul eie individuele veerkrag te verkry. Vraagstelling sal deurgaans gerig wees op die identifisering van bates en sterkpunte asook op elke middel-adolessent se poging tot veerkragbenutting om sodoende tot beter begrip van die verloop van hul veerkragbenutting te kom.

Afhangende van die deelnemer se emosionele gesteldheid ten opsigte van die vertrouensverhouding tussen navorser en deelnemer sal 'n minimum van vier geleenthede vir gesprekvoering oor 'n tydperk van ses maande met elke middel-adolessent geskep word. Die moontlikheid bestaan dus wel dat die ondersoek na die verloop van veerkragbenutting, weens etiese oorwegings as sielkundige sowel as navorser, moontlik buite die tydsraamwerk

van hierdie studie kan strek. Data wat dus tot op 'n gegewe tydstip ingesamel is sal as relevant tot die studie beskou word.

Tydens die aanvang van die data-insamelingsproses sal daar gefokus word op suiwer vertelling van tipes insidente waar die middel-adolessent pogings aanwend om te "cope" binne konteks waar hulle verbonde is aan twee mikro-gesinsisteme. Verder sal die sessies afgestem word op bate-identifisering met betrekking tot die middel-adolessent se veerkrageienskappe en benutting daarvan. Die daaropvolgende sessies sal fokus op die verloop en/of mobilisering van die geïdentifiseerde veerkrageienskappe. Die doel van dié struktuur is om die funksionering van die veerkragbenutting te verken in die lig van die bates en sterkpunte wat geïdentifiseer en deur die deelnemers gemobiliseer is.

### 1.6.5 Hoe gaan ek die data analiseer en interpreteer?

Nadat ek die onderhoude gevoer het, sal ek elke onderhoud persoonlik transkribeer as primêre datatipe, aangesien ek dan die deelnemer se narratief kan herleef. Daarna sal ek die ander data naamlik response tydens die *FACE*-prosedure, die gebruik van metafore, joernaalinskrywings van my reflektiewe joernaal en my geskrewe aantekeninge (veldnotas) en refleksies byvoeg, wat dan gesamentlik die rou data sal vorm. Die struktuur van die data sal logies georganiseer word deur middel van die intensiewe bestudering van die tekste (Henning 2004:109) deur die rou data te sorteer om drie narratiewe te vorm, wat gekaats sal wees teen die drie sekondêre navorsingsvrae.

In die eerste fase van analise sal 'n tematiese analise per narratief per deelnemer uitgevoer word. Temas sal geïdentifiseer word in terme van die insidente en verloop van gebeure. Bogenoemde tematiese analise word ingepas in die raam van die veelvuldige gevallestudie, aangesien die uniekheid van elke geval teen die konteks van die besondere hersaamgestelde gesin gekaats moet word alvorens daar op die driedimensionele narratiewe navorsingsruimte gefokus kan word.

Intra-vergelykings sal gedoen word deur die geïdentifiseerde temas in elk van die narratiewe gesprekke van 'n besondere deelnemer af te grens teen die konteks van die unieke hersaamgestelde gesinsituasie. Die interpretasie van die data sal in terme van die subjektiewe betekenisse van die deelnemers beskryf word. Hierdie navorsing soos beoog vereis dat die analise van data holisties, as 'n eenheid, benader word, aangesien die geheel meer is as die somtotaal van die verskillende dele. Verskillende perspektiewe van die verskillende deelnemende middel-adolessente, soos dit manifesteer in hul eie oortuigings

rakende hul veerkragbenutting binne die unieke, eiesoortige sosiale konteks van die hersaamgestelde gesin, sal ondersoek en beskryf word (Henning, 2004:20).

Die data sal na afloop van die analise geïnterpreteer word in terme van die bio-ekologiese benadering van Bronfenbrenner as teoretiese raamwerk asook binne die drie golwe van navorsing met betrekking tot veerkrag.

## 1.7 BEGRIPSVERKLARINGS

- **Hersaamgestelde gesin**

In Engels word verskeie begrippe gebruik wanneer daar na die hersaamgestelde gesin verwys word, naamlik: "reconstituted family", "blended family", "remarried family" en "step family" (Ganong & Coleman, 1994:2). Vir die doeleindes van hierdie studie verwys die term *hersaamgestelde gesin* na 'n gesin, gevorm by wyse van 'n tweede huwelik, waar 'n voorheen geskeide egmaat 'n kind of kinders het vanuit 'n vorige huwelik, voor die egpaar se nuwe huwelik. Deur 'n herstrukturering ontstaan dus weer 'n gesin.

- **Mikro-gesinsisteem**

Die mikrosisteem verwys na die aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudings tussen die individu en 'n sisteem waarbinne die individu aktief betrokke is, byvoorbeeld die gesin, die skool of die portuurgroep. In die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner word die betekenisvolle ander as deelnemers in die mikrosisteem ingesluit, wat ook oor hulle eie persoonseienskappe, temperament, persoonlikheid en oortuigings beskik, en wat die ontwikkeling van die individu beïnvloed (Donald *et al.*, 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:10).

- **Mesosisteem**

Die mesosisteem verwys na die verhouding wat ontwikkel of bestaan tussen mikrosisteme. Die gesin, die skool, die portuurgroep en moontlike ander mikrosisteme is mesosistemies in interaksie met mekaar (Donald *et al.*, 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:10). Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die verhoudings tussen die primêre- en sekondêre mikro-gesinsisteem van geskeide biologiese ouers op mesosisteemvlak in berekening gehou word in die bestudering van die middel-adolessent se optimale ontwikkeling in die hersaamgestelde gesin.

- **Middel-adolessent**

Adolessensie verwys na die ontwikkelingsfase in die menslike lewensiklus tussen die kinderjare en volwassenheid. Dit strek volgens beskouing tussen ongeveer 11 en 21-jarige

ouderdom en kan verder verdeel word in drie fases, naamlik vroeë adolessensie (11-12 jaar), middel-adolessensie (13-16 jaar) en laat adolessensie (17-21 jaar) (Gouws, Kruger & Burger, 2000:2). Vir die doel van hierdie navorsing sal die fokus val op middel-adolessensie, die ouderdomsgroep tussen 13 en 16 jaar.

- **Veerkrag**

Veerkrag kan gedefinieer word as die vermoë om tot positiewe uitkomste en suksesvolle aanpassing te ontwikkel, ten spyte van beproewinge of ook uitdagings en bedreigende omstandighede (Wright & Masten, 2006:17).

## 1.8. MY ETIESE OORWEGINGS

In my navolging van etiese riglyne sal ek eerstens en deurgaans verseker dat ek voldoen aan die professionele etiek van die Opvoedkundige Sielkundige, soos voorgehou deur die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA).* Daarmee saam sal ek die etiese beginsels vir navorsing van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria (2003) implementeer.

Die beginsel van vrywillige en veilige deelname sal toegepas word, wat impliseer dat die deelnemers enige tyd van die navorsing mag onttrek en dat hulle nie blootgestel sal word aan enige navorsingshandelinge of -middele wat vir hulle skadelik kan wees nie.

Die beginsel van ingeligte instemming sal gehandhaaf word, wat impliseer dat die deelnemende middel-adolessente en hul geskeide biologiese ouers deurgaans ten volle ingelig sal wees oor die doel en die proses van die navorsing en dat die ouers hul toestemming en die deelnemers hulle instemming sal gee alvorens hulle aan die navorsing deelneem.

Die beginsel van privaatheid, wat beteken dat die vertroulikheid en anonimiteit van deelnemers te alle tye beskerm sal word, sal toegepas word. Alle eiename en plekname sal verander word ten einde vertroulikheid te verseker.

Die beginsel van vertroue, wat impliseer dat die deelnemers nie op enige wyse mislei sal word gedurende die navorsingproses of daarna nie, sal toegepas word. Skriftelike toestemming van deelnemers sal verkry word alvorens publikasie van inligting mag plaasvind (Universiteit van Pretoria, 2003).

## 1.9 MY ROL AS NAVORSER

Henning (2004:10) verwys na die menslike denkvermoë as die instrument van die kwalitatiewe navorsingsproses en dit is dus belangrik om voortdurend 'n gedissiplineerde vorm van subjektiwiteit toe te pas met voortdurende bewustheid van die eie subjektiewe gevoelens of vooroordele wat die navorsingsproses kan beïnvloed (McMillan & Schumacher, 2001:411). Soos reeds gemeld, sal ek 'n reflektiewe joernaal hou asook die insette van my studieleier gebruik om my sienswyses, gevoelens en opinies te evalueer ten einde bewus te bly van die invloed daarvan op my studie.

Die rol van die navorser word gedefinieer deur die paradigma vanwaaruit die studie vertrek. As interpretivistiese navorser gaan ek sin probeer maak uit die gevoelens, ervarings, sosiale situasie of verskynsel soos wat dit in die realiteit van elke deelnemer voorkom. Die ondersoek sal dus uitgevoer word ten aansien van die natuurlike konteks van die hersaamgestelde gesin. As kwalitatiewe navorser sal ek poog om in noue samewerking met die deelnemers die betekenis wat elkeen heg aan ervarings en konstrukte binne die voltrekking van 'n lewenservaring in elke mikro-gesinsisteem, te identifiseer, te verken en te beskryf met die oog op begryping van hulle subjektiewe ervarings. Ek sal die ervarings van elke deelnemer vanuit sy/haar subjektiewe posisie beskryf, aangesien my invalshoek as navorser nie die fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur elke deelnemer beteken (Terre Blanche & Durrheim, 2002:127).

Aangesien ek my rol as navorser binne-in die omgewing van my opvoedkundige sielkundige praktyk gaan speel bestaan die moontlikheid dat ek voor sekere dilemmas te staan mag kom wat die proses van my navorsing sou kon beïnvloed. Eerstens mag kliënte tydens die werwingsproses instem of ook weier om aan die navorsing deel te neem omdat hulle die persepsie mag hê dat terapeutiese ondersteuning gebied gaan word. Ek sal dus met die aanvang van die werwingsproses die etiese beginsel van ingeligte toestemming beklemtoon en seker maak dat die deelnemende middel-adolessente en hul geskeide biologiese ouers volledig ingelig is in terme van die **doel** en die **proses** van die navorsing. Tweedens mag die proses van narratiewe data-insameling, binne die raamwerk van die bate-gebaseerde benadering, my in die versoeking stel om 'n terapeutiese vraag eerder as 'n navorsingsvraag te stel veral as die narratief sentreer rondom die hantering en oplossings van problematiese ervarings. Ek sal dus veral fokus op deeglike refleksie na afloop van elke kontaksessie met elke deelnemer ten einde outentieke data te verseker.

## 1.10 DIE PROGRAM VAN MY STUDIE

Hoofstuk Een het gedien as die inleidende oriëntasie tot my studie, waar die rasionaal en doel van die studie beredeneer en gedefinieer is. ’n Uiteensetting van die navorsingsparadigma, navorsingsontwerp en navorsingmetodes van die studie is gebied. Die hoofstuk het ook die kernkonsepte van die studie gedefinieer.

In Hoofstuk Twee gaan ek die daarstelling van ’n teoretiese begronding vir die studie nastreef, deur ’n bio-ekologiese interpretasie van veerkrag aan die hand van ’n kritiese literatuuroorsig te konstrueer.

Hoofstuk Drie sal ’n volledige bespreking van die metodologiese perspektief op die navorsingsproses bied. Die paradigmatiese afbakening, navorsingsontwerp, metodes van data-insameling, data-analise en data-interpretasie sal krities bespreek word. Die vertroubaarheid van die navorsingsbevindinge en die etiese maatreëls, ook met betrekking tot moontlike keuses tussen professioneel-etiese en navorsingsmetodologiese imperatiewe waarvoor ek as sielkundige te staan mag kom sal in die hoofstuk oordink word. Moontlike beperkinge van die navorsing sal geïdentifiseer en toegelig word.

Hoofstuk Vier sal dien as uiteensetting van die geanaliseerde data. Elke geval sal afsonderlik geanaliseer word, aangesien daar verwag word dat die nuanses van die geïdentifiseerde temas van veerkragbenutting telkens uniek sal wees en in terme van die sosiale konteks waarin die temas voorkom, van mekaar mag verskil. Die aanbieding van die data per geval sal sistematies geskied.

In Hoofstuk Vyf sal ek ’n opsommende weergawe van die studie bied, waarna ek sal vervolg met ’n meta-skou op my navorsing. Ná die meta-skou gaan ek dan poog om die navorsingsvraag te beantwoord, waarna ek ’n kritiese beskouing op my navorsing in terme van die sterkpunte, beperkings, leemtes en knelpunte asook die moontlike waarde van my navorsing in terme van kennisuitbreiding en opvoedkundige sielkundige praktyk sal bespreek. Ten slotte sal ek aanbevelings maak met betrekking tot toekomstige navorsing asook die opvoedkundige sielkundige praktyk.

# HOOFSTUK 2

# 'N BIO-EKOLOGIESE INTERPRETASIE VAN VEERKRAG: LITERATUUROORSIG

## 2.1 INLEIDING

Veerkrag is 'n algemene term wat verwys na weerstandsvermoë of elastisiteit. Die woord *veerkrag (resilience)* het sy oorsprong in Latyn *re-silere* wat beteken "*om terug te spring"* (Devenson, 2003:24). Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal & Gouws, 2000:1234) beskryf veerkrag, in figuurlike vorm, as die *wilskrag* of die *vermoë tot herstel.* Wright en Masten (2006:17) verwys na die fenomeen van veerkrag by kinders as: *"children succeeding in spite of serious challenges to their development".* Luthar, Cicchetti en Becker (2000:543) beskryf veerkrag as 'n *"active process of coping, reframing experience, and even thriving after trauma and loss"*

*V*eerkrag kan dus gedefinieer word as 'n proses of vermoë om positiewe uitkomste te bereik en suksesvolle aanpassings te maak, ten spyte van uitdagings en/of bedreigende lewensomstandighede. Dit is egter belangrik om te beklemtoon dat veerkrag nie 'n absolute status of eienskap beskryf nie. Hauser, Allen en Golden (2006:5) postuleer dat *"no one can be classified as resilient in a static 'forever' way".* Menslike veerkrag word dus gedefinieer in terme van tyd, konteks en lewensomstandighede (Hauser & Allen, 2006:549).

Navorsers wêreldwyd stem saam dat risiko-faktore of teenspoed teenwoordig moet wees vir 'n persoon om as veerkragtig beskryf te kan word. Ten spyte van hierdie konsensus is daar 'n aansienlike debat aangaande die universaliteit van beskermende faktore (Harvey & Delfabbro, 2004:3), die konseptualisering van veerkrag en die mate waartoe kinders toereikend funksioneer volgens kriteria van goeie aanpassing (Luthar *et al.*, 2000:543). Alhoewel daar 'n uitgebreide lys van beskermende faktore geïdentifiseer is (sien 2.4), bestaan daar waarneembare verskille in die mate waartoe hierdie faktore 'n individu "beskerm", met ander woorde, hoe effektief hierdie beskermende faktore positiewe uitkomste kan oplewer. Gesamentlik hiermee moet die veranderlikheid in *hoe* en *waar* individue van spesifieke hulpbronne gebruik maak wanneer hulle met risiko's of met moeilike omstandighede te kampe het, in ag geneem word (Harvey & Delfabbro, 2004:3). Die veerkragnavorsers kan inderdaad voorstelle maak van watter beskermende faktore moontlik

kan werk, maar of hulle ’n formule kan daarstel vir die waarborg van veerkragtige herstel, is ’n ope vraag.

Snyder en Lopez (2007:103) postuleer dat die begripsverklaring van veerkrag, *“to bounce back*” soos deur Devenson (2003:24) gekonseptualiseer is, met versigtigheid geïnterpreteer moet word, aangesien navorsers nie saamstem met betrekking tot die antwoord op die vraag, *“bounced back to what?*” nie. Wanneer ’n veerkragtige kind se vlak van funksionering na afloop van die blootstelling aan moeilike omstandighede bepaal word, word daar gefokus op ’n terugkeer na normale funksionering of bereiking van ontwikkelingsmylpale en/of bewyse van uitnemendheid (funksionering wat hoër en beter is as wat verwag word van ’n kind met dieselfde ouderdom). Masten en Reed (2002:76) postuleer dat meeste veerkragnavorsers dit ten doel stel: “*to understand how individuals maintain or regain normative levels of functioning and avoid significant problems in spite of adversity – a goal shared by many parents and societies”* Die vraag bly egter, wie of wat stel die norm van toereikende funksionering?

Snyder en Lopez (2007:103) postuleer dat een van die hoofelemente wat moontlik geïgnoreer kan word in die konseptualisering van veerkrag-uitkomste, kultuur is. Die vraag *“bounced back to what?”* moet dus beantwoord word binne die konteks van die waardes van die spesifieke kultuur en die verwagtinge van die betrokke gemeenskap vir die jeug. Kulturele uitgangspunte bepaal of navorsers positiewe opvoedings-uitkomste of gesonde gesinsfunksionering of sielkundige wel-wees of moontlik al drie komponente moet gebruik om veerkrag te definieer. Alhoewel daar ’n mate van konsekwentheid bestaan aangaande die gewenste uitkomste wat navorsers kan meet, is die mate waartoe gemeenskappe sekere uitkomste aanmoedig, baie moeilik om te meet. Die uitdaging van laasgenoemde word dan juis deur die multi-dimensionele ontwikkelingsmodel van Bronfenbrenner ingesluit ten einde die suksesvolle ontwikkeling van die kind in die breë konteks van die spesifieke gemeenskap beter te kan begryp (Bronfenbrenner, 1997; 1992:187; 2001:6963; Bronfenbrenner & Ceci, 1994:568).

Gesien in die lig van die herstrukturering van die gesin na egskeiding in die Westerse kultuur, bestaan die moontlikheid dat verskeie risiko-faktore, soos onder andere voortdurende konflik tussen biologiese ouerpare, disfunksionele gesinsverhoudings, verskille in ouerskapstyle en “stief”sibbe-konflik, die middel-adolessent se optimale ontwikkeling kan bedreig (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:449; Afifi, 2003:729; Ayoub *et al.,* 1999:297; Dunn *et al.*, 2005:223). Ten spyte van die teenwoordigheid van negatiewe of verswarende omstandighede is daar heelwat middel-adolessente van geskeide ouers wat steeds positief blyk te funksioneer en as veerkragtig beskou kan word (Jeynes, 2000:131; Jeynes,

2006:76). Ten einde die ontwikkelende middel-adolessent, wat veerkragtig in die konteks van die hersaamgestelde gesin funksioneer, te begryp sal bepaalde konstrukte in hierdie hoofstuk by wyse van 'n literatuuroorsig ondersoek word.

Eerstens sal die bestudering van die ontwikkelende middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin vanuit die perspektief van die positiewe sielkunde benader word. Tweedens sal die konsep van veerkragbenutting as suksesvolle ontwikkeling van middel-adolessente in die konteks van die hersaamgestelde gesin deurdink word. Ten einde die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm volledig te belig en die dinamiek rondom die middel-adolessent se ontwikkeling in die konteks van die hersaamgestelde gesin te begryp, sal die bio-ekologiese model van Urie Bronfenbrenner as teoretiese basis gebruik word.

Vervolgens sal die verskillende dimensies van veerkrag soos gekonseptualiseer in verskeie veerkragstudies met mekaar vergelyk word. Drie benaderings of "golwe" van veerkragnavorsing sal in oorweging geneem word. Hierdie drie golwe is onderskeibaar op die basis van hul oriëntering tot die veerkrag konstruk, naamlik in hul fokus op die rol van die individu in die bereiking van veerkragbenutting. 'n Volledige kritiese oorsig is belangrik ten einde volle begrip vir die gekose benadering vir die beantwoording van die navorsingsvraag te kan vorm. Ten slotte sal 'n geïntegreerde bio-ekologiese interpretasie van 'n veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin gekonstrueer en bespreek word.

## 2.2 DIE BESTUDERING VAN DIE ONTWIKKELENDE MIDDEL-ADOLESSENT IN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN VANUIT DIE PERSPEKTIEF VAN DIE POSITIEWE SIELKUNDE

> *"Psychology is not just the study of weakness and damage; it is also the study of strength and virtue. Treatment is not just fixing what is broken; it is nurturing what is best within us"* – Martin Seligman (2002:4)

Die wetenskap van die sielkunde het na die Tweede Wêreldoorlog merendeels gefokus op die gesondmaak of heelmaak van geestes-ongesonde of siek individue. Die vraag: "Wat is verkeerd met die mens?" het die denkrigting bepaal van die patologiese model wat gewentel het om menslike disfunksionele gedrag, om dit te probeer verstaan en verklaar. Martin Seligman, die pionier van die positiewe sielkunde, redeneer in sy artikel *"Building human strength: Psychology's forgotten mission*, (in Snyder & Lopez, 2007:5) dat die wetenskap van

die sielkunde so gestagneerd geraak het in die patologiese, probleemgesentreerde benaderings dat die werklike missie van sielkundiges, om individue te begelei na 'n beter lewe, heeltemal uit die oog verloor is. Die vraag, "Wat is reg met die mens?" het die denkrigting van die positiewe sielkunde begin rig om meer aandag te gee aan die identifisering en opbou van menslike bates en sterkpunte en die aspekte rondom voorkoming van geestesiektes, wat gevolglik aanleiding kan gee tot 'n meer vervulde lewe.

Seligman (2002:6) postuleer dat, indien die sielkunde meer kan begin fokus op die vrae rondom voorkoming, soos byvoorbeeld hoe depressie of substans afhanklikheid voorkom kan word, kan die individu meer suksesvol begelei word na 'n beter lewe. Volgens hom gee die patologiese model slegs 'n verklaring van die betrokke afwyking of sindroom in terme van onder andere die oorsprong, diagnostiese kriteria en behandeling, maar geen inligting of insigte oor hoe om die sindroom te voorkom nie.

Een van die kern-konsepte wat die positiewe sielkunde definieer is die fokus op voorspellers van 'n *goeie lewe* (Gable & Haidt, 2005:103). In die positiewe sielkunde word 'n goeie lewe gesien as 'n lewe wat bestaan uit 'n kombinasie van drie elemente, naamlik positiewe verhoudings of binding met ander, positiewe individuele persoonskenmerke, en lewens-reguleringsvaardighede (wat 'n ervaring van 'n mate van plesier of lewens-tevredenheid meebring). Snyder en Lopez (2007:6) postuleer dat die positiewe sielkunde as praktyk in die 21 ste eeu primêr fokus op die identifisering en begrip van die menslike bates en sterkpunte maar ook op die fasilitering van die proses om die individu te lei na 'n meer gelukkige en produktiewe lewe.

Maddux (2002:14) spreek homself duidelik uit oor die feit dat die akademici van die patologiese benadering wel waardevolle bydraes gemaak het tot die kennisbasis van menslike funksionering, maar dat hulle slegs gefokus het op die negatiewe kant van die menslike funksionering. Die positiewe sielkunde fokus op die ander kant, die positiewe kant, die geestesgesonde kant van die menslike funksionering. Geestesgesondheid, net soos geestesiektes, is 'n gesteldheid wat gebaseer is op 'n sindroom en hierdie sindroom is gesondheid. Net soos 'n geestesiekte gediagnoseer word op grond van sekere simptome wat vir 'n spesifieke tydperk teenwoordig is, kan geestesgesondheid ook gediagnoseer word. Geestesgesondheid is dus nie slegs 'n toestand in die afwesigheid van geestesiektes nie, maar presenteer met simptome van psigiese wel-wees (Keyes & Lopez, 2002:55).

Die positiewe sielkunde het dus ten doel om 'n verandering in die wetenskap van die sielkunde te kataliseer vanaf 'n preokkupasie met heelmaak of herstel na 'n openheid vir

opbou en versterking. Maar, vanweë die feit dat die positiewe sielkunde 'n relatiewe nuwe filosofie is, is die navorsers deeglik bewus van die feit dat hulle, net soos die aanhangers van die patologiese benadering, fokus op slegs een dimensie, die positiewe, van die menslike bestaan. Daarom spoor Snyder en Lopez (2007:9) toekomstige navorsers en sielkundiges aan om meer navorsing te doen, om sodoende 'n omvattende benadering te ontwikkel wat die fokus rig op beide die negatiewe sowel as die positiewe faktore van individue se funksionering.

Alvorens daar beweeg kan word na 'n omvattende gebalanseerde model vir die verklaring van menslike funksionering is dit egter eers nodig om die positiewe kant van die menslike funksionering deur middel van wetenskaplik begronde modelle te ondersoek. In die mees algemene terme gebruik die positiewe sielkunde navorsing en intervensie tegnieke in 'n poging om die positiewe aanpasbaarheid, die kreatiwiteit en die emosioneel vervullende elemente van menslike gedrag te probeer verstaan. Sheldon en King (in Compton, 2005:3) beskryf die positiewe sielkunde soos volg:

> *"Positive psychology revisits 'the average person' with an interest in finding out what works, what's right and what's improving. It asks: "What is the nature of the efficiently functioning human being, successfully applying evolved adaptations and learned skills? And how can psychologists explain the fact that despite all the difficulties, the majority of people manage to live lives of dignity and purpose?"*

Die veld van die positiewe sielkunde bestryk dus drie dimensies van die menslike bestaan, naamlik die subjektiewe emosionele belewing van die mens, die individuele persoonlike karaktereienskappe van die mens asook die sosiale ontwikkeling van die mens binne die gemeenskap. Op 'n subjektiewe vlak fokus die positiewe sielkunde op subjektiewe ervarings of positiewe emosies van die individu, soos wel-wees en blydskap, geluk, tevredenheid ten opsigte van die verlede, tevredenheid in die hede asook konstruktiewe kognisie oor die toekoms, wat optimisme, hoop en geloof insluit (Seligman, 2002:3). Op 'n individuele vlak fokus die positiewe sielkunde op die positiewe persoonseienkappe van die individu, onder andere die individu se kapasiteit vir liefde, interpersoonlike vaardighede, deursettingsvermoë, vergewensgesindheid, egtheid, toekomsgerigtheid, talente en wysheid. Op 'n sosiale vlak of gemeenskapsvlak fokus die positiewe sielkunde op die ontwikkeling, skepping en instandhouding van positiewe gemeenskappe. Fokus word veral gerig op die ontwikkeling van gemeenskap-doeltreffendheid, die instandhouding van gelukkige, gesonde gesinne en die uitbouing van veilige, gesonde werksomgewings (Gillham & Seligman, 1999: 163, Seligman & Csikszentmihalyi, 2000:5).

In die vestiging van 'n wetenskap van geluk en positiewe menslike funksionering wat oor die grense van kulturele gebondenheid strek, is daar heelwat kritiek teen dié ontwikkelende filosofie. Huidiglik bestaan die aanname dat die wetenskap van die positiewe sielkunde gefundeerd is in die dominante Westerse persepsie van die self en gepaardgaande visie van 'n goeie lewe as persoonlike vervulling. (Christopher & Hickinbottom, 2008:563). Kritici toon aan dat die positiewe sielkunde die feit ignoreer dat alle menslike aktiwiteite en gedrag in 'n kulturele omgewing gefundeerd is (Guignon, 2002:83; Held, 2002:965; Woolfolk, 2002:19) en dat die positiewe sielkunde die kulture wat nie op individualisme ingestel in nie, misken of ignoreer (Becker & Marecek, 2008:591).

Miller (2008:591) spreek hom sterk uit teen die individualisme van die positiewe sielkunde en postuleer dat die filosofie van die wetenskap van positiewe sielkunde gefundeerd is op 'n hele aantal misleidende argumente. Volgens hom bestaan die teorie van die positiewe sielkunde uit *"circular reasoning, tautology, failure to clearly define or properly apply terms, the identification of causal relations where none exist, and unjustified generalisation."* Miller redeneer dat die positiewe sielkunde geestesgesondheid uitsluitlik assosieer met 'n spesifieke persoonlikheidstipe: 'n gelukkige, spontane, doelwitgedrewe, status-soekende ekstrovert:

> *"The danger is that instead of fostering the true learning that develops self-knowledge and wisdom, and instead of considering the social and political measures that might really improve people's circumstances, positive psychology offers a substitute recipe for success, achievement and happiness that ultimately has no substance at all"* (Miller, 2008:607).

Ten spyte van felle kritiek teen die positiewe sielkunde is daar wel navorsers wat alternatiewe teoretiese of filosofiese raamwerke in verband met die doelwitte en metodes van die positiewe sielkunde ondersoek (Christopher & Campbell, 2008:675; Fowers, 2008:629; Richardson & Guignon, 2008:605; Slife & Richardson, 2008: 699) met die doel om 'n wetenskaplike, professionele sielkunde daar te stel wat meer bevestigend, gesondheid georiënteerd en eties substantief is en wat kulturele dilemmas aanpreek.

Vanuit die positiewe sielkunde het daar ook 'n welkome fokusverskuiwing in navorsing aangaande adolessente ontwikkeling ontstaan. Barber (2005:147) postuleer dat, weens die ingewikkelde aard van adolessensie, assessering in terme van bevoegdhede of positiewe funksionering meer kompleks is as die blote meting van toepaslike en ontoepaslike gedrag by adolessente. Anders as die tradisionele benadering om adolessente se probleemgedrag te bestudeer deur die ondersoek te laat wentel rondom tipes gedrag of selfs die intensiteit

van die spesifieke probleem, sal die assessering van positiewe adolessente funksionering die fokus moet rig op die ontwikkelingstake wat die adolessent in die gesig staar in die tweede dekade van sy/haar lewe.

Die ontwikkelende middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin kom voor unieke uitdagings te staan wat nie die norm in die kerngesin of die enkelouergesin is nie. Aan die ander kant is daar heelwat navorsers wat redeneer dat kinders veerkragtig is en oor die vermoë beskik om positiewe aanpassings in die hersaamgestelde gesin te kan maak (Rodgers & Rose, 2002:1024, MacDonald & De Maris, 1995:387). Ten spyte van al die huidige kennis in die navorsingsveld met betrekking tot optimale funksionering van middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne, bestaan daar steeds leemtes met betrekking tot insig ten opsigte van hul veerkraggebruik.

Vanuit bogenoemde bespreking ondersteun ek die siening van Seligman (Seligman, 2002:3) aangaande navorsing en intervensie vanuit die positiewe sielkunde. Egskeiding is inderdaad 'n potensieel vernietigende realiteit, maar net so kan die hersaamgestelde gesin 'n mosaïek van positiewe verhoudings en optimale ontwikkeling wees:

> *"To see people in terms of pathology or to see them in terms of competence is a matter of choice rather than of truth"* Durrant & Kowalski (in Ebersöhn & Eloff, 2006:31)

## 2.3 OPTIMALE ONTWIKKELING AS UITKOMS VAN VEERKRAGBENUTTING

### 2.3.1 Oriëntering

In die veerkragnavorsing, met betrekking tot kinders, verwys veerkrag na die fenomeen van patrone van positiewe aanpassing en optimale ontwikkeling in die konteks van beduidende teenspoed of risiko-faktore. Om as ontwikkelende kind as veerkragtig beskou te kan word moet daar dus aan twee belangrike kriteria voldoen word. Eerstens moet daar beoordeel word of die kind oor die algemeen relatief optimaal of selfs beter as die normale funksioneer ooreenkomstig 'n gegewe standaard van ouderdomtoepaslike gedragspatrone of ontwikkelingstake. Tweedens moet die omstandighede waarin die kind ontwikkel beoordeel word en duidelike bewyse moet gelewer word dat die omstandighede 'n risiko inhou vir optimale ontwikkeling (Masten & Reed, 2002:75; Schoon, 2006:9; Wright & Masten, 2006:18).

Die konsep van veerkrag gaan vervolgens ondersoek word aan die hand van hierdie twee-dimensionele definisie van Masten en Reed (2002:75). Eerstens sal daar gefokus word op die risiko's of uitdagings in die hersaamgestelde gesin wat die optimale ontwikkeling van die middel-adolessent moontlik mag beïnvloed. Die hersamestelling van 'n gesin na egskeiding, die miskyking van die hersaamgestelde gesin as unieke gesinsvorm en die disfunksionele verhouding tussen biologiese ouers in die meso-sisteem sal as ontwikkelingsuitdagings in oorweging geneem word. Tweedens sal daar gefokus word op die optimale ontwikkeling van die middel-adolessent aan die hand van ouderdomtoepaslike gedragspatrone of ontwikkelingstake.

### 2.3.2 Ontwikkelingsuitdagings in die hersaamgestelde gesin

#### 2.3.2.1 Die hersamestelling van 'n gesin na egskeiding

Die soeke na kennis en dieper begrip aangaande die ontwikkelingsuitdagings in die hersaamgestelde gesin het 'n redelike aktiewe veld van navorsing gedurende die afgelope dekade geword (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:448; Amato & Gilbreth, 1999:559, Beaudry *et al.,* 2004:86; Cohen & Fowers, 2004:39; Dunn, 2002:154-161; Du Plessis, 1994:65; Golish, 2003:41; Higginbotham, Miller & Niehuis, 2009:316; Jeyens, 2006:72; Sobelewski & King, 2005:1196; White & Gilbreth, 2001:155). Fokus is veral gerig op die vergelyking van kinders wat grootword met beide biologiese ouers en dié wat grootword in 'n hersaamgestelde gesin (Coleman *et al.,* 2000:1288). 'n Groot gedeelte van die huidige navorsing ondersteun bevindinge dat kinders wat in kerngesinne grootword en wat geassesseer word vanaf vroeë kindwees dwarsdeur tot en met volwassenheid, in terme van opvoedkundige-, kognitiewe-, emosionele- asook gedraguitkomste beter vaar as kinders wat in hersaamgestelde gesinne grootword (Artis, 2007:222; Barrett & Turner, 2005:156; Brown, 2004:351, 2006:447; Deleire & Kalil, 2005:286; Hofferth, 2006:53; Manning & Lamb, 2003:876).


Die ontwikkeling van die adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin, soos beskryf deur die bio-ekologiese model, sien ietwat anders daaruit as die ontwikkeling van die adolessent in die konteks van 'n kerngesin (verwys na 1.3). Aangesien die hersamestelling van die gesin na egskeiding impliseer dat die ontwikkeling van die adolessent binne twee mikro-gesinsisteme plaasvind (Ebersohn, 2006:73), kan aanvaar word dat die middel-adolessent voor verskeie ontwikkelingsuitdagings te staan kom.

Die vorming van die twee mikro-gesinsisteme met die egskeiding van die ouers word voorafgegaan deur ingrypende veranderinge en verskeie verliese. Veranderinge ten opsigte

van gesinsidentiteit, verhoudings, rolverwagtings en maatskaplike posisie kom onder andere voor. Die verlies van verhoudings, drome en geleenthede, familielede asook die verandering van woonplek en die ingrypende verandering van die alledaagse lewensroetine wat eie is aan 'n huwelik, word ervaar. Indien verliese rondom die egskeiding nie behoorlik deurgewerk word voor verdere veranderinge in een van die twee mikro-gesinsisteme plaasvind nie, kan aanpassingsprobleme in die hersaamgestelde gesin moontlik deur die kinders sowel as die ouers ervaar word (Lampard & Peggs, 1999:445; Scheepers, 1991:63; Visher en Visher in Ganong & Coleman, 1994:132).

Met die hersamestelling van 'n gesin verander die gesinstruktuur van die kind se mikro-gesinsisteem en toevoeging van 'n nuwe lid of lede gee aanleiding tot unieke interpersoonlike verhoudings wat beslis nie staties is nie (Ganong & Coleman, 1994:95). Binne die mikro-gesinsisteem van die oorspronklike kerngesin het ouers met verloop van tyd patrone, reëls, grense en rolle vir optimale gesinsfunksionering daargestel. Hersaamgestelde gesinne, daarenteen, kom voor die uitdaging te staan van die onmiddellikheid van noodsaaklike opvoedingspatrone en verhoudings wat binne die kind se mikro-gesinsisteme geïmplementeer moet word (Bigner, 1998:442). Aangesien gesinslede in die hersaamgestelde gesin uit verskillende gesin-verwysingsraamwerke kom, staan hulle voor die uitdaging om by die nuwe hersaamgestelde gesinsituasie met sy uitgebreide verhoudingsnetwerk aan te pas en die verskillende verhoudings wat bestaan en ontstaan, so te akkommodeer dat 'n nuwe identiteit gevestig kan word.


Die struktuur van verhoudings in die kind se primêre en sekondêre mikro-gesinsisteem verskil dus radikaal van die oorspronklike mikro-gesinsisteem (McGoldrick & Carter, 2005:417). Alhoewel die eersgestigte mikro-gesinsisteem van die kind as gevolg van die ouers se egskeiding verbrokkel het, kan en mag die invloed van dié mikro-gesinsisteem nie misken of geïgnoreer word nie .Ten einde 'n duidelike beeld te verkry van die kompleksiteit van verhoudings in, en unieke uitdagings van, die mikro-gesinsisteme in die hersaamgestelde gesin, word 'n verduideliking aan die hand van vyf voorstellings gegee, uitgaande van die veronderstelling dat die kinders se permanente plek van verblyf by die moeder is. Figuur 2.1 stel die kerngesin voor wat tot stand kom wanneer twee volwassenes, naamlik 'n man en 'n vrou, 'n eerste huwelik sluit. In die meeste gevalle word kinders eers ná die ouers hulle aan mekaar verbind het, gebore. Die kinders word dan deel van die kerngesin.




Figuur 2.1 Die mikro-gesinsisteem van die kerngesin soos aangepas uit Prinsloo (1991:3-8).

Figuur 2.1 dui daarop dat die kinders se ontwikkeling plaasvind, benewens in die mikro-sisteme van die skool en portuurgroep, binne slegs een mikro-gesinsisteem. Die meeste ouers aanvaar verantwoordelikheid vir hierdie kinders, is lief vir hulle en voed hulle op na die beste van hulle vermoë.

Gestel Huweliksmaat A tree ná haar egskeiding met 'n nuwe Huweliksmaat C in die huwelik, maar Huweliksmaat B tree nie weer in die huwelik nie, verander die ontwikkelingskonteks van die kind, soos aangedui in Figuur 2.2.





Figuur 2.2 Die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme van geskeide Huweliksmaats A en B se kinders waar slegs Huweliksmaat A hertrou het, soos aangepas uit Prinsloo (1991:3-8).

Figuur 2.2 stel 'n meer komplekse verhoudingstruktuur voor, wanneer Huweliksmaats A en B se kinders, F en G, in die primêre mikro-gesinsisteem van die hersaamgestelde gesin ontwikkel (waar die kinders se permanente plek van verblyf is) en hulle kry 'n "stief"vader C en "stief"sibbe H en I (aangedui met gebroke lyne, aangesien hulle besoekende kinders is) by. Die kinders F en G ontwikkel ook binne die sekondêre mikro-gesinsisteem van die enkel-

ouergesin van hul biologiese vader B, wat gelyke ouerlike regte en verantwoordelikhede aangaande die kinders het (hier aangedui deur gebroke lyne aangesien hulle besoekende kinders is). Huweliksmaat B betaal onderhoud vir sy kinders se versorging en ontvang hulle gedurende naweke en vakansies. Die stippellyne in die twee mikro-gesinsisteme simboliseer die openheid vir interaksie op mesosisteemvlak (ideaal gesproke van albei mikro-gesinsisteme) wat die heen-en-weer beweeg van die kinders F en G tussen die gesinsisteme gemaklik moontlik (behoort te) maak. Huweliksmaat C se kinders, H en I, kom dikwels oor naweke en vakansies kuier. Huweliksmaat C ("stief"vader) tree teenoor die kinders, F en G, binne die primêre mikro-gesinsisteem as die versorgings- en gesagsfiguur op, maar sonder enige wetlike mag.

Gestel Huweliksmaat B tree ná die egskeiding met 'n nuwe Huweliksmaat D in die huwelik, maar Huweliksmaat A tree nie weer in die huwelik nie, verander die ontwikkelingskonteks van die kind ook, soos aangedui in Figuur 2.3.





Figuur 2.3 Die primêre- en sekondêre mikro-gesinsisteme van geskeide Huweliksmaats A en B se kinders waar slegs Huweliksmaat B hertrou het, soos aangepas uit Prinsloo (1991:3-8).

Figuur 2.3 stel voor wanneer Huweliksmaats A en B se kinders, F en G, ontwikkel in die primêre mikro-gesinsisteem van die enkel-ouergesin van hul biologiese moeder A (waar die kinders se permanente plek van verblyf is) asook binne die sekondêre mikro-gesinsisteem (aangedui met gebroke lyne, aangesien hul besoekende kinders is) van hul biologiese vader B se hersaamgestelde gesin en hulle kry 'n "stief"moeder D en "stief"sibbe, J en K, by. Huweliksmaat D se kinders, J en K, woon permanent by hul biologiese moeder en besoek hul eie biologiese vader tydens naweke en vakansies. Huweliksmaat B (wat gelyke ouerlike

regte en verantwoordelikhede aangaande sy kinders het) betaal onderhoud vir sy kinders se versorging en ontvang hulle gedurende naweke en vakansies. Kinders F en G beweeg dus heen-en-weer tussen hul twee mikro-gesinsisteme via die interaksie tussen die mikro-gesinsisteme op mesosistemiese vlak. Huweliksmaat D ("stief"moeder) tree teenoor kinders F en G as 'n versorgings- en gesagsfiguur op, maar sonder enige wetlike mag.

Wanneer Huweliksmaats A en B beide hertrou verander die mikro-gesinsisteme van die kinders deur verskeie nuwe interaksiepatrone wat na vore kom (Figuur 2.4).





Figuur 2.4 Die primêre- en sekondêre mikro-gesinsisteme van geskeide Huweliksmaats A en B se kinders waar beide huweliksmaats hertrou het, soos aangepas uit Prinsloo (1991:3-8).

Gestel die hersaamgestelde gesin van Huweliksmaats A en C vorm die primêre mikro-gesinsisteem van Huweliksmaats A en B se kinders, F en G (waar die kinders se permanente plek van verblyf is), dan kry hulle dus 'n "stief"vader C en "stief"sibbe H en I by, soos voorgestel in Figuur 2.4. Huweliksmaat C se kinders, H en I, woon nie noodwendig permanent by die primêre mikro-gesinsisteem in nie, maar kom dikwels oor naweke en vakansies kuier en word voorgestel deur gebroke lyne. Die hersaamgestelde gesin van Huweliksmaats B en D vorm die kinders, F en G, se sekondêre mikro-gesinsisteem.en daar kry hulle 'n "stief"moeder D en "stief"sibbe J en K by. Huweliksmaat D se kinders woon permanent by hul biologiese moeder in die sekondêre mikro-gesinsisteem van Huweliksmaats A en B se kinders en hulle besoek hul eie biologiese vader tydens naweke en vakansies. Huweliksmaat B (wat gelyke ouerlike regte en verantwoordelikhede aangaande die kinders het) betaal onderhoud vir sy kinders se versorging en ontvang hulle gedurende naweke en vakansies. Kinders F en G beweeg heen-en-weer tussen hul twee mikro-gesinsisteme via die interaksie tussen die mikro-gesinsisteme op mesosistemiese

vlak. Huweliksmaats C ("stief"vader) en D ("stief"moeder) tree teenoor kinders F en G van Huweliksmaats A en B as versorgings- en gesagsfigure op, maar sonder enige wetlike mag.

Gestel Huweliksmaats A en C verwek 'n kind, dan tree daar verdere verandering in binne die primêre mikro-gesinsisteem van Huweliksmaats A en B se kinders (Figuur 2.5)




Figuur 2.5 Die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme van geskeide Huweliksmaats A en B se kinders waar beide huweliksmaats hertrou het en Huweliksmaat A 'n uitgebreide hersaamgestelde gesin gevorm het, soos aangepas uit Prinsloo (1991:3-8).

Volgens Figuur 2.5, ontwikkel dié kinders, F en G, dus dan in die primêre mikro-gesinsisteem van 'n uitgebreide hersaamgestelde gesin wat bestaan uit hul biologiese moeder A, "stief"vader C, "stief"sibbe, H en I (wat nie permanent in die primêre mikro-gesinsisteem inwoon nie, maar periodiek kom kuier), en 'n halfsib, L, wat uit die aard van die saak in 'n kerngesin ontwikkel en permanent deel is van die mikro-gesinsisteem

Wanneer die kind die hersaamgestelde gesin betree, en waar albei biologiese ouers hertrou, kry die kind nie net 'n "stief"moeder en "stief"vader by nie, maar ook die familie van albei ouers se nuwe egmaats. Die kind staan voor die uitdaging om 'n verhouding met sy/haar ouer se eggenoot, die "stief"ouer, te stig. So ook ontstaan die behoefte van die biologiese ouer se eggenoot, die "stief"ouer, om 'n verhouding met die nuwe eggenoot se kind, die "stief"kind, te stig. Dit is belangrik om te onthou dat, al woon die "stief"ouer en "stief"kind nie op 'n permanente basis in dieselfde huishouding nie, hulle steeds in 'n verhouding is en die lidmaatskap van die "stief"gesin deel (Benokraitis, 1999:454).

Alhoewel die lidmaatskap van twee mikro-gesinsisteme vir die kind voordele mag inhou, beleef sommige kinders dit nie as sodanig nie. Die heen-en-weer beweeg van een huishouding na ’n ander kan as negatief beleef word en gevoelens van verwarring, hulpeloosheid en verlies van beheer kom dikwels voor (Ganong & Coleman, 1994:126). Die heen-en-weer beweeg van die kinders beteken dat ouers in die hersaamgestelde gesin ook sekere aanpassings moet maak. Aangesien die kinders die sekondêre mikro-gesinsisteem slegs periodiek besoek, beteken dit dat die ouers in daardie sisteem ekstra beplanning moet doen om byvoorbeeld maaltye voor te berei. Die ideaal is dat daar vir besoekende kinders ’n eie permanente ruimte in hulle woning geskep behoort te word, maar nie elke gesin kan dit finansieel bekostig nie en besoeke kan as ’n (gereelde) inbreuk op die leefruimte van die inwonende kinders beleef word (Ganong & Coleman, 1994:126; Du Plessis, 1993:60).

Om by twee verskillende huishoudings met verskillende waardesisteme en beskouings van dissipline aan te pas lei dikwels tot onsekerheid en spanning by die kind, wat die aanpassing in die hersaamgestelde gesin verder bemoeilik. Biologiese ouers in die sekondêre mikro-gesinsisteem is dikwels onwillig om hulle besoekende kinders tereg te wys of te dissiplineer, aangesien hulle die kinders slegs enkele naweke en vakansies sien. Die ouers neig ook om hulle besoekende kinders te bederf om op te maak vir die tyd wat hulle nie by hulle kan wees nie (Ganong & Coleman, 1994:126). Vanuit die bogenoemde verduideliking van moontlike verhoudingstrukture wat met die vorming van ’n hersaamgestelde gesin ontstaan is dit duidelik waarom daar na die aard en struktuur van die hersaamgestelde gesin as uniek maar kompleks verwys word. Hierdie komplekse verhoudingstruktuur lei tot steeds meer moontlike konfliksituasies oor die hele spektrum van die hersaamgestelde gesin.

Verskeie studies aangaande die hersaamgestelde gesin ondersoek die aard en gevolge van kinders se betrokkenheid met inwonende “stief”vaders en nie-inwonende biologiese vaders, alhoewel relatief min inligting bekend is aangaande die aard en gevolge van kinders se verhoudings met nie-inwonende “stief”vaders of inwonende biologiese vaders in hersaamgestelde gesinne. Alhoewel heelwat kinders in hersaamgestelde gesinne saam met ’n “stief”vader woon en steeds baie betrokke is met hul nie-inwonende vaders is daar wel ook kinders wat nie meer kontak met hul biologiese vaders het nie (White & Gilbreth, 2001:155) Bevindinge blyk teenstrydig te wees aangaande die effek en gevolge van die vorming van nuwe verhoudings tussen gesinslede in die hersaamgestelde gesin (Aquilino, 2006:929; Juby, Billette, Laplante & Le Bourdias, 2007:1220).

Hoë kwaliteit van verhoudings met beide inwonende “stief”vaders en nie-inwonende biologiese vaders word geassosieer met beter kinderontwikkeling, met bewyse wat toon dat

’n relatief sterker verhouding met ’n “stief”vader lei tot meer optimale ontwikkeling (King, 2006:910; White & Gilbreth, 2001:155). Marsiglio (2004:22) beskryf die proses waar ’n “stief”vader ’n hersaamgestelde gesin betree en die opgawe opneem om ’n ander vrou se kind/ers te help grootmaak, as ’n gekompliseerde “gesinsdans”. Die “stief”vader moet sy plek en posisie in die lewe van sy nuwe egmaat, sy nuwe egmaat se kinders, hul biologiese vader en dikwels ook in die lewe van sy eie biologiese kinders bepaal. Ahrons en Tanner (2003:340) rapporteer dat, indien biologiese vaders relatief vinnig na die egskeiding deel word van ’n hersaamgestelde gesin, blyk dit dat verhoudings tussen die kinders en hul nie-inwonende vaders moontlik negatief beïnvloed kan word (minder besoeke wat moontlik kan aanleiding gee tot swakker verhoudingskwaliteit). Of die een uitkoms die ander beïnvloed blyk egter onduidelik te wees.

Vestiging en optimalisering van verhoudings tussen kinders en “stief”vaders vind meer natuurlik plaas indien die “stief”vader alreeds vir ’n geruime tyd deel is van die hersaamgestelde gesin en indien die kind ’n hoë kwaliteit van verhouding met die biologiese moeder handhaaf (Vogt Yuan & Hamilton, 2006:1191). Alhoewel bevindings impliseer dat sterk verhoudings met “stief”vaders onafhanklik van die sterkte van die verhouding met nie-inwonende biologiese vaders ontwikkel, verwys kwalitatiewe navorsers na gevalle waar “stief”vaders optree as ‘vader aliasse’ om daardeur die “stief”kind te ondersteun om ’n sterker verhouding met hul biologiese vader te bou (Marsiglio & Hinojosa, 2007:845). McDonald en De Maris (2002:121) postuleer dat die ouerskapstyl van die inwonende “stief”vader moontlik afhanklik kan wees van die biologiese vader se vlak van betrokkenheid.

Met betrekking tot die vorming van nuwe verhoudings na egskeiding, wentel baie navorsing rondom bepalende faktore vir suksesvolle aanpassing asook risiko-faktore vir moontlike aanpassingsprobleme van die kinders sowel as die ouers in hulle nuwe hersaamgestelde gesinne. (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:449; Afifi, 2003; Dunn *et al.,* Ganong en Coleman, 1994). Die aanpassing in hersaamgestelde gesinne het die afgelope dekade groter belangstelling begin wek onder gesinsielkundiges. Die meeste van die navorsing fokus eensydig op die aanpassing van die kinders met hul moeder en “stief”vader tydens die vorming van ’n nuwe gesin en min aandag was nog werklik gegee aan die vader wat weer hertrou en die dinamiek van die vader se gesin (Gosselin, 2010:108). Die kerntema van navorsing wentel rondom die beduidende diversiteit aangaande die dinamiek van hersaamgestelde gesinne en die spesifieke rol wat die “stief”ouer in die primêre mikro-gesinsisteem in die “stief”kinders se lewe speel (Braithwaite, Olson, Golish, Soukup & Turman, 2001:221; Crohn, 2006:119; Svare, Jay & Mason, 2004:81).

Aangesien die hersaamgestelde gesin op komplekse fondamente gebou word en al die lede van dié gesin afsonderlik verbind word deur bande van die verlede sowel as die hede (Kriel, 1996:21) is dit dus belangrik dat die hersaamgestelde gesin as unieke gesinsvorm beskou moet word. Vervolgens 'n besinning van die ontwikkelingsuitdaging verbonde aan die feit dat die hersaamgestelde gesin dikwels as alternatiewe gesinsvorm mis gekyk word.

#### 2.3.2.2 Miskyking van die hersaamgestelde gesin as unieke gesinsvorm.

Om as kind deel te wees van 'n hersaamgestelde gesin is meer ingewikkeld as om met slegs een ouerpaar groot te word (Dunn, 2002:154). Al die deelnemers aan 'n hersaamgestelde gesin kom volgens Visher en Visher (1982:5) inderdaad te staan voor uitdagings wat nie noodwendig in 'n kerngesin voorkom nie:

> *"Subsequent families are structurally and emotionally different from first families. Upset and sadness are experienced by children and at times by the adults as they react to the loss of their biological family or the loss of a dream of a perfect marriage. Acceptance that a stepfamily is a different type of family is important, as is the recognition that many upsetting behaviours result from these feelings of insecurity and loss".*

Gebrekkige insig in die unieke aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin as unieke gesinsvorm kom dikwels by ouers in hersaamgestelde gesinne voor, aangesien dié ouers die model van die kerngesin gebruik om die hersaamgestelde gesin op te bou. Die gebrek aan insig in die unieke aard van die hersaamgestelde gesin kan aanleiding gee tot rolverwarring en onsekerheid, aangesien die lede van die hersaamgestelde gesin, dikwels tevergeefs, daarna streef om weer 'n kerngesin te vorm, in plaas daarvan om hulle eie norme, grense, rituele en rolverdeling te bepaal en na te streef (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:449; Afifi & Schrodt, 2003:516; Du Plessis, 1994:65; Ganong & Coleman, 1994:4-10; McGoldrick & Carter, 2005:417 & Stewart, 2005:1002).

Die kind in die hersaamgestelde gesin ervaar dikwels konflik ten opsigte van verdeelde lojaliteit teenoor die biologiese ouers (Amato & Afifi, 2006:222; Kriel, 1996:227; McGoldrick & Carter, 2005:417), wat gevolglik die moontlikheid van optimale verhoudingstrukture in hersaamgestelde gesinsisteme negatief kan beïnvloed. Ouers is ook dikwels onkundig oor die realiteite van die hersaamgestelde gesin, wat onrealistiese verwagtings van die verhoudings met kinders in die primêre en/of sekondêre mikro-gesinsisteem tot gevolg kan hê. Verskeie verhoudingsprobleme wat in die hersaamgestelde gesin ondervind word, kan

toegeskryf word aan die mites of onwaarhede rondom die unieke funksionering van die hersaamgestelde gesin (Kriel, 1996:228).

Onrealistiese verwagtings ontstaan dikwels wanneer die ouers in die hersaamgestelde gesin die verwagting koester om dieselfde gevoel vir sy/haar huweliksmaat se kinders te hê as wat hulle vir hulle eie kinders het. Dit is egter nie moontlik of realisties nie, aangesien die ander ouer ("stief"ouer) nie die kinders sien grootword het nie en daar dus nie met verloop van tyd 'n hegte band tussen hulle ontstaan het nie. Dit is selfs moontlik dat 'n "stief"ouer ontdek dat hy/sy glad nie van die kind hou nie, en selfs afkeer teenoor die kind beleef, wat tot skuldgevoelens aanleiding gee. Gevoelens van aggressie ontstaan aangesien negatiewe emosies rondom die kinders onderdruk of weggesteek word. Kitsliefde en kitsaanvaarding van die kind(ers) se kant af teenoor die "stief"ouer is ook nie moontlik nie. Aangesien die ouer-kind verhouding, wat deur die jare van die eerste huwelik opgebou is, baie sterk is, is "stief"ouers geneig om hul verhouding met hul nuwe eggenoot/e op dieselfde hiërargiese vlak te sien. Die "stief"ouer is dan geneig om op 'n ontoepaslike manier te kompeteer vir dieselfde sterk verhouding tussen die volwassenes wat moontlik tot spanning binne die nuwe hersaamgestelde gesin kan lei (Du Plessis, 1994: 65; McGoldrick & Carter, 2005:418).

Net soos daar nie sprake van kitsliefde in 'n hersaamgestelde gesin kan wees nie, kan die hersaamgestelde gesin ook nie as 'n kitsklaar kerngesin beskou word nie. 'n Wanopvatting rondom die gesin kan ontstaan aangesien ouers heel waarskynlik 'n begeerte het om weer 'n volledige gesin te hê, ten einde te kompenseer vir die verbrokkeling van die vorige gesinseenheid. Ouers in die hersaamgestelde gesin verkeer dikwels onder die wanopvatting dat hulle 'n volledige gesin is en "normaal" kan funksioneer (Ganong & Coleman, 1994: 144).

Die mite van die "wrede stiefmoeder" kan verskeie risiko-faktore inhou. Die "stief"ouer kom van die begin van die gesinshersamestelling te staan voor negatiewe vooroordele. Die mite bestaan reeds eeue lank en kan veelvuldige probleme in die hersaamgestelde gesin veroorsaak, wat die pogings van die "stief"ouer om toereikende verhoudings te stig in die wiele kan ry (Du Plessis, 1993:28; Ganong & Coleman, 1994:77; Kriel, 1996:99, Stratton, 2003:161). In 'n narratiewe analise van 'n "stief"ouer-ondersteuningsgroep postuleer Allison (2005:27) dat "stief"moeders probeer kompenseer vir die "wrede stiefmoeder"-etiket, deur die biologiese moeder af te maak as onstabiel en onbevoeg in 'n poging om die guns van die "stief"kind te wen.

Navorsing ondersteun die feit dat die rol van die "stief"ouer in 'n hersaamgestelde gesin gekompliseer word deur 'n gebrek aan duidelike norme en riglyne aangaande die

verwagtinge en gedrag van hersaamgestelde gesinslede (Afifi & Schrodt, 2003:516; Brown & Manning, 2009:85; Stewart, 2005:1002). In die geval waar beide biologiese ouers ouerlike regte en verantwoordelikheid ten opsigte van hul kind/kinders het, word die nuwe egmaat of "stief"ouer in die hersaamgestelde gesin dikwels as die "derde party" gesien van wie verwag word om verhoudings met die kinders te stig, maar wat nie wetlik erken word as mede-ouer vir die betrokke stiefkind/ers nie (Mahoney, 2006:81).

Ouers in hersaamgestelde gesinne is dikwels gedetermineerd om nie weer dieselfde "foute" te maak as in hul mislukte eerste huwelik nie en kies dus dikwels lewensmaats wat die teenoorgestelde is van hul vorige egmaats. Gevolglik word daar onbewustelik onrealistiese verwagtinge gekoester aangesien die sukses van die tweede huwelik as vooropgestelde doelwit gestel word. Sodoende word al die lede van die gesin onderwerp aan intense spanning en stres (Bernstein, 2000:284; McGoldrick & Carter, 2005:417). In meer onlangse navorsing rakende die dinamiek tussen egpare in hersaamgestelde gesinne het dit aan die lig gekom dat meer negatiewe kommunikasie dikwels ontstaan tussen tweede huweliks-egpare as in die geval van eerste huwelike en dat egpare geneig is om in konfliksituasies aangaande die opvoeding van die kinders hulself eerder te ontrek van besprekings (Halford *et al.,* 2007:471).

Papernow (in Ganong & Coleman, 1994:143) identifiseer sewe fases in die ontwikkeling van verhoudings in die kind se primêre en sekondêre mikro-gesinsisteem van die hersaamgestelde gesin, wat in drie oorkoepelende stadiums verdeel word, naamlik die vroeë, middel en latere stadium. *Die vroeë stadium,* of "aan die gang kom" of "vassteek"-fase, kan verdeel word in fantasie, indompeling en bewuswording. Die herkenning van fantasieë en oortuigings soos dié van kits-liefde, sowel as onrealistiese verwagtinge, dat die nuutgevonde hersaamgestelde gesin soos die kerngesin moet kan funksioneer, kitsklaar, is die grootste uitdaging van die vroeë fase. Die illusies of fantasieë en verwagtinge realiseer nie en gee dan aanleiding tot teleurstelling, frustrasie, verwarring en ambivalente gevoelens teenoor lede in die hersaamgestelde gesin

Indompeling vind plaas sodra 'n bewuswording van die realiteit van die hersaamgestelde gesin sigbaar is. Hierdie realiteitsbesef figureer rondom die verskille tussen onder andere biologiese ouers en "stief"ouers, interaksiepatrone tussen volwassenes en kinders asook rondom tradisies en gesinsrituele. Gevoelens van verwerping, mislukking en onsekerheid kom voor, wat tot rolverwarring aanleiding gee. Die herkenning van veelvoudige verskillende ervarings van die gesinslede, asook die bewuswording dat ervarings nie is soos wat verwag is nie, dra by tot die groei en ontwikkeling van elke lid van die hersaamgestelde gesin.

*Die middelstadium* of herstrukturering van die hersaamgestelde gesin bestaan uit twee fases, naamlik mobilisering en aksie. Die hersaamgestelde gesin is in die mobiliseringsfase as die lede aktief besig is om aspekte wat probleme veroorsaak aan te spreek. Verskille, soms op die oog af onbenullig, word bespreek, wat tot stresvolle interaksies kan lei, aangesien fundamentele veranderinge rondom die toekomstige funksionering van die gesin as 'n eenheid, aangespreek moet word. Lojaliteitskonflikte teenoor die biologiese ouer kan in hierdie fase voorkom vanweë die feit dat die ander ouer/"stief"ouer 'n meer prominente rol begin speel (Burt & Burt in Kapp 2002:37).

Papernow (in Ganong & Coleman, 1994:143) stel dit dat die aksie-fase ook bekend staan as *"going into business together"*. Die ouers van die hersaamgestelde gesin is besig om hul eie rituele en reëls op te stel wat dan sal aanleiding gee tot 'n gevoel van sekerheid ten opsigte van lidmaatskap aan die *nuwe* gesin. Duidelike grense word vir die hersaamgestelde gesinsverhoudings gestel, wat daartoe aanleiding gee dat gesinslede veilig voel om interaksie patrone van die kerngesin of vorige gesin te behou, sowel as om nuwe patrone te vestig.

*Die latere stadium* of verstewiging van die hersaamgestelde gesin bestaan uit twee fases, naamlik kontak en oplossing. Die verandering in die hersaamgestelde gesin se interaksie-patrone gee aanleiding tot meer gemaklike kontak en opregte intimiteit. Duidelike ouerskap rolle kristalliseer as gevolg van toereikende interaksie tussen die gesinslede. Interpersoonlike kontak tussen gesinslede is meer gemaklik en bevredigend. Alhoewel lede nie noodwendig van mekaar gaan hou nie, is hulle bereid om verskille te bespreek en oplossings te soek. Die hersaamgestelde gesin in die finale fase word gekenmerk deur meer stabiele verhoudings, duidelike, definitiewe rolle en 'n gesin met 'n eie identiteit en karakter.

Grobler (2001:44) ag die bewustheid van die verskillende ontwikkelingsfases in die hersaamgestelde gesin belangrik, aangesien dit 'n aanduiding kan wees van waar die gesinslede hulself bevind en watter aspekte nog aandag moet geniet. Myns insiens is dit uiters belangrik dat die uniekheid van die besondere gesinsisteem en situasie nie misken word nie. Eienskappe kan geïdentifiseer word maar mag nie veralgemeen word nie, aangesien geen twee hersaamgestelde gesinne presies dieselfde funksioneer nie. Alhoewel Ganong en Coleman (1994:143) aandui dat die kontak- en oplossingsfases sowat twee jaar neem om stewig gevestig te raak, het elke hersaamgestelde gesin unieke behoeftes in terme van ondersteuning en onderrig, aldus pioniers in die veld van intervensie met lede van 'n hersaamgestelde gesin, Visher en Visher (1996:14-21).

#### 2.3.2.3 Disfunksionele verhoudings tussen biologiese ouers in die mesosisteem

Die **Mesosisteem** verwys na die verhouding wat ontwikkel of bestaan tussen verskillende mikro-sisteme. Afgesien van die skool en die portuurgroep is beide die primêre sowel as die sekondêre mikro-gesinsisteem in die mesosisteem in interaksie met mekaar, en vind daar ook beïnvloeding in die mesosisteem plaas. Bronfenbrenner (in Thomas 2000:409) vestig die aandag op die volgende in die mesosisteem:

> *"Special attention is focussed on the synergistic effects created by the interaction of developmentally instigative or inhibitory features and processes present in each setting."*

Die verhouding wat daar in die mesosisteem bestaan tussen gewese egmaats wat in tweede huwelike verkeer speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind as lid van die twee nuwe mikro-gesinsisteme (Beaudry *et al.,* 2004:98). Dunn *et al.* (2005:223) het bevind dat daar 'n positiewe korrelasie bestaan tussen konflik tussen die biologiese ouers, veral waar die kinders ook betrokke is, en die aanpassingsprobleme binne die hersaamgestelde gesin. Kinders se betrokkenheid in hulle ouers se konflik het ook 'n betekenisvolle invloed op hulle emosionele welstand. Voortdurende konflik resulteer in ontoereikende ouer-kind verhoudings en kinders is geneig om hulle meer te skaar by hulle biologiese ouers as "stief"ouers (Mekos, Hetherington & Reiss, 1996:2148).

Ehrenberg (1996:93) en Robinson (1993:263) postuleer dat kinders wat blootgestel word aan volgehoue positiewe ouerskap na egskeiding makliker aanpas by die veranderde omstandighede as kinders wat gedurig blootgestel word aan konflik tussen hulle biologiese ouers. Kommunikasie tussen gewese egmaats speel dus 'n beduidende en betekenisvolle rol in die suksesvolle voltrekking van ouerskap in die nuwe hersaamgestelde gesin (Beaudry *et al.*, 2004:98). Indien ouers gesamentlike ouers kan bly, ten spyte van die feit dat hulle nie meer as 'n kerngesin funksioneer nie, sal die kinders daarby baat (Amato & Gilbreth, 1999:559, Amato, 2000:1269), maar sulke hoë kwaliteit ouerskap is nie baie algemeen nie (Sobolewski & King, 2005:1196). Adler-Baeder en Higginbotham (2004:448) stel 'n program voor waar ouers gelei word om 'n samewerkende "besigheidstipe" verhouding met die vorige egmaat te handhaaf om sodoende negatiewe impak op die kinders sowel as die hersaamgestelde gesin te bekamp.

As gevolg van voortdurende konflik tussen biologiese ouers, aanvaar die biologiese ouer in die kind se primêre mikro-gesinsisteem dikwels nie die afwesige biologiese ouer as mede-ouer in die kind se opvoeding nie, maar koester dikwels die verwagting dat die nuwe

eggenoot of eggenote in die kind se primêre mikro-gesinsisteem die afwesige ouer moet vervang (Dunn *et al*., 2005:223; Kaplan, 1991:11). Aangesien die kind volwaardig lid van twee mikro-gesinsisteme is, ontken die biologiese ouer dus die lidmaatskap van die kind aan die sekondêre mikro-gesinsisteem wat die heen-en-weer beweging en ontwikkeling van die kind dus negatief beïnvloed. Dit is hier waar rolverwarring dikwels ontstaan, aangesien dit soms gebeur dat die ouer sy/haar mening oor die ander ouer aan die kind oordra (Stewart, 2005:1002).

Gewese egmaats gebruik dikwels hulle kinders om vyandigheid teenoor mekaar te demonstreer, deur byvoorbeeld wedersydse besoek reëlings te saboteer (Ganong & Coleman, 1994:126), wat gevolglik 'n negatiewe uitwerking op die kind se verhouding met sy ouer in die sekondêre mikro-gesinsisteem kan hê (Ebersohn, 2006:87). Die mate waartoe kinders vasgevang voel in voortdurende konflik tussen hul ouers laat hulle met gevoelens van verdeelde lojaliteit (Buchanan, Maccoby & Dornbusch, 1991:1008). Aangesien kinders graag 'n goeie verhouding met albei ouers wil handhaaf is die kinders geneig om as tussenganger op te tree, maar vrees dan dat hulle intervensie deur hul ouers geïnterpreteer mag word as dislojaliteit, wat die gevoelens van *"being torn in two"* intensiveer (Afifi, 2003:729; Amato & Afifi 2006:222). Golish (2003:41) postuleer dat beide die kinders en die volwassenes in die hersaamgestelde gesin gevoelens openbaar van "vasgevangenheid" tussen die gesinslede, byvoorbeeld as die "stief"ouer of "stief"kind probleme met die biologiese ouer bespreek eerder as om dit direk onderling self uit te klaar. Disfunksionele gesinsverhoudings word dikwels gevoed deur die antagonistiese houding wat twee "stief"gesinslede teenoor mekaar koester (Baxter, Braithwaite & Bryant 2006:381).

Vanuit die bostaande besinning is dit duidelik dat die grootste uitdaging van hierdie studie is om die kompleksiteit van invloede, interaksies en interpersoonlike verhoudings tussen die ontwikkelende middel-adolessent en verskeie ander sisteme in die sosiale konteks van die hersaamgestelde gesin, te probeer begryp as die konteks waarbinne die ondersoek na veerkragbenutting voltrek moet word. Vervolgens 'n verkenning van die ontwikkelingstake wat middel-adolessente moet deurloop in hul reis na volwassenheid.

### 2.3.3 Veerkrag as bereiking van verskeie ontwikkelingstake in die konteks van die hersaamgestelde gesin

Adolessensie as lewensfase vorm 'n brug tussen kindwees en volwassenheid. Die ontwikkeling gaan gepaard met versnelde veranderinge op onder andere die fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale ontwikkelingsvlakke (Ackerman, 2001:104). Optimale

opvoedingsbegeleiding is dus belangrik ten einde suksesvolle jong volwassenes die wêreld te kan instuur. Erikson (in Thomas 2000:151) is van mening dat:

> *"...young adolescents should gain an increasing strength of purpose and understanding of reality as they recognize that their own way of dealing with life - their way of mastering reality - is a proper variant of ways in which other people successfully deal with their lives."*

Tydens die bestudering van die ontwikkelingsfase van adolessensie is dit belangrik om die kompleksiteit en diversiteit van adolessente ontwikkeling in totaliteit in ag te neem. Urie Bronfenbrenner se ekologiese model is juis gebore uit sy belangstelling in die komplekse rol wat sosiale en fisiese omstandighede in die ontwikkeling van 'n kind speel. Hy het ook begin agterkom dat die omgewings waarin kinders grootword veelvuldig en verweef is en dat die opgaaf om tot begryping te kom van die effek wat hierdie omgewings op die uitkoms van kinderontwikkeling kan uitoefen veeleisend kan wees (Thomas 2000:402). As resultaat van sy observasies het hy die volgende gevolgtrekking gemaak:

> *"Seen in different context, human nature, which I had previously thought of as a singular noun, became plural and pluralistic; for the different environments were producing discernible differences, not only across but also within societies, in talent, temperament, human relations, and particularly in the ways in which the culture, or subculture, brought up its next generation"* (Bronfenbrenner, 1979:xiii).

Bronfenbrenner se multi-dimensionele model van kinderontwikkeling toon aan dat daar dus lae of vlakke is van interaktiewe sisteme wat in interaksie met mekaar verkeer. Wat in die een sisteem gebeur het dus 'n invloed op en word beïnvloed deur ander sisteme. Bronfenbrenner beskryf die sisteme in hul sosiale konteks as *"..... a set of nested structures, each contained inside the next like a set of Russian Dolls"* (in Swart & Pettipher, 2005:10). Individue is dus aktiewe deelnemers in hulle eie ontwikkeling en is nie slegs oorgelewer aan hul omgewing nie. Die ontwikkelende kind se persepsie van sy/haar omgewing staan sentraal tot die begryping van hoe die kind in interaksie met sy/haar omgewing verkeer. Hierdie persepsie van die omgewing rig dus die kind se optrede teenoor ander persone sowel as teenoor die omgewing (Donald *et al*., 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:14). Binne die uniekheid van die hersaamgestelde gesin kan die middel-adolessent se ontwikkeling gekompliseer of soms ook verryk word deur veelvuldige mikro-sisteme wat met mekaar in interaksie verkeer.

Vanuit ’n sielkundige benadering is dit belangrik om adolessensie as ’n **proses** eerder as ’n tydsperiode te sien. Adolessensie is ’n proses van ontwikkeling van ’n houding, uitgangspunte en gedragpatrone wat nodig is vir effektiewe deelname aan die samelewing. Dit is ’n proses om antwoorde op vrae te verkry soos *Wie is ek?* en *Wat/Wie wil ek eendag word?* Dit is ’n proses van ontdekking en besluitneming aangaande die toekoms, interpersoonlike verhoudings, godsdienstige oortuigings en morele waardes. Adolessensie is dus ’n proses van die beweging van relatiewe afhanklikheid na relatiewe onafhanklikheid en outonomie (Ackerman, 2001:104; Gumbiner, 2003:45).

Ontwikkelingstake verwys na vermoëns, vaardighede, houdings en gedragspatrone wat tydens ’n spesifieke stadium van ontwikkeling binne die mikro-sisteme bemeester moet word. Ontwikkelingstake presenteer hoofsaaklik in die vorm van sielkundige uitdagings wat gesien word as ’n proses van hantering oor ’n tydsperiode en staan direk in verhouding met die meso-, ekso- en makro-sisteme. Dit beteken dat verskillende ontwikkelingstake gevolglik meer prominent kan wees in sekere sosio-kulturele kontekste as ander. Sielkundige welwees en die vermoë om verdere ontwikkelingstake suksesvol te deurloop word bepaal deur die effektiewe bereiking van elke ontwikkelingstaak. Die suksesvolle uitvoering van ontwikkelingstake tydens adolessensie bepaal dan ook die optimale funksionering van individue in die volwasse lewenstadium. (Ackerman, 2001:105; Bronfenbrenner, 1979:22; Gumbiner, 2003: 45; Louw, Van Ede & Louw, 1998:392; Swart & Pettipher, 2011:10-17). ’n Opsomming van die ontwikkelingstake wat die adolessent in die moderne Westerse samelewing moet bemeester (Louw *et al.,* 1998:392) word in Tabel 2.1 voorsien.

Tabel 2.1 Ontwikkelingstake van die adolessent (Louw *et al.*, 1998:392).

**Adolessente se Ontwikkelingstake**

- Aanvaarding van ’n veranderende liggaamlike voorkoms
- Ontwikkeling van ’n manlike of vroulike geslagsidentiteit
- Ontwikkeling van kognitiewe vaardighede en die verwerwing van kennis
- Ontwikkeling van ’n eie identiteit
- Ontwikkeling van onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes
- Keuse van en voorbereiding vir ’n beroep
- Ontwikkeling van sosiaal verantwoordelike gedrag
- Aanvaarding van en aanpassing by sekere groepe
- Aanknoop van heteroseksuele verhoudings
- Ontwikkeling van ’n sterk emosionele band met ’n ander persoon
- Voorbereiding vir huwelik en gesinsverantwoordelikhede
- Bereiking van ekonomiese onafhanklikheid
- Ontwikkeling van morele begrippe en waardes wat as riglyne vir gedrag kan dien
- Ontwikkeling van ’n waardestelsel wat verband hou met ’n realistiese en wetenskaplike wêreldbeskouing
- Ontwikkeling van ’n lewensfilosofie

Alhoewel ontwikkelingstake soos aangehaal in Tabel 2.1 primêr verwys na die individu se persoonlike verantwoordelikheid en pogings in sy/haar proses van ontwikkeling, het adolessente steeds die ondersteuning van volwassenes in hul mikro-sisteme nodig. Gesien in die lig van die ontwikkelende middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin binne die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme kan aanvaar word dat ontwikkeling meer kompleks is, aangesien meer interaktiewe sisteme 'n rol in die ontwikkeling speel. Navorsing toon aan dat die adolessent in die hersaamgestelde gesin meer emosionele-, gedrags- en sosiale probleme ervaar as die adolessent wie se ontwikkeling binne die kerngesin, met slegs een mikro-gesinsisteem, geskied (Fine, Donnelly & Voydandoff, 1991:423; Hetherington, 1991:323).

Aangesien adolessente ontwikkeling as 'n geïntegreerde proses gesien word, wat beteken dat verskillende dimensies van funksionering interaktief met mekaar funksioneer, kan daar tussen die verskillende dimensies van ontwikkeling onderskei word, maar kan die dimensies nooit van mekaar geskei word nie (Ackerman, 2001:104). Na aanleiding van die vraagstuk in hierdie studie wat wentel rondom die proses van suksesvolle deurloping van gegewe ontwikkelingstake binne die konteks van die hersaamgestelde gesin, gaan die dimensies van kognitiewe, sosiale en persoonlike ontwikkeling vervolgens meer spesifiek bespreek word.

Volgens Piaget se model van kognitiewe ontwikkeling word die hoogste vlak van denke, naamlik formeel-operasionele denke, gedurende adolessensie bereik. Die vermoë van die adolessent om abstrakte en hipoteties-deduktiewe redenering te gebruik, om feite en idees te gebruik om 'n saak te beredeneer, lei daartoe dat beredenering op 'n hoër kognitiewe vlak plaasvind. Aangesien adolessente dikwels met verskeie alternatiewe en moontlike oplossings vir 'n probleem gekonfronteer word, toon hulle die behoefte om sonder hulp en leiding hul eie besluite te kan maak. Die eens inskiklike kind word nou 'n stryerige tiener, aangesien die sieninge van die ouers, in beide mikro-gesinsisteme, dikwels bevraagteken word. 'n Idealistiese wêreldsiening van alternatiewe gesins-, godsdienstige, politieke en morele stelsels word gevisualiseer en wil deur die adolessent beproef word. Die ouer-kindverhouding kan maklik negatief beïnvloed word indien die ouers nie hulle adolessente kinders se intellektuele ontwikkeling en strewe na onafhanklikheid in ag neem nie (Donald *et al.*, 2006:51-57; Louw & Louw, 2007:304).

Begrip vir die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent help ouers om te verstaan dat tieners hulle nie noodwendig verwerp nie, maar dat hul tieners deur normale kognitiewe ontwikkelingsfases gaan. Stoll *et al.* (2005:177) postuleer dat dit juis die adolessent se

vermoë tot abstrakte redenering is wat aanpassing in die hersaamgestelde gesin kan bemoeilik. Die navorsers het bevind dat adolessente in hersaamgestelde gesinne dikwels met gevoelens van magteloosheid presenteer aangesien hulle geen beheer oor hul veranderende omstandighede het nie. Die adolessente se ervaring dat hulle geen insprake meer het aangaande hul opvoeding nie, lei tot negatiwiteit en disfunksionele gesinsverhoudings.

Die ontwikkeling van die adolessent in totaliteit vind binne ’n sosiale konteks plaas wat ontwikkeling kan bevorder of belemmer. Tydens adolessensie word hierdie sosiale konteks deur onder andere die ouers in beide mikro-gesinsisteme, die skool asook die portuurgroep gevorm. Die sosiale bevoegdheid van adolessente en die ontwikkeling van sosiale volwassenheid hang in ’n groot mate af van die ouers se ouerskapstyl. Drie ouerskapstyle word deur Baumrind (in Louw & Louw, 2007:328) geïdentifiseer, naamlik die gesaghebbende, outoritêre en permissiewe style. Die gesaghebbende ouer moedig onafhanklike optrede binne die raamwerk van sekere beperkings van gedrag aan. Deurdat die ouers redes vir hul reëls en beperkinge neerlê en hul adolessente toelaat om met hulle daaroor te redeneer, word induktiewe dissipline toegepas. Die adolessente kinders van gesaghebbende ouers kan op hulself staatmaak en is sosiaal verantwoordelik. ’n Gesaghebbende ouerskapstyl dra by tot die ontwikkeling van veerkraggebruik in adolessente (Kritzas & Grobler, 2009:17).

Die outoritêre ouer het ’n beperkende en bestraffende styl waar grense gestel en streng beheer uitgeoefen word. Adolessente word gedwing om volgens die menings en reëls van hul ouers op te tree en verbale beredenering en verduideliking van reëls kom selde voor. Hierdie tipe ouerskap word met sosiaal-onbevoegde gedrag in adolessente geassosieer en kan aanleiding gee tot angstigheid, ’n onvermoë om inisiatief ten opsigte van sosiale aktiwiteite te toon asook ontoereikende kommunikasie vaardighede.

Permissiewe ouerskap vind plaas wanneer daar geen beheer oor adolessente se gedrag uitgeoefen word nie en hulle toegelaat word om in alle omstandighede hulle eie besluite te neem. Adolessente in hierdie omstandighede toon dikwels sosiaal onbevoegde gedrag met beperkte selfbeheer aangesien hulle nooit gelei is om beheer oor hul gedrag uit te oefen nie (Louw & Louw 2007:328).

Wanneer die invloed van ouerskapstyle op adolessente se sosiale ontwikkeling bestudeer word, is dit belangrik om die ouer-kindverhouding in ag te neem, aangesien die verhouding die effek van die ouerskapstyl mag beïnvloed. Met ander woorde indien die verhouding

tussen die adolessent en die ouer deur liefde en begrip gekenmerk word, sal die negatiewe gevolge van die outoritêre ouerskapstyl op die ontwikkeling van die sosiale bevoegdheid van die adolessent minder ernstig wees (Kritzas & Grobler, 2009:17). Een van die mees algemene onderwerpe wat aanleiding gee tot argumente en disfunksionele verhoudinge in die hersaamgestelde gesin, is verskille tussen ouers aangaande ouerskapstyle (Stanley, Markman & Whitton, 2002:659). Biologiese ouers het dikwels as enkelouers reeds 'n opvoedingstrategie vasgelê voordat hulle 'n hersaamgestelde gesin gevorm het en konflik ontstaan dikwels aangesien die biologiese ouers dan verkies om steeds beheer te neem in die dissiplinering van die kinders (Coleman, Fine, Ganong, Downs & Pauk, 2001:55).

Manning en Lamb (2003:876) postuleer dat 'n adolessent se optimale ontwikkeling en psigiese wel-wees afhang van die mate van binding met beide die inwonende en die nie-inwonende biologiese ouer. Moore en Cartwright (2005:109) het bevind dat adolessente in hersaamgestelde gesinne die verwagting koester dat die biologiese ouers die primêre verantwoordelikheid van hul opvoedingstaak moet bly opneem en dat die stiefouer 'n minder prominente rol moet vertolk. Oor die algemeen neem ouerbetrokkenheid dikwels af tydens adolessensie weens die feit dat tyd-spandering in die mikro-sisteem van die portuurgroep toeneem. Furstenberg (2000:896) postuleer dat die verhouding tussen die adolessent en sy/haar nie-inwonende ouer (in die sekondêre mikro-gesinsisteem) moontlik kan verflou weens die verhoogde betrokkenheid by die portuurgroep.

Die mees prominente aanname met betrekking tot die adolessent is die "soeke na identiteit" aangesien 'n nuwe sin van selfbewustheid ontwikkel tydens die proses van fisieke en seksuele veranderinge. Plug (in Louw *et al.,* 1998:429) postuleer dat identiteit verwys na die individu se bewustheid van hom/haarself as 'n onafhanklike, unieke persoon met 'n spesifieke plek in die samelewing. Alhoewel identiteitsontwikkeling reeds tydens die babajare begin en voortduur tot aan die einde van die mens se lewensiklus, vind die grootste ontwikkeling tydens adolessensie plaas, as gevolg van ingrypende fisieke, seksuele, sosiale, kognitiewe en morele ontwikkeling. Van den Aardweg en Van den Aardweg (in Gouws *et al.,* 2000:90) definieer identiteit as:

> *"...knowing who and what one is and the knowledge that one is distinguishable from others. It is the sense of self. It is concerned with those elements of character or personality that are distinguishing".*

Erik Erikson se teorie aangaande persoonlikheidsontwikkeling (Thomas, 2000:151) het veral bekendheid verwerf vir die werk met betrekking tot die adolessent se identiteitskrisis. Die

identiteitskrisis is ’n periode van ontdekking waartydens die adolessent waardes en rolle eksploreer, waar bestaande waardes bevraagteken word en waar geëksperimenteer word met alternatiewe rolle, ten einde ’n eie persoonlike identiteit te kan vorm. Erikson beskou die identiteitskrisis nie as ’n aanduiding van negatiewe ontwikkeling nie, maar eerder ’n wyse waarop die individu ’n persoonlike en sosiale identiteit vorm, wat as ’n belangrike stap in die ontwikkeling na optimale volwassenheid beskou word (Thomas, 2000:151). Optimale identiteitsontwikkeling behels dat adolessente in staat is om hul eie self te definieer, wat belangrik is vir hulle en vir die rigting wat hulle in die lewe wil inslaan. Aangesien adolessente se abstrakte denke al in ’n mate ontwikkel het, kan hulle met groter gemak hulle opinies, denke, filosofieë en ervarings op ’n verbale wyse deel en daaroor reflekteer (Ackermann, 2001:105).

Die fokus van Bronfenbrenner se ontwikkelingsteorie is om kinders se interpretasie van hul omgewings te verkry eerder as om ’n objektiewe evaluering te maak (Thomas, 2000:414). Kinders se persepsie van hul konteks staan sentraal tot die begryping van hoe hulle in interaksie met hul omgewing verkeer (Swart & Pettipher, 2011:12). Die wyse waarop middel-adolessente hul omstandighede in die hersaamgestelde gesin interpreteer beïnvloed noodwendig hul response binne veelvoudige mikro-sisteme. Ten einde ’n geïntegreerde begryping te kan vorm van hoe middel-adolessente hul veerkrag binne hul twee mikro-gesinsisteme benut ten einde optimaal te ontwikkel, sal die verskillende dimensies van veerkragnavorsingsbenaderings vervolgens ondersoek word.

## 2.4 VERSKILLENDE DIMENSIES VAN NAVORSINGSBENADERINGS TOT VEERKRAG

### 2.4.1 Oriëntering

Die oorsprong van veerkragnavorsing lê diep gewortel in die geskiedenis van geneeskunde, sielkunde en die opvoedkunde (Masten & Coatsworth, 1998:205). Dit was egter om en by in 1970 dat sistematiese veerkragstudies binne die breë konteks van gedragsgesondheid en aanpassings vanuit ’n ontwikkelingsperspektief, begin verrys het (Garmezy, 1991:459; Masten & Obradović, 2006:13). Die studie van veerkrag het oor die afgelope drie dekades verrys binne drie oorkoepelende “golwe” van navorsing (Richardson, 2002:307) wat onderskeibaar is op grond van die basis van hul oriëntering tot die veerkrag konstruk. Hierdie golwe word nie sekwensieel afgegrens nie, aangesien studies steeds binne al die onderskeie golwe plaasvind.

In die Eerste Golf van veerkragnavorsing het die pionier-gedragsnavorsers, wat op soek was na kennis aangaande die oorsake van ernstige psigopatologie, die waardevolle betekenis begin besef van kinders wat optimaal blyk te funksioneer in die teenwoordigheid van risiko omstandighede. Hierdie pioniers het begin fokus op die identifisering van korrelasies en raakpunte in die positiewe aanpassings van jong kinders van wie daar verwag sou kon word dat optimale ontwikkeling nie sou plaasvind in die teenwoordigheid van genetiese en/of omgewingsrisiko's nie. Eienskappe van die individue, gesinne en gemeenskappe wat oënskynlik 'n verskil kon maak is geïdentifiseer.

Binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing het insigte begin verruim deur te beweeg vanaf 'n statiese beskrywing van eienskappe na dinamiese interaktiewe prosesse. Fokus is gerig op die prosesse en regulerende sisteme "agter die eienskappe" wat veerkrag bevorder. Deur die sisteemteorie as vertrekpunt te gebruik is daar gekonsentreer op positiewe aanpassing van 'n ontwikkelende individue in die teenwoordigheid moeilike omstandighede.

Die Derde Golf van veerkragnavorsing fokus op 'n postmoderne, multidissiplinêre identifisering van motiverende kragte binne die individu. en word gekenmerk deur pogings om veerkrag te bevorder deur middel van voorkoming- en intervensie tegnieke (Masten, 2004:316; Richardson, 2002:308). Masten en Obradović (2006:13) is van mening dat die eerste drie golwe van navorsing ten opsigte van veerkrag in ontwikkeling bygedra het tot 'n uitgebreide kennisbasis van konsepte en metodes wat noodsaaklik is vir 'n belowende Vierde Golf van veerkragnavorsing, wat tans op die horison verskyn. Die Vierde Golf van veerkragnavorsing gaan poog om die lewens- en neuro-wetenskappe met die gedragswetenskappe te integreer vir 'n veelfasettige, holistiese begryping van die veerkragverskynsel.

Optimale konseptualisering van veerkrag vereis die ontwikkeling van modelle en metodes wat nuwe maniere van assessering en strategieë van analisering insluit. Voordat die pioniers die Eerste Golf van veerkragnavorsing begin ontgin het, was daar min aandag gegee aan modelle of metingsprosedures wat positiewe uitkomste voorspel het. Dit was dus nodig vir die vroeë navorsers om strategieë van assessering en analisering van bevoegdheid, bates, hulpbronne, bevorderende of beskermende faktore asook die diagnosering van veerkrag ten opsigte van psigopatologie, risiko's en stressors daar te stel (Masten & Reed, 2002:75). Alhoewel die Vierde Golf van veerkragnavorsing 'n belowende vooruitsig lewer vir 'n meer holistiese begryping van die veerkragverskynsel, is dit ongelukkig nog 'n relatief nuwe en onontginde kennisveld en sal daar, vir die doeleindes in hierdie studie, slegs op die eerste drie golwe van veerkragnavorsing gefokus word.

Vervolgens word 'n vergelykende verkenning en interpretasie onderneem van die eerste drie golwe van veerkragnavorsing naamlik die Fenomenologiese Golf, die Operasionele Golf en die Veerkragteorie Golf soos gekonseptualiseer deur Richardson (2002:307), in kombinasie met 'n oorsig van die veerkragliteratuur. Hierdie verkenning en interpretasie het ten doel om te besluit watter golf in die veerkragnavorsing die beste is om die navorsingsvraag in hierdie studie te beantwoord (Masten, 2004:310; Wright & Masten, 2006:17-37)

### 2.4.2 Eerste Golf: Die Fenomenologiese Golf van veerkragnavorsing

#### 2.4.2.1 Begripsverheldering

Die Fenomenologiese Golf van veerkragnavorsing is daarop gerig om veerkragtige individue te identifiseer en fokus spesifiek op die faktore wat die verskil maak tussen meer en minder veerkragbenutting (Richardson, 2002:307, Wright & Masten, 2006:18). Volgens die Fenomenologiese Golf word 'n individu as veerkragtig beskou indien daar genoegsame bewyse gelewer kan word dat die individu, in die teenwoordigheid van objektief meetbare risiko-faktore, die ontwikkelingstake soos in Tabel 2. 1 (in 2.3.3) beskryf, suksesvol voltooi het of in die proses is om ontwikkelingsuksesse te behaal. Die vraag is dus: *Oor watter persoonseienskappe beskik 'n individu wat ontwikkelingsukses behaal in die teenwoordigheid van risiko-faktore, in vergelyking met die individue wat nie ontwikkelingsukses behaal nie?* Die Fenomenologiese Golf ondersoek onder andere individuele persoonlikheidsfaktore, gesinsamestelling asook sosio-kulturele invloede wat moontlik verband kan hou met gunstige uitkomste (Richardson, 2002:309).

Vanuit 'n ontwikkelingsperspektief toon vroeëre veerkragnavorsing aan dat kinders in verskillende stadiums van hul ontwikkeling oor verskillende kwesbare en beskermende faktore beskik (Masten *et al.*, 1990:715). Aangesien babas so totaal afhanklik is van hul versorgers, is hulle baie kwesbaar vir die verlies van en/of mishandeling deur die versorger in die gesinsisteem. Die feit dat babas nie begrip en insig het aangaande die impak wat oorlog, natuurrampe of selfs egskeiding op hul bestaan in totaliteit het nie, word beskou as 'n beskermende faktor. Namate kinders groot word, en ander mikro-sisteme soos die skool en portuurgroep 'n al groter rol in die ontwikkeling van die kind begin speel, verander hulle kwesbare sowel as beskermende faktore. Adolessente is spesifiek kwesbaar met betrekking tot aanvaarding in die portuurgroep en by die skool asook vir veranderinge binne die gesinsisteem. Egskeiding en hertroue is opsigself 'n groot risiko-faktor aangesien die kind se hele ontwikkelingsraamwerk verander (sien 2.3.2).

Richardson (2002:307-310) gee 'n uitgebreide oorsig van verskeie longitudinale studies wat die voorlopers was vir die identifisering van veerkragtige individue. Samevattend kan die persoonskwaliteite, bates of beskermende faktore wat die individu kan help in tye van teenspoed soos volg opgesom word: sosiale verantwoordelikheid, aanpasbaarheid, verdraagsaamheid, prestasie-georiënteerdheid, toereikende kommunikasievaardighede, 'n positiewe selfbeeld, selfvertroue, self-effektiwiteit, probleemoplossingsvaardighede, beplanningsvaardighede, 'n positiewe skoolomgewing, 'n warm vertrouensverhouding met minstens een ouer, hoë verwagtings, 'n positiewe uitkyk op die lewe, self-dissipline, kritiese denke, 'n sin vir humor, intelligensie en interne lokus van beheer. Kumpfer (in Kumpfer & Summerhays, 2006:155) het bogenoemde veerkragtige persoonlikheidstrekke gekonseptualiseer in sewe primêre veerkragkwaliteite, naamlik geluk, wysheid en insig, humor, empatie, intellektuele bevoegdheid, doelgerigte lewensuitkyk, en deursettingsvermoë. Meer onlangs is veerkragtige persoonskwaliteite binne die raamwerk van die positiewe sielkunde geïdentifiseer en dit sluit onder andere geluk, subjektiewe wel-wees, optimisme, geloof en vertroue, selfdeterminasie, wysheid, uitnemendheid, optimisme, kreatiwiteit, vergewingsgesindheid, dankbaarheid, hoop en nederigheid in (Buss, 2000:16; Diener, 2000:34; Peterson, 2000:44; Ryan & Deci, 2000:68; Schwartz, 2000:79; Simonton, 2000:151).

Die Fenomenologiese Golf van veerkragnavorsing sluit beide persoongesentreerde en veranderlike-gesentreerde benaderings in. Die persoongesentreerde benadering fokus op die identifisering van veerkragtige individue in 'n poging om te bepaal hoe hierdie individue verskillend funksioneer in vergelyking met ander individue wat met dieselfde risiko's en teenspoed gekonfronteer word, maar wat nie so suksesvol ontwikkel nie. Die veranderlike-gesentreerde benadering daarenteen ondersoek die samehangende verhouding tussen eienskappe van individue en hul omgewing wat moontlik kan bydra tot positiewe uitkomste in die teenwoordigheid van verhoogde risiko's en teenspoed (Wright & Masten, 2006:25). Masten en Obradović (2006:13) sluit hierby aan en postuleer dat die ontwikkelingstaakteorie impliseer dat suksesvolle aanpassing multi-dimensioneel en ontwikkelend van aard is. Suksesse in ontwikkelingstake van 'n spesifieke fase voorspel suksesse in toekomstige ouderdomtoepaslike take selfs in nuwe omstandighede. Intervensies om ontwikkelingstake suksesvol te kan deurloop het dus 'n voorkomende effek op gedrag- en emosionele probleme.

Gesien in die lig van die resultate van verskeie studies wat vanuit verskillende metodologiese uitgangspunte onderneem is, openbaar die Fenomenologiese of Eerste Golf van veerkragnavorsing 'n besondere mate van konstantheid in bevindings van algemene verbandhoudende faktore wat beter aanpassings onder kinders in hoë risiko-omstandighede

uitbeeld. Masten (2001:227) verwys na hierdie korrelasies as "*the short list*" en dit word uiteengesit in Tabel 2.2.

Tabel 2.2: Voorbeelde van bates en beskermende faktore (Masten, 2001:227)

**Eienskappe van die kind:**

- Sosiale en aanpasbare temperament as baba
- Goeie probleemoplossingsvaardighede en kognitiewe vermoë
- Effektiewe emosionele en gedragsregulerende strategieë
- Positiewe siening van die self (selfvertroue, hoë selfbeeld, self-effektiwiteit)
- Positiewe siening van die lewe (hoop en optimisme)
- Geloof en 'n sin van betekenis in die lewe
- Eienskappe en talente wat deur die samelewing as van waarde geag word (sin vir humor, aantreklikheid vir ander ens.)

**Kenmerke van die gesin**

- Stabiele en ondersteunende gesinsomgewing
  - Lae vlakke van ouerkonflik
  - Hegte verhouding met die primêre versorger
  - Gesaghebbende ouerskapstyl: hoë vlakke van warmte, struktuur en verwagtinge
  - Positiewe sibbe-verhoudings
  - Ondersteunende bindings met uitgebreide gesinslede
- Ouers wat betrokke is in hul kinders se opvoeding
- Sosio-ekonomiese welvaart
- Na-skoolse opleiding van die ouers
- Geloof en religieuse oortuigings

**Eienskappe van die gemeenskap**

- Hoë kwaliteit van woongebied
  - Lae vlakke van gemeenskapsgeweld
  - Bekostigbare behuising
  - Toegang tot ontspanningsfasiliteite
  - Skoon lug en water
- Effektiewe skoolomgewing
  - Veilige skoolomgewing
  - Goed opgeleide en hoog gekwalifiseerde onderwysers
  - Na-skoolse aktiwiteite en ontspannings aktiwiteite
- Werksgeleenthede vir ouers en tieners
- Effektiewe gesondheidsondersteuningsdienste
- Maklike toegang tot nooddienste

**Kulturele of Samelewingseienskappe**

- Wette vir kinderbeskerming
- Hulpbronne en waardes gerig op opvoeding

Masten (2001:227) postuleer dat hierdie onderling afhanklike eienskappe in Tabel 2.2 die fundamentele aanpassingsisteme van 'n ontwikkelende individu kan vorm. Louw en Louw (2007:381) sluit hierby aan deur te verwys na die beskermende faktore wat weerbaarheid in kinders sal kan versterk.

#### 2.4.2.2 Bespreking

Gesien in die lig van die Eerste Golf veerkragnavorsing kan geredeneer word dat die middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin die moontlikheid van toereikende of ontoereikende ontwikkeling in die gesig staar namate die risiko-faktore geassosieer met die hersaamgestelde gesin (2.2.2) verminder of akkumuleer en die bates en beskermende faktore soos in Tabel 2.2 vermeld word teenwoordig of nie teenwoordig is nie. Volgens die Fenomenologiese Golf kan ontwikkelende middel-adolessente in die konteks van die hersaamgestelde gesin as veerkragtig beskou word indien hulle onder andere oor ’n positiewe selfbeeld beskik, ’n positiewe siening van die lewe handhaaf, oor toereikende kognitiewe vermoë beskik en oor toereikende hanteringstrategieë beskik om hul emosies en gedrag te kan beheer. Verder word die middel-adolessent beskerm deur ouers in beide die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme wat toereikende ouerskapvaardighede toon, wat betrokke is by hul kinders se opvoeding en onderrig en waar toereikende hantering van onderlinge ouerkonflik plaasvind.

In die metaforiese vergelyking van die middel-adolessent as ’n rubberballetjie, fokus die Fenomenologiese benadering slegs op die belangrike eienskappe waaroor die rubberballetjie en sy omgewing moet beskik om te kan bons. Hierdie benadering gee egter nie ’n verduideliking vir die begryping van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van die rubberballetjie se veerkrageienskappe in die konteks van twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin nie. Geen geïntegreerde verduideliking word dus gegee aangaande die *proses* van veerkragtige ontwikkeling nie. Ten einde die vraag te kan beantwoord van hoe die middel-adolessent steeds in staat is om positief te bly funksioneer in die teenwoordigheid van risiko-faktore, word die Tweede Golf of Operasionele Golf van veerkragnavorsing vervolgens in oorweging geneem.

### 2.4.3 Die Tweede Golf: Operasionele Golf van veerkragnavorsing

#### 2.4.3.1 Inleiding

Navorsers het voortgebou op die Eerste Golf van veerkragnavorsing en fokus is toenemend gerig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling (Wright & Masten, 2006:25). Die Tweede Golf van veerkragnavorsing word gerig op die beantwoording van die vraag: *Hoe ontwikkel die individu suksesvol in die teenwoordigheid van risiko-faktore?* Studies is onderneem in ’n poging om prosesse wat moontlik tot veerkragbenutting kan aanleiding gee te verduidelik, om sodoende te kan verklaar waarom sekere beskermende faktore slegs vir sekere individue in ’n spesifieke konteks voordele kan inhou. ’n Ekologiese, transaksionele sisteembenadering om veerkrag te probeer verstaan, dui ’n belangrike paradigmaskuif aan

vanaf die tradisionele fokus op die individu na ’n fokus op die omvattende gesins- en gemeenskaps- verhoudingsnetwerke. Ontwikkelingsuitkomste word bepaal deur ’n kompleks van patrone van interaktiewe verhoudings. Volgens Masten (2004:310) is veerkrag ’n eienskap van ’n ontwikkelende twee-rigting persoon↔konteks sisteem. Veerkrag beskryf die persoon↔konteks wisselwerking wat voordele inhou vir beide die individu en sy/haar konteks. Die identifisering van die verhouding binne die ontwikkelende sisteem as ’n indikasie van veerkrag beteken dat ongeag watter uitdagings op ’n gegewe tyd in die pad van positiewe aanpassing of optimale funksionering staan en wat moontlik ’n bedreiging vir die individu kan inhou ten opsigte van toepaslike gedragspatrone in ’n sekere konteks, die individu wel op ’n sekere manier optree, wat gelyk is aan positiewe funksionering binne ’n tydsraamwerk of selfs oor ’n langer tydperk heen (Lerner, 2006: 40).

Sentraal tot die begrip van veerkrag staan die konsep van vier faktore wat op ’n voorspelbare manier kan funksioneer ten einde veerkragtige herstel te beïnvloed, naamlik kompenserende-, risiko-, beskermende- en nadelige faktore. Volgens Tiet, Bird, Davis, Hoven, Cohen, Jensen en Goodman (1998:1191) oefen die eerste twee faktore ’n konstante effek uit oor die spektrum van veranderde omstandighede. Kompenserende faktore (soos onder andere gesonde gesinsomstandighede en hoë opvoedkundige aspirasies) sal altyd voordelige gevolge hê ongeag die vlakke van risiko’s. Aan die anderkant sal risiko-faktore (soos onder andere armoede, substansmisbruik en disfunksionele gesinsverhoudings) altyd ’n potensieel nadelige uitwerking hê ongeag of daar ’n lae of hoë risiko is. Hierteenoor sal die invloed van beskermende en nadelige faktore varieer afhangende van risiko-vlakke. Beskermende faktore (soos onder andere selfvertroue, interne lokus van beheer en sosiale vaardighede) dien as ’n buffer-effek in die teenwoordigheid van hoë risiko-faktore, maar oefen min of geen effek uit in die teenwoordigheid van lae risiko-faktore nie. Nadelige faktore (soos onder andere ontoereikende sosiale vaardighede, min selfvertroue of ’n negatiewe selfbeeld) is die teenoorgestelde van beskermende faktore en het ’n minimale of geen effek op lae risiko’s , maar ’n nadelige effek in die teenwoordigheid van hoë risiko’s.

Die Tweede Golf van veerkragnavorsing behels analitiese tegnieke en strategieë wat die verhoudingsinvloede op ’n multidimensionele vlak kan ondersoek. Hierdie dinamiese benadering beklemtoon die belangrikheid daarvan om meer as een navorsingsvraag te formuleer ten einde ’n dieper begrip te kan vorm van die proses van positiewe en negatiewe aanpassings (Wright & Masten, 2005:26). Die Tweede Golf van veerkragnavorsing vereis ook ’n meer komplekse prosedure van assessering in terme van gesins- en omgewingsinvloede. Ouers respondeer nie op dieselfde manier teenoor hul individuele kinders nie, net so sal elke individuele kind die gesinsverhoudings op ’n unieke manier ervaar (Plomin, Asbury & Dunn,


2001:225). Aangesien elke individu oor unieke persoonseienskappe, soos onder andere habituele gemoedsgesteldheid en appèlmatige eienskappe, beskik (Swart & Pettipher, 2011:12), bestaan die moontlikheid dat veranderende lewensomstandighede verskillend deur die lede van dieselfde gesin hanteer kan word .

Binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing val die fokus dus op die prosesse en meganismes wat die individu se stresresponse sal versterk of verminder. Veerkrag word hier as ’n liniêre en/of ’n kromlynige proses van individuele ervarings in interaksie met veranderende lewensomstandighede gestel. Verskeie modelle het vanuit die vraagstuk van die proses van suksesvolle ontwikkeling in die teenwoordigheid van risiko-faktore ontwikkel.

Die Kompenserings-, Beskermings-, Aansporings- (Fergus & Zimmerman, 2005:402) en die Veerkragmodel (Richardson, 2002:311) gaan vervolgens ondersoek word. Die eersgenoemde drie modelle verskaf ’n verduideliking van verskillende maniere waarop risiko- en beskermende faktore in ’n besondere konteks mekaar kan beïnvloed. Die Veerkragmodel van Richardson *et al.* (in Richardson, 2002:311), verduidelik ten slotte die aandeel wat die individu het in die proses om moeilike lewensomstandighede te hanteer.

#### 2.4.3.2 Die Kompenseringsmodel

Die Kompenseringsmodel beskryf veerkrag as die uitkoms van ’n proses waar ’n beskermende faktor en ’n risiko-faktor nie met mekaar in interaksie is nie, maar waar beide ’n onafhanklike invloed op die individu uitoefen (Hollister-Wagner, Foshee & Jackson, 2001:447). ’n Voorbeeld van ’n kompenseringsaksie is wanneer ’n kind deur sy ouers emosioneel verwaarloos word, maar hy het ’n sterk emosionele band met sy onderwyser. Alhoewel die effek van die ouerlike verwaarlosing heelwaarskynlik sal voortduur om ’n negatiewe invloed uit te oefen op die kind se selfvertoue, sal die positiewe band wat die kind met sy onderwyser het weer bydra tot die positiewe ontwikkeling van die kind se selfvertroue. Dit beteken dat die finale uitkoms van selfvertroue hoër sal wees as in die geval waar die kind nie ’n positiewe emosionele band met sy onderwyser gevorm het nie. Figuur 2.6 gee ’n skematiese voorstelling van ’n kompenserende beskermende faktor wat die impak van ’n risiko-faktor verminder. Hoe hoër die vlak van ’n kompenserende faktor in verhouding tot die risiko-faktor is, hoe meer positief is die uitkoms.





Figuur 2.6 Die Kompenseringsmodel (verwerk vanaf Fergus en Zimmerman, 2005:402).

In die konteks van die hersaamgestelde gesin kan daar volgens die Kompenseringsmodel, soos verwerk in Figuur 2.6 die aanname gemaak word dat, indien die middel-adolessent byvoorbeeld 'n negatiewe verhouding met sy/haar ouer in die sekondêre mikro-gesinsisteem handhaaf, maar 'n positiewe verhouding het met sy/haar ouer in die primêre mikro-gesinsisteem, die kompenserende aksie van die ouer in die primêre mikro-gesinsisteem as beskermende faktor sal dien wat meebring dat die optimale ontwikkeling van die midde-adolessent minder negatief beïnvloed word.

#### 2.4.3.3 Die Beskermingsmodel

Tydens die veerkragproses in die Beskermingsmodel is die beskermingsfaktor direk in interaksie met die risiko-faktor. Die faktor word alleenlik gedefinieer as 'n beskermingsfaktor as dit meer is as net die blote teenoorgestelde van die risiko-faktor (Hollister-Wagner & Foshee, 2001:447). Die Beskermingsmodel kan geïllustreer word aan die hand van 'n jong meisie wat grootword in 'n woonbuurt wat gekenmerk word deur heelwat geweld en aktiewe bende bedrywighede in die strate, maar sy is in 'n skoolomgewing wat gekenmerk word deur streng reëls en aktiewe toesig op die speelgrond. Die aanwesigheid van die risiko-faktor (geweld en bende bedrywighede in die woonbuurt) het in 'n mindere mate 'n effek op die uitkoms van optimale ontwikkeling aangesien die beskermende faktor (streng reëls en toesig

in die skoolomgewing) direk 'n invloed op die risiko-faktor uitoefen. Figuur 2.7 gee 'n skematiese voorstelling van die Beskermingsmodel.





Figuur 2.7 Die Beskermingsmodel (verwerk vanaf Fergus en Zimmerman, 2005:402).

Volgens Figuur 2.7 kan die aanname gemaak word dat in die konteks van die hersaamgestelde gesin waar voortdurende konflik tussen biologiese ouers (risiko-faktor) die optimale ontwikkeling van die middel-adolessent mag beïnvloed, kan die positiewe verhouding (beskermingsfaktor) tussen die ouer en nuwe egmaat in een of beide mikro-gesinsisteme van die middel-adolessent se opvoedingsmilieu die negatiewe uitkoms verminder.

### 2.4.3.4 Die Aansporingsmodel


Fergus en Zimmerman (2005:403) postuleer dat die Aansporingsmodel, anders as die bogenoemde twee liniêre modelle, 'n kromlynige verhouding handhaaf tussen risiko-faktore en negatiewe ontwikkelingsuitkomste. Die rasionaal van die Aansporingsmodel is dat, indien 'n individu voortdurend blootgestel word aan hoë intensiteit van 'n risiko-faktor, die ontwikkelinguitkoms negatief sal wees, aangesien die risiko-faktor so intens is dat die individu nie daarin slaag om effektiewe hanteringstrategieë (beskermingsfaktor) toe te pas nie. Maar indien die individu voortdurend blootgestel word aan matige intensiteit van 'n risiko-faktor behoort die ontwikkelingsuitkoms meer positief te wees, aangesien die risiko-faktor nie so intens is nie en die individu met tyd leer hoe om effektiewe hanteringstrategieë (beskermingsfaktor)

aan te leer en toe te pas. Figuur 2.8a en b gee skematiese voorstellings van die Aansporingsmodel in die geval van intense en matige risiko-faktore.




Figuur 2.8a Die Aansporingsmodel (verwerk vanaf Fergus en Zimmerman, 2005:402)

Volgens Figuur 2.8a kan daar geredeneer word dat, indien die biologiese ouers van ‘n middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin voortdurend ’n intense konflik-verhouding (risiko-faktor) handhaaf, die middel-adolessent minder effektiewe konflik-hanteringstrategieë (beskermende faktor) sal kan aanleer en toepas wat gevolglik ’n negatiewe ontwikkelingsuitkoms impliseer.





Figuur 2.8b Die Aansporingsmodel (verwerk vanaf Fergus en Zimmerman, 2005:402)

Volgens Figuur 2.8b kan daar geredeneer word dat 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms bevorder kan word, indien die biologiese ouers van 'n middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin voortdurend slegs 'n matige konflikverhouding (risiko-faktor) handhaaf en die middel-adolessent stelselmatig effektiewe konflikhanteringstrategieë (beskermende faktor) aanleer en toepas.

### 2.4.3.5 Die Veerkragmodel

Richardson, Neiger, Jensen en Kumpfer (1990: 33) het 'n model ontwikkel om die voorkoms van veerkragtige ontwikkeling te beskryf aan die hand van die bewustelike of onbewustelike keuses wat individue maak in die proses om moeilike lewensomstandighede te hanteer. Die individu speel dus 'n direktiewe rol in hierdie model. Die Veerkragmodel in Figuur 2.9 gee 'n skematiese voorstelling met betrekking tot die mate waarin individue kan verskil in hulle respons op uitdagende of ongemaklike situasies.




Figuur 2.9 Die Veerkragmodel van Richardson *et al.* (in Richardson, 2002: 311)

Volgens dié model van Richardson *et al.* (Richardson 2002:311) in Figuur 2.9 is daar vier maniere waarop individue kan respondeer as hulle met moeilike lewensomstandighede gekonfronteer word. Individue kan kies tussen veerkragtige herstel en groei; herstel slegs terug in die gemaksone in; herstel met 'n mate van verlies, of disfunksionele "herstel". Suksesvolle ontwikkeling en persoonlike groei is die ideale uitkoms van veerkragtige herstel en word gekenmerk deur 'n proses om moeilike omstandighede in die teenwoordigheid van risiko-faktore optimaal te hanteer.

Richardson (2002:310) postuleer dat mense geneig is om in die gemaksone waarin hulle verkeer het voor die moeilike omstandighede, te bly funksioneer. Sulke individue sal dan die moontlikhede van persoonlike groei afwys aangesien hulle weerstand teen verandering toon. Stagnering of herstel terug na 'n gemaksone word gekenmerk deur 'n houding van *"just getting on with things"* waar die moeilike omstandighede slegs meganies hanteer word, maar geen persoonlike groei plaasvind nie. Herstel met verlies word gekenmerk deur 'n verlies of

vermindering van veerkragkwaliteite soos motivering, hoop, of die lus vir die lewe. Tydens disfunksionele "herstel" ontstaan daar gewoonlik addisionele probleme, soos byvoorbeeld alkohol- of dwelmmisbruik. Volgens die Veerkragmodel word suksesvolle ontwikkeling gekenmerk deur 'n herhaaldelike proses van veerkragtige herstel wat groei, self-kennis, self-begrip en 'n verhoging in veerkragkwaliteite tot gevolg het. Die beskrywing van veerkrag begin dus op enige plek in tyd waar die individu suksesvol by nuwe lewensomstandighede aangepas het.

Die term *biopsigiese-spirituele homeostase* word gebruik om veerkragtige herstel van siel, gees en liggaam te beskryf. Dit is die plek in tyd waar die individu op 'n fisiese, kognitiewe asook geestelike vlak by veranderde omstandighede, hetsy goed of sleg, aangepas het. Die biopsigiese-spirituele homeostase word voortdurend gebombardeer met interne asook eksterne lewenstressors, veranderinge, geleenthede en omstandighede. Die stimuli kan enige vorm aanneem van nuwe inligting, nuwe ervarings of herhalende gedagtes en emosies. Die individu se persepsie ten opsigte van die intensiteit van die lewenstressors sal afhang van sy/haar veerkragkwaliteite asook ervarings van vorige veerkragtige herstel (Richardson, 2002:311).

'n Belangrike konstruk in die veerkragliteratuur wat moontlik linguisties misleidend kan wees ten opsigte van die interpretasie van die Veerkragmodel is die term *"coping"*. In Hoofstuk 1, met die konseptualisering van my studie het my nuuskierigheid aangaande veerkragbenutting my onder andere die volgende vraag laat vra: *Wat het middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne tot hul beskikking, om ten spyte van verskeie uitdagings en struikelblokke steeds te bly "oorleef" en te "cope"?* Die woord *"cope"* word dikwels in die algemene spreektaal van beide Afrikaans en Engels gebruik om te verwys na die hantering van moeilike omstandighede wat dikwels verkeerdelik as veerkrag geïnterpreteer kan word, maar wat nie altyd, volgens die Veerkragmodel, na veerkragtige herstel verwys nie.

Davey, Eaker en Walters (2003:347) postuleer dat *"coping"* en *veerkrag* nie dieselfde betekenisse dra nie en beveel aan dat die twee konstrukte in veerkragnavorsing duidelik onderskei moet word. Dié navorsers redeneer dat die term *veerkrag* verwys na die aangepaste **uitkoms** na afloop van die **hanteringsproses** van 'n krisis of stressituasie en dat *"coping"* daarenteen verwys na 'n gedrag**respons** wat die fisiese, emosionele en sielkundige effek van stresvolle lewensomstandighede kan verminder.

Luthar *et al.* (2000:543) integreer die twee konsepte en beskryf veerkrag as 'n *"active process of coping, reframing experience, and even thriving after trauma and loss".* Compas (1998:231) beskryf veerkragtige kinders as *"those who learn to cope with stress in more efficacious ways". "Coping*" impliseer dus 'n aktiewe proses van hantering van moeilike omstandighede en speel 'n bepalende rol in die uitkoms van die herstel. Davidson (2008:115) maak dit egter duidelik dat individue nie moeilike omstandighede bloot hanteer of daarmee "cope" nie, maar dat hulle wel aktief betrokke is in 'n proses waar bepaalde keuses gemaak moet word ten opsigte van die manier van hantering van 'n situasie.

Moeilike omstandighede kan onder andere met behulp van verskillende hanteringstrategieë (*"coping skills'*) hanteer word. Probleem-gefokusde of beheerste hantering van moeilike omstandighede het ten doel om 'n oplossing te vind ten einde optimale aanpassing te verseker. Aanvaarding van verantwoordelikheid, toereikende konfronterende vaardighede, deurdagte en beplande probleemoplossingsvaardighede en die soeke na sosiale ondersteuning is vaardighede wat die optimale hanteringstrategieë impliseer. Emosioneel-gefokusde hanteringstrategieë fokus op die individu se regulering van emosionele bewustheid ten einde spanning in die moeilike omstandighede te verlig. Toereikende emosionele hanteringstrategieë sluit onder andere selfbeheersing en positiewe heroorweging (die ontwikkeling van positiewe betekenis deur herformulering van die probleem) in. Ontoereikende emosionele hanteringstrategieë sluit onder andere distansiëring, vermyding en ontvlugting in, wat ten doel het om moeilike omstandighede te hanteer deur negatiewe emosies slegs te ontken of te onderdruk. (Riolli, Savicki & Cepani 2002:1609; Tugade, Fredrickson & Feldman, 2004:1162).

In die konteks van die hersaamgestelde gesin kan die middel-adolessente as veerkragtig beskou word indien **effektiewe** probleem- en emosioneel-gefokusde hanteringstrategieë doelbewus gekies word om sodoende moeilike omstandighede in beide mikro-gesinsisteme te hanteer. Herhaaldelike suksesvolle hantering van moeilike omstandighede *("coping")* gee dus aanleiding tot verhoogte veerkragbenutting (Rutter & Rutter, 2002:377) Alhoewel die woord *"cope"* in Afrikaans vertaal word met onder andere *baasraak, hanteer, opgewasse wees teen, mans genoeg wees vir* en *raad weet met* (Bosman, Van der Merwe & Hiemstra, 2003:784), impliseer "*coping" per se* nie noodwendig veerkragtige herstel met groei nie.

#### 2.4.3.6 Bespreking

Binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing waar fokus gerig word op dinamiese interaktiewe prosesse van veerkragbenutting, speel die konteks waarin middel-adolessente

hulself bevind ’n bepalende rol en hang veerkragbenutting dus primêr af van die verhouding tussen die risiko- en beskermende faktore, soos beskryf word deur die Kompenserings-, Beskermings-, en Aansporingsmodelle. In die bogenoemde drie modelle word die individuele aandeel wat die middel-adolessent in die veerkragproses het, asook die wederkerige interaksie tussen ontwikkelingsisteme, egter nie duidelik uitgespel nie.

Volgens die Veerkragmodel daarenteen het middel-adolessente wel ’n keuse in die manier waarop hulle herstel in die teenwoordigheid van risiko-omstandighede. Middel-adolessente het beheer oor die mate waartoe hulle hulself oopstel vir veerkragtige herstel. Die rol wat die middel-adolessent in die veerkragproses speel kan as beide begeleidend en rigtinggewend beskryf word. Die Veerkragmodel verskaf ook insig in die proses van suksesvolle ontwikkeling van middel-adolessente. Veerkragtige persoonseienskappe word gevestig en uitgebrei deur ’n konstruktiewe interaksie met ervarings van stresvolle of uitdagende situasies met die hulp van beskermende omgewingsfaktore. Gevolglik sal die middel-adolessent ’n uitdagende situasie in die toekoms met groter gemak kan hanteer.

Ware groei vind plaas wanneer veerkragtige persoonseienskappe wat in vroeëre ervarings aangeleer en gebruik is, oorgedra kan word na ander situasies. Optimale ontwikkeling vind plaas wanneer die middel-adolessent daarin slaag om uitdagings of situasies, wat hy/sy nog nie voorheen ervaar of beleef het nie, suksesvol te hanteer deur die keuse te maak van veerkragtige herstel. Richardson (2002:311) verwys na hierdie ervarings as *“non-protected events”*. Elke uitdaging is dus ’n leergeleentheid. Victor Frankl (1984:104) beskryf die mens se vermoë om keuses te maak soos volg:

> *“Everything can be taken from a person but . . . the last of the human freedoms, to choose one’s attitude in any given set of circumstances, to choose one’s own way”.*

Zimmerman en Fergus (2005:404) maak dit baie duidelik dat veerkrag nie ’n kwaliteit is wat ’n adolessent het of nie het nie. Veerkrag kan met ander woorde nie net aan- of afgeskakel word soos wat die adolessent dit sou nodig vind nie. Veerkrag is dus nie ’n statiese eienskap nie, maar word eerder gedefinieer deur die konteks, die risiko-faktore, die beskermende faktore en die uitkoms. Individuele persoonseienskappe, soos byvoorbeeld self-effektiwiteit, bevoegdheid of probleemoplossingsvaardighede, mag teenwoordig wees tydens die veerkragproses en mag moontlik vir die middel-adolessent tot voordeel wees, maar hierdie eienskappe vorm net ’n deel van die proses. Die ontwikkeling van persoonseienskappe volgens die bio-ekologiese sisteemteorie ontstaan deur interaktiewe, proksimale prosesse

tussen die middel-adolessent en betekenisvolle ander individue in veelvuldige sisteme van die ontwikkelingsverloop

Die Fenomenologiese Golf, wat veerkrag uitsluitlik as persoonskwaliteite of kenmerke beskryf, spoel oor in die Operasionele Golf, wat veerkrag as 'n proses beskryf wat ontwikkel deur die konstruktiewe interaksie met moeilike lewensomstandighede. Gesien in die lig van bogenoemde veerkragnavorsing kan geredeneer word dat die middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin suksesvol kan ontwikkel deur 'n proses van herhaaldelike veerkragtige herstel na die ervaring van moeilike lewensomstandighede.

In die metaforiese vergelyking van die middel-adolessent as 'n rubberballetjie, fokus die Fenomenologiese Golf van veerkragnavorsing op die belangrike eienskappe waaroor die rubberballetjie en sy omgewing moet beskik om te kan bons. Die Operasionele Golf gee 'n verduideliking van die interaktiewe prosesse wat plaasvind tussen die rubberballetjie en die konteks van twee mikro-gesinsisteme van 'n hersaamgestelde gesin waarbinne die balletjie bly voortbons. Die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van die rubberballetjie se veerkragtigeienskappe word egter nog nie duidelik uitgespel nie. Die oorblywende vraag is dus: *Hoe en waar kry die balletjie sy energie vandaan om voortdurend te bly bons?* Die vraag van hoe en waar die middel-adolessent die energie vandaan kry om herhaaldelik veerkragtig te kan herstel in die teenwoordigheid van ontoereikende lewensomstandighede, kan moontlik deur die Derde Golf van veerkragnavorsing beantwoord word.

### 2.4.4 Derde Golf: Veerkragteorie.

#### 2.4.4.1 Begripsverheldering

Veerkragtige herstel vereis energie om te groei en die oorsprong van hierdie energie is die vraagstuk van die Derde Golf van veerkragnavorsing. Navorsing binne die Derde Golf fokus op die analisering van motiverende energie binne-in individue of groepe tydens hul funksionering onder moeilike omstandighede. Die primêre uitgangspunt van hierdie benadering is om insig te bekom in die subjektiewe ervarings van individue wat aanleiding gee tot die aktivering van persoonlike hulpbronne (Richardson, 2002:213).

Die Derde Golf van veerkragnavorsing fokus op 'n postmoderne, multidissiplinêre identifisering van motiverende kragte binne die individu. Die vraag is: Wat en waar is die energiebron(ne) of motivering om veerkragtig te herstel? Navorsing word gerig in die rigting van die positiewe sielkunde, waar die uitgangspunt wentel rondom die siening dat elke

individu oor innerlike vermoëns beskik om 'n betekenisvolle en bevredigende lewe te kan lei (Snyder & Lopez, 2007:6). Hierdie beskouing is vanuit die bevindings van talle studies onderskryf (Goldstein & Brooks, 2006:3; Kumpfer & Alvarado, 2003:457; Richardson, 2002:307; Werner, 1995:81; Werner & Smith, 2001:5).

Richardson (2002:313) postuleer dat deur die besinning oor die antwoorde op die vraag van die Derde Golf van veerkragnavorsing daar tot die gevolgtrekking gekom is dat die Derde Golf eintlik een van die oudste golwe is en dat die antwoorde op die vrae moontlik eeue-oue fondasies het. Vervolgens 'n bestudering van twee vroeëre veerkrag-aannames soos deur Richardson (2002:313) gekonseptualiseer.

Die eerste veerkrag-aanname is dat ekologiese bronne aanleiding gee tot die veerkrag binne die persoon. Die energie-bron wat 'n individu dryf om te oorleef kan moontlik kwantumfisika, gees of God wees. Volgens kwantumfisika bestaan daar interafhanklike sisteme binne die menslike liggaam wat aanleiding gee dat been, bloed, weefsel, denke en gevoelens op 'n sub-atomiese vlak gelyk is aan mekaar en inter-veranderlik met mekaar kan funksioneer. Op 'n persoonlike ervaringsveld kan die individu wat moontlik fisiese ongemak ervaar, soos onder andere hoofpyn of uitputting, in die teenwoordigheid van 'n eksterne bron van energie 'n tydelike eliminasie van ongemak of 'n kragtige genesing beleef. Die energie-opwekkings-bron kan moontlik 'n verassingsbesoek van 'n geliefde, die ontvangs van 'n groot bedrag geld of die teenwoordigheid van die rustige natuur wees. Vanuit die fisika is dit duidelik dat kwanta die energiebron is wat nodig is vir veerkragtige herstel. Richardson (2002:313) toon verder aan dat veerkrag afkomstig is van die individu se subjektiewe paradigma, naamlik dat daar geglo word dat innerlike energie afkomstig is van 'n mag hoër as hulself soos hul Skepper of hul God.

Die tweede veerkrag-aanname is dat daar in elke lewende wese die kapasiteit van veerkrag teenwoordig is. Die toepassing van hierdie aanname kan duidelik in die psigoneuro-ïmmunologie waargeneem word, waar studies bewys het dat individue met hoë vlakke van optimisme, hoop en toekomsperspektief ook hoë vlakke van immuniteit ervaar. Indien 'n pasiënt byvoorbeeld met 'n positiewe houding van optimisme en hoop mediese behandeling neem, is die moontlikheid van beter resultate groter as in die geval van 'n individu met 'n negatiewe houding wat spreek van pessimisme en hopeloosheid (Carr, 2004:100; Pelletier in Richardson, 2002:316). Riolli *et al.* (2002:1604) ondersteun bogenoemde en postuleer verder dat veerkrag in 'n positiewe verhouding staan met 'n kombinasie van hoë optimisme, 'n persoonlikheid wat spreek van 'n openheid vir ervarings en 'n beheerste, oplossing-gefokusde houding ten opsigte van die hantering van moeilike omstandighede.

Bogenoemde beskouing sluit aan by Seligman en kollegas (Snyder & Lopez, 2007:181) wat die begrip van aangeleerde optimisme teenoor aangeleerde hulpeloosheid stel. Volgens die positiewe sielkunde kan elke individu geleer word hoe om faktore en eienskappe binne hulself en hul omgewing as beskermende faktore te identifiseer en te aktiveer. Die optimistiese individu sal dus antwoorde soek op die vraag: "Hoekom het hierdie slegte ding met my gebeur?" deur na eksterne, variërende en spesifiek-bydraende faktore te verwys waar die pessimistiese individu antwoorde in interne, stabiele en algemene bydraende faktore sal soek. Verskeie studies toon aan dat daar 'n kragtige verhouding bestaan tussen positiewe emosies en veerkrag. Verskillende metodes, soos onder andere self-rapportering, observasies en longitudinale studies, is gebruik om te demonstreer dat individue wat as veerkragtig beskou word, geassosieer word met positiewe emosionaliteit: Hulle het 'n gerigte en energieke benadering tot die lewe en is nuuskierig en oop vir nuwe ervarings (Masten 2001:227; Trugade & Fredickson 2004:320). Hierdie individue gebruik ook positiewe emosie soos humor, kreatiewe ontginning van hanteringstrategieë, ontspanning en optimisme om situasies te probeer hanteer (Masten & Reed 2002:74).

'n Konsep wat hand-aan-hand, maar onafhanklik met betrekking tot optimisme staan, is self-effektiwiteit (*"self-efficacy"*) (Scheier & Carver 1985:219). Bandura (in Thomas 2000:215) definieer self-effektiwiteit as *"beliefs in one's capabilities to organize and execute the courses of action required to produce given attainments".* Maddux (2002:278) beskryf self-effektiwiteit as *"what I believe I can do with my skills under certain conditions"*. Bandura (in Snyder & Lopez, 2007:175) postuleer dat die ontwikkeling van self-effektiwiteit die volgende insluit: vorige suksesse wat behaal is in soortgelyke situasies (gegrond op die intensiteit van die individu se positiewe beoordeling van hoe goed hy/sy werklik die situasie hanteer het); modellering van ander se suksesse in dieselfde situasie; visualisering van die bereiking van die verwagte uitkoms; hulpverlening deur vertrouenswaardige persone wat verbale idees en voorstelle gee, asook fisiologiese opwekking wat gepaardgaan met die ervaring van positiewe emosies. Self-effektiwiteit, wat 'n aangeleerde patroon van denke is, kan dus as 'n beskermingsfaktor dien in die suksesvolle hantering van moeilike omstandighede en so bydra tot veerkragtige herstel.

In terme van die toepassing van veerkrag-opvoeding kan die leerervaring ten opsigte van die identifisering van ingebore veerkrag die individue in staat stel om te ontdek wie hul werklik is en hoe hul liggaam, gees en siel in verhouding met transpersoonlike bronne van sterktes en bates funksioneer. Veerkrag as 'n *dryfkrag* het 'n impak op die individu se kinderlike, morele, intuïtiewe en edele natuur. Hierdie vereenvoudigende groepering van veerkrag dryfkragte, soos deur Richardson (2002:317) gekonseptualiseer, stel die individu in staat om die

veerkragkonsepte te verstaan sonder om oorweldig te word deur al die veerkragkwaliteite soos in die Eerste Golf uiteengesit is.

Navorsing binne die Derde Golf wentel al rondom teorie-gedrewe intervensies deur te beweeg in die rigting van eksperimentele studies met die doel om veerkragteorie te toets. Teorie-gedrewe intervensie-navorsing verteenwoordig ’n samevoeging van doelwitte, modelle en metodes vanuit die voorkomingswetenskappe en studies van die natuurlike teenwoordigheid van veerkrag (Kumpfer & Summerhays, 2006:151; Weissberg & Kumpfer, 2003:425; Yoshikawa, 1994:28). Intervensie-modelle word beskryf as *beskermende prosesse om veerkrag te bevorder*. Intervensie om in die lewe van ’n kind in te gryp wat potensiële psigopatologie of ander probleme in die gesig staar, hetsy deur die vermindering van risiko’s of verhoging van hulpbronne of deur mobilisering van beskermende sisteme, is opsigself ’n beskermende proses (Wright & Masten, 2002:31). Veerkrag-gebaseerde intervensie fokus op die deurbreek van die beskermende lae van onder andere intellektualisme, ontkenning en woede, in ’n poging om die individu te lei om sy/haar eie ingebore veerkrag te ontdek (Wright & Masten, 2006:31; Richardson, 2002:316).

Vanuit die bate-gebaseerde benadering verbind Ebersöhn en Eloff (2006:3) die intrapsigiese wêreld van die individu, in terme van lewensvaardighede, met die eksterne konteks van dieselfde individu, in terme van bates, ten einde funksionele aanpassing in die teenwoordigheid van uitdagende lewensomstandighede te fasiliteer. Die navorsers (Ebersöhn & Eloff, 2006:3) is van mening dat veerkrag binne die bereik van elke individu is: *“... people are not passive victims of risk factors, but are rather active agents of change, coping and well-being”.* Intervensies vanuit die bate-gebaseerde fasiliteringsbenadering fokus dus op die bemagtiging van die individu om sodoende met selfvertroue, moeilike omstandighede effektief te bowe te kom.

Volgens Kumpfer en Summerhays (2006:152) kan ouers, terapeute en mentors sosialiseringsprosesse gebruik om kinders se veerkrag-bates in die volgende vyf areas te mobiliseer: 1) Spirituele ontwikkeling en motivering: ondersteun die ontwikkeling van talente, die individu se uniekheid, doelwit oriëntasie, deursettingsvermoë, interne lokus van beheer en lewensdoel. 2) Kognitiewe ontwikkeling: ondersteun ontwikkeling van selfbeeld, voorsien kennis en akademiese vaardighede. 3) Gedragsontwikkeling: modelleer en versterk toepaslike gedragspatrone. 4) Emosionele ontwikkeling: reflekteer emosies, modelleer en versterk beheer van emosies. 5) Fisiese ontwikkeling: modelleer en versterk gesondheid en ’n goeie gesonde leefstyl.

#### 2.4.4.2 Bespreking

Die bogenoemde besinning aangaande individuele energie-bronne wat veerkrag bevorder, bevestig weereens die relevansie van my metaforiese vergelyking van die middel-adolessent as ’n bonsende rubberballetjie (rubber het ’n natuurlike eienskap van elastisiteit). Elke individu word gebore met ’n natuurlike vermoë om veerkragtig te wees en die lewe se probleme suksesvol te kan oorbrug (Bernard, 1995:1). Volgens die bevindings binne die Derde Golf van veerkragnavorsing kan individue dus gelei en ondersteun word om hul ingebore kragte te herken, te identifiseer en aan te wend ten einde optimale ontwikkeling as resultaat van veerkragbenutting as uitkoms te bevorder.

Soos reeds in Hoofstuk 1 uiteengesit is, figureer ek as professionele rolspeler nie as die “kenner” nie, maar word ek eerder beskou as ’n fasiliteerder van kommunikasie met betrekking tot die mobilisering van bates wat reeds binne ’n sisteem beskikbaar is. Bate-identifisering en mobilisering het dus ten doel om individue te bemagtig en met meer positiewe gevoelens te laat ten einde optimale ontwikkeling te fasiliteer (Eloff, 2003:10,47). Die bate-gebaseerde benadering kan ook metafories beskryf word as die besondere bril waardeur ’n individu na die fenomeen sal kyk en is gekonseptualiseer deur Kretzmann en McKnight (1993:148), wat holisties fokus op die bates, vaardighede en bekwaamhede soos dit figureer binne ’n sosiale sisteem. Ek ondersteun Ebersöhn en Eloff (2006:4) se siening rakende die fasiliteringsproses van positiewe aanpassing en die vraag wat gevra word is: *“What will I do with that which I have internally and externally in order to flourish?”*. Die teoretiese grondslag van hierdie vraag is geleë in die aanname dat elke individu toegerus is om die uitdagings van die lewe te bowe te kom. Die individu is reeds die eienaar van sekere bates, hulpbronne, vermoëns en lewensvaardighede en die fasilitering van eienaarskap van bevoegdhede is dus van uiterse belang.

Die veerkragbenutting van die middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin ontwikkel nie net bloot deur die teenwoordigheid van sekere eksterne of interne eienskappe nie, maar veral deur die optimale **gebruik** van die interne eienskappe asook in interaksie met die eksterne omgewing of ander mikro-sisteme. Die moontlikheid bestaan, byvoorbeeld, dat die middel-adolessent se energie-bron binne die primêre mikro-gesinsisteem gesetel is wat optimale funksionering in die sekondêre mikro-gesinsisteem aanmoedig, of omgekeerd.

Gesien in die lig van bogenoemde asook die literatuuroorsig aangaande die ontwikkelings-uitdagings in die hersaamgestelde gesin, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die konsep van veerkragbenutting deur middel-adolessente in die hersaamgestelde gesin baie

kompleks is. Veerkrag is nie ’n enkelvoudige eienskap of proses nie, maar berus op ingewikkelde interaktiewe prosesse. Daar bestaan dus geen towerformule vir veerkragbenutting nie.

In die metaforiese vergelyking van die middel-adolessent as ’n rubberballetjie wat ten spyte van moontlike disfunksionele verhoudings tussen biologiese ouers in die mesosisteem steeds bly bons, is daar binne die Eerste Golf van veerkragnavorsing sekere eienskappe geïdentifiseer waaroor die balletjie en sy omgewing moet beskik. Binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing is die proses van veerkragtige ontwikkeling geïdentifiseer en binne die Derde Golf van veerkragnavorsing is daar gefokus op die bron van energie wat die rubberballetjie laat bons. Aangesien die konsep *veerkrag* ’n dinamiese eienskap is van die verhouding tussen die middel-adolessent en geïntegreerde ontwikkelingsisteme (Masten & Reed, 2002:74; Masten, 2004:310) van die hersaamgestelde gesin, kan ek dus nie anders as om ’n geïntegreerde benadering ten opsigte van die bydrae van elk van die drie golwe van veerkragnavorsing te gebruik nie. Vervolgens gaan ’n bio-ekologiese interpretasie en definisie van ’n veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin gekonstrueer word.

## 2.5 ’n BIO-EKOLOGIESE INTERPRETASIE VAN DIE VEERKRAGTIGE MIDDEL-ADOLESSENT IN DIE KONTEKS VAN DIE HERSAAMGESTELDE GESIN.

### 2.5.1 Opsomming

Vanuit die kritiese literatuuroorsig kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat ’n veerkragtige middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin (wat verskeie risiko’s inhou) dus ’n individu is wat oor die algemeen relatief optimaal funksioneer ooreenkomstig ’n gegewe standaard van ouderdomtoepaslike gedragspatrone of ontwikkelingstake. (Masten & Reed, 2002:75; Schoon, 2006:9; Wright & Masten, 2006:18). Binne die uniekheid van die hersaamgestelde gesin, waar die middel-adolessent volwaardig lid is van twee mikro-gesinsisteme, vind ontwikkelingsprosesse dus op ’n meer komplekse manier plaas. Die middel-adolessent, sy/haar biologiese ouers, “stief”ouers, sibbe en “stief”sibbe is onder andere voortdurend in interaksie met mekaar en beïnvloed mekaar onderling. Effektiewe interaksie-patrone staan as *proksimale* prosesse bekend. Die proksimale prosesse wat ontwikkeling ondersteun moet herhaaldelike, van-aangesig-tot-aangesig interaksies wees, en toenemend kompleks van aard word en op ’n gereelde basis, oor ’n uitgebreide tydsperiode, plaasvind.

Tyd speel dus ’n belangrike rol in die deurlopendheid van proksimale ontwikkelingsprosesse. Binne die verloop van ’n proksimale proses verwys mikro-tyd na die kontinuïteit teenoor diskontinuïteit van die proksimale proses. Meso-tyd is die periodiese aard van die proses oor breër tydsintervalle, soos dae en weke. Makro-tyd fokus op die veranderende verwagtinge en gebeure in die groter gemeenskap, beide in en oor generasies, soos hulle ’n invloed uitoefen op, of beïnvloed word deur, die proses en uitkomste van menslike ontwikkeling (Swart & Pettipher, 2011:16). In die proses om die middel-adolessent se gebruik van veerkrag te ondersoek moet die tydsverloop van proksimale prosesse deeglik in ag geneem word. Die optimale ontwikkeling van die middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin gaan dus afhang van die kwaliteit sowel as kwantiteit van die proksimale prosesse in beide mikro-gesinsisteme. Ongelukkig word die effektiwiteit van proksimale prosesse verminder in ’n onstabiele of onvoorspelbare sisteem.

Aangesien middel-adolessente aktiewe deelnemers aan hul eie ontwikkeling is, en nie net oorgelewer is aan hul omgewing of omstandighede nie, beïnvloed die middel-adolessent se unieke persoonseienskappe die proksimale prosesse en sodoende ook sy/haar ontwikkeling. Persoonseienskappe sluit alle gedragsintensies in wat ’n respons by ander persone ontlok, aanmoedig of ontmoedig, soos byvoorbeeld temperament, persoonlikheid, houding en besondere behoeftes van die middel-adolessent asook al die deelnemers in die mikro-gesinsisteme. Die persoonseienskappe van al die partye wat betrokke is in die verskillende mikro-sisteme het dus ’n direkte invloed op mekaar. ’n Verkenning van die unieke verhouding en interaksie tussen die middel-adolessent en sy/haar mikro-gesinsisteme noodsaak dat drie tipes persoonseienskappe naamlik disposisie, ekologiese hulpbronne en appèlmatige eienskappe in aanmerking geneem moet word (Swart & Pettipher, 2011:12). Hierdie verskillende tipes persoonseienskappe word as ’n belangrike instrument gesien wat gebruik kan word om die proksimale prosesse, in terme van kragtigheid en rigting, te ondersoek.

Die eerste is disposisies of kragte wat die kwaliteit van die individu se intensionaliteit reflekteer en proksimale prosesse kan mobiliseer, rig en in stand hou of lamlê, verhinder of beperk. Voorbeelde van verskillende disposisies sluit in impulsiwiteit, aggressie, gevoelens van onsekerheid of nuuskierigheid, positiewe ingesteldheid teenoor ander, inisiatief, motivering en ’n bereidwilligheid om keuses te maak (Swart & Pettipher, 2011:12). Die veerkragtige middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin handhaaf dus ’n positiewe disposisie aangaande hul omstandighede binne die hersaamgestelde gesin.

Die tweede is ekologiese hulpbronne wat bestaan uit bates en beperkinge wat 'n invloed op die individu se vermoë uitoefen om effektief deel te neem aan die proksimale prosesse. Bates verwys na byvoorbeeld vermoëns, kennis, vaardighede en ondervinding of ervaring. Beperkinge verwys onder andere na genetiese belemmering, fisiese probleme, neurologiese disfunksies en negatiewe ervarings. Die ekologiese hulpbronne wat individue binne die opvoedingsisteme gebruik is hoofsaaklik kognitief-linguisties van aard en reflekteer op hul vlak van ontwikkeling (Swart & Pettipher, 2011:12). Die vlak van die middel-adolessent se abstrakte en hipotetiese-deduktiewe redenering, om feite en idees te gebruik om 'n saak te beredeneer, kan proksimale prosesse beïnvloed.

Derdens is daar die appèlmatige eienskappe van 'n individu, naamlik dié eienskappe en gedrag wat reaksies vanuit die sosiale omgewing ontlok of ontmoedig, en wat sodoende die prosesse van groei kan bevorder of verhinder. Voorbeelde van appèlmatige eienskappe is geïrriteerdheid teenoor gemoedelikheid, of openheid teenoor weerstand (Swart & Pettipher, 2011:12). Die middel-adolessent se appèlmatige eienskappe beïnvloed noodwendig hul verhoudings met ander en ook met die omgewing. Onbewustelik beïnvloed die middel-adolessent se habituele styl van ekspressie en response, wat konstant binne 'n interaktiewe raamwerk plaasvind, via die terugvoer wat ontvang word, sy/haar interpretasie van gebeure en gevolglik ook sy/haar persepsies en oortuigings. Die middel-adolessent se persepsie van die mikro-gesinsisteme waarin sy/haar ontwikkeling plaasvind staan dus sentraal tot die begryping van hoe die middel-adolessent in interaksie met sy/haar gesinsisteme verkeer. Hierdie persepsie van die mikro-gesinsisteme rig dus die middel-adolessent se optrede teenoor ander individue sowel as teenoor die konteks van die onderskeie mikro-gesinsisteme. Die middel-adolessent kan besluit of hy/sy 'n positiewe of negatiewe uitkyk op die lewe wil handhaaf. In die hantering van moeilike omstandighede lê die besluit om oplossingsgefokus of probleemgefokus te funksioneer of om sommer net voort te gaan ongeag wat die probleem ook al is. Die besluit word ook gemaak om veerkragtig te herstel na moeilike omstandighede of om die wonde te lek en hulp te gaan opsoek na mislukking. (Bouwer, 2011:57; Donald *et al*., 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:10-17).

Die drie golwe van veerkragnavorsing het beduidende implikasies met betrekking tot die bio-ekologiese interpretasie van die veerkrag-konsep. Dit kan aanvaar word dat daar 'n korrelasie bestaan tussen veerkragtige persoonseienskappe van middel-adolessente en optimale ontwikkeling in die teenwoordigheid van hoë risiko-omstandighede. Veerkragtige persoonseienskappe kan waargeneem word in die middel-adolessent se veerkragtige optredes in die proksimale interaksie proses binne die primêre- sowel as sekondêre mikro-gesinsisteme. Op 'n subjektiewe vlak kan die middel-adolessent se emosionele belewing

van positiewe emosies soos wel-wees, tevredenheid van die verlede, blydskap, geluk en tevredenheid in die hede asook konstruktiewe kognisie oor die toekoms wat optimisme, hoop en geloof insluit, die proksimale prosesse mobiliseer, rig en in stand hou.

Die teenwoordigheid *per se* van beskermende faktore of veerkrag-ondersteunende eienskappe in die middel-adolessent se mikro-gesinsisteme het nie so ’n groot impak soos wat die effektiewe proksimale interaksie **prosesse** van die deelnemer(s) in die ontwikkelingsisteme het nie. Effektiewe proksimale interaksie prosesse kom na vore op die basis van ’n kombinasie van die beskikbaarheid van hierdie prosesse in die mikro-gesinsisteem en die middel-adolessent se disposisie om die geleentheid raak te sien en te benut. Die bio-ekologiese model voorsien dus ’n uitgebreide raamwerk waarbinne die veerkragbenutting van die middel-adolessent in interaksie met beide die primêre sowel as die sekondêre mikro-gesinsisteem ondersoek en begryp kan word. Die model het waarde in die begryping van die twee gesin-kontekste waaraan die middel-adolessent behoort, deur hulle te beskou as sisteme op sigself wat in interaksie is met mekaar asook met die breër sosiale konteks. Die belangrikheid van die verskillende vlakke van die breë sosiale konteks wat op komplekse en dinamiese wyses met mekaar in interaksie is, word beklemtoon. Om die geheel dus te verstaan is dit belangrik om die verhouding tussen die verskillende dele van die geheel te beskou en te interpreteer (Swick & Williams, 2006:371; Swart & Pettipher, 2011:11).

In die metaforiese vergelyking van ’n veerkragtige middel-adolessent as ’n rubberballetjie wat bons tussen twee mikro-gesinsisteme in die teenwoordigheid van verskeie risiko-faktore, is daar nog een vraag wat onbeantwoord is, naamlik: *Hoe lyk hierdie rubberballetjie in totaliteit?*

### 2.5.2 ’n Bio-ekologiese definisie van veerkragbenutting.

Binne die raamwerk van die positiewe sielkunde, die drie golwe van veerkragnavorsing en die bio-ekologiese perspektief, waar die vier hoofelemente van proses, persoon, konteks en tyd die primêre fokuspunt is, kan die veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin soos volg gedefinieer word:

> ***’n Ontwikkelende veerkragtige middel-adolessent wat gekonfronteer word met moeilike gesinsomstandighede in ’n hersaamgestelde gesin beskik oor die vermoë om persoonlike sterkpunte (intrinsieke eienskappe), wat ’n positiewe disposisie, ekologiese hulpbronne en konstruktiewe appèlmatige eienskappe insluit, asook***

***bates (alle ekstrinsieke hulpbronne binne die interafhanklike sisteme), aan te wend ten einde die proksimale prosesse van interaksie te optimaliseer. Die vrugbare proksimale interaksie tussen die middel-adolessent en die lede van die twee mikro-gesinsisteme genereer 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms wat veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer.***

Aangesien middel-adolessente nie altyd bewus is van hul sterkpunte en bates nie word die bate-gebaseerde benadering in hierdie studie aangewend ten einde die proses te fasiliteer waar bates en sterkpunte vir ondersoek vertroubaarheid geïdentifiseer en gemobiliseer moet word.

Die doel van die studie is om 'n verklarende begryping te vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van die benutting deur middel-adolessente van geskeide ouers van hul veerkrageienskappe binne hul twee mikro-gesinsisteme van hul hersaamgestelde gesin. Die navorsing word gebaseer op bostaande bio-ekologiese definisie van 'n veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin. In die volgende hoofstuk ondersoek ek hoe hierdie definisie verband hou met my navorsingsparadigma asook die metodologiese benadering en verloop van hierdie studie.

# HOOFSTUK 3

# NAVORSINGMETODOLOGIESE BEPLANNING EN VERLOOP

## 3.1 INLEIDING

Navorsing word gedefinieer as *"a process through which we attempt to achieve systematically and with the support of data the answer to a question, the resolution of a problem, or a greater understanding of a phenomenon"* (Leedy in Adams, Collair, Oswald & Perold, 2004:354). Die doel van hierdie studie is om werklik diep in die fenomeen van veerkragbenutting te delf ten einde 'n verklarende begryping te vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van die verloop van middel-adolessente se veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde gesin.

In Hoofstuk Twee het ek 'n kritiese literatuuroorsig uitgevoer ten einde 'n bio-ekologiese interpretasie van die fenomeen van veerkrag te konstrueer. Hoofstuk Drie bevat die metodologie van my studie: dit is 'n konseptualisering van die metodes wat ek gaan gebruik om op 'n sistematiese manier my primêre navorsingsvraag te beantwoord naamlik, *"Hoe benut middel-adolessente hul veerkrageienskappe om ten spyte van moontlike disfunksionele verhoudings tussen hul biologiese ouers op meso-sisteem vlak, steeds optimaal te ontwikkel, in die proses van hul beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin?"* asook om tot dieper begrip van die bogenoemde fenomeen van veerkragbenutting te kan kom.

In die konstruksie van my navorsingsmetodologiese benadering en die verloop van my studie word die volgende in aanmerking geneem: Eerstens gee ek 'n uiteensetting van my teoretiese paradigma wat gevolg word deur my metodologiese paradigmatiese perspektief waarin ek my navorsingsontwerp, metodes van data-insameling, data-analise en data-interpretasie krities sal ondersoek. Daarna sal ek oor my rol as navorser besin, veral met betrekking tot die dilemma wat ek as opvoedkundige sielkundige in praktyk teenoor my rol as navorser mag ondervind. Ek sal dan vervolg met die kwaliteitsversekeringskriteria van my studie deur te besin oor geloofwaardigheid, vertroubaarheid en toepaslikheid. Ten slotte sal die etiese maatreëls wat ek tydens my studie moet handhaaf, in oorweging geneem word.

## 3.2 NAVORSINGSPARADIGMA

### 3.2.1 Teoretiese paradigma

Silverman (in Henning, 2004:14) meld dat teorieë verklarings is van hoe dinge in mekaar pas en ten doel het om te verduidelik hoekom dinge gebeur soos dit wel gebeur. Teorieë help ons om ons leefwêreld uit te sorteer, om sin te maak daarvan, dit lei ons in hoe om op te tree binne hierdie wêreld en dit voorspel in terme van samehange en wetmatighede wat kan gebeur. Teorieë word gevorm deur op 'n sistematiese manier proposisies of veralgemenings te ontwikkel, wat die verhouding tussen dinge verklaar. Teorieë is menslike konstruksies: hulle ontstaan vanaf inligting wat mense versamel deur hul sintuie sowel as hul ervarings. Hierdie inligting word in informele en formele teorieë saamgevat by wyse van die kognitiewe proses van dink. Hierdie tipe van denke of kognitiewe proses word teoretisering genoem (Henning, 2004:14).

Weens die feit dat verskillende mense die wêreld vanuit verskillende perspektiewe beskou, neem hulle ook verskillende posisies of teoretiese perspektiewe as hul wêreldbeskouing in: *"theoretical perspectives are interrelated sets of assumptions, concepts and propositions that constitute a view of the world"* (Henning, 2004:15). Hatch (2002:12) postuleer dat, alhoewel 'n navorser se navorsingsvraag die kern is waarom die navorsing wentel, dit nie die beginpunt van navorsing behoort te wees nie. Volgens dié outeur behoort die navorser se eerste stap 'n indiepte studie aangaande die wêreld van kennis omtrent die besondere onderwerp(e) te wees. Om te weet wat die mens se denke en uitgangspunte aangaande die werklikheid is en om verskillende teorieë rakende die konstruering van kennis op die betrokke terrein te verken, is 'n essensiële voorvereiste vir 'n navorsingstudie.

'n Navorser benader dus 'n studie vanuit 'n bepaalde paradigma of wêreldbeskouing. Adams *et al.* (2004:356) beskryf 'n navorsingsparadigma as *"the broad theoretical orientation to which a particular research study belongs".* Hierdie breë teoretiese oriëntasie kan omskryf word as 'n stel beginsels vanwaaruit 'n navorser se ontologiese, epistemologiese en metodologiese veronderstellings gekonstitueer word. Ontologie gee 'n aanduiding van die beskouing oor die aard van die realiteit wat bestudeer word. Die woord *epistemologie*, wat afstam van die Griekse term *episteme* wat *kennis* beteken, dui op die filosofie van kennis, of *"how we come to know"* (Henning, 2004:15), asook die verhouding tussen die navorser en die kennis wat nog oopgebreek moet word. Navorsingsmetodologie is die wetenskap van hoe die navorser meer omtrent die realiteit of die wêreld kan uitvind. Dit is ook prakties van aard, vanuit die vooronderstelling dat kennis bekom word deur sekere maniere van ondersoek (Adams *et al.*,

2004:356; Dyer, 2006:5; Henning, 2004:15). Henning (2004:15) verduidelik die verband tussen epistemologie en metodologie soos volg:

> *"Epistemology and methodology are intimately related: the former involves the philósophy of how we come to know the world and the latter involves the práctice of coming to know and how we study this practice."*

Hitchcock en Hughes (in Cohen *et al.,* 2000:3) postuleer dat ontologiese en epistemologiese aannames mekaar hiërargies beïnvloed: *"... ontological assumptions give rise to epistemological assumptions; these, in turn, give rise to methodological considerations and these, in turn give rise to issues of instrumentation and data collection".* Mason (2002:59) beklemtoon die feit dat wanneer 'n navorser 'n persoonlike paradigmatiese perspektief definieer, is die wisselwerking tussen die ontologiese en epistemologiese opvattings (meta-teoretiese raamwerk), die navorsingsvraag en die metodologie, van uiterste belang. Hoe ons oor die bestaan en samestelling van die sosiale wêreld dink (ons ontologie) vorm ons opvattings oor hoe ons meer oor die sosiale wêreld kan tewete kom. Omgekeerd kan daar ook geredeneer word dat hoe ons na die kennis kyk (ons epistemologie en metodes wat gebruik word) dan weer rig wat ons moontlik in die sosiale wêreld kan sien. Ons denkproses oor epistemologiese en ontologiese uitgangspunte moet dus gekombineer word met deeglik begronde, strategiese en praktiese oorweging van die metodes wat gebruik gaan word.

Aangesien hierdie navorsingstudie 'n uitvloeisel van my denke en nuuskierigheid rakende die sosiale wêreld van die middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin is, is dit dus deel van my en kan ek myself nie daarvan losmaak of skei nie. Alles wat ek skryf en navors is ingekleur deur my persoonlike epistemologiese en ontologiese oortuigings wat opsigself weer die metodologie van die studie beïnvloed.

Vanuit 'n ontologiese perspektief benader ek hierdie studie vanuit die **Sosiaal-Konstruktivistiese** wêreldbeskouing. Die Sosiale konstruktivisme beskou kennis as 'n sosiale konstruk, taal as 'n sosiale fenomeen en die individu as 'n rasionele persoon, en poneer 'n antropologie van betekenis konstruksie. In kort: *"Humans are social beings who live in the domain of language. Inherent in every social system are values and norms that facilitate relationships and existence".* (Jansen, 2004:402). In die sosiaal-konstruktivistiese paradigma is individue voortdurend besig om realiteite te konstrueer in die wêreld waarin hul leef en werk en heg hul veelvuldige subjektiewe betekenisse aan hul ervarings van die realiteit. Hierdie veelvuldigheid maak elke individu se persepsie van die realiteit geldig. Aangesien die menslike realiteit gemeenskaplik en sosiaal gekonstrueer en uitgeleef word, word die mens

voortdurend gekonfronteer met 'n diversiteit van interpretasies van die realiteit. Die mens prosesseer hul realiteite vanuit 'n konstellasie van uitgangspunte en daar kan dus aanvaar word dat geen twee individue se ervarings van die realiteit dieselfde is nie. Elke individu se subjektiewe "stem" word dus in navorsing binne die sosiale konstruktivisme in ag geneem en nie gemeet teen voorafbepaalde reëls of norme nie (Jansen, 2004:382; Terre Blanche & Durrheim, 2002:131).

In my poging om die middel-adolessente se veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde gesin te verstaan gaan ek van die standpunt af uit dat elke middel-adolessent die wêreld ervaar deur 'n prisma van veelvuldige realiteite en dat geen twee realiteite presies dieselfde of ekwivalent aan mekaar kan wees nie. Die sosiale en persoonlike wêrelde wat middel-adolessente in die konteks van die hersaamgestelde gesin vir hulself skep funksioneer nie altyd so eenvoudig nie, aangesien dit die individu self is wat meeskep aan die veelvuldige realiteite wat dan deur hulself as werklik en geldig beleef word. Aangesien die "wêreld" van die individu gedurig verander, verander betekenisgewing ook sodanig en word die sosiale en persoonlike werklikhede voortdurend geïnterpreteer en herinterpreteer.

Gesien in die lig van die bio-ekologiese sisteemteorie bestaan die sosiale wêreld van die middel-adolessent uit verskillende sisteme wat in interaksie met mekaar verkeer. Die spesifieke mikro-gesinsisteem waarin die middel-adolessent verkeer het 'n invloed op sy/haar gekonstrueerde werklikheid en interpretasies van ervarings en omgekeerd. Aangesien ek die subjektiewe realiteit van die middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin wil probeer verstaan, om sodoende die aard van hul veerkragbenutting te bepaal, benader ek dus hierdie studie vanuit die **Interpretivistiese** paradigma: *"The central endeavour in the context of the interpretive paradigm is to understand the subjective world of human experience ..."* (Cohen *et al.,* 2000:22). My epistemologiese oortuiging is dat kennis, in die sin van die *verstaan* van 'n individu se persoonlike ervarings en realiteite, binne 'n besondere konteks, relatief, veelvuldig en subjektief is en dat ek as navorser en die middel-adolessente hierdie *verstaan* gesamentlik moet konstrueer.

'n Interpretivistiese studie word as 'n interaktiewe proses beskou, waar die deelnemers en die navorser mekaar wedersyds beïnvloed en dit behels gevolglik 'n persoonlike, interaktiewe wyse van data-insameling. Kennis word dus geko-konstrueer deur beskrywings van individue se oortuigings, waardes, intensies, sosiale ervarings, betekenisgewing en persepsies van sosiale situasies. Die navorser poog dus om baie naby aan die deelnemer se persoonlike wêreld te beweeg, in der waarheid in die binnekringe van die deelnemer se

ervaringswêreld te beweeg. Hierdie binnedring van die deelnemer se ervaringswêreld gebeur nie direk of in totaliteit nie, aangesien toegang afhang van en gekompliseer word deur die navorser se eie beskouing aangaande persoonlike realiteite. Die doel hiermee is om eerder die deelnemer se gedrag te verstaan, as om gedrag patroonmatig te probeer verklaar of te voorspel. (Adams *et al.*, 2004:356; Anderson & Arsenault, 1998:5; Henning, 2004:20; Smith & Osborne, 2003:54; Terre Blanche & Durrheim, 2002:127).

Bogenoemde beteken egter nie dat die navorser die een is wat "weet" nie. Ek verstaan baie duidelik dat die individu wat my die geleentheid gun om navorsing binne sy/haar private realiteit te kan doen, die een is wat "weet" en dan ook die ekspert is van sy/haar eie lewe. Die "weet" en verstaan van die interne realiteite van die deelnemers is moontlik deur versigtig, met respek, en sistematies die sieninge, betekenisse, optredes en gebeure in hul lewe te verken. Om die subjektiewe realiteit van die middel-adolessent te verken en te probeer verstaan beteken dat beide die middel-adolessent en die navorser betekenis gesamentlik moet konstrueer. Beide hul stemme (elke individuele deelnemer en die navorser s'n) moet in die gevolgtrekking opklink, aangesien daar nie net een enkele interpretasie van die werklikheid is nie (Denzin & Lincoln, 2000:23). Veerkragbenutting van die middel-adolessente sal dus vanuit die middel-adolessente se subjektiewe posisie beskryf word, aangesien my oogpunt as navorser nie die kennisbron en fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur die middel-adolessente beteken.

Ek as interpretivistiese navorser is oortuig van die feit dat 'n interpretivistiese navorsingstudie nie ten doel het om die "waarheid" te "ontdek" nie maar juis om onwrikbaar vas te hou aan die doel van diepere begrip van die realiteit of van veelvuldige realiteite, al kan dié doel ook nie bereik word nie. Wetenskaplike metodes kan slegs 'n geskatte weergawe van die realiteite en werklikhede lewer en daarom is "onsekerheid" die belangrikste konsep van hierdie paradigma. Die doel van navorsing gaan nie om die realiteit te bewys nie, maar eerder om veelvuldige realiteite te begryp (Henning, 2004:19).

'n Interpretivis se kennis is versprei en verdeeld. Die navorser moet op verskillende plekke en na verskillende dinge kyk ten einde 'n fenomeen te kan verstaan. Deur versigtig, respekvol en sistematies die deelnemers se uitgangspunte, betekenisse, ervarings en gebeure in hul lewe te ondersoek kan 'n mate van begrip van die deelnemers se persoonlike realiteite geko-konstrueer word deur die navorser en deelnemers. Fenomene en gebeure kan slegs verstaan word deur 'n verstandelike proses van interpretasie wat beïnvloed word en in interaksie staan met die sosiale konteks. In die data wat ek gaan analiseer gaan ek nie net soek vir die betekenisgewing van individue aan hul veelvuldige realiteite nie, maar ek

gaan ook na die “hoekom” en die “wat” van betekenisgewing kyk. Dus kyk ek as interpretivis na die raamwerk van veelvoudige betekenisgewing (Henning, 2004:20).

As kwalitatiewe navorser glo ek dat alle individue, in ’n poging om van hulle leefwêreld te probeer sin maak, hulle eie realiteite skep en spesifieke betekenis aan gebeure en ervarings gee (McMillan & Schmacher, 2001:395). My soeke na kennis word dus ook beïnvloed deur my eie perspektiewe en subjektiwiteit sowel as deur die kennis wat ontdek word. Wat egter van uiterste belang is, is dat ek my eie stem voortdurend moet kan raak hoor en daaroor moet kan reflekteer. Gedurende die voorafgaande konseptualisering van die studie het ek gereflekteer oor my proses, my uitgangspunte, oor die data en my interpretasies daarvan, aangesien alles wat ek kommunikeer ’n geïnterpreteerde aanbieding sal wees van my eie subjektiewe realiteit.

### 3.2.2 Metodologiese paradigma

> *“To answer some research questions, we cannot skim across the surface. We must dig deep to get a complete understanding of the phenomenon we are studying. In qualitative research, we did indeed dig deep. We collected numerous forms of data and examined them from various angles to construct a rich and meaningful picture, a multifaceted situation”* (Leedy & Ormrod, 2005:133).

Nadat ek my ontologiese en epistemologiese uitgangspunte duidelik gedefinieer het is dit vir my voor-die-hand-liggend dat ek myself as ’n kwalitatiewe navorser definieer. Die *“... quest for understanding and for in-depth inquiry”* (Henning, 2004:3) is die spilpunt waarom my studie in totaliteit wentel. Kwalitatiewe navorsers bestudeer ’n verskynsel of fenomeen binne die natuurlike konteks en poog om inligting beter te verstaan en te interpreteer in terme van betekenis(se) wat die individu daaraan toevoeg (Denzin & Lincoln, 2000:3). Leedy en Ormrod (2005:133) vul hierby aan en meld dat die fenomeen in al die kompleksiteit daarvan ondersoek moet word. Die fenomeen wat verstaan wil word bestaan uit verskeie dimensies en lae, dus moet daar gepoog word om die sosiale situasie in veelfasettige vorm weer te gee. My doel in hierdie studie is dus om ’n spesifieke fenomeen, naamlik veerkragbenutting van middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne, in diepte te verken om sodoende ’n verklarende begryping te kan vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van die benutting deur middel-adolessente van geskeide ouers, van hul veerkrageienskappe binne hul twee mikro-gesinsisteme. Veerkragbenutting word dus in sy veelfasettige vorm beskou.

Kwalitatiewe metodologie verwys in die breedste sin na navorsing wat beskrywende data oplewer, in die vorm van mense se eie geskrewe en gesproke woorde, sowel as observasies oor hul gedrag (Taylor & Bogdan, 1998:7). Aangesien kwalitatiewe navorsing 'n holistiese beskouing huldig word daar dus gefokus op die begryping van die geheel. Die verhouding tussen die dele van die betrokke sisteem word in ag geneem ten einde te fokus op beter begrip van 'n gegewe sosiale situasie. Hierdie begryping van 'n sosiale verskynsel moet vanuit die deelnemer se perspektief verhelder word aangesien veelvuldige realiteite sosiaal gekonstrueer word deur die betekenisse wat elke deelnemer self na die verskynsel bring. Deur middel van die induktiewe en beskrywende aard van 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering is dit dus moontlik om die fynere nuanses van betekenisgewing te ondervang wat nie sou moontlik gewees het in die geval van vraelyste nie. Die middel-adolessente se persoonlike menings wat hulle aan aspekte in hul lewe heg word weergegee. Aangesien die realiteit van die hersaamgestelde gesin kompleks is, kan sommige gebeure nie gereduseer word tot 'n enkelvoudige interpretasie nie en daarom is 'n gedetailleerde beskrywing essensieel (Cohen *et al.,* 2000:21; McMillan & Schumacher, 2001:15-18).

Ek ondersteun Henning (2004:9) se siening wat beklemtoon dat die kwalitatiewe navorser verby die punt van ondersoek en beskrywings moet beweeg na 'n punt waar die verstaan, wat uit die beskrywings voortvloei, na die volgende logiese vlak, naamlik verklaring, beweeg: om van *"verstehen"* na *"erklären"* te beweeg. Alvorens die navorser kan verstaan is deeglike beskrywing egter nodig. Die meegaande metodologiese strategieë wat korreleer met my ontologiese en epistemologiese raamwerk, soos gestel in 3.2.1, is interaktief, interpreterend en kwalitatief van aard. Die ontologie van konstruktivisme ondersteun hierdie benadering aangesien individue se subjektiewe, uniek gekonstrueerde ervarings as werklik, geldig en daarom as belangrik beskou word. Ek glo dat mense se ervarings die beste verstaan word deur met hulle in interaksie te wees en na hulle te luister. In 'n poging om antwoorde op my navorsingsvrae te vind sal my luister-aktiwiteit die kern van my metodologiese uitgangspunt vorm. Die proses, hulpmiddels en prosedures wat in die studie gevolg word, sluit metodes in wat mekaar komplementeer, wat ten doel het dat die data en bevindinge wat na vore kom, 'n refleksie sal wees op die navorsingsvraag asook die doel van die studie sal verhelder (Henning, 2004:36).

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp vereis van die navorser om as die navorsingsinstrument op te tree en skep ruimte vir die beskrywing van die navorser se rol asook ideologiese voorkeure. Ofskoon kwalitatiewe navorsing fokus op die deelnemende individue se subjektiewe interpretasie van realiteit, kan die navorser se soeke na kennis beïnvloed word deur sy/haar eie perspektiewe en subjektiwiteit. Dit is nodig om gebeure deur die oë van die

deelnemer te bestudeer, eerder as dié van die navorser, aangesien my standpunt nie die fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur die middel-adolessente beteken (Anderson & Arsenault, 1998:5). Lincoln en Guba (in Cohen *et al.,* 2000:312) bespreek die belangrikheid van reflektiwiteit as 'n proses waartydens navorsers hulself krities evalueer as deelnemers aan die navorsingsproses. 'n Reflektiewe joernaal, wat bestaan uit drie dele, naamlik daaglikse skedule, persoonlike dagboek en aantekeninge oor die metodologie sal bygehou word. Hierdie data-insamelingstegniek word geïmplementeer om te verseker dat ek te alle tye bewus sal wees van my eie vooroordele en subjektiwiteit ten einde die impak daarvan op die resultate van my navorsing te verminder.

Die begryping van veerkragbenutting van die middel-adolessente in hul beweging tussen twee mikro-gesinsisteme, sal dus vanuit die **middel-adolessente se perspektief** verhelder word. Die waardes en perspektiewe van verskillende individue moet dus in ag geneem word in die soeke na kennis (Anderson & Arsenault, 1998:5). Vanuit die unieke konteks van elke hersaamgestelde gesin is elke individu uniek en kan resultate dus nie veralgemeen word nie (McMillan & Schumacher, 2001:15-18).

## 3.3 NAVORSINGSONTWERP

### 3.3.1 Veelvuldige-gevallestudie

Die navorsingsontwerp werp insig op hoe die studie beplan word, wat met die deelnemers gaan gebeur, asook watter spesifieke data-insamelingsmetodes gebruik gaan word. Dit is die plan of bloudruk van hoe die navorser beoog om die navorsing uit te voer. (McMillan & Schumacher, 2001:31; Mouton, 2001:55). As interpretivistiese kwalitatiewe navorser het ek besluit op 'n gevallestudie as navorsingsontwerp. Die rede vir my keuse word deur Merriam (in Henning, 2004:41) belig:

> *"A case study design is employed to gain an in-depth understanding of the situation and meaning for those involved. The interest is in process rather than outcomes, in context rather than a specific variable, in discovery rather than confirmation".*

Henning (2004:41) sluit hierby aan deur te postuleer dat 'n gevallestudie fokus op 'n spesifieke fenomeen met duidelik identifiseerbare grense. 'n Gevallestudie is 'n beskrywing van die hoe, waar, wanneer en hoekom dinge in die spesifieke situasie (geval) gebeur. Gedetailleerde inligting word sodoende gelewer en die uniekheid van elke individu word

erken (Searle, 1999:34). Die proses is dus deel van die uitkoms en die konteks is meer as net deel van die gevallestudie, die konteks is die geval self.

Ek vereenselwig my met die siening van Stake (2000:443) waar hy postuleer dat 'n geval nie gedefinieer word deur die metode wat gevolg word nie, maar eerder deur die belangstelling in die spesifieke geval. *"Case study is not a methodological choice but a choice of what is to be studied."* 'n Gevallestudie-ontwerp is een van die mees geskikte ontwerpe wanneer sosiale vraagstukke in die konteks van die werklike lewe ondersoek word, aangesien die fokus gerig word op die uniekheid en kompleksiteit van die geval opsigself (Shen, 2009:23; Fouché & Delport in De vos, 2003:275; Sturman, 1999:103). Ek ondersteun Hitchcock en Hughes (in Cohen *et al.,* 2000:181) se benadering aangaande gevallestudies. Hulle postuleer dat gevallestudies spesifiek waardevol is in gevalle waar die navorser min of geen beheer het oor die gebeure wat ondersoek word nie. Bogenoemde korreleer met my interpretivistiese en sosiaal-konstruktivistiese paradigma wat fokus op die verstaan van die subjektief betekende ervarings van die individu soos gekonstrueer in elkeen se subjektiewe wêreld.

Die spesifieke tipe kwalitatiewe gevallestudie word onderskei deur die grootte van die geval asook deur die doel van die data. In terme van die doel van die ondersoek onderskei Merriam (1998:38-39) tussen beskrywende gevallestudies ('n fenomeen word narratief beskryf), interpretivistiese gevallestudies ('n konseptuele kategorie word ontwikkel ten einde 'n teoretiese aanname te illustreer, ondersteun of uit te daag) en evaluerende gevallestudies ('n fenomeen word verduidelik en beoordeel). Creswell (2007:74) onderskei tussen 'n enkel-instrumentele gevallestudie, 'n kollektiewe of veelvuldige gevallestudie en 'n intrinsieke gevallestudie. Tydens 'n enkel-instrumentele gevallestudie fokus die navorser op een fenomeen en kies dus slegs een "*bounded case"* (gebonde gevallestudie) om die ondersoek in te onderneem. In 'n veelvuldige of kollektiewe gevallestudie-ontwerp fokus die navorser ook op een fenomeen, maar kies veelvuldige gebonde gevalle, waarin die fenomeen geïllustreer kan word. Tydens 'n intrinsieke gevallestudie-ontwerp val die fokus op die geval op sigself, wat presenteer met 'n ongewone of unieke situasie, soos met die evaluering van 'n spesifieke program.

Die navorsingsontwerp wat in hierdie studie gebruik word, is 'n veelvuldige, interpretivistiese gevallestudie-ontwerp, aangesien ek 'n spesifieke fenomeen ondersoek ten einde 'n begrypende verklaring te vorm ten opsigte van die fenomeen, nadat die fenomeen gekaats is teen die teoretiese aannames. Die veelvuldige gevallestudie-ontwerp skep die ruimte om die konteks van meer as een hersaamgestelde gesin as 'n uniekheid te hanteer. Die veelvuldige gevallestudie-ontwerp in hierdie studie word geanker deur die bio-ekologiese

sisteemteorie, aangesien dié multidimensionele model van ontwikkeling kontekstueel gebonde is. Die interaksie tussen die konteks en die gebeure van die middel-adolessent se benutting van veerkrag is die data wat geanaliseer moet word. Die spesifieke fenomeen wat ondersoek word, is dus veerkragbenutting. Die *geval* word dus soos volg gedefinieer: die konteks van 'n middel-adolessent van wie beide geskeide biologiese ouers hertrou het en wat vir die afgelope twee jaar in die hersaamgestelde gesinne van beide biologiese ouers funksioneer. Die biologiese ouer by wie die kind permanent woonagtig is, funksioneer in die middel-adolessent se primêre mikro-gesinsisteem. Die biologiese ouer by wie die kind slegs periodiek besoek aflê, funksioneer in die middel-adolessent se sekondêre mikro-gesinsisteem.

Bogenoemde word beskou as 'n gebonde geval aangesien die gevallestudie afgegrens word deur duidelike gedefinieerde grense. Verder kan die gevallestudie beskryf word as 'n toepaslike sisteem waarbinne ek gedetailleerde informasie kan versamel deur die gebruikmaking van 'n verskeidenheid strategieë oor 'n bepaalde tydperk (Creswell, 2003:14; Creswell, 1998:61). Yin (in Creswell, 2007:74) postuleer dat veelvuldige gevallestudies gebruik maak van die logika van herhaling, waar die navorser die prosedures vir elke geval herhaal. As 'n algemene reël, is kwalitatiewe navorsers huiwerig om van een gevallestudie tot 'n ander te veralgemeen, aangesien die konteks van die gevalle verskil. Waar die enkel-instrumentele gevallestudie beperk is met betrekking tot vergelykbaarheid, is die voordeel van 'n veelvuldige gevallestudie-ontwerp dat dit die navorser in staat stel om nuwe teorie langs 'n induktiewe weg te genereer, wat verfyn word op grond van die vergelykende analise van die verskillende gevallestudies (Willing, 2001:74). Na afloop van analise van die eerste gevallestudie, kan teoretiese formulering ontwikkel word om nuwe teorie daar te stel. Tentatiewe hipoteses kan dan verken word in die daaropvolgende analise van die ander gevallestudies, ofskoon daar steeds nie op veralgemening aanspraak gemaak word nie. Gevallestudies word dus so gekies dat vergelykings tussen gevalle en konsepte gemaak kan word sodat insig uitgebrei en bevestig kan word.

'n Veelvuldige gevallestudie-ontwerp het egter potensiële uitdagings wat ek as navorser deeglik moet oorweeg. Eerstens word ek tydens die studie verbind daartoe om my eie vooroordele en aannames tot die minimum te beperk. Aangesien ek as interpretivistiese navorser die navorsingsinstrument is, word ek genoodsaak om hierdie uitdaging aan te spreek deur deurgaans **bewus** te bly van die moontlike **invloed** van my eie subjektiewe vooroordele en aannames en daarom is die gebruik van 'n reflektiewe joernaal van kardinale belang. (Denzin & Lincol, 2000:439). Hierbenewens moet die proses van navorsing asook die resultate voortdurend met my studieleier bespreek word. Sodoende word die

moontlikheid van ’n eensydige interpretasie beperk. ’n Tweede uitdaging van die gevallestudie-ontwerp hou verband met die gebrekkige veralgemeenbaarheid van resultate (Mouton, 2001:149). Binne die konteks van hierdie studie is dit nie my intensie om resultate te veralgemeen nie, aangesien elke hersaamgestelde gesin binne ’n unieke konteks funksioneer en daarbenewens is elke deelnemer se data uniek. (McMillan & Schumacher, 2001:15-18). Deur die deeglike beskrywing van die navorsingsprosesse en konteks van elke gevallestudie word die moontlikheid egter geskep dat sekere bevindinge van hierdie studie wel oorgedra sal kan word na situasies in soortgelyke mikro-gesinsisteme.

Aangesien ek as interpretivistiese navorser die middel-adolessent se subjektiewe ervarings, belewenisse, denke, opinies, persepsies, interaksies en veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde gesin verken (Creswell, 2002:521), kan ek dus nie anders as om van narratiewe gesprekke as data-insamelingsmetode gebruik te maak nie. Waar die gevallestudie-ontwerp gemoeid is met die ryke en deeglike beskrywing van relevante gebeure-in-konteks, met betrekking tot die verskynsel wat ondersoek word, word die *formaat van beskrywing* deur die narratiewe werkwyse gedefinieer. Vervolgens ’n bespreking van die essensies van ’n narratiewe werkswyse.

### 3.3.2 Narratiewe werkswyse

Verskeie variasies van benaderings, uitgangspunte en definisies word in die literatuur uiteengesit van wat narratiewe navorsing navorsingsmetodologies behels (Clandinin & Connelly, 2000:20; Gilbert, 2000:64; McLeod, 2001:104; Plummer, 2001:186; Polkinghorne, 1988:13; Riessmann, 1993:3; Riessmann, 2002a:307). Tot dusver kon geen konsensus onder die akademici bereik word aangaande ’n helder definisie van wat ’n narratief is nie. Plummer (2001:186) bespreek die debat rondom die definisie van ’n narratief soos volg:

> *“There is no consensus on the term’s meaning. Yet what is clear is that the narrative of a life is not the life; and life narratives conform much less to the contours of the life as lived than they do to the conventions and practices of narrative writing”.*

Nadat ek al die bogenoemde literatuur bestudeer het, het ek ook tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie ’n enkele “korrekte” manier is om narratiewe navorsing te doen nie. Gevolglik gaan ek net ’n oorsigtelike bespreking onderneem van die definisies wat die helderste tot my navorsingsbehoeftes spreek.

Narratiewe navorsing is ’n manier om ervarings te probeer verstaan deur ’n samewerkende verhouding te stig tussen die navorser en deelnemers oor ’n tydperk, in ’n sekere plek of

verskeie plekke, asook in sosiale interaksie met die omgewing. *"Narrative inquiry is stories lived and told"* (Clandinin & Connelly, 2000:20). 'n Narratief is 'n storie van gebeure en individuele ervarings, wat meestal in 'n kronologiese volgorde vertel word, met die doel om mee te deel, te verstaan en sin te maak van die ervarings en belewenisse. Individue gee tot 'n groot mate sin en betekenis aan hul ervarings deur dit aan ander te kommunikeer in die vorm van *stories* en hulle verstaan dus hulself beter deur die vertel en aanhoor van hul eie stories (McLeod, 2001:104). Indien die persoon nie sy gedagtes kan artikuleer nie, bly sy ervarings en persepsies persoonlik begrens. Met die artikulering en vertel van stories verkry die individu duidelikheid oor sy denke wat andersins vaag, wollerig, deurmekaar en onderontwikkeld sou bly voortbestaan het (Creswell, 2002:525). 'n *Vertelling* of *narratief* is dus die *menslike* handeling waar verskeie ervarings en persepsies betekenis kry en duidelik word vir die self of vir ander in terme van die persoon se eie persoonlike veronderstellings, waardes en norme (Polkinghorne, 1988:1).

Narratiewe skep dus nie alleenlik kategorieë vir die interpretering van gebeure nie, maar bind die individu en gebeure ook saam in verstaanbare patrone. Die individu vestig dus beide orde en sosiale verbindings deur die vertel van stories (Gilbert, 2000:65): *"Narration is the forward movement of a description of actions and events that makes the backward action of self-understanding possible"* Gilbert (2000:64). Narratiewe navorsing poog dus om die ervarings wat deur individue beleef en deur middel van stories vertel word, te verstaan en weer in die vorm van 'n narratief weer te gee (Creswell, 2002:525). Volgens Lieblich, Tuval-Mashiach en Zilber (1998:72) is die doelwitte van narratiewe navorsing: (1) om die navorser te help om die innerlike of subjektiewe wêreld van persone te kan verstaan, hoe hulle dink oor hul eie ervarings, situasies, probleme en die lewe in die algemeen; (2) om vir die individu "insig" te verskaf sodat die individu duidelikheid kan verkry oor ervarings wat in die verlede betekenisloos of onverstaanbaar was; (3) om aan die leser inligting weer te gee van hoe dit moet wees om by die betrokke persoon betrokke te wees; (4) om op 'n effektiewe manier die sosiale en historiese wêreld waarin die persoon leef, te kan weergee; en (5) om die oorsake en betekenis van gebeure, ervarings en omstandighede van die individu se lewe te belig.

Kenyon en Randall (1997:17) onderskei tussen vier dimensies van lewenstories. Die eerste dimensie is 'n *strukturele* storie wat die sosiale gedragslyne en magsverhoudings in die gemeenskap insluit. Hierdie kulturele beleide kan moontlik persoonlike stories beïnvloed (Josselson *et al.*, 2003:8). Die tweede dimensie bestaan uit 'n *sosiale storie* wat sosiale betekenisse wat met storievertelling geassosieer word, insluit. Die *interpersoonlike storie* vorm die derde dimensie van die lewenstorie en handel oor verhoudings tussen individue. Laastens is daar 'n dimensie van persoonlike betekenisgewing, wat dus die *persoonlike storie* vorm.

Persoonlike storievertelling maak dit moontlik vir die individu om sin te maak vanuit persoonlike ervarings om sodoende sy/haar eie lewe te aanvaar en eienaarskap daarvan te neem. Ons **word** dus die stories wat ons self vertel (Kenyon & Randall, 1997:17)

Narratiewe navorsing het daarom ten doel om te verstaan **hoe** individue hul sosiale omstandighede ervaar en nie om die "feite" of verduidelikings van die "waarheid" te gee nie:

> *"When talking about their lives, people sometimes forget a lot, exaggerate, become confused, and get things wrong. Yet they are revealing truths. These truths don't reveal the past "as it actually was", aspiring to a standard of objectivity. They give us instead the truths of our experiences... Unlike the Truth of the scientific ideal, the truths of personal narratives are neither open to proof nor self-evident. We come to understand them only through interpretation, paying careful attention to the contexts that shape their creation and the world views that inform them"* (Riessman, 2002b:235).

Polkinghorne (1988:158) stel dit duidelik dat 'n narratiewe benadering 'n spesifieke begrip impliseer van wat kennis en waarheid beteken. Narratiewe produseer nie 'n soort kennis wat gebruik kan word om die toekoms te voorspel nie en bestaan ook nie uit norms wat gebruik kan word om mense se gedrag te beheer nie. Narratiewe produseer in teenstelling kennis wat die verstaan van menslike gedrag verdiep, vergroot, verryk en verhelder (Polkinghorne, 1988:159). Kennis soos deur narratiewe na vore gebring, is dus die resultaat van die interaksie tussen die navorser en die deelnemers. Hierdie kennis is verkennend en tentatief van aard, aangesien dit die lewens van individue beskryf om sodoende 'n dieper begrip te kan vorm van persoonlike ervarings asook die betekenisse wat elke individu aan hierdie ervarings heg. Die sosiaal-konstruktivistiese paradigma sluit baie duidelik hierby aan, aangesien individue voortdurend besig is om realiteite te konstrueer en veelvuldige subjektiewe betekenisse aan hul ervarings van die realiteit te heg. Hierdie veelvuldigheid maak elke individu se persepsie van die waarheid dus geldig (Jansen, 2004:382).

'n Rede waarom ek 'n narratiewe werkswyse gekies het is omdat die data die elke-dag-se-gewone lewensomstandighede is wat bekend is aan die verteller (Riessman, 1993:2). Een van die "suiwerste kanale" waardeur meer insig en begrip van die innerlike wêreld van 'n individu kan bekom word is die verbale oordrag en stories wat individue vertel oor hul lewens en hoe hulle die realiteit ervaar. Met ander woorde, narratiewe verskaf toegang tot 'n individu se identiteit en persoonlikheid (Lieblich *et al.*, 1998:8). Ek gaan die narratiewe van die elke-dag-se gebeure in die lewe van die middel-adolessent wat binne die konteks van die hersaamgestelde gesin funksioneer, as data opneem, met die doel om tot begrip en diepere

insigte te kan kom aangaande die middel-adolessent se veerkragbenutting in sy/haar beweging tussen die primêre- en sekondêre mikro-gesinsisteme. Ek gaan op die middel-adolessent se persoonlike subjektiewe ervarings fokus, maar, soos Josselson, Lieblich en McAdams (2003:8) beklemtoon, is ek bewus daarvan dat individue se narratiewe nie alleenlik hulle eie betekenisgewing reflekteer nie, maar ook die temas van die gemeenskap en kultuur waaraan hulle verbonde is. Die middel-adolessent se persoonlike narratiewe moet dus gesien word in die konteks van die kultuur van die hersaamgestelde gesin waaraan hulle verbonde is. Samewerking staan sentraal tot 'n narratiewe werkswyse, aangesien die klem val op die luister na, en aandag gee aan, die deelnemers se standpunte. My epistemologiese oortuiging steun dus hierdie tipe van werkswyse, aangesien ek glo dat kennis, in die sin van die *verstaan* van 'n individu se identiteit en realiteit, relatief, veelvuldig en subjektief is en dat ek as navorser en die middel-adolessente as deelnemers hierdie *verstaan* gesamentlik moet konstrueer.

In die proses om elke middel-adolessent se persoonlike storie, wat binne 'n sosiale storie vervat is, te verstaan, identifiseer ek my met die werk van Kenyon en Randall (1997:15-17, 28-30). Hierdie skrywers postuleer dat ons nie net lewenstories **het** nie, maar dat ons ons stories **is.** Stories is kognitief van aard, aangesien hulle idees bevat, hulle is affektief van aard, aangesien emosies betrokke is en hulle bevat ook wilshandeling, omdat gedrag betrokke is. Die individu se denke, emosies, dade en persoonlike identiteit kan dus deur stories verstaan word. Aangesien hierdie elemente die fundamentele basis van die mens se bestaan vorm, kan 'n storie dus as 'n ontologiese metafoor beskou word.

Tot dusver het ek aspekte van my navorsingsmetodologiese beplanning bespreek wat nie onderhewig is aan enige veranderinge nie. Metafories gesien vorm die bogenoemde afdelings my studie se fondament wat vas en stewig staan. Vervolgens gaan ek die meer aanpasbare metodologiese aspekte van die studie, naamlik die seleksie van die deelnemers, die data-insamelingstegnieke en die proses van data-analise bespreek.

### 3.3.3 Seleksie van deelnemers

Aangesien die doel van my kwalitatiewe studie is om tot 'n besondere vorm van begryping van die fenomeen van veerkragbenutting, vanuit die deelnemer se perspektief, te kom (Merriam, 2002:12), gaan ek verduidelik waarom ek spesifieke insluitingskriteria tydens 'n doelmatige steekproeftrekking wil gebruik, in die proses waar ek deelnemers "met my hand" gaan uitsoek: *"In purposive sampling, researchers handpick the cases to be included in the sample on the basis of their judgement of their typicality"* (Cohen *et al.*, 2000:103).

Eerstens is ek op soek na spesifieke deelnemers, *"who can travel with me on my journey towards more knowledge ...*" (Henning, 2004:71), deelnemers wat behulpsaam kan wees in die verdere uitbouing van die substantiewe teorieë aangaande egskeiding, die vorming van hersaamgestelde gesinne asook veerkragbenutting (Merriam, 1998:61). Ek wil spesifiek adolessente as deelnemers gebruik, aangesien hulle in die eerste plek 'n ontwikkelingsfase bereik het waarin die kapasiteit van abstrakte denke en taalvaardighede beter ontwikkel is as by jonger kinders. Hulle sal dus meer insigvol en woordryk oor hulle ervarings kan gesels. Ek besef ook hierby dat ek makliker en meer direk met die adolessent sal kan kommunikeer as wat die geval sou wees met 'n jonger kind wat 'n meer indirekte benadering sou vereis. Tweedens word die adolessent se ontwikkelingsfase gekenmerk deur 'n verhoogde bewustheid van sosiale verhoudings met hul ouers en portuurgroep (Ackerman, 2001:107), dus sal hulle met meer insig kan gesels oor hul verhouding met hul biologiese asook "stief"ouers.

Aangesien adolessensie na die breë ontwikkelingsfase tussen kindwees en volwassenheid verwys, strek hierdie fase vanaf ongeveer 11 jaar tot 21-jarige ouderdom. Met ander woorde, adolessensie strek van skoolgaande individue tot individue wat nie meer skoolgaan nie of reeds werk of na-skoolse opleiding ondergaan. Ek wil spesifiek die middel-adolessente wat in die ouderdomsgroep van 14-17 jaar val by my studie betrek, aangesien ek hul veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde **gesin** wil ondersoek waar hulle tussen hul twee mikro-gesinsisteme beweeg. Die moontlikheid bestaan dat ouer adolessente (18 jaar en ouer) reeds die ouerhuis kan verlaat het. Jonger adolessente (11-13 jaar oud) funksioneer in die begin van hul ontwikkelingsfase en die moontlikheid bestaan dat hul kapasiteit van abstrakte denke en taalvaardighede nog nie toereikend ontwikkel is vir ryk narratiewe van hul ervarings nie.

'n Verdere seleksiekriterium vir my steekproef behels dat beide geskeide biologiese ouers hertrou het. Ten einde te verseker dat 'n redelike mate van aanpassing tussen die ouers en kind/ers in die hersaamgestelde gesinne bereik is, soos in 2.3.2.2 uiteengesit word, word vereis dat die middel-adolessent reeds vir 'n tydperk van minstens twee jaar in die hersaamgestelde gesinne van beide biologiese ouers funksioneer.

Ten slotte sal slegs Afrikaanssprekende deelnemers betrek word, aangesien die gebruik van metafore as een van die metodes van data-analise beoog word, en simboliese betekenis in die beskrywing van ervarings by wyse van metafore by middel-adolessente uit verskillende taal/kultuurgroepe mag verskil.

Die deelnemers gaan geïdentifiseer word vanuit die aanmeldings vir beroepsoriënteringsondersoeke in my privaat praktyk. Graad 9 leerders (middel-adolessente) besoek dikwels my praktyk met die doel om hulpverlening te ontvang ten einde ingeligte besluite rondom vakkeuses vir Gr. 10 te kan doen. Na afloop van die beroepsoriënteringsondersoek, op 'n tyd gekies as in die beste belang van die kliënt, sal 'n uitnodiging aan die middel-adolessente sowel as 'n versoek om toestemming aan hulle biologiese ouers gerig word om aan die studie deel te neem. Ek beoog om vier middel-adolessente (wat aan die seleksiekriteria voldoen), twee seuns en twee dogters, by my studie te betrek.

Die middel-adolessente verteenwoordig 'n "teoretiese" populasie, aangesien hulle die spreekbuise is vir die spesifieke onderwerp wat ondersoek word (Meriam, 2002:20). Die middel-adolessente is dus nie verteenwoordigend van die breë populasie van hersaamgestelde gesinne nie en bevindinge vanuit die data kan nie veralgemeen word nie. Ek erken dus die uniekheid van elke mikro-gesinsisteem, en meen dat deelname vanuit konstekste met minimum-variasie die moontlikheid skep van verdiepte (ryk) data-insameling en om stil te staan by 'n meer outentiek vergelykende data-analise ten opsigte van temas wat wel skyn te varieer.

### 3.3.4 Data-insamelingstegnieke

#### 3.3.4.1 Inleiding

Plummer (in Mouton, 2001:173) meen dat narratiewe navorsing juis die subjektiewe realiteit van die individu, en spesifiek die proses van veranderings in totaliteit van die persoon binne sy betekenisvolle natuurlike omgewing, beklemtoon. Elke gevallestudie skep 'n ruimte waar die **konteks** van elke hersaamgestelde gesin as uniekheid erken word, en die interpretasie van data vind dus teen die agtergrond van die spesifieke middel-adolessent binne die unieke **konteks** van sy/haar hersaamgestelde gesin plaas. Die data wat ingesamel word, is data wat handel oor die algemene dag-tot-dag bestaan van middel-adolessente in die konteks van die hersaamgestelde gesin (Creswell, 2002:531), ten einde 'n reflektiewe en interpretivistiese begryping van hulle ervarings te kan vorm (Riessman, 1993:2). Die doel van data-insamelingstegnieke is nie alleenlik om data te bekom van die subjektiewe leefwêreld van elke individuele deelnemer, hoe hulle dink oor hulle ervarings, situasies en probleme nie, maar ook om 'n dinamiese interaksie tussen die navorser en die deelnemer te skep (Gilbert, 2000:65; Lieblich *et al.,* 1998:72). Clandinin en Connelly (2000:50) stel dit duidelik as "*to experience an experience*".

Ten einde ’n volledige, gedetailleerde beeld van elke middel-adolessent se emosionele belewings, ervarings, persepsies en gedagtepatrone te verkry om sodoende op die fenomeen van veerkragbenutting te kan fokus, sal gespreksgeleenthede per deelnemer oor ’n tydperk van ses maande geskep word. Ek gaan verder poog om die sosiale en historiese wêreld waarin elke deelnemer leef effektief weer te gee, om die ervarings te verwerf van hoe dit werklik is om met die spesifieke middel-adolessent in verhouding te staan, ten einde in die analise en interpretasie-fase die oorsake en betekenisse van relevante gebeure en ervarings in die lewe van dié middel-adolessent te verhelder (Lieblich *et al.,* 1998:72).

Ek gaan gebruik maak van verskeie strategieë om data in te samel, wat my in staat sal stel om die data te vergelyk en te bevestig (McMillan & Schumacher, 2001:428). Die strategieë wat ek sal aanlê in ’n triangulasie-handeling behels informele gesprekvoering, ongestruktureerde narratiewe gesprekvoering, ’n narratiewe tegniek (“FACE”-instrument), observasie, veldnotas en reflektiewe navorser-joernalisering.

### 3.3.4.2 Informele gesprek

Vanuit my opleiding as opvoedkundige sielkundige weet ek hoe belangrik is die eerste paar minute van elke ontmoeting met ’n kliënt. Dit is in hierdie kritieke tydgleuf waar verhouding gestig moet word, waar die kliënt in my teenwoordigheid moet veilig voel, waar die kliënt moet kan ervaar en beleef dat ek as terapeut vertroue waardig is, om sodoende sy/haar lewenstorie aan my te kan vertel. In die eerste paar minute sal ek ’n informele gesprek met die kliënt voer totdat ek agterkom die kliënt is ontspanne en meer op sy/haar gemak (Egan, 2002:42)

Alhoewel ek in hierdie studie nie funksioneer as die terapeut nie, maar wel as navorser en die primêre data-insamelings instrument is (Cohen *et al.,* 2000:312), sal ek ook bogenoemde aangeleerde vaardighede gebruik om ’n warm, spontane klimaat vir die deelnemers te skep sodat maksimale rapport kan plaasvind (Mouton & Marais, 1992:92). Informele gesprekvoering sal dus as ondersteunende data-genereringstrategie gebruik word, ten einde die ontwikkeling van die navorser-deelnemer verhouding te optimaliseer. ’n Informele gesprek impliseer ’n van-aangesig-tot-aangesig ontmoeting waar beide deelnemer en navorser as gelykstaande in die verhouding gesien word en waar die deelnemer keuses aangaande die tema en formaat van die gesprek kan uitoefen. Deur die skep van ’n informele atmosfeer word daar vir die deelnemer ’n geleentheid gebied om gemaklik en spontaan te kan gesels, wat die moontlikheid van nuwe outentieke data kan verhoog (Morse & Richards, 2002:95). Aangesien informele gesprekvoering nie op band opgeneem en

getranskribeer sal word nie, sal daar na afloop van elke gesprek deeglike veldnotas gemaak word. Die gebeure sal gereflekteer word teen die konteks waarin die gesprek plaasgevind het.

#### 3.3.4.3 *Ongestruktureerde narratiewe gesprek*

> *"Interviewing is rather like a marriage: everybody knows what it is, an awful lot of people do it, and yet behind each closed door there is a world of secrets"* (Oakley in Patton, 2002:340).

Kwalitatiewe onderhoudvoering begin met die aanname dat die perspektiewe en realiteite van ander betekenisvol en geldig is en daarom eksplisiet uitgespreek mag word (Patton, 2002:341). 'n Ongestruktureerde narratiewe gesprek is 'n in-diepte gesprek met 'n spesifieke doel, naamlik om toegelaat te word in die wêreld van 'n individu se realiteit. Hierdie tipe van onderhoud gee die deelnemers 'n geleentheid om hul stories te vertel met minimale inmenging deur die navorser. Ongestruktureerde narratiewe gesprekke is die mees toepaslike metode van data-insameling in studies waar die navorser ten doel het om die deelnemer se subjektiewe waarheid te verken (Morse & Richards, 2002:91,93). As opvoedkundige sielkundige is ek ook geskool in luistertegnieke. Deur empaties en reflektief te luister raak ek as navorser nouer by die belewing van die middel-adolessent betrokke. Empatiese luister beteken om *daar te wees,* saam met die individu, ten einde begrip te ontwikkel vir die individu se subjektiewe realiteit (Egan, 2002:76).

Die rol van die navorser is dus om te luister en die deelnemers die geleentheid te gee om hul stories te vertel. Indien onduidelikhede ontstaan, mag die navorser vrae vra. Onbeplande, nie-geantisipeerde vrae mag dus gebruik word terwille van duidelikheid. Ek stel ten doel om die deelnemers se betekenisse wat hulle aan ervarings heg te begryp, om met respek, aktief, hul leefwêreld binne te gaan om sodoende hulle subjektiewe betekenisgewing en interpretasies van die hersaamgestelde gesinskonteks te verken. Ek besef dat indien ek struktuur aan die onderhoud gaan gee, die vloei van die deelnemer se storie beïnvloed gaan word. Die deelnemer word gesien as die sosiale akteur wat in interaksie met my as navorser is, maar terselfdertyd betrokke is by die beredenering van sy eie lewenstorie en so word 'n ongestruktureerde narratiewe gesprek op sigself gelaai met inligting oor spesifieke nuanses (Henning, 2004:57). Ek gaan dus die gesprek begin met 'n oop vraag, byvoorbeeld: "Vertel my van..."

Ek gaan die gebruik van metafore tydens die deelnemers se vertelling van hul stories aanmoedig. Booyse en Swanepoel (2007:97) postuleer dat ’n metafoor op ’n besondere verwoording van menslike denke en beredenering dui. Volgens hulle word metafore deur alle taalgebruikers aangewend om abstrakte begrippe verstaanbaar te maak. *“Metaphor is a significant technique of narrative. Economy of language is its hallmark; it says much in few words”* (Pearce, 1996:1). Die gebruik van visuele beelde en simbole kan moontlik bydra tot dieper ekspressie en selfs projeksie van die middel-adolessent se denke, emosies en ervaringswêreld.

#### 3.3.4.4 Narratiewe tegniek: “FACE”

“FACE” is ’n narratiewe terapeutiese tegniek wat ontwikkel is deur Lizelle Lötter (2007: www.face-emotions.co.za). Die akroniem “FACE” staan vir “*Facilitating Articulation and Competence of Emotions”*. Die produk bestaan uit vier-en-veertig kaartjies met verskillende emosie-gesigte wat *“emofaces”* genoem word en ’n rubber bandjie wat as die *“plotting-line”* bekend staan. Die doel van hierdie terapeutiese tegniek is om die proses te fasiliteer waar kliënte die geleentheid gegun word om hul emosies te identifiseer en narratief te verbaliseer om sodoende tot meer begrip en bemagtiging met betrekking tot hul eie emosies ten opsigte van gebeure in hul lewe te kan kom. Die kliënt en die terapeut sit albei waar daar genoeg spasie is om die kaarte uit te lê. Die eerste stap is om die kliënt die geleentheid te gee om die emosies wat van toepassing is op sy/haar lewe te identifiseer met die volgende opdrag:

> *“Kyk na elke emosie-gesiggie-kaartjie en maak dan twee hopies. Die eerste hopie is vir die emosies wat jy moontlik op hierdie tydstip of fase in jou lewe ervaar. Die ander hopie is vir die emosies wat jy nie huidiglik ervaar of beleef nie. As jy onseker is oor ’n emosie, plaas die kaartjie op die hopie van “hoe jy voel”. Jy is welkom om die kaartjies voortdurend tussen die twee hopies rond te skuif.”*

Die volgende fase word die *“plotting-phase”* genoem waar die kliënt die geleentheid gegee word om die emosies in die hopie van huidige ervaring te sorteer in terme van die intensiteit daarvan. Die rubber-bandjie word in die middel van die werkspasie geplaas met die volgende verduideliking:

> *“Hierdie bandjie dien as ’n lyn waarvolgens jy nou kan werk. Die spasie bokant die lyn beteken “hoog” en die spasie onder die lyn beteken “laag”. Die spasie op die lyn beteken “middelmatig”. Neem nou die hopie kaartjies wat jou huidige emosies*

*identifiseer en plaas die kaartjies ooreenkomstig die intensiteit waarmee jy elkeen ervaar."*

Nadat die kliënt sy/haar emosies op die tafel uitgepak het, begin die verkenningsproses. Die kliënt word nou versoek om die "storie" van die uitgepakte emosies te vertel. Tydens hierdie proses word emosies wat deel is van dieselfde "storie" of situasie saam gegroepeer. Sodoende verkry die terapeut sowel as die kliënt 'n dieper insig in die emosionele dimensie van die self. Deur middel van 'n interaktiewe proses word die kliënt gelei om sy/haar emosies te erken, te identifiseer en te verbaliseer wat moontlik sal kan aanleiding gee tot die verligting van emosionele ongemak (Lötter 2007: www.face-emotions.co.za). Anders as in 'n terapeutiese situasie sal ek die tegniek slegs as aanvulling tot die onderhoude gebruik ter wille van meer duidelikheid.

### 3.3.4.5 Observasie

Observasies tydens kwalitatiewe navorsing plaas die navorser binne die fenomenologiese kompleksiteit van die deelnemer se wêreld, waar situasies ontvou en verbindings met sosiale realiteite oor 'n tydperk gevorm word. Die kwalitatiewe navorser poog dus om die dinamiek van gebeure vas te vang asook om intensionaliteit en patrone van gedrag te kan waarneem (Cohen *et al*., 2000:306). Patton (2002:260) sowel as Henning (2004:81) beklemtoon die belangrikheid van die bevoegdheid van die navorser as observeerder. Die navorser moet besef dat observasies nie net lukraak gedoen kan word nie, aangesien dit 'n kardinale deel uitmaak van die finale navorsing-teks. Gedissiplineerde opleiding en deeglike, nougesette beplanning word as voorwaarde gestel. Patton (2002:260) definieer 'n bevoegde observeerder as 'n navorser wat weet hoe om aandag te gee om te sien wat gesien moet word en om te hoor wat gehoor moet word; wat oor 'n beskrywende skryfstyl beskik om weer te gee wat waargeneem word; wat op 'n gedissiplineerde wyse veldnotas kan aanteken, wat die verskil tussen toepaslike en onbeduidende inligting kan insien en nie oorweldig word deur die beskrywing van laasgenoemde nie; wat nougesette metodes gebruik om observasies te valideer en te trianguleer en wat oor die vermoë beskik om selfkennis en self-onthulling aan die dag te lê om sodoende te kan reflekteer oor eie persoonlike perspektiewe en impak op die situasie.

Aangesien observasiedata as ondersteunend tot die ongestruktureerde narratiewe gesprekvoering, informele gesprekke en die narratiewe tegniek gebruik gaan word, is dit wat geobserveer (gesien en gehoor) word dus die navorser se weergawe van wat voor hom/haar gebeur. Henning (2004:81) stel dit soos volg:

> *"The interpretive researcher searches for the way in which the social actors make meaning on the stage of action that she is observing. She thus observes and records in such a way that she will be able to use these data as building blocks when, ultimately the "bricoleur" becomes the author of the research text".*

As outeur van die navorsingteks beteken dit dat ek die geobserveerde data op twee verskillende maniere gaan benader. In die eerste plek vind observasie plaas deur die direkte kontak met die "akteurs" of deelnemers waar hulle hul proses van betekenisgewing aan my gaan voorhou. Hierdie betekenisgewing word duidelik in wat hulle sê en doen, hoe hulle dinge sê en binne watter konteks hulle ervarings na vore kom. Daar sal hoofsaaklik gelet word op die deelnemers se nie-verbale gedrag, onder andere stemtoon, oogkontak, en gebare asook die verbale taalstrukture wat gebruik word. Tweedens vind "observasie" plaas wanneer ek die gedokumenteerde notas, getranskribeerde stories en inligting vanuit die toepassing van die narratiewe tegniek "FACE" bestudeer.

Interpretasie van die subjektiewe realiteit van die deelnemers vind dus twee keer plaas. Eerstens deur die voorstelling en interpretasies van die deelnemers in 'n besondere konteks en tweedens deur middel van die teks wat gebou is vanuit die observasies. Wanneer die navorser die rol van die outeur aanneem en die finale teks aan die leser voorhou, interpreteer die leser die reeds twee-keer-geïnterpreteerde realiteit (Henning, 2002:82). Nougesette observasies is dus van kardinale belang.

Veldnotas vorm die geskrewe weergawe van my ervarings van die data-insameling en dien as belangrike inligting wat as boustene tot begrip in totaliteit kan dien (Greef, 2002:304). Dit wat dus waargeneem en aangeteken word, is die subjektiewe weergawe deur my as die navorser, van "dit wat daar gebeur" (Henning, 2002:82).

#### 3.3.4.6 Reflektiewe navorserjoernalisering

Die term reflektiwiteit word as sinoniem tot kwalitatiewe navorsing gebruik, aangesien hierdie term die belangrikheid van self-bewustheid, kulturele bewustheid en eienaarskap van die navorser se eie perspektiewe beklemtoon (Hatch, 2002:10). Swart (1994:43) postuleer dat refleksie 'n handeling van doelbewuste besinning oor 'n saak behels. 'n Joernaal is 'n persoonlike werkboek wat eerlik en spontaan bygehou word met tydige notering van geselekteerde, gedateerde gevoelens, gedagtes asook gedrag. 'n Reflektiewe joernaal gee aan die navorser 'n ruimte waar daar vrylik en spontaan gereflekteer word oor die navorsingsproses. Dit is 'n ruimte waar die navorser die geleentheid gegun word om met hom/haarself te "praat" aangaande bekommernisse, vrese en frustrasies en ook om soms

suksesse te vier (Hatch, 2002:88). Refleksie vereis dus voortdurende duidelike kritiese selfrefleksie, selfkennis en die bereidwilligheid om ondersoek in te stel na hoe die navorser moontlik beïnvloed kan word deur wat gehoor, gesien en verstaan word (Patton, 2002:299).

My rol as navorser word gerig deur my sosiale interaktiewe, subjektiewe posisie teenoor die realiteit wat ek wil bestudeer. Hierdie navorsing gaan dus deel van *my* wees. Ek kan myself nie hiervan losmaak nie, aangesien alles wat ek as navorser gaan navors en skryf, gekleur gaan word deur my persoonlike epistemologiese- en ontologiese aannames sowel as my eie ervarings en persoonlike betekenisgewing:

> *"In narrative inquiry, it is impossible (or if not impossible, then deliberately self-deceptive) as a researcher to stay silent or to present a kind of perfect, idealized, inquiring, moralizing self"* (Clandinin & Connelly, 2000:62).

My reflektiewe joernaal bestaan uit drie dele, naamlik my daaglikse skedule, my persoonlike dagboek en aantekeninge oor die metodologie (Lincoln & Guba, 1985:327). Ofskoon kwalitatiewe navorsing fokus op die deelnemers se subjektiewe interpretasie van realiteit, kan my soeke na kennis beïnvloed word deur my eie perspektiewe en subjektiwiteit. Daarom is dit nodig om deeglike en duidelike joernaalinskrywings te doen ten einde te verseker dat die sosiale gebeure deur die oë van die middel-adolessent bestudeer word en nie deur my oë nie (Anderson & Arsenault, 1998:5).

### 3.3.5 Data-analise

Tydens kwalitatiewe navorsing is die analisering van die data onvermydelik interpretivisties (Cohen *et al.*, 2004:282). Terre Blanche en Kelly (2002:131) postuleer dat 'n interpretivistiese lens aanvaar dat individue se subjektiewe ervarings werklik is (ontologie) en dat individue se ervarings begryp kan word deur middel van 'n interaktiewe proses, waar daar geluister word wat hierdie individue vir die navorser wil vertel (epistemologie) en dat die metodologie wat die geskikste is vir hierdie taak, kwalitatiewe navorsingstegnieke is.

Met behulp van die gekose navorsingsontwerp (veelvuldige gevallestudie) en data-insamelingsmetodes (informele gesprek, ongestruktureerde narratiewe gesprekke, narratiewe tegniek: "FACE", observasie en reflektiewe navorserjoernalisering) gaan ek sosiaal-konstruktivisties fokus op die analisering en interpretasie van die middel-adolessente se konstruering van betekenisse. Creswell (2002:521) postuleer dat kwalitatiewe analise 'n sistematiese proses is van selektering, kategorisering, vergelyking en sintetisering en interpretering ten einde tot sinvolle gevolgtrekkings te kom. Henning (2004:109) gebruik die

term "*global analysis"* wanneer sy verwys na die proses waar data as geïntegreerd gesien en holisties benader moet word. Die data-analise proses is dus 'n interaktiewe proses waarin ek voortdurend heen en weer gaan beweeg tussen navorsingsteks, data-generering, data-analise en interpretasies (Mouton, 2001:168).

Die struktuur van die data sal logies georganiseer word deur middel van die intensiewe bestudering van die tekste (Henning 2004:109). Creswell (2002:527-529) postuleer dat die narratiewe data-insamelingsproses 'n aanvang neem wanneer die navorser die deelnemer versoek om sy/haar storie(s) eerstehands te vertel. Volgens hierdie outeur bestaan die lewenstories dikwels uit 'n begin, middel en einde wat aspekte insluit soos voorspellings, konflik, worstelings, karakters, intriges en oplossings van probleme. Nadat die storie/s van die deelnemers ingesamel is, *hervertel* die navorser die storie van elke deelnemer in die proses van data-analisering. Die storie word "oorgeskryf" en subjektiewe betekenis daaraan gegee tydens die interpreteringsproses. Ek verskil egter van Creswell se woordkeuse van die *hervertel* van die deelnemer se storie tydens die analiseproses. Ek as navorser gaan metodologies gesien poog om nie die storie te *hervertel* nie, dus nie te herkonstrueer nie, maar wel te *oorvertel* (rekonstrueer, representeer) wanneer ek probeer sin maak van die verteller se werklikheid sover moontlik sonder om dit deur my eie singewing te herskep.

Nadat ek die onderhoude gevoer het, sal elke onderhoud getranskribeer word as primêre datatipe, aangesien ek dan die deelnemer se narratief kan herleef. Daarna sal ek die ander data, naamlik response tydens die "FACE"-prosedure, die gevoelsmatige botone wat deur middel van die gebruik van metafore gefigureer het, reflektiewe joernaalinskrywings en my geskrewe aantekeninge (veldnotas) en refleksies byvoeg, wat dan gesamentlik die rou data sal vorm. Die rou data sal vervolgens gesorteer word om drie narratiewe te vorm, wat gekaats sal word teen die drie sekondêre navorsingsvrae. Wanneer ek dié rou data begin analiseer, begin ek die verteller se storie "oorvertel", sover moontlik met behoud van die verteller se eie formulering en verklaring.

In die eerste fase van analise sal 'n tematiese analise per narratief per deelnemer uitgevoer word. Temas sal geïdentifiseer word in terme van die insidente en verloop van gebeure. Clandinin en Connelly (2000:50) verwys na narratiewe navorsing as 'n driedimensionele narratiewe navorsingsruimte waar temporale tydsrame (kontinuïteit tussen verlede, hede en toekoms) die een dimensie vorm, die persoonlike en sosiale interaksie die tweede dimensie en die fisiese plek of konteks, of moontlik verskeie plekke en kontekste, die derde dimensie. In narratiewe navorsing word daar dus voortdurend op elk van die drie dimensies, wat dinamies in interaksie met mekaar staan, gefokus. Narratiewe navorsing is die voorstelling

van individuele ervarings binne 'n spesifieke konteks of plek, met 'n inwaartse en uitwaartse, vorentoe en agtertoe beweging binne die persoonlike narratief. Inwaartse beweging verteenwoordig interne aspekte soos emosies, hoop, etiese oortuigings en morele disposisie en die uitwaartse beweging is na die eksistensiële, die sosiale omgewing. Die vorentoe en agtertoe beweging verwys na tydsrame van die verlede, hede en toekoms. Bogenoemde tematiese analise word ingepas in die raam van die veelvuldige gevallestudie, aangesien die uniekheid van elke geval teen die konteks van die besondere hersaamgestelde gesin gekaats moet word alvorens daar op die driedimensionele narratiewe navorsingsruimte gefokus kan word.

In die tweede fase van data-analise sal intra-vergelykings gedoen word deur die geïdentifiseerde temas en metafore in elk van die drie narratiewe van 'n besondere deelnemer af te grens teen die konteks van die unieke hersaamgestelde gesinsituasie. Dus sal die data nooit uitmekaar gehaal en bloot in losstaande fragmente as kategorieë ingedeel word nie.

> *"It is a process of tracing the thinking pattern of the interviewees, or the pattern of action depicted in observation notes. The aim of this type of working of the data is to organise the data into a pattern that might not be clear in the data as presented in their raw state, but that comes to life because of the interpretation and organisation of the researcher"* (Henning, 2004:109).

Die interpretasie van die data sal in terme van die subjektiewe betekenisse van die deelnemers beskryf word. Hierdie voorgestelde navorsing bied die geleentheid om die analise van data holisties, as 'n eenheid, te benader aangesien die geheel meer is as die somtotaal van die verskillende dele. Verskillende perspektiewe van die verskillende deelnemende middel-adolessente, soos dit manifesteer in hul eie oortuigings rakende hul veerkragbenutting binne die unieke, eiesoortige sosiale konteks van die hersaamgestelde gesin, sal ondersoek en beskryf word (Henning, 2004:20).

Die aanbieding van die data sal per geval sistematies geskied. Eerstens gaan ek die feitelike konteks van die deelnemer se mikro-gesinsisteme aan die hand van die bio-ekologiese sisteemteorie uiteensit. Daarna sal ek vervolg met 'n uiteensetting van die verloop van die narratiewe gesprekke en 'n analise van die deelnemer se narratief met betrekking tot sy/haar emosionele belewing en veerkragbenutting, soos deur my gerepresenteer. Elke deelnemer se veerkragbenutting sal ontleed word aan die hand van die drie sekondêre navorsingsvrae

(1.2), my bio-ekologiese definisie van 'n veerkragtige middel-adolessent (2.5.2) asook binne die eerste drie golwe van navorsing met betrekking tot veerkrag (2.4).

## 3.4 MY ROL AS NAVORSER

Die rol van die navorser word gedefinieer deur die paradigma vanwaaruit die studie vertrek. In kwalitatiewe navorsing is die navorser die hoof data-insamelingsinstrument. Die besluit lê dus by die navorser oor watter vrae gevra gaan word en in watter volgorde, en watter inligting meer uitbreiding benodig. Henning (2004:10) verwys na die *"human mind"* as die instrument van die kwalitatiewe navorsingsproses. Die navorser in totaliteit het dus 'n kritieke invloed op die kwaliteit van kennis wat gekonstrueer word aangesien die navorser die primêre persoon is wat kennis, in samewerking met die deelnemers, genereer en konstrueer. Morse (1994:225-226) is van mening dat 'n kwalitatiewe navorsingstudie so goed is soos die navorser wat die studie uitvoer, met ander woorde, die vaardighede en kennis waaroor die navorser beskik en wat gebruik word ten einde outentieke data te kan genereer en te interpreteer. Ek stem saam met Smit (in Henning, 2004:1) wat postuleer, *"Who interviews matters"*.

Ek as navorser beskou myself as 'n bevoegde persoon om 'n ryk en betekenisvolle kwalitatiewe studie uit te voer. As navorser wil ek myself vergelyk met 'n legkaart wat uit verskillende dele bestaan, maar wat slegs 'n geheel vorm as al die dele op 'n spesifieke manier in mekaar gepas word. Die dele van die legkaart is die verskillende rolle wat ek gaan vertolk ten einde hierdie studie te kan uitvoer. As een van hierdie dele nie ingepas word nie, sal die prentjie onvolledig bly. Elke individuele deel is 'n stukkie van wie ek is. Ek kan myself dus nie losmaak van wie en wat ek is nie en die dele kan nie losgemaak word van die geheel nie. My rol as navorser bestaan uit die volgende legkaartstukke: ek as navorser, ek as terapeut, ek as reflekteerder en ek as kenner van die vakgebied waarin ek my studie uitvoer.

As opvoedkundige sielkundige, wat as navorser optree binne gestelde etiese beginsels en riglyne, bly ek ook terapeut wat binne professioneel-etiese riglyne moet optree. My ervaring in praktyk sensitiseer my dus om ervarings van deelnemers te herken en erken. Ek beskik oor unieke interpersoonlike kommunikasie vaardighede en handhaaf 'n empatiese manier van onderhoudvoering aangesien ek dit verkies om te reflekteer oor wat gedurende die gesprek gebeur ten einde te verseker dat begrip optimaal gekonstrueer word.

Ek gaan al die vaardighede wat ek tans as terapeut gebruik (Egan, 2002:76, 119-121) optimaal aanwend in die navorsingsituasie. Ek wil en kan ook nie net 'n kliniese navorser sonder identiteit wees nie. Ek glo dat ek as navorser bevoeg is om 'n nie-bedreigende, sagte, empatiese posisie in te neem, aangesien ek die deelnemer se emosionele belewings van onder andere pyn, verleentheid, skuldgevoelens en lojaliteitskonflikte kan akkommodeer. My rol as terapeut word daarom deur my as komplementerend tot die navorsingsproses gesien. Ek gaan poog om 'n warm, spontane klimaat vir die deelnemers te skep sodat hulle my met gemak kan vertrou en inligting aangaande hul unieke situasie met my kan deel (Mouton & Marais, 1992:92-93) en daarom sal die onderhoude in my praktyk geskied.

Die dilemma waarmee ek egter gekonfronteer word is die feit dat ek in die studie primêr 'n navorser is en nie 'n terapeut nie. Die vraag bly dus, hoe sal ek te werk gaan om te verseker dat ek in die proses van data-insameling werklik data insamel en nie slegs terapeuties optree nie? Polkinghorne (1988:x) meen dat die konflik tussen navorser-wees en terapeut-wees slegs binne die narratiewe navorsing versoen kan word, aangesien die vertelling van 'n storie opsigself terapeutiese waarde het. Narratiewe navorsing impliseer 'n spesifieke begrip van wat kennis en waarheid beteken, kennis wat die verstaan van menslike gedrag verdiep, vergroot, verryk en verhelder (Polkinghorne, 1988:159). Ek besef verder dat ek voortdurend op my navorsing gefokus moet bly deur na spesifieke inligting te soek wat my sal help om dieper begrip en kennis van die fenomeen van veerkragbenutting te ontwikkel. Ten einde voortdurend bedag te bly op my identiteit en doelwitte binne die navorsing gaan konsekwente selfrefleksie nodig wees.

Ek weet ek sal moet hard werk aan my vermoë om 'n *"not-knowing"* posisie in te neem ten einde binne die sosiale konstruktivisme werklik 'n dieper begryping van die fenomeen te kan vorm. Ek verstaan dat kennis gekonstrueer gaan word deur die vrae wat ek gaan vra en die manier waarop ek na antwoorde gaan luister en daarop gaan respondeer asook hoe die middel-adolessente gaan respondeer op my vrae en aanmerkings. Ek sal dus voortdurend moet reflekteer oor my vermoë om te bly by dit wat die deelnemer op 'n spesifieke tydstip bereid is om met my te deel en om nie ongeduldig te raak en my eie agendas op te dring nie.

Ek stem saam met Alvesson en Sköldberg (2000:2880) wat postuleer dat dit *"consistently admitting ambiguity"* is wat aan sosiale wetenskaplikes hul unieke kenmerk gee. Ek moet voortdurend bewus bly van my unieke styl van navorser wees asook my eie menswees en gaan poog om my studie konsekwent ooreenkomstig my ontologiese en epistemologiese

uitgangspunte uit te voer. Aangesien ek en die middel-adolessente konstant in interaksie met mekaar gaan wees, is dit belangrik dat ek bewus en sensitief bly met betrekking tot my waardes, veronderstellings, vooroordele en perspektiewe wat ek na die studie bring en wat 'n invloed op die studie kan uitoefen. Deur middel van selfrefleksie gaan ek voortdurend seker maak dat ek wesenlik ék bly en nie deur my vooroordele beïnvloed word nie.

As interpretivistiese navorser wil ek probeer sin maak uit die gevoelens, ervarings, sosiale situasies of verskynsels soos dit in die realiteit van elke middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin voorkom. My vakkundige kennis aangaande die konsepte van die hersaamgestelde gesin en veerkrag sal ek voortdurend ter syde plaas aangesien my kennis moontlik my navorsingsproses kan beïnvloed. Dit is dus belangrik om voortdurend 'n gedissiplineerde vorm van subjektiwiteit toe te pas met voortdurende bewustheid van my eie subjektiewe gevoelens of vooroordele wat die navorsingsproses kan beïnvloed (McMillan & Schumacher, 2001:411). Soos reeds gemeld, gaan ek die refleksiewe joernaal gebruik asook die insette van 'n eksterne studieleier om my sienswyses, gevoelens en opinies te evalueer ten einde bewus te bly van die invloed daarvan op my studie. Ten einde te verseker dat hierdie studie gaan getuig van *"good craftmanship, honest communication and action* (Henning, 2004:147) sal die volgende kwaliteitsversekeringskriteria in oorweging geneem word.

## 3.5 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

### 3.5.1 Inleiding

'n Kwalitatiewe studie het ten doel om die wêreld waarbinne die deelnemers leef te begryp en te interpreteer vanuit hulle verwysingsraamwerk. Aangesien die deelnemers self hul ervarings en observasies definieer, kan die data as betroubaar gereken word (Niemann, Niemann, Brazelle, Van Staden, & De Wet, 2000:285). Wat egter belangrik is, is die pogings wat aangewend word om die kwaliteit van bogenoemde data te verseker. Vervolgens ondersoek ek die kwaliteitversekeringskriteria van geloofwaardigheid, vertroubaarheid en toepaslikheid, wat ek gaan toepas ten einde 'n hoë kwaliteit van navorsing te verseker.

### 3.5.2 *Geloofwaardigheid*

Binne kwalitatiewe navorsing demonstreer geloofwaardigheid die wetenskaplikheid van die studie, met ander woorde, die mate waartoe die navorsingsontwerp en die data wat gegenereer word, die navorser toelaat om akkurate gevolgtrekkings oor die spesifieke verskynsel te maak (Lincoln & Guba, 1985:290). Die toets van geloofwaardigheid is die

ooreenkoms tussen die manier waarop die deelnemers die sosiale fenomeen waargeneem het en die wyse waarop die navorser die bevindinge weergee (McMillan & Schumacher, 2001:166). Geloofwaardigheid lê dus in die vertroue wat ander in my bevindinge kan hê danksy my akkuraatheid. Ek moet dus die ondersoek op so 'n manier uitvoer dat die fenomeen van veerkragbenutting akkuraat deur my uit die data geïdentifiseer en beskryf kan word.

Aangesien ek die primêre data-insamelingsinstrument is, sal ek deurentyd waak teen waarnemer-sydigheid in die vorm van moontlike subjektiwiteit en gevolglike sydige waarnemings en interpretasie van die data. Ek sal doelbewus waarnemer-sydigheid probeer minimaliseer deur gebruik te maak van veelvuldige strategieë, ook genoem triangulasie van inligting. Om seker te maak dat die stemme van deelnemers nie verlore raak nie en dat moontlike vooroordeel beperk word, sal ek Henning (2004:7) se voorstel inkorporeer, naamlik:

> *"Complement this with a strong theoretical base (also termed the authority argument because it uses the respected researchers in the field as evidence) and a coherent convincing argument based on both empirical evidence, and the researcher's understanding and logic. The evidence will thus come from the data and from theory that explicates and explains the data. It is in this articulated interpretation that the understanding and the explanation of the phenomenon lie – not in the presentation of organised and rearranged data".*

Die inhoud van die deelnemers se response sal dus in verband gebring word met die literatuur asook die teoretiese begronding van hierdie studie. Ek sal deurentyd poog om geloofwaardige bevindinge weer te gee deur die uniekheid van elke situasie met respek te hanteer sodat 'n in-diepte begrip verower kan word.

Breakwell (2000:247) waarsku egter teen die "navorser-effek" waar eienskappe van die navorser, soos byvoorbeeld geslag, ouderdom of beroepstatus, 'n invloed kan hê op die response van die deelnemer. So kan deelnemers byvoorbeeld hulle antwoorde op so 'n manier formuleer om die navorser se goedkeuring te verkry, of hulle gedrag aanpas aangesien hulle bewus is daarvan dat hulle deelnemers is aan 'n navorsingstudie. In hierdie studie sal sensitiwiteit vir die deelnemers se gedrag, asook enige verandering in gedrag, gehandhaaf word om outentieke response te bekom. Ek sal deurentyd poog om die deelnemers op hulle gemak te stel deur die handhawing van 'n gemaklike, ontspanne situasie. Die doel van die navorsing sal voor die aanvang van die onderhoude deeglik bespreek word met die oog op die uitskakeling van enige onduidelikheid of onsekerheid wat

die data-insameling sou kon beïnvloed. Die geloofwaardigheid van my studie lê dus in die wyse waarop ek die middel-adolessente se ervarings van veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde gesin outentiek sal kan laat verskyn en akkuraat gaan weergee.

### 3.5.3 Vertroubaarheid

Binne kwantitatiewe navorsing verwys betroubaarheid na die mate waarin resultate herhaalbaar sal wees met 'n soortgelyke steekproef. In kwalitatiewe navorsing is konsekwentheid van "resultate" bykans onmoontlik, aangesien menslike gedrag dinamies is en voortdurend beïnvloed word deur die konteks van deelnemers se omstandighede en dus gedurig anders blyk. Weens die feit dat daar soveel verskillende subjektiewe interpretasies van 'n verskynsel kan wees, is replisering van 'n spesifieke kwalitatiewe studie ook nooit moontlik nie.

Die belangrikste vraag vir die kwalitatiewe navorser behoort eerder te wees of die bevindings konsekwent is met die data wat ingesamel is. As interpretivistiese navorser is my doel nie om die "waarheid" weer te gee nie, maar eerder om veelvuldige realiteite te ontdek. Dus kan ek nie verwag om herhaaldelik dieselfde response te verkry nie, selfs nie eens met dieselfde deelnemer nie. Ek sal in my navorsing eerder streef na die vertroubaarheid van my bevindinge deurdat ek inligting op 'n verantwoordelike wyse inwin, analiseer en interpreteer.
Aangesien narratiewe navorsing poog om te verstaan hoe individue hulle sosiale omstandighede ervaar en beleef en nie om antwoorde in die vorm van "feite" of "waarheid" te verskaf nie, is die *verhouding* tussen my as navorser en die deelnemer tydens die weergee van die subjektiewe "waarheid" belangrik. Riessman (2002:220) postuleer dat *"we cannot give voice, but we hear voices that we record and interpret"*. Die dilemma van die vertroubare weergee van narratiewe, die aanhoor, opskryf en interpretering van data en die posisionering van my as navorser sal dus konstante refleksie verg. As ondersteuning hiervan verwys neutraliteit na die mate waarin bevindings uitsluitlik 'n funksie is van die deelnemer en die konteks van die studie. Met ander woorde, die navorser se eie vooroordele tydens die navorsingsproses en formulering van navorsingsbevindings word nie by die studie se bevindings ingesluit nie (Lincoln & Guba, 1985:301). Neutraliteit is in hierdie studie egter nie heeltemal moontlik nie, aangesien ek as navorser-terapeut nie totaal buite die navorsing kan staan nie. Ek sal dus voortdurend op my eie posisie vanuit die narratiewe navorsingstoel moet reflekteer, aangesien 'n onbewuste of selfs moontlik doelbewuste persoonlike agenda die vertroubaarheid van die navorsingsbevindings kan beïnvloed.

Die onderhoude sal deur myself verbatim getranskribeer word ten einde 'n getroue weergawe van die inhoud van die onderhoude te verseker. Verdere strategieë wat ek gaan aanwend om vertroubaarheid te bevorder sluit onder andere in die voortdurende verifiëring van die inligting met die deelnemers om te verseker dat die inligting wat ingesamel is akkuraat is volgens elkeen se betekenisse en bedoelings, asook triangulering van bevindinge deur van verskillende wyses van data-insameling (3.3.4) gebruik te maak.

### 3.5.4 Toepaslikheid

Kwalitatiewe navorsing bestudeer 'n verskynsel in sy unieke, natuurlike konteks. Dit is juis hierdie uniekheid van elke situasie wat meebring dat daar min sprake van veralgemeenbaarheid van resultate kan wees. As gevolg hiervan word daar in kwalitatiewe navorsing eerder na toepaslikheid van bevindinge verwys. Toepaslikheid behels die mate waarin bevindinge van 'n spesifieke ondersoek toegepas kan word of relevansie het in 'n vergelykbare konteks of met betrekking tot individue met soortgelyke persoonseienskappe (Lincoln & Guba, 1985:290). Die doel van my navorsing is nie om bevindings te veralgemeen nie, maar om verskillende perspektiewe en unieke kontekste te reflekteer, sodat soortgelyke situasies verstaan kan word en resultate van die studie prakties toegepas kan word in ander, verbandhoudende kontekste (McMillan & Schumacher, 2001:166). Ek gaan dus poog om 'n indiepte studie aangaande veerkragbenutting deur middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne te onderneem in 'n poging om ander middel-adolessente in soortgelyke situasies beter te kan begryp en ondersteun.

## 3.6 ETIESE MAATREëLS

> *"A good qualitative study is one that has been conducted in an ethical manner"* (Merriam, 2002:29).

Die fundamentele beginsel wat alle etiese maatreëls van navorsing omsluit is dat die navorser te alle tye die veiligheid en welstand van die deelnemers moet kan verseker. Gesien in die lig van my rol as navorser (sien 3.4), waar my rolle onderskei, maar nie van mekaar geskei kan word nie, is ek 'n opvoedkundige sielkundige wat as navorser optree. Ek moet dus binne die gestelde etiese beginsels en riglyne funksioneer beide van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* as terapeut en die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria, as akademiese navorser. Ek sal tydens alle interaksies met die deelnemers myself deurgaans onderwerp aan die gestelde etiese maatreëls ten einde te verseker dat my studie se verwagte teoretiese bydrae sonder enige vorm van benadeling van die deelnemers sal voortbou op die bestaande kennisbasis met betrekking

tot die aanpassing van adolessente van geskeide gesinne binne die hersaamgestelde gesin. Ek sal geen handelinge wat buite die omvang van my sielkundige professie of navorsingsopleiding strek uitvoer nie.

Die beginsel van vrywillige deelname, wat impliseer dat die deelnemers vrywillig instem om aan die studie deel te neem en die reg het om enige tyd van die studie te onttrek, sal toegepas word. Die middel-adolessente deelnemers mag moontlik emosionele ongemak, spanning en sensitisering van probleemsituasies ervaar weens die sensitiwiteit van die onderwerp. Aangesien my opleiding in Opvoedkundige Sielkundige as basis vir my bevoegdheid dien, sal my ervaring in praktyk my sensitiseer om potensieel problematiese ervarings van deelnemers te herken en te erken. Indien emosionele ongemak wel deur die deelnemer in die verloop van die narratiewe gesprek ervaar word, sal ek op ’n terapeutiese wyse voortgaan met die gesprek ten einde die deelnemer te begelei om weer emosionele veiligheid te ervaar. Indien onttrekking die resultaat van moontlike emosionele ongemak is, sal ek die deelnemers daarvoor respekteer en uitnooi vir gratis terapeutiese intervensie. Die moontlikheid bestaan verder dat die middel-adolessente sekere verwagtinge van intervensie kan koester tydens die data-insamelingsproses. Ek sal die gesprekke met sensitiwiteit en respek voer en deurentyd bewus wees van die feit dat die deelnemers moontlik onrealistiese verwagtinge sal koester van hul deelname aan die studie. Daarom sal ek met die aanvang van elke gespreksgeleentheid die doel en prosedure van die studie duidelik maak.

Die beginsel van ingeligte toestemming sal gehandhaaf word, wat impliseer dat die deelnemende middel-adolessente asook die nie-deelnemende ouers deurgaans ten volle ingelig sal wees oor die doel en die proses van die navorsing en hulle instemming gee om aan die navorsingstudie deel te neem. Aangesien die doel van die navorsing hoofsaaklik wentel rondom begrip van die middel-adolessent se verloop van veerkragbenutting in die hersaamgestelde gesin gaan die data hoofsaaklik deur middel van ongestruktureerde narratiewe gesprekke met middel-adolessente verkry word. Dit beteken dus dat geen direkte invloed op die kind se algemene funksionering uitgeoefen gaan word nie, maar indringing mag op sigself moontlik wel ’n effek uitoefen. Volgens die Etiek Komitee van die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit van Pretoria (2003) word indirekte indringing deur middel van ’n navorsingsprojek in dieselfde lig gesien as mediese prosedures. Volgens die Kinderwet 38 van 2005 kan ’n kind ouer as 12 jaar toestemming gee tot mediese prosedures met of sonder die ondersteuning van die ouer/voog/versorger. Ingeligte toestemming van ’n ouer/voog/versorger is dus nie ’n voorvereiste vir die middel-adolessent se deelname aan my studie nie. Vanweë die sensitiwiteit aangaande die onderwerp van my studie asook die

feit dat ek vanuit ’n bio-ekologiese sistemiese benadering my studie gaan uitvoer, verkies ek egter om die ouers se ingeligte toestemming te verkry. Afgesien van die ingeligte toestemming van die ouer/voog/versorger sal die potensiële deelnemende middel-adolessent die geleentheid gegee word om geskrewe ingeligte instemming tot deelname te gee.

Die beginsel van privaatheid, wat beteken dat die vertroulikheid en anonimiteit van deelnemers te alle tye beskerm sal word, sal toegepas word. Data wat ingesamel word sal as vertroulik hanteer word en alle eiename en plekname sal verander word ten einde anonimiteit te verseker. Skriftelike toestemming sal van deelnemers verkry word met betrekking tot die gebruik van die data vir die doeleindes van eksaminering en publikasie.

Die beginsel van vertroue, wat impliseer dat die deelnemers nie op enige wyse mislei sal word gedurende die navorsingproses of daarna nie, sal toegepas word. Ek sal voortdurend toesien dat die deelnemers presies weet wat van hul verwag word en deurgaans enige onduidelikhede met hulle bespreek. Alvorens die studie ’n aanvang kon neem, is die nodige goedkeuring verkry van die Etiese Komitee van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria. Die studie sal verder deurlopend onder supervisie van die studieleier gedoen word.

# HOOFSTUK 4

# BESPREKING VAN DATA

## 4.1 INLEIDING

Die doel van die studie is om ’n begrypende verklaring te vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van middel-adolessente van geskeide ouers se benutting van hul veerkragtigheidseienskappe. Fokus is gerig op die middel-adolessent se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin, in die teenwoordigheid van moontlik disfunksionele verhoudings tussen die geskeide biologiese ouers. Die wyse waarop, en die mate waartoe, die veerkragtigheidseienskappe van die middel-adolessente in hul beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme figureer is vanuit die bate-gebaseerde benadering ondersoek, ten einde ’n dieper vlak van begryping te bewerkstellig van *hoe* middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrag-eienskappe benut.

Die veelvuldige gevallestudie-ontwerp het die ruimte geskep om die konteks van elke deelnemer as ’n uniekheid te kon hanteer en die narratiewe werkwyse het die ruimte geskep om die deelnemer se subjektiewe ervarings, belewenisse, denke, opinies, persepsies, interaksies en gebruik van veerkrag in die konteks van die hersaamgestelde gesin te verken. Die deelnemer se persepsie van die mikro-gesinsisteme waarin sy/haar ontwikkeling plaasvind staan dus sentraal tot die begryping van hoe hy/sy in interaksie met sy/haar gesinsisteme verkeer. Hierdie persepsie van die mikro-gesinsisteme rig dus sy/haar optrede teenoor ander individue sowel as teenoor die konteks van sy/haar onderskeie mikro-gesinsisteme.

Tydens die analise van elke deelnemer se gespreksdata is daar onderskei tussen die deelnemer se narratiewe perspektief en my analise van die deelnemer se perspektiwiese narratief. Die deelnemers se narratiewe perspektief rakende hul veerkragtigheid is die subjektiewe interpretasie van sosiale gebeure en emosionele ervarings soos die deelnemers dit self deur hul eie lense waarneem. Die deelnemers maak dus ’n bewuste besluit van wat om te vertel en wat om nie te vertel nie, asook die manier van die weergee van inligting, met ander woorde, stemtoon, woordkeuse, beklemtonings, ordening, fokus en hoeveelheid van inligting. Deurdat ek die rol van fasiliteerder van die narratiewe gesprekke vertolk het en, meer in besonder, met betrekking tot die sensitisering van persoonlike sterkpunte en bates, kon ek ondersteunend optree waar uitdagings en probleme gestel was. Begrip en kennis wat

deur die narratiewe na vore gebring is, is dus die resultaat van die interaksie tussen my en die deelnemers.

Die analitiese weergawe van die deelnemer se perspektiwiese narratief is my objektiewe tematiese beskrywing van die deelnemer se narratief, steeds gesien deur die deelnemer se lens. Elke deelnemer se emosionele belewings, intrinsieke veerkrag-eienskappe en ekstrinsieke hulpbronne wat binne sy/haar interafhanklike sisteme voorkom en wat veerkrag bevorder, word vanuit die deelnemer se perspektief bespreek. Die perspektiewe van die onderskeie deelnemende middel-adolessente, soos dit manifesteer in hul eie oortuigings rakende hul veerkragtigheid binne die unieke, eiesoortige sosiale konteks van die hersaamgestelde gesin, is dus die data wat geanaliseer is, en die resultate word bespreek in terme van die veerkrag-temas wat per geval geïdentifiseer is.

Elke geval gaan vervolgens afsonderlik bespreek word, aangesien die nuanses van die geïdentifiseerde temas van veerkragbenutting telkens uniek is en in terme van die sosiale konteks waarin die temas voorkom, van mekaar verskil. Die aanbieding van die data per geval geskied sistematies. Eerstens word die feitelike konteks van die deelnemer se mikro-gesinsisteme aan die hand van die bio-ekologiese sisteemteorie uiteengesit. Ter wille van konsekwentheid word die gesin van die moeder telkens in die figure aan die linkerkant aangedui en die gesin van die vader, aan die regterkant. Daarna volg 'n twee-kolom-uiteensetting van die narratief van die deelnemer, soos deur my oorvertel of gerepresenteer.

Die linkerkolom bevat die narratiewe perspektiewe van die deelnemer rakende sy/haar veerkragbenutting, wat deur my in die eerste persoon oorvertel of representeer is. Waar moontlik, verskyn hul eie formulering en verklaring in kursief gedrukte formaat. Die ooreenstemmende roudata-verwysing word in hakies aangedui, byvoorbeeld (A 1.9) verwys na die **negende** eenheid in die **eerste** gesprek van deelnemer **A**. Aangesien individue in hul narratief voortdurend beweeg tussen interne aangeleenthede soos emosies en belewings en eksterne aangeleenthede soos dié van hul sosiale omgewing, asook tussen die tydsrame van die verlede, hede en toekoms, is die roudata tematies gerekonstrueer en volg die verwysings, behalwe by die afloop van die gesprekke, nie kronologies op mekaar nie. Ten einde die lees van die narratief te laat vloei word die Engelse terme wat deur die deelnemer gebruik word sonder aanhalingstekens weergegee.

Die regterkolom bevat my identifisering en analisering van die deelnemer se emosionele belewing asook die verloop van veerkragbenutting. Die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratief met betrekking tot hul emosionele belewing en die verloop van hul

veerkragbenutting moet parallel met hul narratiewe perspektief gelees word. Waar die bate-gebaseerde benadering aangewend is ten einde die veerkragbenuttingsproses te fasiliteer, dus waar bates en sterkpunte vir ondersoek-vertroubaarheid geïdentifiseer is, word die aanduiding *BGB* (bate-gebaseerde benadering) vooraf gegee.

Ten slotte word die middel-adolessent se benutting van veerkrag bespreek aan die hand van die bio-ekologiese definisie van veerkragtigheid asook binne die eerste drie golwe van navorsing met betrekking tot veerkragtigheid. Die drie sekondêre navorsingsvrae dien as raamwerk, naamlik:


- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die primêre mikro-gesinsisteem?*
- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die sekondêre mikro-gesinsisteem?*
- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die heen-en-weer beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme?*

## 4.2 RESULTATE EN BEVINDINGS

### 4.2.1 Deelnemer A: Heidi

#### 4.2.1.1 Feitlike konteks van Heidi se mikro-gesinsisteme


Heidi (vyftien jaar oud en in Gr 9, ten tye van ons gesprekke) se kerngesin het bestaan uit haar moeder, Melani, haar vader, Gustav, haar halfbroer, Anton (vyf en twintigjaar oud, ten tye van ons gesprekke), uit haar moeder se vorige huwelik, en sy. Heidi se ouers is tien jaar gelede geskei, toe sy vyf jaar oud was. Die kerngesin word in Figuur 4.1 aangedui met gebroke lyne aangesien hierdie huwelik verbrokkel het.




Figuur 4.1 Heidi se verbrokkelde kerngesin

Heidi se moeder het kort na die egskeiding met Wynand getrou en ’n hersaamgestelde gesin is gevorm wat as Heidi se primêre mikro-gesinsisteem bekend staan, aangesien haar primêre plek van verblyf by haar moeder is. Haar halfbroer het vir ’n verdere sewe jaar binne Heidi se primêre mikro-gesinsisteem gewoon, waarna hy op sy eie gaan woon het. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie en Wynand het ook geen kinders van sy eie nie.


Haar vader het na die egskeiding by sy moeder (Heidi se ouma) gaan woon. Heidi se sekondêre mikro-gesinsisteem het dus aanvanklik die vorm aangeneem van ’n uitgebreide enkelouergesin. Heidi het op ’n gereelde basis tussen die twee mikro-gesinsisteme beweeg en het geborgenheid en emosionele stabiliteit in beide mikro-gesinsisteme beleef. Heidi se hersaamgestelde en uitgebreide enkelouergesin word in Figuur 4.2 uitgebeeld. Heidi en haar broer, Anton, word met stippellyne aangedui waar hulle onderskeidelik periodiek besoek afgelê het binne hul sekondêre en primêre mikro-gesinsisteme. Heidi se beweging op mesosisteemvlak word met ’n soliede lyn aangedui, aangesien heen-en-weer-beweging gereeld plaasgevind het.




Figuur 4.2 Heidi se hersaamgestelde en uitgebreide enkel-ouergesin


Heidi se vader het na agt jaar van enkel-ouerskap weer in die huwelik getree. Die nuwe egpaar en Heidi se ouma het vir ’n tydperk van drie maande saam in een huis gewoon. Heidi se sekondêre mikro-gesinsisteem het dus verander van ’n uitgebreide enkel-ouergesin na ’n uitgebreide hersaamgestelde gesin. Heidi het minder spontaan haar nuwe uitgebreide hersaamgestelde gesin besoek. Haar vader was ook dikwels nie tuis nie weens werksverpligtinge in die buiteland. Figuur 4.3 stel Heidi se uitgebreide hersaamgestelde

gesin voor. Heidi se beweging op mesosisteemvlak word met 'n stippellyn aangedui, aangesien haar heen-en-weer-beweging minder gereeld plaasgevind het.





Figuur 4.3 Heidi se hersaamgestelde en uitgebreide hersaamgestelde gesinsisteme

Na 'n tydperk van drie maande het Heidi se vader vir haar ouma haar eie huis in dieselfde woongebied gekoop, waarin die ouma gaan woon het. Die egpaar het 'n dogter, Margie, (2 jaar oud, ten tye van ons gesprekke) saam verwek. Heidi het steeds nie spontaan binne haar sekondêre mikro-gesinsisteem gefunksioneer nie. Ten spyte van die feit dat Heidi se ouma nie meer binne haar sekondêre mikro-gesinsisteem gewoon het nie, het Heidi steeds van haar ouma gebruik gemaak om met haar vader kontak te maak en het sy soms saam met haar ouma besoek afgelê by haar vader se gesin. Aangesien Heidi se ouma deurentyd 'n prominente rol in haar ontwikkeling speel, word hierdie mikro-sisteem as 'n onafhanklike skakel met die sekondêre mikro-gesinsisteem beskou. Figuur 4.4 stel Heidi se hersaamgestelde gesinsisteme voor met die mikro-sisteem van haar ouma wat die funksie aangeneem het van 'n deurgang-mikrosisteem tot haar sekondêre mikro-gesinsisteem. Heidi word telkens met stippellyne aangedui in die sisteem waar sy slegs periodiek besoek afgelê het. Heidi se beweging op mesosisteemvlak tussen haar primêre mikro-gesinsisteem en die mikrosisteem van haar ouma word met 'n soliede lyn aangedui, aangesien heen-en-weer-beweging gereeld plaasgevind het. Heidi se beweging op mesosisteemvlak tussen die mikrosisteem van haar ouma en haar sekondêre mikro-gesinsisteem word met 'n stippellyn aangedui, aangesien heen-en-weer-beweging minder gereeld plaasgevind het.




Figuur 4.4 Heidi se hersaamgestelde gesinsisteme met die mikrosisteem van ouma as deurgang-mikrosisteem tot haar sekondêre mikro-gesinsisteem.

Heidi se ouma het gedurende die tyd tussen ons derde (2010-09-03) en vierde gesprek(2010-10-06) verhuis na 'n dorpie buite die grense van Gauteng na aanleiding van intense konflik tussen Heidi se ouma, haar vader en haar vader se eggenoot. Heidi kon dus nie meer haar ouma as 'n deurgang-mikrosisteem tot haar sekondêre mikro-gesinsisteem gebruik nie en kontak tussen Heidi en haar vader het na haar ouma se verhuising nie weer plaasgevind nie. Heidi se sekondêre mikro-gesinsisteem het in Januarie 2011 verder uitgebrei met die geboorte van haar halfboetie. Heidi het in die vyf maande vanaf haar ouma se verhuising tot met die tyd van ons vyfde gespreksgeleentheid (2011-03-22) geen fisiese kontak met haar ouers en halfsibbe in haar sekondêre mikro-gesinsisteem gehad nie, dus geen beweging het op mesosisteemvlak plaasgevind nie. Figuur 4.5 stel Heidi se hersaamgestelde gesinsisteme voor met haar aktiewe primêre gesinsisteem en haar onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem.




Figuur 4.5 Heidi se hersaamgestelde gesinsisteme met haar aktiewe primêre mikro-gesinsisteem en haar onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem

#### 4.2.1.2 Die verloop van Heidi se narratiewe gesprekke

Heidi het spontaan op die uitnodiging vir deelname aan die navorsing gereageer. Haar spraaksame samewerkendheid het ’n gunstige navorsingsklimaat geskep. Al die narratiewe gesprekke het in die woonkamer van die woonhuis van haar primêre mikro-gesinsisteem plaasgevind.

Aanvanklik is vier gespreksgeleenthede oor ’n tydperk van vier maande geskep, naamlik op 2010-06-09, 2010-07-14, 2010-09-03 en 2010-10-06. Na afloop van die analiseringsproses van die data van die eerste vier gesprekke is ’n vyfde gespreksgeleentheid op 2011-03-22 geskep. Die doel van die vyfde gesprek was tweeledig: eerstens om navorsings-vertroubaarheid te bevorder by wyse van kontrolering en uitbreiding van gegewens wat in die analise onduidelik geblyk het en tweedens om ’n terapeutiese proses te begin, aangesien intense emosionele ongemak in die afloop van die vierde gesprek waargeneem is.

Heidi het spontaan gesels en die eerste gesprek was gekleur met vertelling van haar belewing van frustrasie oor die “so-wees” van haar sekondêre mikro-gesinsisteem. Sy het eksplisiet, reg van die begin af, gestel dat sy nie deel voel van haar sekondêre mikro-gesinsisteem nie. Haar emosionele onsekerheid, wat deur die sensitisering met betrekking tot die probleemsituasie ontstaan het, is hanteer deur die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates asook verkenning van probleemoplossingsmoontlikhede.

Tydens die tweede gesprek, vyf weke later, het Heidi aanvanklik gespanne voorgekom, moontlik aangesien sy moes rapporteer dat haar voorneme om ’n poging aan te wend om meer deel te neem aan haar sekondêre mikro-gesinsisteem, nie gerealiseer het nie. Die feit dat die kontekstuele omstandighede in haar sekondêre mikro-gesinsisteem moontlik kon verander met die aankondiging dat haar vader se eggenote weer swanger was, het moontlik ook bygedra tot haar spanning. Die gesprek was aanvanklik styf en effens formeel, maar die natuurlike verloop van die proses om haar emosionele ervarings binne haar verskeie mikro-sisteme met behulp van die narratiewe tegniek “FACE” te identifiseer het algaande ’n atmosfeer van rustigheid geskep.

Die derde gesprek, agt weke later, was gekenmerk deur ’n verdere intensifisering van die spanning en ongemak, moontlik aangesien haar ouma, wat as deurgang-mikrosisteem tot haar sekondêre mikro-gesinsisteem gedien het, sou verhuis na ’n dorpie buite die grense van Gauteng. Heidi het deurentyd haar ongemak probeer hanteer en selfs ontken, deur van rasionalisering gebruik te maak. Deur middel van die narratiewe tegniek “FACE” kon persoonlike sterkpunte en eksterne bates egter verder verken word.

Met die vierde gesprek, vier weke later, het Heidi se ongelukkigheid ’n hoogtepunt bereik met haar uiteindelike gereedheid om haar emosies met groter waarheid te identifiseer en uit te spreek. Deur middel van terapeutiese insette kon haar gevoelens aangespreek word deur te fokus op haar geïdentifiseerde sterkpunte en bates. ’n Uitnodiging vir deelname aan ’n gratis terapeutiese intervensieproses is aan Heidi en haar moeder gerig, maar hulle het dit nie opgevolg nie.

Op meta-vlak is ’n voortdurende bewustheid nodig van die spanning tussen Heidi se stellings en voorneme van moontlike verandering in gedrag as gevolg van die identifisering van bates en sterkpunte, en haar werklike gedrag wat nie ’n ooreenstemmende wending getoon het nie.

Die vyfde gespreksgeleentheid, vyf en ’n half maande later, was gekenmerk deur ’n warboel van emosionele ervarings in Heidi se perspektief met betrekking tot haar verhouding met haar vader. Tydens die aanvang van die voorlesing van Heidi se narratief aan haar, soos deur my gerepresenteer, het sy met tye emosioneel geraak, maar kon telkens beheer herwin. Namate die narratief gevorder het, het sy al hoe minder beheer oor haarself gehad en later het sy spontaan uiting gegee aan haar intense hartseer. Deur middel van die terapeutiese proses het Heidi haar ontsteltenis op ’n kognitiewe vlak hanteer. ’n Uitnodiging

vir verdere gratis terapeutiese begeleiding is aan Heidi en haar moeder gerig, wat hulle hierdie keer wel aangeneem het.

#### 4.2.1.3 Analise van Heidi se narratief in terme van veerkragbenutting

| **Heidi se narratiewe perspektief rakende haar veerkragtigheid** | **Analise van Heidi se perspektiwiese narratief met betrekking tot haar emosionele belewing en die verloop van haar veerkragbenutting** |
|---|---|
| **Narratiewe gesprek 1: 2010-06-09** | |
| Albei my ouers is na die egskeiding weer getroud en ek moet *basies* nou deel wees van twee gesinne, maar dit voel nie so nie: *ek voel dat ek net deel is van die een* (A1.1). *Want my pa, my regte pa, se vrou, die .... my stiefma, sy..., ek sien my pa amper nooit nie en sy glo, nè, my pa gee te veel aandag aan my want hy was eenkeer by my, een naweek* (A1.2),*en toe besluit sy nee, hy gee te veel aandag aan my en sy wil hom nou weghou van my af* (A1.3). *My ma is ook net so kwaad hieroor* (A1.2). | Belewing van emosionele afstand met betrekking tot haar lidmaatskap van haar sekondêre mikro-gesinsisteem wat geïntensiveer is deur haar moeder se emosionele respons. |
| My ouers is geskei toe ek baie klein was en ek het nie eintlik mooi verstaan wat aangaan nie (A1.9), maar ek dink hulle het geskei omdat my ma vir my pa gesê het dat hy te veel werk en *sy sien hom amper nooit nie en sy kan nie met so 'n man leef nie* (A1.10). Ek onthou dat Wynand, my stiefpa, maar altyd net daar was *want my ma en Wynand het eers saam gewerk. Toe ontmoet hulle mekaar en goed ...* (A1.10). Vandag, as ek so terugdink, is ek nogal bly dat my ma met Wynand getrou het, want *Wynand kan toe daar wees soos altyd ... en dit is dalk wat my ma nodig gehad het* (A1.11). | Was hier dalk oordrag van Heidi se eie belewing van die afwesigheid van haar vader op haar moeder se rede vir die egskeiding? Was haar moeder se eggenoot dalk ook haar vervangingsvaderfiguur? |
| *Ek en my ma en my pa was nog altyd net naby aan mekaar* (A1.14), ten spyte van die feit dat my ouers geskei is. Ek het gereeld by my pa gaan kuier, daar waar hy saam met my ouma gebly het en *ek en hy was rêrig, ons was close, want hy het my gevat vir fliek en ons het saam gaan uiteet en alles. Ons verhouding was rêrig mooi. My ma het nie 'n probleem daarmee gehad nie, want sy het dit verstaan* (A1.13). | Heidi het vroeër geborgenheid en stabiliteit beleef in beide mikro-gesinsisteme ten spyte van die egskeiding. Sy het die verhouding tussen haar en haar vader gedurende daardie tyd in positiewe terme beskryf. |
| Ek het so twee jaar gelede begin agterkom dat my pa minder aandag en tyd aan my spandeer. Die dag toe | Ervaring van verlies van die vader se habituele styl van bemoeienis. Sou hier- |

| | |
|---|---|
| ek my hand gebrand en in die hospitaal beland het, daardie dag het ek besef iets is fout. *Gewoonlik sou hy my gebel het om te hoor hoe gaan dit en hy sou sterkte gestuur het en so, maar dit het nooit gebeur nie* (A1.31). *Ek het net eenkeer 'n boodskap gekry wat hy vir my ma gegee het en sy het gesê, "Ja jou pa sê sterkte" en goed en liefde, maar toe nooit weer nie ...* (A1.32). | die verandering in die vader se gedrag moontlik wees weens sy verbintenis aan 'n tweede huweliksmaat? |
| My en my pa se verhouding het, volgens my, begin skeef loop toe my pa, twee en 'n half jaar gelede, *met daai vrou deurmekaar geraak het* (A1.28-A1.30). *Ek het nie actually geweet sy was in die prentjie nie ...* (A1.29), maar my pa het toe met *die dingetjie* (A1.32) getrou en hulle het 'n kind saam (A1.21-A1.28). | Heidi se ervaring van die ontsporing van vroeëre vertrouensverhouding tussen haar en haar vader word volgens haar, bewustelik slegs toegeskryf aan haar vader se verbintenis met sy nuwe eggenote. Sy het in negatiewe terme verwys na die nuweling. |
| Ek het haar die eerste keer ontmoet toe ek eenkeer na my ouma toe gegaan het en toe sê my pa vir my: *"Ek wil hê jy moet rêrig die vrou ontmoet wat ek ontmoet het en waarvan ek baie hou". Ek sê toe, okay fine, jy weet, go for it. Toe ontmoet ons in so 'n coffeeshop plekkie ...* (A1.34). Sy was van die begin af baie *loud* (A1.34) en ek het nie baie daarvan gehou nie. S*y begin toe sommer vir my sê jy moet meer jou hare los dra, want dit sal mooier so lyk en, ek weet nie, ek hou nie van so 'n tipe persoon wat straight vir my sê ...* (A1.35). *Ek moet hulle eers bietjie ken voordat hulle dit vir my sê* (A1.36). | BGB: Heidi het 'n oënskynlike bereidwilligheid getoon om te waag met die nuwe verhouding, maar het die nuweling se pogings tot toenadering nie aanvaar nie. Kon haar belewing van pyn van 'n verhouding wat begin skeefloop tussen haar en haar vader moontlik bygedra het tot haar onwilligheid om die nuweling se pogings tot toenadering te aanvaar? Kon sy moontlik voel sy staan in kompetisie met die vader se nuwe eggenote? |
| Ek het 'n paar naweke na daardie dag weer na my pa en ouma toe gegaan, *en, ek weet nie, dit het net nie weer soos voorheen geword nie* (A1.38). Die kere wat ek wel saam met hulle gekuier het, het ek haar *basically avoid* (A1.58) en meer by my ouma gekuier (A1.58). | Heidi se belewing van afstand met betrekking tot haar lidmaatskap aan haar veranderde sekondêre mikro-gesinsisteem het begin verdiep en sy het die onsekerheid en pyn hanteer deur van doelbewuste vermyding gebruik te maak. |
| My pa werk *ontsettend* (A1.6) hard. Hy is min by die huis, veral omdat hy in China werk, en ek weet dat daar finansiële probleme is, en dat hy regtig lief is vir *die vrou*, maar *daar is iets nie lekker in haar nie, want sy wil ..., sy skop hom die heeltyd uit, hulle baklei verskriklik* (A1.4). *Ons het nou die dag saam gaan kuier. Dit was toe die vrou ..., my pa en die vrou baklei mos so baie, toe gaan eet ons uit by Jasmyn* (A1.66). *Sy sit toe daarso toe sê sy, "ja ek weet nie waar gaan jou pa slaap vanaand nie" en so aan en sy sê toe "ja hy is so sleg hy is amper nooit daar nie", toe sê ek "ag dis oraait, hy kan maar by my ouma kom slaap en ek en hy sal lekker rugby saam kyk". Sy kyk* | BGB: Objektiewe kritiese denke. Heidi het insig getoon ten opsigte van haar vader se werksituasie en verbondenheid aan 'n nuwe egmaat, maar haar persepsie van die disfunksionele verhoudings in haar sekondêre mikro-gesinsisteem het haar lojaliteit teenoor haar vader verhoog en moontlik bygedra tot negatiewe blamering. Het Heidi en haar ouma moontlik 'n alliansie teen haar vader se eggenote begin vorm? |

| | |
|---|---|
| *my toe so en sy bly stil vir 'n rukkie en sy trek haar gesig skeef* (A1.67). *Toe kyk ek ook net weg en my ouma kry so massiewe smile, want sy het gesien, want my ouma hou ook nie baie van haar nie* (A1.68). | |
| Dit voel vir my of my liefde vir my pa my 'n fighter gemaak het (A1.23). Ek moet nou veg vir my pa se aandag, liefde en tyd, want ek sien my pa nooit meer nie en dit is net *daai vrou* se skuld. *Ek weet ek hou nie van haar nie, punt, en ek dink nie sy hou baie van my nie* (A1.27). Sy is 'n regte *bitch* (A1.70). | Sy het gekompenseer vir haar vrees om moontlik die kompetisie tussen haar en haar vader se eggenote te verloor deur 'n negatiewe houding ten opsigte van haar vader se eggenote te handhaaf en haar te blameer vir die gedistansieerde verhouding tussen haar en haar vader. |
| Ek verstaan dat my pa lief is vir *die vrou* en dalk staan hy in die middel van my en *die vrou* en *ek wil nie hê hy moet kies nie, ek sal happy wees as hy haar in sy lewe het, want hy is lief vir haar, ek weet dit. Ek sal dit nooit aan hom doen om vir hom te sê: "okay jy moet daai vrou los om vir my te hê nie", maar dit is wat sy vir hom sê* (A1.96). *Sy hou hom net die heeltyd weg. Sy wil nie hê hy moet by my wees nie* (A1.90). Ek glo my pa is lief vir my en ek hoop nie my pa sal dit toelaat dat *die vrou* my van hom wil weghou nie, maar ek is bang dit gebeur wel (A1.106). My pa verwag darem nog van my om my punte vir hom te sms en dan sal hy my gewoonlik vra waarmee kan hy my help (A1.112). | BGB: Objektiewe kritiese denke. Ten spyte van haar insig en kritiese denke, het sy onsekerheid beleef ten opsigte van haar sosiale posisie in die gesin en het sy steeds die moeilike situasie hanteer by wyse van rasionalisering. Sy het moontlik haar eie subjektiewe vrese en pyn ontken en het al haar onsekerheid op haar vader se eggenote geprojekteer. |
| Ek sal jok as ek sê dat ek en die vrou glad nie oor die weg kom nie, *ons kom oor die weg, halfpad,* want ons praat darem met mekaar (A1.84), maar *sy is te vooraf en sy dink sy weet alles, sy wil vir almal voorskryf wat om te doen* (A1.85). *Alles gaan vir haar net oor geld* (A1.124). Miskien voel ek so negatief teenoor haar omdat ek dalk bang is dat sy my pa by my steel (A1.88). Ek het ook eenkeer al gewonder of my pa meer tyd vir my sal hê as dinge tussen my en die vrou kan regkom. Ek het begin planne maak oor hoe ek haar sal benader, want dalk as *ek haar regtig leer ken, dalk gaan ek van haar hou miskien …* (A1.144). Ek kan dalk probeer om met haar oor die weg te kom, *ek sal rêrig want ek wil nie hê my pa moet haar verloor nie want hy gaan dan seerkry … maar dan moet sy ook probeer* (A1.121). | BGB: Objektiewe kritiese denke. Heidi kon die situasie tussen haar en haar vader se eggenote krities evalueer en kon met 'n realistiese probleemoplos-singstrategie na vore kom, maar haar negatiewe ingesteldheid teenoor haar vader se eggenote het steeds haar denke vertroebel. |
| Ek moet sê, dit is vir my regtig lekker in my ma se gesin. *Ek en Wynand het 'n baie goeie verhouding, ek en hy is rêrig, ons is baie naby aan mekaar, ek, hy en my ma* (A1.148). Noudat ek nie meer baie na my pa toe gaan nie is ons 'n familie en … *ek aanvaar hom as* | BGB: Stabiele en ondersteunende primêre mikro-gesinsisteem, positiewe binding met, en ingesteldheid van sensitiwiteit teenoor, haar moeder se eggenoot. Alhoewel 'n warm, positiewe |

| | |
|---|---|
| *my regte pa* (A1.149). *Ek en hy raak soos vriende. Ons is soos buddies* (A1.154), ... *hy voel vir my soos 'n pa* (1.152). Afgesien dat ek vir Wynand "pa" sê sal ek nooit voor my eie pa vir Wynand "pa" sê nie, veral ook nie in my ouma se teenwoordigheid nie ... *dan noem ek hom nie "pa'"nie, dan is dit "Wynand", want dan voel dit vir my verkeerd ...* (A1.160). My pa en Wynand hou ook nie baie van mekaar nie (A1.158). | verhouding in die primêre mikro-gesinsisteem gekompenseer het vir Heidi se belewing van afstand met betrekking tot haar lidmaatskap aan die sekondêre mikro-gesinsisteem, het sy steeds emosionele onsekerheid en pyn ervaar weens haar lojaliteitskonflik ten opsigte van haar vader. Sy het hierdie lojaliteitskonflik hanteer deur doelbewus haar optrede in die teenwoordigheid van haar vader en ouma te reguleer ten einde sosiaal verantwoordelik op te tree. |
| Ek is gelukkig saam met Wynand en saam met my pa, maar al wat ek anders sou wou hê is dat my ma en pa hulle dinge kan uitsorteer(A1.187), want hulle praat glad nie met mekaar nie (A1.183). Ek besef dat my ouers hulle eie probleme moet uitsorteer, maar ek raak omgekrap as my ma en pa so baklei, veral oor die onderhoudgeld (A1.184). *Ek sien my ma is nog steeds baie geheg aan my pa. Sy dink baie aan hom en sy het eenkeer, ons het gaan kamp, toe sê sy vir my sy is nog lief vir hom* (A1.188, A1.189). Ek dink my ma en pa is nog lief vir mekaar en dit maak my hartseer, maar ek het nog nooit werklik oor hierdie diep dinge met iemand gesels nie (A1.195). Ek kom wel baie op vir my pa as my ma hom slegsê of wil benadeel (A1.185). | Konflikverhouding tussen biologiese ouers. Ten spyte van 'n vertrouensverhouding tussen Heidi en haar moeder se eggenoot het sy steeds die fantasie van versoening tussen haar biologiese ouers gekoester. |
| Ek cope in hierdie situasie deur dit net *dag vir dag* te vat (A1.18). As ek myself in hierdie situasie met iets kan vergelyk sou ek sê ek voel soos een van daai karretjies wat elke keer moet teruggetrek word, sodat die karretjie opgewen kan word om weer vorentoe te beweeg (A1.202). Elke keer as ek hartseer voel oor my pa wat nie meer hier is nie (A1.197), dan huil ek bietjie en *dan kalmeer ek, dan begin ek weer van step one, dan gaan ek verder* (A1.201), want *as ek huil dan relax dit my, dan begin ek maar net weer van vooraf, dan druk ek weer vorentoe. Hopelik hierdie keer gaan ek verder* (A1.205). | BGB: Objektiewe kritiese denkvermoë, effektiewe emosionele en gedragsregulerende strategieë, en self-effektiwiteit. Heidi kon deur middel van die metafoor haar omstandighede en emosionele belewing op 'n bewuste vlak, objektief evalueer, oënskynlik sonder onbewuste rasionalisering van gebeure. |
| My ouma ondersteun my gelukkig baie, want *ek en my ouma is baie naby aan mekaar*(A1.59). Maar vandat my ouma nie meer saam met hulle bly nie, is dit vir my nog moeiliker om daar te kuier. Gelukkig is my sussie daar en hulle het ook honde wat die dinge vir my bietjie makliker kan maak (A1.47, A1.48). | BGB: Haar ouma het as 'n kompenserende faktor vir haar belewing van emosionele afstand in die verhouding met haar vader gedien. Die ongemaklikheid in die teenwoordigheid van haar vader se eggenote is deur bewustelike vermyding hanteer, deur met haar sussie of met die honde te speel. |

| | |
|---|---|
| Ek dink my karretjie word opgewen deur al die mense hier wat vir my lief is en omgee, soos my ouma, my ma-hulle en my vriendinne hier by die skool (A1.225). My plan is om die komende vakansie my ouma te vra of sy my nie wil kom haal nie en dan kan ons vir my pa gaan kuier. *Ek gaan kyk of ek in die vakansie, as ons nie kamp of iets nie of ons is nie by my nefie nie, gaan ek kyk of ek na hom toe kan gaan* (A1.238). Ek is ook van plan om 'n meer positiewe verhouding met die vrou te hê want *dit is maar beter as ek met haar 'n goeie verhouding het, as wat ek nou die heeltyd 'n slegte verhouding met haar het en dan loop ek die heeltyd met hierdie negatiewe emosie wat soveel moeite is* (A1.224).<br><br>**Narratiewe gesprek 2: 2010-07-14** | BGB: Objektiewe kritiese denke, ondersteunende primêre mikro-gesin-sisteem, mikro-sisteem van ouma en portuurgroep-mikrosisteem. Alhoewel sy toereikende emosionele hanteringstra-tegieë voorgestel het, was sy steeds van plan om haar ouma as 'n buffer te gebruik ten einde die moeilike omstan-dighede te probeer hanteer. Sal haar nuutgevonde insig met betrekking tot haar houding teenoor haar vader se eggenote in haar gedrag neerslag vind? |
| Ek was van voorneme om te *eksperimenteer* om te kyk of ek meer tyd saam met *die vrou* kan spandeer, maar *ek het nie vir my pa se vrou gesien nie* (A2.2), *want volgens my ouma baklei hulle vreeslik baie en* ek hoor dat *die vrou* weer swanger is (A2.5). My pa gaan in elk geval *vandag of more China toe, ek weet nie vir hoe lank nie, maar wanneer hy terugkom ..., ek sal seker weet wanneer hy terugkom ...* (A2.17), sal ek weer soontoe gaan. | Haar bewustelike voorneme om te probeer kontak maak met haar vader se eggenote was primêr gestuit weens die oënskynlike konflik tussen haar vader en sy eggenote en sekondêr deur die vader se emosionele sowel as fisiese afwesig-heid. |
| My karretjie is nou in die *terug-trek losie* (A2.55), met *potensiële energie* (A2.56), maar die *konflik* tussen my pa en *die vrou* keer my om soontoe te gaan (A2.62), maar ek *verlang na my pa en my sussie* (A2.83). Ek voel onseker,*want ek weet nie wat gaan gebeur aan daai kant nie* (A2.74) en *as dinge nou daar gaan gebeur hoe gaan dit my beïnvloed* (A2.75). Ek voel bang, *want ek weet nie wat om te verwag aan daai kant nie* (A2.68) en *ek weet nie wat daar gaan gebeur nie* (A2.89). *Ek is die meeste bang dat hulle twee mekaar sal wil los en dan is my sussie in dieselfde situasie as ek* (A2.152). *Ek weet nie hoe gaan my sussie cope nie, want daar is dalk nie baie mense soos ek nie, almal kan nie soos ek cope nie* (A2.153). Ek voel ook *bekommerd* oor my sussie, dit gaan *haar seermaak* (A2.181) as hulle besluit om te skei (A2.154).Ek voel geskok omdat, *ek het nie verwag dat hulle nog 'n kind sal maak nie, ek het rêrig dit nie verwag nie ...* (A2.80). Ek *worry* oor my pa (A2.96) en ek bid altyd dat *'n vliegtuig nie moet val nie* (A2.157). Ek voel magteloos, omdat ek *niks aan daai situasie tussen daai twee kan doen nie* (A2.106), | BGB: Objektiewe kritiese denke en vermoë om eie emosies met meer akkuraat te identifiseer en uit te spreek. |

| | |
|---|---|
| want *sy moet self haar mind verander oor wat sy wil doen en wat sy nie wil doen nie, ek kan nie eintlik rêrig iets daaraan doen nie ...* (A2.107). Ten spyte van al hierdie negatiewe emosies bly ek steeds *hoopvol – ek hoop altyd dinge raak beter* (A2.89). | |
| Ek dink die skool gee my karretjie ook energie (A2.116), want ek geniet die skool en *die skoolwerk interesseer my onsettend* (A2.113). *Ek voel tevrede met myself oor my skoolwerk. Ek weet ek kan beter doen, maar ek weet ook ek gee my beste* (A2.110). Ek stel dikwels hoë eise aan myself (A1.120) en ek voel ook braaf dat ek die nuwe kwartaal kan aanpak (A2.108). Ek en my vriendinne kom goed oor die weg, maar ek raak gou *geïrriteerd* as hulle nie 'nee' vir 'n antwoord kan vat nie (A2.76). My gesin hier by my ma laat my ook net so goed voel soos die skool, *nie dat dit voel of dit hier by die huis soos 'n skool is nie, dis net...* (A2.141) dieselfde positiewe emosies (A2.142). | BGB: Effektiewe skoolomgewing, toereikende sosialisering met portuurgroep en intellektuele bevoegdheid. Heidi se intellektuele bevoegdheid het bygedra tot die bevordering van haar akademiese selfbeeld en self-effektiwiteit. |
| Ek is 'n persoon wat altyd die positiewe in 'n situasie probeer sien (A2.149). O*p die oomblik soek ek nog* die positiewe in my pa se situasie, *maar ek soek* (A2.150) *en ek hoop hulle sorteer dit uit, ek dink hulle sal kan. As sy, as sy bietjie net meer wil kalmeer en luister na wat my pa vir haar wil sê dan sal hul dinge regkom* (A2.151). *Ek is ook 'n baie nuuskierige persoon, so ek wil sien wat daar gaan gebeur* (A2.161), maar die karretjie is steeds baie deurmekaar en weet nie waarheen hy nou gaan ry nie (A2.166). | BGB: Objektiewe kritiese denke, hoop en verdiepte insig in subjektiewe emosionele belewing. Heidi se vermoë om haar eie emosies met meer subjektiewe akkuraatheid te identifiseer het die weg begin baan vir die moontlike ontwikkeling van toereikende emosionele hantering-strategieë, maar haar waaghouding is telkens gepootjie deur haar belewing van pyn, onsekerheid en ingestelheid van negatiewe blamering. |
| Ek is eintlik *nie meer seker waar* my karretjie nou is nie (A2.163) of miskien sit hy nog *vas by die petrolstasie* (A2.164), waar ek besig is om petrol te kry (A2.165). Ek wil so graag weer *die balans hou tussen hierdie familie en daai familie (A2.170)* en *ek wil soos hier wees en dan ook dieselfde daar wees* (A2.171), maar vir die karretjie om daar te kom moet hy eers 'n *padkaart* kry (A2.173) of 'n *alternatiewe roete* soek (A1.175). | BGB: Objektiewe beskrywing van subjektiewe vrese. Erkenning van die belewing van onsekerheid en die behoefte om aan haar sekondêre mikro-gesinsisteem te behoort het die nodigheid laat blyk om meer effektiewe probleem-oplossingstrategieë te probeer ondersoek. |
| Daar is verskeie mense wat my karretjie beskerm, as ek sou besluit om te ry, soos byvoorbeeld *my pa* (A2.199), *my ma* (A2.202) en *my ouma, definitief* (A2.210). Ek is net bang dat die karretjie 'n *rooi robot daar voor vang en dan draai hy om ...* (A2.212). Ek kan my eie *braafheid* ook gebruik (A2.216) om te probeer om na *die vrou* toe te ry, *ons het een ding in common, ons altwee hou van diere en plante en so aan,* | BGB: Groeiende insig met betrekking tot geïdentifiseerde bates (vader, moeder en ouma) en persoonlike sterkpunte (self-effektiwiteit, positiewe self-waarde, selfvertroue, sin vir humor en objektiewe kritiese denke). Het sy werklik haar vader as 'n bate beleef of het haar lojaliteit teenoor hom haar genoodsaak |

| | |
|---|---|
| *so ons kan maar saam iets begin doen* (A2.218), maar dit gaan moeilik wees want *die vrou* maak dit nie maklik nie. Ek het nooit besef dat ek *soveel positiewe punte* het nie (A2.225).Ek kan *weer na haar toe gaan en my positiewe punte gebruik om meer met haar te wees sodat ek net, want ek dink as ek met haar kan vriende maak dan sal dit seker maar my pa, hulle twee se konflik stop, ek hoop* (A2.231), en *as ek hulle net bietjie kan kalmeer sal dinge dalk beter gaan* (A2.234).Ek het nooit gedink ek het die deursettingsvermoë gehad om tot by die petrolpomp te kom nie (A2.242), en ek wil *verseker beweeg* (A2.243) *sodat ek kan begin ... sodat ek bietjie verder kan kom die volgende keer* (A2.244). Miskien moet ek vir my 'n *groter tenk* kry, net vir ingeval (A2.245). | om so te dink? Alhoewel haar emosionele onsekerhede en pyn steeds haar kritiese denke beïnvloed het, kon sy egter weereens met 'n toereikende probleem-oplossingstrategie na vore kom en het sy vasberade geklink om meer met haar vader se eggenote kontak te maak. Gaan haar voorneme hierdie keer haar gedrag verander? |
| **Narratiewe gesprek 3: 2010-09-03** | |
| My ouma gaan trek en ek is baie opgewonde oor die nuus (A3.126). Ek is bly vir my ouma se part want sy gaan na 'n *baie mooi huis*toe trek, met *lekker vertrekke* en *'n swembad* (A3.127). Nou kan my ouma 'n nuwe begin maak, sonder al die probleme van my pa en *die vrou* (A3.133). *Die vrou* het mos my *ouma gebel* en haar *gevloek* en *ek is baie kwaad daaroor want ek meen, hoekom bel sy my ouma* (A3.29).*My ouma wou in die eerste plek nie ingemeng het met haar nie* (A3.15). *Sy het ook gesê my ouma spandeer meer tyd aan my en sy gee nie om vir die ander kind nie, en ek gee nie om nie, en ek worry nie en goed, en ek doen. En as sy so wil wees moet sy nie ... ek weet nie ...* (A3.29). *Die vrou wil ook nie meer kontak hê met haar nie, so dus seker ook nie meer met my nie, maar nou ja* (A3.84). | Heidi het van ontkenning en rasionalisering gebruik gemaak om haar vrees vir afstand van nog 'n verhouding, boonop haar deurgang-mikrosisteem, te onderdruk. |
| Ek het die afgelope tyd my pa nie eenkeer gesien nie en ek is ook nie seker nie, maar *ek dink hy het teruggekom* (A3.17) van China af. Ek het wel by my ouma gaan kuier en *gehoop* hy sal daar aankom, *maar hy het nie* (A3.25). My ouma het toe vir my gesê dat dit nie goed gaan by my pa-hulle nie. Volgens my ouma *baklei* hulle verskriklik baie en is daar *groot finansiële probleme* (A3.13). Dit is ook die rede waarom sy moet trek, want dit is te duur om daar te bly (A3.135).Die huis waarin my ouma nou bly is my pa-hulle se eiendom en nou kan hulle dit nie meer bekostig nie, *maar ek dink die vrou wil net geld hê* (A3.15). | Haar voorneme om te probeer uitreik na haar sekondêre mikro-gesinsisteem was gestuit deur haar vader se emosionele sowel as fisiese afwesigheid asook deur haar ouma se bewerings van die finansiële probleme en konflik-verhoudinge in die gesin van haar vader. Alhoewel Heidi nie eens geweet het of haar vader terug was of nie, is die realiteit van sy ontoereikende verhouding versag deur weereens haar vader se eggenote te blameer vir die komende verlies van haar deurgang-mikrosisteem. |

| | |
|---|---|
| My karretjie het dus met sy vol tenk petrol verby my pa-hulle gery reguit na my ouma toe. Ek kan met my ouma dinge praat wat ek nie met my ma kan praat nie want *my ma oorreageer baie oor dinge en haar visie wat sy oor my pa het is baie anders en wanneer ek daaroor praat dan skram sy weg daarvan, en sy sê hom die heeltyd sleg* (A3.53). My ma sê altyd dit is my pa se skuld, maar e*k sal nooit voor sy kop gooi, of ek dink nie rêrig daaraan dat hy ons verlaat het nie of dat hy my wil weggooi of dat hy weg is nie* (A3.61). | BGB: Sterk vertrouensverhouding met ouma. Heidi se moeder se negatiewe houding en openlike verbale vyandigheid teenoor Heidi se vader het haar verhinder om haar emosies met haar moeder te deel. Sy het haar lojaliteits-konflik dus hanteer deur van vermyding gebruik te maak. Sy het ook haar eie subjektiewe vrees en emosionele pyn ontken dat haar vader haar dalk weggegooi het. |
| Ek en my ouma *voel amper dieselfde oor hom. Ons altwee is baie lief vir hom en goed, en ons is nog ja, as ek haar vra, sy hou ook nie baie van daai ... van my stiefma nie* (A3.83). *Sy voel ook dieselfde oor haar, ook oor sy haar gevloek het en goed.* As ek die parkering van my karretjie by my ma en my ouma vergelyk sou ek sê dat ek *meer rustig* by my ouma voel, want sy hou ook nie van *daai vrou* nie (A3.82). Ek is so bly ek het 'n ouma om mee te praat want anders *sou ek baie frustreerd geraak het. Ek sou nie geweet het watter kant toe nie, want dit is sy wat ek altyd mee gaan praat en dan na die tyd is ek altyd so verlig* (A3.219). Ek voel trots op myself dat ek my ouma ondersteun *met my pa en goed. Sy is ook hartseer, ek weet dit, al wys sy dit nie. Sy moet hartseer wees. Dan is ek net daar vir haar. En sy hou daarvan as ek daar kuier en goed en ons lag altyd* (A3.170). | Sy het haar ouma gebruik as 'n veilige hawe ten einde moeilike omstandighede te kon hanteer, aangesien sy en haar ouma 'n alliansie teen haar vader se eggenote gevorm het. Deurdat sy 'n vertrouensverhouding met haar ouma kon handhaaf is haar behoefte om te behoort bevredig en het sy menswaar-digheid daardeur beleef. Sy het egter haar hartseer aangaande haar verhou-ding met haar vader ontken en het die emosie op haar ouma geprojekteer. Kon haar ouma moontlik die ontoereikende hanteringstrategieë van blamering, vermyding en ontkenning aan Heidi gemodelleer het? |
| Ek sien vir Wynand as my pa in hierdie gesin, hy ondersteun my en is lief vir my (A3.195), maar *die subject van my pa kom nooit baie op nie* (A3.198). *Ek dink Wynand is steeds jaloers* (A3.199). Hy raak *beskermend* teenoor my en my ma en voel seker *my pa gaan ons weer seermaak* (A3.205). Wynand is ook nie altyd aan my kant nie want hy moedig my ma die heeltyd aan om my pa *hof toe te vat oor die onderhoudgeld* (A3.85), maar *ek steur my nie eintlik aan hom nie, om eerlik te wees, as dit by sulke situasies kom dan weet ek. Hy praat net uit sy kop uit, hy dink nie wat hy sê nie. Dan sê ek net, "okay, dis jy wat so sê"* (A3.89). Alhoewel Wynand ook van my ouma hou, *praat hulle nie baie nie* (A3.105). Ek praat en dink liewer nie oor hierdie dinge nie want dit gaan my *gemoed afbring* en my ma en Wynand sal my in elk geval nie glo nie (A3.212) en dit is hoekom ek eerder met my ouma sal praat. Sy sal vir my eerlik sê as ek nie reg is oor 'n ding of nie (A3.215). | BGB: Aanvaarding van haar moeder se eggenoot as 'n vervangingsvaderfiguur. Sy het haar lojaliteit teenoor haar eie vader probeer regverdig deur van blamering gebruik te maak, om haar moeder se eggenoot te beskuldig van jaloesie en hom te verkwalik dat hy haar vader vir agterstallige onderhoud sou wou laat vervolg. Alhoewel sy haar moeder se eggenoot as vaderfiguur in haar primêre mikro-gesinsisteem beleef het, het sy hom nie as haar vertroueling gesien nie. Sy het haar onsekerhede hanteer deur van vermyding gebruik te maak.<br><br>BGB: Sy het 'n bereidheid getoon om kritiek van haar ouma te aanvaar. |

| | |
|---|---|
| Ek probeer altyd net positief bly oor alles, *want ek het al gesien, ander kinders wie se ouers oorlede is. Dit is nie dieselfde ding nie, maar ek meen as jy nou sulke denke gehad het soos, "my pa lewe nog", dan begin kinders mos paniekerig raak en goed, en "hoor hier, hy wil my nie sien nie, hy het dalk van my vergeet", en sulke goed. Hulle kry sulke gedagtes, en ek worry nie daaroor nie, ek weet ek kan hom mos altyd net bel en goed* (A3.176). *Ek is die heeltyd gelukkig, want ek probeer om nie hartseer te wees nie* (A3.151), *want hartseer bring 'n mens af, en as jy af is dan doen jy nie goed nie* (A3.152). | Heidi het geïdentifiseer met kinders wie se ouers oorlede is. Sy het moontlik haar vader as "dood" begin beleef. Sy het haar negatiewe emosie onderdruk deur van distansiëring en ontkenning gebruik te maak. Sy het van rasionalisering gebruik gemaak om haar eie pyn van verlies te onderdruk. |
| Die skool help my om cope, *om nie so erg daaraan te dink nie* en *om oplossings te kry* deur te *fokus* op my skoolwerk (A3.145, A3.146). Ek is gelukkig by die skool en voel trots op myself, *want ek het in die eerste paar toetse se punte wat ek terug gekry het ek iets soos 80's gekry. Heeltyd net 80%. So ek is baie trots op dit, en my wiskunde het ek 95% gekry.* Ek dink ek het 'n brawe ding gedoen om *Wiskunde en Fisika* as vakke te kies *(A3.139)* al het ek net *57% op my rapport gekry (A3.158). En ek moet seker braaf wees want my pa het 'n honneursgraad in fisika. Ek gaan hom vra om my te help met dit as hy weer terugkom hierna toe* (A3.142). My pa moet my help (A3.156), *want ek het* sy *hulp nodig* (A3.157). Ek wens ek kan nou *by my pa met my fisika wees* (A3.230). | BGB: Intellektuele bevoegdheid, positiewe skoolomgewing, prestasie-georiënteerd en objektiewe kritiese denke. Sy het haar emosionele onsekerhede en pyn doelbewus onderdruk deur op haar skoolwerk te fokus en te presteer. Haar behoefte aan haar vader se emosionele en fisiese teenwoordigheid is deur middel van rasionalisering uitgespreek. Sy het opnuut die inisiatief van toenadering op haar geneem deur haar voorneme om haar vader by haar skoolwerk te betrek. |
| Ek dink ek sal my pa *weer eenkeer sien, partykeer maak dit my hartseer, maak ek dink ek sal hom weer sien, ek hoop, ek moet* (A3.28). *Ek wil op die oomblik net fokus op skool en om my ouma te help en om net by haar te wees, want as sy gelukkig is, dan is ek gelukkig* (A3.229). As ek my pa gaan kontak oor die fisika sal ek maar weer *deur my ouma gaan* (A3.232). Ek weet my karretjie sal veilig wees by my ouma want daar kan niemand hom *steel* nie (A3.239). | BGB: Gereedheid om emosie te identifiseer. Ten spyte van ontoereikende emosionele hantering-strategieë het sy in 'n vlietende oomblik, haar emosie met groter subjektiewe waarheid geïdentifiseer. Sy het haar blootgestel-de emosionele onsekerheid en pyn egter weer hanteer deur middel van vermyding. Sy het doelbewus die fokus vanaf haarself verskuif na haar ouma en haar skoolwerk. Ten spyte van die feit dat sy bewus was van haar ouma se verhuising het sy steeds beplan om die veiligheid van haar ouma as deurgang-mikrosisteem te gebruik om met haar vader kontak te maak. |
| **Narratiewe gesprek 4: 2010-10-06** | |
| My ouma het toe *getrek* (A4.6) en ek het nog nie weer van *my pa* gehoor nie (A4.9). *Hy kontak my ook* | Haar oënskynlike voorneme om met haar vader kontak te maak is gestuit deur die |

| | |
|---|---|
| *nie en hy het blykbaar 'n nuwe nommer, my ma gaan hom nog vir my gee* (A4.27). Ek het hom probeer kontak oor die fisika maar kon hom nie in die hande kry nie (A4.32). Ek hoor ook niks van *die vrou* nie en *dit pas my goed* (A4.34). My pa behandel nou ook my ouma baie sleg (A4.61). | feit dat haar ouma nie meer as deurgang-mikrosisteem funksioneer het nie asook deur haar vader se emosionele sowel as fisiese afwesigheid. |
| *Hulle steur hulle nie aan ons nie en my ma probeer nou vir my pa kry, want hy het ses maande laas onderhoud betaal* (A4.10).vHy het altyd die onderhoudgeld in my bankrekening inbetaal en dan kan ek die geld gebruik vir sakgeld of as my ma geld nodig het vat sy dan van daardie onderhoudgeld (A4.36). Ek het nooit vir my ma daarvan gesê nie *want, ek meen, hoekom sal dit my nou pla? En toe het sy bietjie van die geld nodig ... en ja ...* (A4.37). *En toe kry sy nie, toe weet sy nou nie wat met die geld gebeur het nie, toe sê ek vir haar maar hy het nie betaal nie* (A4.38). Ek het nie eintlik daaroor gedink nie want *ek worry nie daaroor nie. En hoekom het ek die geld nodig, ek het alles wat ek nodig het hier* (A4.49). Maar ek weet die onderhoudgeld is *die geld wat my moet versorg, soos die bydrae wat hy moes gegee het as hulle getroud was, soos die kos en die klere en die skoolfondse en daai goed* (A.4.52). | Haar lojaliteit teenoor haar vader het haar blind gemaak vir die realiteit van sy versuim om sy verantwoordelikheid na te kom. Sy het deur doelbewuste verswyging en deur die rasionalisering van die omstandighede probeer om die moeilike situasie te hanteer. |
| My ma is baie ontsteld oor die feit dat my pa nie onderhoud betaal nie. Sy dink dit maak my ongelooflik seer, *want sy weet hoe dit voel want sy het ook mos haar pa verloor op vier ...* (A4.42).Ek begin ook al hoe meer dink dat ek ook besig is om my pa te verloor (A4.44), maar ek sal dit nog steeds *handle* (4.65). | BGB: Objektiewe kritiese denke en insig. Alhoewel sy geïdentifiseer het met haar moeder se verlies van haar eie vader, op 'n jong ouderdom, het haar groeiende objektiewe denke en insig ook nou gelei tot 'n meer akkurate beskrywing van haar eie ervaring van verlies. |
| Ek sien myself nie meer as 'n karretjie met bewegingspotensiaal nie, maar eerder as 'n *rubberrekkie* (A4.69). Ek word uitgerek deur emosies van *kwaad en hartseer* (A4.71), maar skiet elke keer weer terug. *Ek gaan die heeltyd so terug en vorentoe (4.79)* Ek rek tussen twee posisies, *negatief is my pa en die vrou is aan daardie kant en positief is my ma en ouma is aan hierdie kant* (A4.84). My *liefde en omgee vir ander, my maats* en *die skool*, my liefde vir die kunste, en my vermoë om altyd *die positiewe in 'n situasie te sien* is alles faktore wat my rekkie rekbaar maak (A4.97-A4.101). Ek is ook soos 'n *visstok* wat myself eerder uit die *yskoue water van my pa se gesin salterugtrek* (A4.107) want ek hou nie van die gevoel *daar* nie (A4.112). By my ma-hulle *is dit liefdevol en warm ... en dis net soveel beter, okay, ja* | BGB: Objektiewe kritiese denke, selfrefleksie en self-effektiwiteit. Alhoewel sy deur middel van die metafore van die rekkie en die visstok haar emosionele belewing en ekstrinsieke hulpbronne krities kon evalueer en met meer akkuraatheid haar self-effektiwiteit kon verduidelik, kon sy haar emosionele pyn nog nie vanself uiter nie. Sy het dus steeds die geneigdheid getoon om moeilike omstandighede te hanteer deur van vermyding gebruik te maak. |

| | |
|---|---|
| *sure, ek het hierso ook my issues, maar dit is nie soos daai kant nie* (A4.115). *Daai kant is meer erger as my issues hierso, want hierso kry ek maar 'n straf of iets en daarso verloor ek my pa* (A4.115). *Daar verloor ek actually fisies iets* (A4.117). Ek hou nie van die gesin van my pa nie want die gesinsdam waarin ek daar moet swem se water is yskoud (A4.107-A4.113). Die gesinsdam van my ma-hulle is liefdevol en warm want *Wynand, hy maak baie jokes en goed, so hy maak my gelukkig* (A4.161). | |
| Ek voel kwaad (A4.272), gefrustreerd (A4.175), magteloos (A4.177) en hartseer (A4.176) omdat my pa *nie meer in my lewe is nie* (A4.272).Dit voel vir my of hy my nie meer raaksien nie (A4 224). Ek voel hartseer oor die feit dat my pa blind is vir my emosies, *maar ek moet net leer om net te laat gaan want hulle sê mos altyd "f you love them set them free"* (A4.197). | BGB: Eerlike erkenning van haar belewing van emosionele afstand tussen haar en haar vader. Sy het nie meer haar vader se eggenote blameer nie, maar nou eksplisiet die rede vir haar pyn genoem. |
| Gelukkig is ek die tipe mens wat, *as ek die negatiewe sien, maak ek dit positief, al is daar nie 'n kans nie* (A4.127). *Dit is om eerder die glas half vol as die glas half leeg te sien* (A4.129) en daarom is ek geneig om eerder die ongemaklike emosies weg te druk en om nie daaraan te dink nie (A4274). Ek het nooit besef dat daar *actually baie meer goed is wat my voed as wat daar actually goed is wat my afbreek* (A4.309) en*ek is eintlik selfstandig want ek kan mos myself deurtrek en dit* (A4.310). | BGB: Selfrefleksie, self-effektiwiteit en objektiewe kritiese denke. Heidi het haar gewoonte erken om probleme of onaangename feite wat emosionele pyn veroorsaak eerder te onderdruk as om dit effektief aan te spreek. |
| **Narratiewe gesprek 5: 2011-03-21** | |
| Ek het my pa of *sy vrou* nog nooit weer gesien nie, *ek het wel van hom gehoor, hy't my gebel op my verjaarsdag in Januarie en hy het vir my ook gesê van die kind wat gebore is, maar toe nooit weer nie en my ouma het mos weggetrek van hulle af en is weer getroud, en nou het ek 'n stiefoupa* (A5.2). *My pa en my stiefma gaan nou aan op hulle eie, en my ouma op haar eie en ek op my eie* (A5.6). | BGB: Objektiewe evaluering van omstandighede en self-effektiwiteit. Heidi kon die moeilike omstandighede nou hanteer sonder haar ouma se teenwoordigheid. |
| *Ek is nie 'n persoon wat maklik oor my gevoelens praat nie, want dit is te seer* (A5.90) *Ek hou my weg van negatiewe goed* (A5.23). *Ek dink sodra negatiewe emosies kom, dan draai ek myself net weg daarvan af, en ek dink nie daaraan nie* (A5.23). *Negatiwiteit kan veroorsaak dat ek nie meer is wie ek is nie* (A5.25), *en op hierdie oomblik hou ek nogal van myself* | BGB: Positiewe lewensuitkyk, self-effektiwiteit en beheerde hantering van negatiewe emosie deur doelbewuste distansiëring sonder negatiewe blamering. Heidi het verstaan dat sy kan verkrummel as sy nie 'n positiewe houding handhaaf nie. |

| | |
|---|---|
| (A5.26). Dit is om hierdie rede dat ek *my pa uitgesluit het. Hy is net nie meer daar nie, ek voel hom nie meer nie* (A5.15). | |
| Ek het tot die besef gekom dat ek al die tyd *die vrou* beskuldig het want *ek het nie gedink om my pa te beskuldig nie* (A5.40). Ek besef nou dat hy eintlik verkeerd is en dat hy alles vir geld gedoen het, *dis hy wat agter die geld aan is, nie ek nie. Ek meen ek worry nie eers oor die onderhoud nie* (A5.46). As sestienjarige *is dit nie my skuld wat gebeur het nie. Ek was altyd daar vir hom en ek meen, hy het net besluit om te loop* (A5.47). Die gedagte dat ek my pa dalk nooit weer gaan sien nie, maak my baie hartseer (A5.68), maar *ek weet ek sal op 'n manier hierdeur kom* (A5.71).*Ek gaan nie dat dit my onder kry nie* (A5.72) want ek het niks *verkeerd* gedoen nie (A5.5.43). | BGB: Objektiewe kritiese denke. Heidi se denk vermoë het haar gelei tot insig met betrekking tot haar ontoereikende hanteringstrategieë ten opsigte van haar moeilike omstandighede. Haar vermoë om die situasie krities te evalueer het gelei tot 'n verdere bewustheid van haar self-effektiwiteit wat haar positiewe uitkyk op die lewe versterk het. |
| My *sterkpunte* het my nogal gehelp om te cope. *Dit help my dat ek aanbeweeg* (A5.19). My vriende, my ma-hulle, al die mense wat my liefhet soos my ouma, wat nog steeds vir my daar is al sien ek haar nie meer so baie nie en my boeke is wat my *help om my aandag af te lei* (A5.12, A5.90). Ek kry *baie ondersteuning hierdie kant* (A5.87), *alhoewel Wynand nie heeltemal 'n equal replacement vir my pa is nie, help hy nogal baie* (A5.88). | BGB: Self-effektiwiteit en objektiewe kritiese denke. Met die identifisering van bates het Heidi insig getoon in haar vermoë om haar bates te kon benut en om haar emosionele belewing ten opsigte van haar vader en haar moeder se eggenoot meer akkuraat te kon verwoord. |
| Al waaroor ek verantwoordelikheid moet vat is hoe ek hierdie dinge hanteer (A5.79). Ek het altyd gedink ek kan nie oor my emosies praat nie, maar ek *kan tog, net nie met enige iemand nie* (A5.90). | BGB: Bevestiging van self-effektiwiteit ten opsigte van haar vermoë om haar emosies met meer realisme te kon uitspreek. |

#### 4.2.1.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Heidi se veerkragbenutting

Binne die uniekheid van die hersaamgestelde gesin, waar Heidi volwaardig lid is van **twee** mikro-gesinsisteme, maar slegs aktief funksioneer binne **een** gesinsisteem, vind haar veerkragbenutting slegs in een sisteem plaas. Vanweë verskeie disfunksionele verhoudingstrukture tussen Heidi en die lede van haar sekondêre mikro-gesinsisteem kan die interaksie-patrone daar geensins as proksimaal beskou word nie. Effektiewe proksimale interaksie-prosesse kom slegs na vore op die basis van 'n kombinasie van die **beskikbaarheid** van hierdie prosesse in die mikro-gesinsisteme en die individue se **disposisie** om die geleentheid raak te sien en te benut. Volgens my bio-ekologiese definisie van veerkragtigheid (2.5.2) wat spesifiseer dat 'n veerkragtige middel-adolessent sy/haar

persoonlike sterkpunte en bates moet kan aanwend ten einde die proksimale prosesse van interaksie binne ontwikkelingsisteme te kan optimaliseer, kan geredeneer word dat Heidi dus nie haar veerkrageienskappe binne haar sekondêre mikro-gesinsisteem asook nie in die heen-en weer beweging tussen die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme kan benut nie en dat haar veerkragtige herstel met persoonlike groei primêr afhanklik is van die vrugbare proksimale interaksie-prosesse tussen die lede van haar primêre mikro-gesinsisteem.

Ten einde 'n geïntegreerde begrypende verklaring te kan vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van Heidi se benutting van haar veerkrag-eienskappe, sal slegs die een navorsingsvraag as raamwerk kan dien, naamlik: *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die primêre mikro-gesinsisteem?* Alvorens hierdie navorsingsvraag beantwoord kan word, word die oneffektiewe interaksie-patrone binne Heidi se sekondêre mikro-gesinsisteem egter bespreek, waarna die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Heidi se primêre mikro-gesinsisteem bespreek sal word.

- **Heidi se onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem.**

Die hersaamgestelde gesin, as sekondêre mikro-gesinsisteem waarbinne Heidi behoort te funksioneer, word deur haar beskryf as yskoud en ongemaklik, met 'n gespanne atmosfeer. Die gesinsisteem word as 'n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien, wat vir die afgelope twee en 'n half jaar bestaan, maar wat Heidi se progressiewe ontwikkelingsvlakke nie akkommodeer nie en dus nie daarin slaag om die veilige emosionele ruimte te skep waarbinne sy as middel-adolessent behoort te ontwikkel nie. Die sisteem kan as 'n ongestruktureerde eenheid beskryf word met 'n wankelrige identiteit, waar onsekere ouerskap-rolle kristalliseer en ontoereikende interaksie tussen gesinslede plaasvind.

Heidi rapporteer dat proksimale interaksie-prosesse wel voorgekom het binne haar sekondêre mikro-gesinsisteem voor die ontstaan van die hersaamgestelde gesin. Aangesien die ontwikkelings-tydrame van die chronosisteem in daardie tyd geakkommodeer is deur die skep van 'n veilige ruimte waarbinne Heidi as kleuter en laerskoolkind aktief, binne beide haar primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme betrokke was, het die vrugbare proksimale prosesse bygedra tot haar veerkragtige herstel van die moeilike omstandighede wat die verbrokkeling van haar kerngesin te weeg gebring het. Heidi se ouma, wat vir 'n tydperk van agt jaar deel van haar sekondêre mikro-gesinsisteem was, het deelgeneem aan die proksimale interaksie-patrone, waardeur daar 'n besondere vertrouensverhouding tussen Heidi en haar ouma ontwikkel het. Inteendeel het Heidi, met die goedkeuring en

ondersteuning van haar moeder, spontaan en sonder enige tydsbeperkinge heen-en-weer beweeg tussen haar twee mikro-gesinsisteme.

Die hersaamgestelde gesin, as sekondêre mikro-gesinsisteem, het ontstaan vanuit ’n uitgebreide enkelouergesin wat vir agt jaar bestaan het, eers as ’n hersaamgestelde uitgebreide gesin vir drie maande, en daarna as ’n hersaamgestelde gesin, en die effektiwiteit van die interaksie-prosesse binne laasgenoemde is beperk deur die onstabiliteit van, en die veranderinge binne die sisteem. Die verlies van die enkelouerverhouding, wat moontlik nie effektief aangespreek was nie, het ’n ingrypende verandering in die proksimale interaksie-prosesse tussen Heidi en haar vader teweeggebring.

Interaksie-patrone tussen Heidi en haar vader se eggenote blyk ernstig ontoereikend te wees, moontlik omdat Heidi haar emosionele onsekerhede en pyn met betrekking tot haar lidmaatskap van haar sekondêre mikro-gesinsisteem probeer hanteer het by wyse van oneffektiewe hanteringstrategieë van vermyding en negatiewe blamering. Die omstandighede rondom die ontstaan van die hersaamgestelde gesin is onduidelik en voortdurende konflikverhoudinge tussen die ouers en tussen die vader se eggenote en Heidi se ouma word gerapporteer. Die moontlikheid bestaan dat ’n alliansie teen die vader se eggenote ontstaan het tussen Heidi en haar ouma en die proksimale interaksie-prosesse verder lamgelê het. Ten spyte van haar vader en sy eggenote se aanvanklike pogings tot toenadering en akkommodering van Heidi se behoeftes, het Heidi se ingesteldheid van onsekerheid ten opsigte van haar sosiale posisie asook haar vermydingsgedrag die proksimale interaksie-prosesse negatief beïnvloed.

Die proksimale interaksie-prosesse is verder geïnhibeer deur die eksosisteem waaraan haar vader onderwerp is. Sy werksomstandighede is van so ’n aard dat hy periodiek sy verantwoordelikhede in die buiteland moet nakom en dus nie op ’n kontinue basis binne die gesin kan funksioneer nie. Weens die kontraktuele aard van sy werk genereer hy ook nie ’n stabiele inkomste nie. Die vader se ingesteldheid van onbetrokkenheid, met tydsintervalle tussen kontak met Heidi wat wissel tussen vier weke en vyf maande, asook sy versuim om sy finansiële verpligtinge van onderhoud vir Heidi na te kom, het verder bygedra tot disfunksionele interaksie-patrone. As gevolg van die feit dat oneffektiewe interaksie-patrone tussen die gesinslede voorgekom het, kon die fases van ontwikkeling soos deur Papernow (in Ganong & Coleman, 1994:143) gepostuleer is, dus nie optimaal verloop nie.

Die disfunksionele verhoudingstrukture en oneffektiewe interaksie-patrone tussen die lede van die hersaamgestelde gesin dra by tot Heidi se intense emosionele onsekerheid en pyn

met betrekking tot haar lidmaatskap aan haar sekondêre mikro-gesinsisteem en haar belewing van verlies van haar verhouding met haar vader. Heidi se ingesteldheid van lojaliteit teenoor haar vader het bygedra dat sy haar emosionele onsekerhede en pyn probeer hanteer deur middel van die ontoereikende hanteringstrategieë van rasionalisering, ontkenning, vermyding en negatiewe blamering.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Heidi se primêre mikro-gesinsisteem.**

Die hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem waarbinne Heidi ontwikkel, word deur haar beskryf as warm en liefdevol, met 'n beskermende atmosfeer. Die sisteem word as 'n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien wat Heidi se progressiewe ontwikkelingsvlakke akkommodeer en bydra tot die skep van 'n veilige ruimte waarbinne sy, as middel-adolessent, aktief betrokke is. Die sisteem kan as 'n gestruktureerde eenheid beskryf word met 'n gevestigde identiteit waar duidelike, definitiewe ouerskap-rolle kristalliseer en vrugbare proksimale interaksie-prosesse tussen gesinslede plaasvind.

Binne die Fenomenologiese of Eerste Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing) kan Heidi se persoonlike sterkpunte en bates wat bydra tot die mobilisering van proksimale prosesse tussen gesinslede soos volg beskryf word: Heidi toon 'n ingesteldheid van 'n positiewe lewensuitkyk, sensitiwiteit teenoor haar gesinslede, aanvaarding van haar moeder se eggenoot as haar “ander” vader asook konstruktiewe appèlmatige eienskappe van sosiale verantwoordelikheid, aanvaarding van gesag en openheid teenoor haar moeder en haar moeder se eggenoot. Heidi ontwikkel vanuit haar aktiewe primêre mikro-gesinsisteem verder ook binne die mikro-sisteme van die skool en portuurgroep. Hierdie sisteme dra gesamentlik by tot haar suksesvolle ontwikkeling. Heidi beskryf die mikrosisteem van die skool as gemaklik en effektief. Haar persoonlike sterkpunte van intellektuele bevoegdheid, ingesteldheid van prestasie-georiënteerdheid en verantwoordelikheid ten opsigte van haar skoolwerk asook haar probleemoplossingsvaardighede dra by tot die bevordering van 'n positiewe akademiese selfbeeld en verhoging van self-effektiwiteit. Sy beskryf die sisteem van haar portuurgroep as ondersteunend en akkommoderend. Haar ingesteldheid van sensitiwiteit en positiwiteit teenoor haar maats en 'n bereidheid om keuses te maak, asook haar sosialiseringsvaardighede, dra by tot die bevordering van haar sosiale selfbeeld.

Heidi word egter ook gekonfronteer met verskeie risiko-faktore in haar primêre mikro-gesinsisteem, wat proksimale prosesse negatief beïnvloed. Ten spyte van die feit dat Heidi

reeds vir 'n tydperk van tien jaar binne haar primêre mikro-gesinsisteem goed funksioneer, ervaar sy steeds 'n lojaliteitskonflik ten opsigte van haar biologiese ouers en koester sy die fantasie van versoening tussen hulle. Haar lojaliteitskonflik word geïntensiveer deur haar biologiese ouers se voortdurende konflikverhouding met betrekking tot haar opvoedingsbehoeftes, haar ouers se oneffektiewe hantering van die onderhoudgeld, haar moeder se ingesteldheid van gegriefdheid en openlike verbale vyandigheid teenoor haar vader in haar teenwoordigheid, haar moeder se eggenoot se negatiewe ingesteldheid met betrekking tot haar vader se versuim van sy finansiële verpligtinge asook haar eie onsekerheid en pyn met betrekking tot haar lidmaatskap van haar sekondêre mikro-gesinsisteem.

Heidi het die onsekerhede wat deur die lojaliteitskonflik veroorsaak is hanteer by wyse van ontoereikende emosionele hanteringstrategieë van negatiewe blamering, onderdrukking, vermyding en rasionalisering en telkens in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkrag-ontwikkeling) teruggekeer na haar huidige sone van ongemak.

Waar sensitisering van persoonlike sterkpunte in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer is, het Heidi egter nou haar kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid, wat self-effektiwiteit, selfkennis, emosionele bewustheid, kritiese en meta-kognitiewe denkvermoë en probleemoplossingsvaardighede insluit, begin gebruik om haar emosies met groter subjektiewe waarheid te identifiseer en verbaliseer. Haar groeiende insig het daartoe bygedra dat sy die toereikende emosionele hanteringstrategieë van selfbeheersing en die ontwikkeling van positiewe betekenis deur herfrasering van die probleem begin benut het, en in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling) veerkragtig herstel het, met persoonlike groei.

Binne die Derde Golf van veerkragnavorsing, wat fokus rig op die analisering van motiverende energie binne-in individue of groepe tydens hul funksionering onder moeilike omstandighede, kan Heidi se ingesteldheid van 'n positiewe lewensuitkyk (motiverende energie) wat doelbewus deur haar benut word as motiverende energie vir veerkragtige herstel gesien word, aangesien sy toereikende insig toon in die feit dat sy moontlik kan verkrummel as sy toegee aan negatiewe, destruktiewe denke.


Heidi word as 'n veerkragtige ontwikkelende middel-adolessent beskou aangesien sy, in die teenwoordigheid van die moeilike omstandighede van haar onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem, die potensiaal toon om haar persoonlike sterkpunte en bates aan te wend ten

einde die proksimale prosesse van interaksie binne haar aktiewe primêre mikro-gesinsisteem te optimaliseer. Die vrugbare proksimale interaksie wat tussen Heidi en die lede van haar primêre mikro-gesinsisteem genereer word, dra by tot 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms wat die voortdurende proses van veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer.

### 4.2.2 Deelnemer B: Leon

#### 4.2.2.1 Feitlike konteks van Leon se mikro-gesinsisteme

Leon (veertien jaar en in Gr 9, ten tye van ons gesprekke) se kerngesin het bestaan uit sy moeder, Jana, sy vader, Andre, sy suster, Anel (negentien jaar, ten tye van ons gesprekke), en hy. Leon se ouers is tien jaar gelede geskei, toe hy vier jaar oud was. Die kerngesin word in Figuur 4.6 aangedui met gebroke lyne aangesien hierdie huwelik verbrokkel het.





Figuur 4.6 Leon se verbrokkelde kerngesin

Leon se moeder het kort na die egskeiding met Ben in 'n saamwoonverhouding betrokke geraak en 'n hersaamgestelde gesin is gevorm wat as Leon se primêre mikro-gesinsisteem bekend staan, aangesien sy primêre plek van verblyf by sy moeder was. Na twee jaar van 'n saamwoonverhouding is Jana en Ben getroud. Ben het geen kinders van sy eie nie en die egpaar het geen kinders saam verwek nie.

Leon se vader het na die egskeiding op sy eie gewoon en Leon se sekondêre mikro-gesinsisteem het dus die vorm aangenaam van 'n enkelouergesin. Leon het op 'n gereelde basis tussen die twee mikro-gesinsisteme beweeg. Die gesinne het in dieselfde woongebied gebly. Leon se hersaamgestelde en enkelouergesin word in Figuur 4.7 uitgebeeld. Aangesien daar in die studie gefokus word op Leon se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme, word slegs sy beweging op mesosisteemvlak aangedui, met 'n bewustheid van sy suster, Anel, se moontlike beweging op mesosisteemvlak. Andre se kinders, Anel en


Leon, word in die sekondêre mikro-gesinsisteem as stippellyne aangedui, aangesien hulle dié sisteem slegs periodiek besoek het.




Figuur 4.7 Leon se hersaamgestelde en enkelouergesin


Leon se vader het na drie jaar van enkelouerskap met Belinda in die huwelik getree. Leon, wat sewe jaar oud was, se sekondêre mikro-gesinsisteem het dus verander vanaf 'n enkelouergesin na 'n hersaamgestelde gesin. Belinda het twee kinders vanuit haar vorige huwelik, Frans en Martin, (onderskeidelik twaalf en veertien jaar oud ten tye van hul moeder se hertroue) wat Leon se sekondêre mikro-gesinsisteem slegs gedurende skoolvakansies besoek het. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie. Alhoewel Leon se sekondêre mikro-gesinsisteem verander het, het hy steeds op 'n gereelde basis binne dié sisteem gefunksioneer. Figuur 4.8 stel Leon se hersaamgestelde gesinsisteme voor. Belinda se kinders, Frans en Martin, asook Andre se kinders, Anel en Leon, word in die sekondêre mikro-gesinsisteem as stippellyne aangedui, aangesien hulle dié sisteem slegs periodiek besoek het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





Figuur 4.8 Leon se hersaamgestelde gesinsisteme

Leon se hersaamgestelde primêre gesinsisteem het na 'n tydperk van ses jaar, toe hy tien jaar oud was, verander na 'n uitgebreide hersaamgestelde gesin. Jana se oorlede broer se kinders, Mari en Susan (onderskeidelik nege en tien jaar oud ten tye van hul vader se afsterwe) is permanent by die egpaar in pleegsorg geplaas. Hul boetie, Johan (ses jaar oud ten tye van sy vader se afsterwe) is in 'n kinderhuis geplaas en het Leon se primêre mikro-gesinsisteem slegs oor naweke besoek. Al drie pleegkinders het ook saam met Leon sy sekondêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek. Figuur 4.9 stel Leon se uitgebreide hersaamgestelde primêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde sekondêre mikro-gesinsisteem voor. Belinda se kinders, Frans en Martin, en Andre se kinders, Anel en Leon, asook die pleegkinders, Mari, Susan en Johan, word in die sekondêre mikro-gesinsisteem as stippellyne voorgestel, aangesien hulle dié sisteem slegs periodiek besoek het. Johan word in die primêre mikro-gesinsisteem ook as 'n stippellyn voorgestel, aangesien hy dié sisteem slegs periodiek besoek het.





Figuur 4.9 Leon se uitgebreide hersaamgestelde primêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde sekondêre mikro-gesinsisteem

Die hersaamgestelde gesin van Leon se vader het vyf jaar na hul troue, toe Leon twaalf jaar oud was, verander. Belinda se kinders, Frans en Martin, op daardie stadium sewentien en negentien jaar oud, het permanent by die gesin begin inwoon. Leon het ten spyte van al die veranderinge steeds positief binne beide mikro-gesinsisteme gefunksioneer. Figuur 4.10 stel Leon se veranderde sekondêre mikro-gesinsisteem voor. Andre se kinders, Anel en Leon, sowel as die pleegkinders Mari, Susan en Johan word in die sekondêre mikro-gesinsisteem as stippellyne voorgestel, aangesien hulle dié sisteem slegs periodiek besoek het.




Figuur 4.10 Leon se uitgebreide hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem en veranderde hersaamgestelde gesin as sekondêre mikro-gesinsisteem

In die tydperk tussen ons tweede (2010-04-17) en derde (2010-07-30) gesprek het Leon se hersaamgestelde primêre gesin verhuis na 'n woongebied sowat vyftien kilometer van sy hersaamgestelde sekondêre gesin se woning af. In die tydperk tussen ons derde (2010-07-30) en vierde gesprek (2010-09-20) is die pleegkinders, Mari en Susan, wat permanent in Leon se primêre mikro-gesinsisteem gefunksioneer het, op hul versoek teruggeplaas in die kinderhuis. Hulle het egter steeds Leon se primêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek. Twee weke voor ons vierde gesprek (2010-09-20) het Leon uit sy eie besluit om permanent in die hersaamgestelde gesin van sy vader te gaan woon. Gesien in die lig van Leon se besluit het sy primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme dus omgeruil. Figuur 4.11 stel Leon se omgeruilde mikro-gesinsisteme voor. Leon en die pleegkinders, Mari, Susan en Johan, word in die sekondêre mikro-gesinsisteem as stippellyne voorgestel aangesien hulle dié sisteem slegs periodiek besoek het. In die tydperk tussen ons vierde (2010-09-20) en vyfde (2011-05-10) gesprek het Leon se hersaamgestelde sekondêre gesin weer terugverhuis na dieselfde woongebied waar sy hersaamgestelde primêre gesin woon.




Figuur 4.11 Leon se hersaamgestelde gesinne in omgeruilde orde as sekondêre en primêre mikro-gesinsisteme

#### 4.2.2.2 Die verloop van Leon se narratiewe gesprekke

Leon was aanvanklik huiwerig aangaande sy deelname aan die navorsing, ten spyte van die feit dat sy vader hom aangemoedig het om deel te neem. Na deeglike verduideliking en bevestiging van sy vrywilligheid tot volgehoue deelname het hy ontspan en ingestem tot deelname. Sy minder spontane, minder spraaksame samewerkendheid het 'n moeilike en uitdagende navorsingsklimaat geskep. Drie van die vyf narratiewe gesprekke het in die

woonkamer van die woonhuis van sy aanvanklike primêre mikro-gesinsisteem plaasgevind. Die laaste twee gesprekke het in Leon se slaapkamer in die woonhuis van sy verskuifde primêre mikro-gesinsisteem plaasgevind.

Aanvanklik is vier gespreksgeleenthede oor ’n tydperk van vier maande geskep, naamlik op 2010-03-21, 2010-04-17, 2010-07-30 en 2010-09-20. Na afloop van die analiseringsproses van die data van die eerste vier gesprekke is ’n vyfde gespreksgeleentheid op 2011-05-10 geskep. Die doel van die vyfde gesprek was tweeledig: eerstens om navorsingsvertroubaarheid te bevorder by wyse van kontrolering en uitbreiding van gegewens wat in die analise onduidelik geblyk het en tweedens om Leon se unieke ontwikkelingsproses, waar hy bepaalde keuses gemaak het in die manier van hantering van sy moeilike omstandighede, op te volg.

Met die aanvang van die eerste gesprek het Leon ’n ongeërgde houding gehandhaaf, maar met die verloop van die gesprek het hy meer ontspan en met meer gemak oor sy omstandighede gesels. Die gesprek was gekleur met die vertelling van sy belewing van frustrasie aangaande sy sosiale rangorde binne sy sekondêre mikro-gesinsisteem. Leon het reg van die begin af die probleemsituasie gestel van kompetisie tussen hom en sy stiefbroers vir sy vader se erkenning. Sy emosionele onsekerheid wat deur die sensitisering met betrekking tot die probleemsituasie ontstaan het, is hanteer deur die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates asook verkenning van probleemoplossingsmoontlikhede.

Die tweede gesprek, vier weke later, het ’n wending in Leon se houding ten opsigte van sy deelname aan die studie meegebring. Alhoewel Leon steeds nie spontaan gesels het nie, het hy ’n positiewe ingesteldheid gehandhaaf en baie meer ontspanne voorgekom. Sy opgewondenheid met betrekking tot ons gesprekke was duidelik sigbaar.

Vanweë die feit dat Leon se vader vir ’n tydperk van ses weke baie ernstig siek was, het daar ’n aansienlike tyd van tien weke verloop tussen die tweede en derde gesprekke. Leon het aanvanklik meer gespanne voorgekom, dalk vanweë die moontlikheid dat die omstandighede in sy primêre mikro-gesinsisteem kon verander, met die pleegkinders wat nie meer in Leon se primêre mikro-gesinsisteem wou woon nie. Die gesprek was aanvanklik styf en effens formeel, maar die natuurlike verloop van die proses om sy emosionele ervarings binne sy onderskeie mikro-sisteme met behulp van die narratiewe tegniek “FACE” te identifiseer het algaande ’n atmosfeer van rustigheid geskep.

Met die bevestiging van die afspraak vir die vierde gesprek, ses weke later, het Leon my vertel van sy veranderde kontekstuele omstandighede. Twee weke voor ons gesprek het hy uit sy eie besluit om permanent by die gesin van sy vader te gaan woon. Alhoewel die atmosfeer van die gesprek aanvanklik lig en ontspanne was en gekleur is met sy vertelling van sy emosionele belewing rondom sy besluit, het hy egter intense emosionele onsekerheid aangaande sy moeder ervaar. Deur middel van die terapeutiese proses het Leon sy onsekerhede op 'n kognitiewe vlak hanteer. 'n Uitnodiging vir deelname aan 'n gratis terapeutiese intervensieproses is aan Leon en sy vader gerig, maar hulle het dit nie opgevolg nie.

Met die vyfde gespreksgeleentheid, agt maande later, het Leon met 'n spontane positiewe houding gesels. Tydens die voorlesing van sy narratief aan hom, soos deur my gerepresenteer, het hy aandagtig geluister en telkens op 'n nie-verbale wyse gereageer deur te glimlag en sy kop te knik. Na afloop van die voorlesing van die narratief het hy spontaan sy ervarings, na sy verskuiwing van mikro-gesinsisteme, met my gedeel. Geen emosionele ongemak is verder waargeneem nie.

#### 4.2.2.3 Analise van Leon se narratief in terme van veerkragbenutting

| **Leon se narratiewe perspektief rakende sy veerkragtigheid** | **Analise van Leon se perspektiwiese narratief met betrekking tot sy emosionele belewing en die verloop van sy veerkragbenutting** |
|---|---|
| **Narratiewe gesprek 1: 2010-03-21** | |
| Vandat my ouers geskei het, het ek gereeld na my pa toe gegaan en selfs nou ook, is ek *elke tweede naweek* by hom (B1.14). Maar vandat Tannie Belinda se seuns ook by my pa begin bly het en *hulle meer by hom is as ek* (B1.2), nou is dit *bietjie moeilik* om te cope, *want dis altyd soos kompetisie, om by my pa sy beste seun te wees, en dis eintlik onnodig om beter as hulle te wees* (B1.3). | BGB: Kritiese denke en aktiewe funksionering in beide mikro-gesinsisteme. Met die permanente verblyf van Belinda se seuns in Leon se sekondêre mikro-gesinsisteem het hy onsekerheid beleef met betrekking tot sy sosiale rangorde en selfwaarde binne dié gesin en 'n vrees vir die verlies van sy verhouding met sy vader het ontstaan. Hy het eksplisiet erken dat hy in kompetisie met sy stiefsibbe verkeer het. Kon die verbalisering van die narratief moontlik bygedra het tot 'n kritiese heroorweging van sy irrasionele denke met betrekking tot sy sosiale rangorde en vrese? |
| *Toe ek* jonger *was, het ek nie mooi verstaan wat gebeur het nie, ek was deurmekaar,* want *ek was altyd so gewoond* aan my ma en pa, *en* | BGB: Warm vertrouensverhouding met vader. Leon het moontlik onsekerhede beleef in die aanpassingsproses tydens die vorming van sy |

| | |
|---|---|
| *toe is daar 'n nuwe oom, en toe is daar 'n nuwe tannie* (B1.15). Ek het eers aan alles begin gewoond raak toe ek so nege of tien jaar oud was (B1.17), *toe my pa vir my gesê het dat daar sal niks te groot wees wat tussen my en hom sal kom nie* (B1.19). *Ek dink hy het gesien dat ek kompeteer met my stiefboeties en alles en ek dink hy het gesê, 'jy hoef nie te kompeteer nie'* (B1.20). | twee nuwe gesinsisteme. Weens Leon se aktiewe betrokkenheid in sy sekondêre mikro-gesinsisteem kon die vader sy seun emosioneel ondersteun deur sy behoefte aan emosionele sekuriteit te bevredig deur middel van effektiewe kommunikasie. Ten spyte van Leon se insig en aanvaarding van sy vader se versekering van sy liefde vir hom, het hy steeds sy onsekerheid met betrekking tot sy selfwaarde en sosiale posisie in die gesin hanteer deur van rasionalisering gebruik te maak. |
| *Aan die begin het ek niks* van my stiefboeties *gehou nie, want ek was gewoond om die enigste seun te wees. Toe kom hulle en toe was dit net nie lekker nie, want hulle was die heeltyd by my pa, en hulle het hom die heeltyd gehelp om die swaar goed te dra en ek was gewoond om dit te doen* (B1.21). Ek het begin jaloers voel *omdat hulle by my pa bly* en *die meeste van die tyd daar* is (B1.27). My stiefboeties knou my die heeltyd af, want hulle *probeer wys dat hulle sterker* is as ek (B1.26). *Toe ek kleiner was, het hulle my gespot oor my vlekke* (B1.76), maar ek het al geleer om nie meer my mond te hou *vir iemand wat dink hulle is beter as ek nie* en nou sê ek hulle terug sleg (B1.77). As ek vir 'n naweek gaan kuier sal ek *almal groet en dan gaan sit ek by my pa en ek ignoreer die res*. As my stiefboeties probeer *aandagtrek, dan ignoreer ek hulle net* (B1.60). Ek sal *so nou en dan met hulle praat,* maar ek kyk die meeste van die tyd net TV (B1.65). | Met die verandering van Leon se sosiale rangorde in die sekondêre mikro-gesinsisteem het hy sy subjektiewe vrees vir die verlies van die vertrouensverhouding met sy vader probeer hanteer deur 'n negatiewe houding teenoor sy stiefsibbe te handhaaf. Sy belewing van magteloosheid ten opsigte van sy veranderde gesinsomstandighede, waaroor hy geen beheer gehad het nie, het moontlik bygedra tot sy oneffektiewe konflikhantering strategieë soos negatiewe kommunikasie en vermyding van die situasie. Hoe het die ouers die sibbe-konflik hanteer? |
| *Ek hou nie baie van tannie Belinda nie, want sy dink baie van haarself en sy probeer* my *wegskuif van my pa af* (B1.33). *Ek dink sy is agter my pa se geld aan* (B1.36). Sy sal vir my pa sê *om vir die kinders 'n nuwe kar te koop byvoorbeeld, dan doen hy dit,* maar as ons vir hom vir *R100* vra, *dan sê sy nee.* (B1.34). Ek dink, *sy dink dis 'n straf as ons elke tweede naweek gaan kuier, want sy shunt ons die heeltyd rond* (B1.63), *terwyl haar kinders* langs haar sit, *maar sy sal spesiaal hulle stuur om ons te kom haal,* sodat ons die werk moet doen (B1.86). Ek dink soms is tannie Belinda *'n heks* (B1.147). | Leon se onsekerheid met betrekking tot sy plek in die gesin het bygedra tot 'n negatiewe houding jeens sy vader se eggenote en dat hy in negatiewe terme na haar verwys het. Sy onsekerhede het bygedra tot sy oneffektiewe emosionele hanteringstrategie van blamering. |

| | |
|---|---|
| *Die seuns* maak my pa baie keer kwaad, *omdat hulle drink en ander* kinders *slaap by die huis, sonder om te vra. My pa het 'n nuwe kar* vir tannie Belinda *gekoop en hy het spesifiek gesê niemand mag met daai kar ry behalwe sy nie. Toe ons nou die dag ry, toe sien ons hulle ry met die kar. Tannie Belinda laat die kinders alles toe* en dit maak my pa *baie kwaad* (B1.72) en as hy *partykeer* so *baie kwaad* is, *skei* hy my af, eintlik *almal af* (B1.71). *Ek sou dit baie meer waardeer as* tannie Belinda *net 'n bietjie meer vir haar kinders kan sê: "hou op met julle nonsens, hy is hier om sy pa te sien"* (B1.82). *Tannie Belinda staan altyd op vir haar kinders* en dit gaan nie help dat ek met my pa gaan praat nie, *want my pa gaan haar woord eerder glo, omdat sy nou sy vrou is* (B1.85). My pa gee vir tannie Belinda *alles wat sy wil hê* (B1.74). | Verskille in ouerskapstyl in die sekondêre mikro-gesinsisteem het moontlik bygedra tot Leon se onsekerhede met betrekking tot sy posisie in die gesin en sy gebrekkige self-waarde en het sy negatiewe houding teenoor sy vader se eggenote geïntensiveer. Leon het ook onsekerheid met betrekking tot sy verhouding met sy vader se eggenote beleef, wat moontlik kon bygedra het tot sy gevoel van magte-loosheid en gebrekkige selfwaarde om homself effektief in die sibbe-konflikverhouding te kon handhaaf. Hy het met 'n aangeleerde hulpe-loosheid gereageer en het sy vader beskuldig van partydigheid. |
| Hier by my pa het ek nie my eie kamer nie, ek slaap saam met *my stiefboetie in 'n bed* (B1.51). Ek hou nie *eintlik daarvan nie, want partykeer kuier hulle laat dan kom hulle in dan is hulle dronk* (B1.53). *Ek verkies dit eerder om op die groot bank voor te slaap* (B1.122). Ek los ook niks van my goed by my pa nie, w*ant laas toe ek my goeters soontoe gevat het, my playstation, toe is my memory card, in die huis, uit my ding uit gesteel* (B1.57). Ek is al so *gewoond* aan al hierdie dinge, *maar ek dink ek sê vir myself ek gaan kuier nie vir my stiefboeties nie, ek gaan kuier nie vir my stiefma nie, ek gaan kuier vir my Pa* (B1.48). | BGB: Aanpasbaarheid. Leon se historisiteit van wisselende gesinsomstandighede het hom al so gewoond gemaak aan veranderinge. Sou die feit dat Leon nie sy eie persoonlike ruimte gehad het waar hy sy identiteit as middel-adolessent in die sekondêre mikro-gesinsisteem kon afdruk nie, moontlik bygedra het tot sy belewing van jaloesie teenoor sy stiefsibbe? |
| In my ma se huis het ek my eie kamer, *dit is my blyplek, my privaat-plek. Ek hou nie daarvan as iemand daarin rook nie* (B1.125), want ek hou nie van die reuk van rook nie en as my ma-hulle in my kamer inkom, *dan jaag ek hulle uit* (B1.126). | BGB: Leon het oor selfreguleringsvermoë in sy primêre mikro-gesinsisteem beskik. Toerei-kende erkenning van Leon se veranderde opvoedingsbehoeftes as middel-adolessent deur sy ouers in die primêre mikro-gesinsisteem. |
| Ek het van die begin af baie van oom Ben gehou (B1.30), *hy is 'n baie nice oom. Ek like hom as my stiefpa* (B1.31). *Oom Ben behandel al ons kinders dieselfde* (B1.37). Hy is nie die heeltyd *in jou hare nie, hy los jou, maar as jy iets verkeerd doen en jy weet jy het verkeerd gedoen, hy los dit op 'n punt, hy blackmail jou nie. Hy hou dit nie teen jou of iets nie en hy vergeet en vergewe* (B1.132). Oom Ben probeer | BGB: Kritiese denke en positiewe binding met moeder se eggenoot. Hy het emosionele seku-riteit beleef in terme van gesagshandhawing deur en onvoorwaardelike aanvaarding van sy moeder se eggenoot. Sy positiewe binding met sy moeder se eggenoot asook sy lojaliteit teenoor sy vader het bygedra tot sy vermoë om 'n kritiese standpunt te kon inneem ten opsigte van beide vaderfigure in sy lewe. |

| | |
|---|---|
| my nooit wegskuif van my pa af nie (B1.33). *Alhoewel ek baie van oom Ben hou, sal ek nooit vir hom "pa" kan sê nie, want hy is nie my pa nie* (B1.140). *My pa lewe nog* (B1.139). As ek van oom Ben praat, praat ek nie van my *stiefpa* nie *want "stiefpa" klink wreed en hy is nie wreed nie* (B1.145), ek praat altyd van *"oom Ben"* (B1.143). | |
| Mari, Susan en Johan het so *drie of vier jaar gelede* deel geword van my gesin hier by my ma (B1.38). Hulle pa is oorlede en hulle ma kon nie vir hulle sorg nie. *Ons het die twee dogters aangeneem, maar ons het nie die seun aangeneem nie, want ek en hy kom nie goed oor die weg nie.* (B1.39). Hy is in die kinderhuis en *hy kom baie goed daarso oor die weg. Hy het baie maatjies* (B1.45). As Johan hier is, *is dit meer dominerend vir my hier en ek kan nie daarmee cope nie* (B1.44). Hy kom kuier wel elke naweek, *want ek kan hom mos nou nie vra om nie hierna toe te kom nie, hy moet ook mos liefde en aanvaarding kry* (B1.47). | BGB: Aanpasbaarheid en sosiaal akkommoderende houding. Leon het die pleegdogters in sy primêre mikro-gesinsisteem aanvaar. Hy het egter probleme ervaar met die moontlike toevoeging van nog 'n seun tot die gesin. Hoekom het Leon homself in kompetisie beleef met 'n seun wat **vier** jaar **jonger** was as hy? Kon hy miskien ervaar het dat hy nie na waarde geag word in beide gesinne nie en daarom moes hy domineer om sy waarde te bevestig? Kon sy belewing van gebrekkige selfwaarde as seun in sy primêre mikro-gesinsisteem moontlik oorgedra het in sy sekondêre mikro-gesinsisteem, wat dan sy houding ten opsigte van sy stiefsibbe negatief beïnvloed het? Hoe het die ouers in die primêre mikro-gesinsisteem die uitbreiding van hul gesin met Leon hanteer? |
| Die kinders gaan ook saam kuier as ek na my pa toe gaan *sodat my ma-hulle ook 'n af-naweek en rustyd kan kry, want die kinders kan ook partykeer uitputtend raak* (B1.92). *Ek hou nie eintlik daarvan dat hulle saamgaan nie, want Martin vat elke keer Johan se kant. Hulle sien hy irriteer my as ek by my pa is, want hy nag die heeltyd in my en my pa se ore dan raak my pa kwaad vir my* (B1.93). | BGB: Akkommoderende ouers in die sekondêre mikro-gesinsisteem ten opsigte van die pleegkinders. Leon se onsekerhede met betrekking tot sy posisie in die gesin en sy gebrekkige selfwaarde is geïntensiveer deur die alliansie wat tussen Johan en Martin, teen hom, ontstaan het. |
| Wanneer *Martin-hulle in 'n goeie bui is en as hulle vriendelik is*, is dit lekker om daar te kuier (B1.102), maar ek sal nooit by my pa wil gaan bly *as tannie Belinda en haar kinders nog daar is nie* (B1.120). Hier by my ma-hulle is *ek die enigste seun*, en *ek hoef nie te domineer om bo te wees nie* (B1.128). | Leon het 'n eksterne lokus van beheer gehandhaaf in sy sekondêre mikro-gesinsisteem aangesien sy positiewe ervarings bepaal is deur sy stiefsibbe se gedrag. Leon se belewing dat hy nie binne sy gesinsisteme na waarde geag word vir wie en wat hy is nie, kon moontlik bygedra het tot die ontwikkeling van 'n negatiewe gesin-selfbeeld. Hy het sy belewing van magteloosheid met betrekking tot sy gesinsomstandighede moontlik probeer hanteer deur eksplisiet 'n negatiewe houding teenoor sy vader se eggenote en stiefsibbe in te neem. |

| | |
|---|---|
| My pa en ma *baklei nie* met mekaar nie. *Hulle is vriendelik met mekaar, soos vriende, soos vriend en vriendin* (B109) Ek dink dit is so omdat hulle mekaar se kinders het (B1.113). Soms stry hulle soos *wanneer my pa ons op vakansie wil vat, dan sê my ma, nee, want hulle wil weg gaan, en sulke goeters, maar dit is normale goeters* (B1.117). Ek weet nie eintlik hoe sorteer hulle dit uit nie want *hulle maak die deure toe en dan praat hulle* (B1.118) *en ek verkies* dit eerder so as wat *hulle die heeltyd in mekaar se hare is* (1.110). | BGB: Funksionele kommunikasie-verhouding tussen biologiese ouers. Konflik word deur 'n effektiewe probleemoplossingstrategie van private gesprekke hanteer. |
| *So 'n ruk terug was my en my pa se verhouding nie so sterk gewees nie,* want ek het hom baie min gesien *en hy het die heeltyd gewerk* (B1.67). *Maar* die laaste tyd het ons verhouding verbeter, *ons kom nou baie goed oor die weg.* (B1.66), maar ek dink ons verhouding kan nog verbeter as ek *meer tyd saam met hom* kan spandeer (B1.69). | BGB: Kritiese denke. Leon was in staat om sy verhouding met sy vader objektief te evalueer en het nie van blamering gebruik gemaak nie. Hy het insig getoon in sy eie aandeel vir die versterking van die verhouding tussen hom en sy vader. Sal hy sy voorneme om meer tyd saam met sy vader deur te bring kan deurvoer? |
| Noudat ek oor al die dinge kon gesels het is ek *meer bewus van wat om* my *aangaan* (B1.153) en ek besef nou dat *my pa se liefde domineer en hy is baie lief vir my* (B1.155) *en ek is lief vir hom* (B1.55), *en ek hoef nie te probeer domineer nie* (B1.155).<br><br>**Narratiewe gesprek 2: 2010-04-17** | BGB: Kritiese denke en evaluerende selfspraak. Leon se verbalisering van sy narratief het aanleiding gegee tot 'n kritiese heroorweging van sy irrasionele denke met betrekking tot sy sosiale rangorde en selfwaarde in sy sekondêre mikro-gesinsisteem. Gaan hy sy nuutgevonde insig met betrekking tot sy sosiale selfbeeld in die sekondêre mikro-gesinsisteem gesin kan oordra in sy daaglikse omstandighede? |
| Die naweek wat ons by my pa-hulle was, was daar *niks moeilikheid* nie (B2.6). Ek het na ons vorige gesprek begin dink, ek moet kyk hoe *ek dit moet werk* dat dinge kan beter raak by my pa-hulle (B2.8) *Ek het bietjie meer en beter met die mense gekommunikeer* (B2.11). Ek het my stiefboeties nie meer so baie *geïgnoreer* nie (B2.22) want *ek het gedink dit sal vir ons 'n beter verhouding met mekaar* gee (B2.27). Ek en tannie Belinda het ook meer *begin kommunikeer* (B2.28). *Ek het haar vir goeters gevra* (B2.38), en meer woorde soos *dankie* en *plesier* gebruik (B2.77). Sy het gereageer en my meer *aandag* gegee (B2.38). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie, groeiende selfwaarde en eerlike verslag van pogings. Leon se kritiese heroorweging van sy irrasionele denke met betrekking tot sy sosiale rangorde in die sekondêre mikro-gesinsisteem het bygedra tot sy aanvaarding van sosiale verantwoordelikheid, self-effektiwiteit en interne lokus van beheer. Leon se groeiende selfwaarde het bygedra dat hy 'n selfstandige wilsbesluit gemaak het ten einde sy sosiale gedrag teenoor die gesinslede in sy sekondêre mikro-gesinsisteem te verander en hy het dit deurgevoer by wyse van bewustelike verandering van sy gedrag. |

| | |
|---|---|
| Ek en my pa het ook tyd saam gespandeer (B2.37). *My pa het my geroep en toe sê hy "kom kyk saam my movie"* (B2.92). *Toe ek klein was het ek altyd by my pa gelê, maar nou dat ek groter geraak het, voel ek skaam om dit te doen* (B2.97). Alhoewel ek nie daarvan hou om in die middel van die dag op die bed te lê en *movie* kyk nie (B2.94), het ek *langs* my pa *op die bed gaan lê en ons het 'n movie gekyk* (B2.37). Ek voel ek word nou groot want ek het altyd *"pappa"* gesê, *maar van graad sewe af noem ek hom "pa"* (B2.191). Omdat ek groot word, wil ek graag my pa *help* as hy besig is om iets te bou (B2.111). Ek sou graag wil hê my pa moet my meer vra om dinge vir hom te doen, *soos byvoorbeeld, "sal jy my help met hierdie goeters om dit te dra",* (B2.104), maar hy *vra my* net *om die ligte goeters te dra* (B2.112). Hy is *bang ek maak my rug seer* (B2.104). | BGB: Strewe na outonomie. Ten spyte van Leon se emansipasie-proses kon hy sy gedrag reguleer om sy gestelde doelwit van doelbewuste tyd-spandering met sy vader deur te voer, maar was nog nie in staat om sy behoefte na outonomie eksplisiet te stel nie. |
| Hier by my ma se huis voel dit beter *want hierso is ek die oudste* (B2.62). As Johan vir die naweek hier kom kuier dan moet ek hom so nou en dan wys wie *die oudste* is, *want partykeer baklei hy met sy sussie* (B2.66). Dit voel vir my of ek baie beter hier hanteer word as by my pa-hulle (B2.121). Oom Ben het ook vir my gesê *ek is soos sy enigste seun* (B2.182). Hier vra *hulle my om die swaar goeters te dra* (B2. 123) en *hulle gee my verantwoordelikheid,* want *ek moet kyk dat die en daai gedoen moet word* (B2.134). Al verantwoordelikheid wat ek by my pa het is om net *nie moeilikheid te maak nie* (B2.136). | Leon se onsekerhede met betrekking tot sy sosiale rangorde en sy gebrekkige selfwaarde met betrekking tot sy gesinsisteem raak egter nie slegs sy posisie in die sekondêre mikro-gesinsisteem nie. Sy ontoereikende konflik-hanteringstrategieë met sy pleegboetie dui op dieselfde belewing in die primêre mikro-gesinsisteem. Kon Leon se behoefte aan meer verantwoordelikhede moontlik 'n uitvloeisel wees van 'n basis-onsekerheid wat verband hou met die egskeiding self? |
| Toe *my pa 'n nuwe vrou in sy lewe gekry het,* het ek *dit nie so goed hanteer nie* (B2.69). Ek het gedink dat sy, *soos op scary movies, die lelike stiefma wat die ander familie wil afskuif,* gaan wees (B2.70). Alhoewel sy soms van my pa verwag om bietjie meer goeters aan haar seuns te gee, want sy *wil mos die beste hê vir haar kinders* (B2.71), los sy my en my pa bietjie meer alleen (B2.71). Dit voel eerder vir my of my stiefboeties my probeer *afskuif* (B2.160), *want hulle sien my pa baie meer gereeld* (B2.162). Alhoewel ek my pa glo as hy vir my sê dat hy vir my liewer is as vir die ander seuns (B2.163) is ek steeds onseker, *want wat hy vir* | BGB: Kritiese denke. Alhoewel die byvoeging van die nuweling in die sekondêre gesinsisteem 'n vrees vir verwerping by Leon laat ontstaan het, was hy in staat om 'n rasionele oordeel ten opsigte van sy vader se eggenote se gedrag te kon maak. Sy onsekerhede aangaande sy sosiale posisie en gebrekkige selfwaarde in die gesin van sy vader manifesteer in moontlike irrasionele argumente en hy blyk nie sy vader ten volle te vertrou nie. |

| | |
|---|---|
| *my sê en vir iemand anders sê is 'n groot verskil* (B2.164). Hy kan dalk *soos vir tannie mos sê hy sien ons in ewige oë* (B2.165). | |
| Ek cope want *ek dink net daaraan dat dit gaan beter raak eendag* (B2.140), maar ek besef ook dat dinge nie net vanself gaan beter word nie en dat ek ook seker iets moet doen (B2.141). Ek sal *moet iets doen dat hulle ook sal verstaan ek is nie meer so klein nie, ek kan dinge self doen* (B2.202). Ek dink ek sal volgende keer, *as* my pa *besig is met goed, hom vra, "Het pa iets nodig?"* (B2.188) of *soos byvoorbeeld as ek weet hulle gaan, soos 'n potjie maak die middag, "Kan ek die vuur aansteek"* (B2.194). Maar eintlik *weet ek, ek hoef nie met my pa te kompeteer nie* want *hy is meer lief vir my as wat hy vir Frans is* (B2.205). | BGB: Grondliggende optimisme, kritiese heroorweging en groeiende aanvaarding van sy verantwoordelikheid ten opsigte van sy aandeel aan sy verhoudings met die lede van die sekondêre mikro-gesinsisteem. |
| **Narratiewe gesprek 3: 2010-07-30** | |
| My pa was die afgelope tyd baie siek gewees. Hy het nierversaking gehad (B3.5) en was in die hospitaal. *Ek het geweet hy gaan oraait wees* (B3.8), want *hy is my pa, hy gaan altyd oraait wees* (B3.9). | BGB: Leon se eerlike kinderlike, naïewe vertroue in sy vader se aandeel aan die herstelproses van sy ernstige siekte, het moontlik sy vrees vir die verlies van versorger versag. |
| Ons was so twee naweke terug saam met my pa plaas toe en ek het hulle gehelp om die tente op en af te slaan en ook gehelp kosmaak (B3.34). *Ek en my pa kommunikeer* die afgelope tyd *meer makliker met mekaar. Ons is nou nader aan mekaar. Tannie Belinda-hulle aanvaar my* ook 'n *bietjie beter* (B3.19), want *ek het begin kommunikeer en ek het hulle gevra om my plekke heen te vat en ek dink hulle besef nou ek raak groot* (B3.21). *Hulle het besef ek hou myself nie meer so terug nie, en sê wat in my kop is* (B3.30). | BGB: Effektiewe ontwikkeling in kommunikasie vaardighede. Kon sy strewe na outonomie bygedra het tot sy doelbewuste verandering in sosiaal geldende gedrag? |
| Hier by my ma se huis het dinge nou ook begin verander, want die dogters het besluit hulle wil nie meer hier by ons bly nie, hulle wil *kinderhuis* toe gaan (B3.51) en *nou is ons ewe skielik tweede beste* (B3.52). Alhoewel die meisies my soms *irriteer* (B3.65), voel ek *kwaad* (B3.64), *seergemaak* (B3.94), *geskok* (B3.109) en *verras* (B3.86) oor hulle *besluit,* | BGB: Aanvaarding van gesag en eerlike erkenning van emosies. Leon het 'n implisiete aanvaarding van die waardes en gesteldheid van die primêre mikro-gesinsisteem getoon, aangesien hy met die waarde van dissipline binne 'n gesin geïdentifiseer het. Hy het die besluit van die pleegkinders om nie meer by hulle in sy primêre mikro-gesinsisteem te woon |

| | |
|---|---|
| *want ek het soort van attached geraak* aan hulle (B3.94). Ek dink hulle het die besluit gemaak omdat hulle nie meer *my ma se dissipline* wou aanvaar het nie (B3.100), maar *dis basic dissipline wat jy moet hê,* waaroor *hulle gemoan* het (B3.102). *Ek wil nie hê hulle moet gaan nie* (B3.397). Hulle het vir my soos sussies begin voel, *maar nou skryf ek hulle af* (B3.58). *Ek gaan nie* toelaat *dat hulle my lewe opneuk net omdat hulle besluit het hulle wil nie meer hier bly nie. Ek sal aangaan met my lewe al is ek hartseer* (B3.137). | nie as verwerping beleef en antwoord ook met verwerping. Het die dogters se besluit egter dalk ook Leon se eie strewe na outonomie geprikkel? Het die gesin se verhuising moontlik bygedra tot die dogters se besluit? |
| As ek saam met my vriende is dan voel ek braaf (B3.70), want tussen my vriende *voel ek nie uit nie en ek* kan vir myself staan (B3.70). Ek dink ek is braaf *want ek is bang om alleen te wees* (B3.127), *ek wil vriende om my hê* (B3.128). Al het ek maar net toevallig die braaf-kaartjie bo al die ander kaartjies gesit, (B3.172, Tabel B2 en Foto B2), is ek nogal bly die braaf is heel bo (B3.241, 3. 242). | BGB: Effektiewe portuurgroepverhouding. Leon het sosiale aanvaarding en positiewe selfwaarde tussen sy portuurgroep beleef. Hy het dit eksplisiet gestel dat hy homself tussen sy vriende kon handhaaf. Sou die identifisering van sy kwaliteit van selfwaarde tussen sy portuur-groep moontlik kon bydra tot die verhoging van sy selfwaarde binne sy gesinsisteme? |
| Ek stel tans belang in 'n meisie en is *verlig* dat sy ook in my belang stel (B3.74). Ek is *gemotiveerd om te werk aan my liefdeslewe* (B3.110), maar is ook skaam om haar uit te vra (B3.112), en *bang* dat ek my vriendskap met haar gaan *verloor* (B3.169). Ek dink ek kan die braafheid gebruik om my te help *om dapper te wees* sodat ek die meisie, van wie ek hou, kan uitvra (B3.216). | BGB: Effektiewe portuurgroepverhouding, interne selfregulering, selfregulering en self-effektiwiteit. Die toereikendheid waarmee hy portuurgroepverhoudinge gestig het kon moontlik bygedra het tot sy positiewe waaghouding met betrekking tot die stigting van 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag. Hy was in staat om sy gedrag subjektief te kon beoordeel. |
| Alhoewel ek *dankbaar* en *tevrede* is vir alles wat ek het (B3.73) en ook *gelukkig* voel *met die omstandighede in altwee huise* (B3.84), *is ek nog my hele lewe negatief* (B3.65). *Ek sien wat is rêrig in die lewe en ek is nie so dromerig en hoop dat dinge gaan verander nie, ek weet as dit nie gaan gebeur nie* (B3.67). Eintlik is ek net *realisties* (B3.140). Ek is 'n mens wat maklik 'n probleem kan raaksien (B3.153). Ek het die negatiewe goed in ons gesin raakgesien, *soos ons het in die* huis waar ons eers gebly het *nie by 'n tafel geëet nie, ons het by die TV gesit* (B3.158) *en ek dink dis negatief want dit is die tyd wat jy met die familie gesels* (B3.159). | BGB: Implisiete aanvaarding van waardes en realistiese, kritiese evaluering van 'n probleemsituasie. Leon identifiseer met die waarde van kwaliteit tyd in 'n gesinsituasie. |
| *Toe ek klein was het ek baie by my pa gaan huil as iemand my boelie en sulke goeters en ek het* | BGB: Strewe na outonomie. Alhoewel Leon se vader in die verlede dikwels namens hom sy |

| | |
|---|---|
| *opgehou, en toe raak ek net groot, en ek het gesien wat is die negatiewe kant* en ek dink nie my pa besef al ek is nou groot nie. Hy dink *ek kan nie my eie bakleiery baklei nie, en toe draai ek dit net om* (B3.155). Nou het ek begin terug *baklei* (B3.156). *Ek het ook aan die negatief gedink* van my stiefboeties *dat hulle groter as ek is, en my pa sien hulle meer as man-goeters as ek, sy eie seun* (B3.176). Ek kan dalk my braafheid gebruik om meer oor die *positiewe goeters* te dink, dit wat dalk kan gebeur (B3.215). | konflikverhoudinge probeer hanteer het, het Leon se strewe na outonomie bygedra tot sy kritiese heroorweging van die probleem-situasie en meer geldende gedrag. Sou sy bewuswording van sy positiewe selfwaarde met betrekking tot sy toereikende portuurgroep-verhouding moontlik bygedra het tot sy voorneme om sy denke te verander? |
| **Narratiewe gesprek 4: 2010-09-20** | |
| Ek bly nou al vir die afgelope twee weke by my pa (B4.1). *Ons het* eendag *gebraai toe vra ek* hulle *of ek hier kan kom bly, toe sê hulle, "Dis reg, met plesier"* (B4.30). *Toe gaan praat ek met my ma-hulle, toe sê ek vir my ma-hulle ek wil* by my pa *kom bly* (B4.6) en to*e sê hulle, "Dis reg"* (B4.7). Alhoewel ek nou elke dag met Martin en Frans praat (B4.22), weet ek nie eintlik wat hulle van my besluit dink nie (B4.24), maar *ek hoop hulle dink ook dis nice* dat ek nou hier bly (B4.25). | BGB: Kritiese denke, effektiewe kommuni-kasievaardighede, positiewe selfwaarde, posi-tiewe waaghouding, bereidheid om keuses te maak en self-effektiwiteit. Ten spyte van sy vroeë onsekerheid met betrekking tot sy sosiale rangorde en gebrekkige selfwaarde ten opsigte van homself as deel van beide gesinsisteme het hy met 'n positiewe waaghouding sy kritiese denke benut en 'n geskikte tyd gekies om sy strewe na outonomie deur middel van effek-tiewe kommunikasievaardighede te verbaliseer. Alhoewel hy waarskynlik besef het dat al die deelnemers binne sy gesinsisteme deur sy besluit geraak sal word, het sy positiewe selfwaarde en self-effektiwiteit bygedra tot toereikende selfhandhawing. Leon se behoefte aan sosiale aanvaarding van sy stiefsibbe het nie meer vir hom saak gemaak nie, want hy kon, soos tussen sy vriende, vir homself opstaan. Sou sy besluit om by sy vader te gaan woon ontwikkel het uit ons gesprekke oor die afgelope ses maande ? |
| Alhoewel ek verlede keer per ongeluk die braaf-kaartjie verkeerdelik heel bo gesit het (B4.33, Tabel B2 & Foto B2), *dink ek nie die braaf-kaartjie moet weer heel bo wees nie* (Tabel B4, Foto B4). Ek dink wel ek was braaf dat ek self 'n *besluit* oor my lewe kon maak (B4.56), maar ek weet nie of ek regtig so braaf mag voel nie (B4.33), *want* ek voel nou *skuldig oor my ma-hulle* (B4.48). *Dit voel asof ek haar seergemaak het* (B4.49). *Ek voel dat ek my ma se liefde gebruik het. Ek weet dit is nie so nie,* | Leon se lojaliteitskonflik ten opsigte van sy moeder het skuldgevoelens by hom gewek wat hom laat twyfel het in sy selfwaarde en vermoë om selfstandig besluite oor se lewe te kan neem. |

| | |
|---|---|
| *maar dit voel so* (B4.58). *Ek voel skuldig omdat ek bly is* dat ek by my pa is en nie meer by my ma nie (B4.186). Ek dink my ma dink dat *ek nie meer tevrede is met haar nie of ek hou nie van haar nie,* of ek wil nie meer *in haar gesig vaskyk nie* (B4.90). | |
| Ek het besluit om te trek *want ek mis die omgewing* (B4.8). My vriende bly almal in hierdie omgewing (B4.2) en ek *gaan ook hier onder by die winkel werk. My pa gaan my* ook *nou leer bestuur en hy het die gym hier agter* waar ek kan oefen (B4.1). Ek het nou my eie kamer en e*k bly alleen hier* (B4.28). *Ek het nie getrek omdat ek nie van my ma-hulle hou nie.* (B4.6). *Ek het gedink dit gaan baie makliker vir hulle wees in die moeilike tye, want hulle gaan deur 'n baie erg tyd nou. Ek het gedink dit kan dalk 'n finansiële oplossing wees* (B4.123). Toe ek klein was het ek vir my ma gesê dat ek nooit by my pa sal gaan bly nie, maar *nou wil ek by my pa bly want alles wat ek wil doen is hier naby* (B4.61). *Toe ek met my ma wou praat oor die werklike rede vir my besluit toe wou sy nie na my luister nie* (B4.67). *Sy was baie hartseer* (B4.69) en het *gesê sy wil nie daaroor praat nie* (B4.159). | Leon het sy skuldgevoelens probeer hanteer deur van rasionalisering gebruik te maak. Hy het sy blootgestelde lojaliteitskonflik probeer hanteer deur die voordele van sy besluit voorop te stel. Sy moeder het sy lojaliteits-konflik geïntensiveer deur haar ontoereikende emosionele hanteringstrategie van vermyding. Het sy moeder moontlik in die verlede die verwagting gekoester dat Leon slegs by haar sal woon? Het die moeder moontlik intense verwerping beleef weens die feit dat die pleegkinders ook nie meer by haar woon nie? |
| *Ek was bietjie onseker om die besluit te maak* (B4.85) *en ek het gedink aan die nagevolge wat kan en gaan gebeur* (B4.82), *dat my ma vir my gaan kwaad wees en* my dalk *gaan wegskuif* (B4.86). Maar aan die ander kant moet ek ook *kanse kan vat* (B4.84), *want dit is my lewe en ek moet my eie besluite self maak* (B4.83). *So ek was gemotiveerd om 'n besluit te maak* (B4.132). | BGB: Kritiese denke, positiewe selfwaarde, self-refleksie, interne lokus van beheer en self-effektiwiteit. Leon was in staat om te reflekteer oor sy eie denk-prosesse met betrekking tot sy strewe na outonomie. Ten spyte van sy vrees vir moontlike verwerping deur sy moeder was hy steeds in staat om die besluit deur te voer. |
| Ek vergelyk myself met 'n *piesangskil op die grond, almal trap op my, maar toe staan ek ewe skielik op, toe begin hulle oor my te gly en ek kon my eie besluite neem* (B4.100). *Ek wou nie my ma seergemaak het nie,* maar *dit het gevoel of sy op my trap* (B4.108). Dit het vir my gevoel asof Martin en Frans ook op my getrap het, maar dit het ook nou verander (B4.111), omdat ek nou ouer is (B4.114). *Ek staan nou al lank vir myself op maar ek het nooit so erg met myself gepraat nie* (B4.117). | Met behulp van die metafoor van die piesangskil kon hy tot 'n mate die gronde van sy besluit oopstel. Weens sy belewing van onsekerheid met betrekking tot sy selfwaarde en vermoë om homself, as seun optimaal in sy gesinsisteme, te kon handhaaf kon hy nie in die verlede sy eie besluite maak nie en het hy met 'n aangeleerde hulpeloosheid sy lewe gelei, maar sy strewe na outonomie het bygedra tot sy self-effektiwiteit. Gesien in die lig van die metafoor van 'n "piesangskil" kan aanvaar word dat Leon 'n intense negatiewe selfwaarde |

| | |
|---|---|
| | gehandhaaf het wat sy aangeleerde hulpeloosheid in stand gehou het. |
| My piesangskil staan nou so regop soos *die Eiffel tower* (B4.154). Die skuldgevoelens wat ek oor my ma-hulle het maak nie my piesangskil pap nie, want ek is nou *gemotiveerd* (B4.168) *om te baklei vir dit wat ek wil hê in die lewe* (B4.170). *As die skuldgevoelens my wil ongelukkig maak* (B4.153), *sal ek my braafheid gebruik* (B4.173) *en opstaan vir myself* (B4.174). *Hoekom moet ek my lewe, lewe met worries? Ek kan myself* mos *dra!* (B4.123) Ek voel trots *oor wie ek is* (B4.41) *en dat ek myself kan wees* (B4.42). Ek is *tevrede met wat ek het, ek soek nie meer nie en ek soek ook nie minder nie*(B4.47). *Hoekom moet ek kompeteer, as my pa lief is vir my, is hy lief vir my* (B4.145). | BGB: Verhoogde selfwaarde, kritiese denke, selfrefleksie en self-effektiwiteit. Leon se vermoë tot self-refleksie het sy insig met betrekking tot sy aangeleerde hulpeloosheid verdiep. Hy het tot die besef gekom dat hy nie meer oorgelewer is aan sy omstandighede nie, maar dat hy emosioneel sterk genoeg is om homself toereikend binne die konteks van sy gesinsisteme te kan handhaaf. Weens sy selfregulerings vermoë kon hy tot die gevolgtrekking kom dat hy volgens sy eie standaarde kan lewe en dus sonder die goedkeuring en beheer van ander kan funksioneer. Hy kon met selfvertroue, sonder irrasionele vrese met betrekking tot sy sosiale rangorde sy regmatige posisie in die gesinsisteem van sy vader inneem. |
| **Narratiewe gesprek 5: 2011-05-10** | |
| *Ek bly nou baie lekker hier* by my pa. *Ek en my boeties* en *my tannie kom nou baie beter oor die weg. Dis* nou *baie beter hier* by my pa (B5.13). Hier is niks meer van *kompetisie* om my pa se beste seun te wees nie, w*ant* ***ek*** *is mos sy seun* (B5.46) *en* my pa *het vir my gesê, hy sal altyd vir my lief wees, maak nie saak wat gebeur nie* (B5.48). Ek, Martin en Frans maak nou *grappies* met *mekaar* (B5.44, 5.45). | BGB: Stabiele en ondersteunende gesins-omgewing, positiewe heroorweging, self-effektiwiteit en positiewe selfwaarde. Leon het nou soveel emosionele sekuriteit met betrekking tot sy sosiale rangorde en selfwaarde in die gesin van sy vader beleef dat hy kon praat van "**my** boeties en **my** tannie". Die stabiele en ondersteunende gesinsom-gewing het bygedra tot sy toereikende inskakeling en optimale sosialisering met sy stiefsibbe binne sy huidige primêre mikro-gesinsisteem. |
| Ek het aan die begin baie sleg gevoel oor my besluit *want my ma het baie seergekry in die proses* (B5.41). *So drie weke* nadat ek getrek het, *toe stuur sy vir my 'n sms* dat sy *nog lief is vir my en dat sy steeds wil hê ek moet by haar gaan kuier* (B5.36). *Ek het die dinge met haar probeer uitpraat* (B5.52) en ek het vir haar gesê *ek is lief vir haar* (B5.25), *maar die rede wat ek gegee het kon sy nie verstaan nie, want ek het mos gesê die gym is hier en goeters. Sy't gesê as ek gemoan het oor die kamer, want my kamer daarso was baie klein, kon sy nog verstaan het maar dié rede kon sy* | BGB: Voortgesette betrokkenheid van moeder. Ten spyte van aanvanklike passiewe konflik tussen Leon en sy moeder het sy moeder sy besluit wel gerespekteer, wat spreek van haar toereikende emosionele hanteringstrategie. Vanuit die konteks kan afgelei word dat Leon se biologiese ouers 'n voortgesette toerei-kende kommunikasieverhouding gehandhaaf het ten spyte van sy verandering van primêre plek van verblyf. Leon het egter steeds 'n sensitiwiteit ervaar betreffende die wyse waarop sy optrede sy moeder geraak het en het van rasionalisering gebruik gemaak om sy |

| | |
|---|---|
| *nie insien nie* (B5.38). *Nou verstaan sy dat ek by my pa wil bly en sy is nie meer kwaad daaroor nie* (B5.41). Ek dink sy *het nou vrede gemaak dat ek hierso bly en sy is nog steeds lief vir my en ek gaan kuier nog steeds elke tweede naweek by haar* (B5.15). Dit is ook vir my nou makliker om daar te gaan kuier want *my ma-hulle het mos nou getrek weer terug daar naby waar hulle altyd gebly het* (B5.27). Die dogters wat nou in die kinderhuis bly, kom kuier nog steeds elke derde naweek by my ma, maar hulle kom kuier nie meer by my pa-hulle nie (B5.7, 5.17). *My ma is nog baie kwaad vir hulle* (B5.18), *nie dat hul wou kinderhuis toe gegaan het nie, maar ons het mos voëls gehad en hulle moes na die voëls gekyk het en kos gegee het, maar hulle het nie, toe gaan die voëls dood* (B5.19). | sensitiwiteit te hanteer. Hy het by wyse van kontras sy moeder se woede beskryf oor die pleegkinders se versuim van hul verantwoordelikheid terwyl sy dan glad nie meer vir hom sou kwaad wees nie. |
| *Ek dink my storie is nice* (B5.29) *met 'n goeie einde* (B5.11). *Ek hou van die piesangskil* (B5.30) *want ek het begin regop staan en my eie besluite begin neem* (B5.31). Ek het voorheen al gesê dat braaf 'n ding van die lewe is. Ek het daarmee bedoel *dat jy een of ander tyd vir jouself moet begin opstaan* in die lewe (B5.62). *Ek gaan nie weer toelaat dat iemand op my trap nie* (B5.59). | BGB: Doelgerigte lewensuitkyk, selfrefleksie, self-effektiwiteit en positiewe selfwaarde. Met behulp van die metafoor van die piesangskil kon hy weer oor sy selfstandige optrede reflekteer wat bygedra het tot positiewe selfspraak en 'n bevestiging van positiewe selfwaarde en self-effektiwiteit. |

#### 4.2.2.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Leon se veerkragbenutting

Leon se hersaamgestelde gesinsisteme is twee unieke gesinskontekste wat 'n kaleidoskoop van komplekse verhoudingstrukture bevat. Leon is vir tien jaar 'n aktiewe lid van sy primêre en sekondêre mikro-gesinsisteem en sy veerkragbenutting vind dus in beide sisteme plaas. Gesien in die lig dat Leon twee weke voor ons vierde gesprek (2010-09-20) uit sy eie besluit het om permanent in die hersaamgestelde gesin van sy vader te gaan woon, en sy primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme dus omgeruil het (Figuur 4.11), sal daar ter wille van duidelikheid telkens verwys word na die kronologie van die konteks.

Ten einde 'n geïntegreerde begrypende verklaring te kan vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van Leon se benutting van sy veerkrag-eienskappe, word die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Leon se huidige primêre mikro-gesinsisteem eerstens bespreek, waarna die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Leon se huidige sekondêre mikro-gesinsisteem bespreek sal word. Ten

slotte sal die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Leon se heen-en-weer beweging tussen sy twee mikro-gesinsisteme bespreek word.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Leon se huidige primêre mikro-gesinsisteem.**

Die hersaamgestelde gesin van Leon se huidige primêre mikro-gesinsisteem kan as ondersteunend, akkommoderend, liefdevol en aanvaardend beskryf word. Die sisteem word as ’n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien, wat Leon se progressiewe ontwikkelingsvlakke akkommodeer en bydra tot die skep van die veilige ruimte waarbinne hy, as middel-adolessent, optimaal ontwikkel. Die sisteem kan as ’n gestruktureerde eenheid beskryf word met ’n gevestigde identiteit waar vrugbare proksimale interaksie tussen gesinslede plaasvind.

Proksimale prosesse tussen Leon en sy vader blyk besonder vrugbaar te wees. Faktore wat bygedra het tot die vrugbare interaksie tussen Leon en sy vader sluit in sy vader se konsekwente optrede, om van die tydperk van die egskeiding tot op hede, met inagname van die wisseling in sy eie gesinsomstandighede, die beweging van Leon tussen sy twee mikro-gesinsisteme tweeweekliks in stand te hou asook sy appèlmatige eienskap om verbaal bevestiging van sy liefde vir sy seun te gee, sowel as Leon se positiewe ingesteldheid teenoor sy vader, sy insig en aanvaarding van sy vader se versekering van sy liefde vir hom en sy gemotiveerde, aktiewe funksionering in die gesin van sy vader.

Ondanks die beskermende faktor van ’n warm vertrouensverhouding met sy biologiese vader, is Leon egter gekonfronteer met verskeie risiko-faktore in sy vroeëre sekondêre mikro-gesinsisteem. Die vorming van die hersaamgestelde gesin vanuit ’n enkelouergesin wat drie jaar lank bestaan het, die akkommodering van sy stiefsibbe met vakansie-tye vir ses jaar lank, die akkommodering van die pleegkinders in sy vroeëre primêre mikro-gesinsisteem wat elke tweede naweek, vir vier jaar lank saam met hom die gesin van sy vader besoek het, en die verandering van primêre plek van verblyf van Leon se stiefsibbe na die gesin van sy vader het bygedra tot ’n intense belewing van onsekerheid met betrekking tot sy sosiale posisie in dié gesin. Die vader se aanvanklike ingesteldheid van oorbeskerming, om namens Leon sy konflikverhoudinge met sy stiefsibbe te hanteer en die ouers se miskyking van Leon se emansipasie-proses kon moontlik bygedra het tot aangeleerde hulpeloosheid as ’n onvermoë om homself as individu effektief binne die gesinsisteem te kon handhaaf. Leon se ingesteldheid van gebrekkige selfwaarde het

bygedra tot disfunksionele interaksie-patrone tussen die lede van sy destydse sekondêre mikro-gesinsisteem.

Leon het die onsekerhede wat met sy gebrekkige selfwaarde asook ’n vrees vir die verlies van die vertrouensverhouding met sy vader saamgehang het, vroeër hanteer by wyse van ontoereikende emosionele strategieë van blamering, vermyding en negatiewe kommunikasiepatroon en dikwels in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling) slegs herstel terug na sy gemaksone van ’n aangeleerde hulpeloosheid, naamlik om op sy vader te reken ten einde die konflikte met sy stiefsibbe te hanteer.

Leon se appèlmatige eienskappe van geïrriteerdheid en weerstand teenoor sy stiefsibbe en sy vader se eggenote, die verskil in ouerskapstyl tussen sy vader en sy vader se eggenote en die ouers se versuim om Leon se veranderde opvoedingsbehoeftes as middel-adolessent te erken kon moontlik bygedra het tot die negatiewe beïnvloeding van proksimale interaksie-patrone tussen gesinslede. Leon het die hersaamgestelde gesin van sy vader dus vroeër beskryf as ’n gesin waarin hy nooit sou wou woon nie.

Waar sensitisering van persoonlike sterkpunte tydens die gesprekke in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer is, kon Leon volgens die Eerste Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die identifisering van veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing) sy sterkpunte begin benut ten einde sy strewe na outonomie te verbaliseer en dienooreenkomstig op te tree. Sy persoonlike sterkpunte sluit in sy kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid wat selfregulering, self-effektiwiteit, selfrefleksie, kritiese denke, insig met betrekking tot sy persoonlike aandeel aan verhoudings, toereikende kommunikasievaardighede en probleemoplossingsvaardighede insluit, sy ingesteldheid van inisiatief en bereidheid om keuses te maak asook sy appèlmatige eienskap van ’n doelbewuste openheid teenoor sy gesinslede.

Leon ontwikkel vanuit sy aktiewe mikro-gesinsisteme verder ook binne die mikro-sisteem van die portuurgroep, wat bydra tot sy optimale ontwikkeling. Hy beskryf die mikrosisteem van sy portuurgroep as effektief en beleef sosiale aanvaarding. Sy ingesteldheid van self-effektiwiteit, om homself effektief tussen sy portuurgroep te kan handhaaf asook sy toereikende sosialiseringsvaardighede dra veel by tot die bevordering van sy selfwaarde.

Volgens die Derde Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die analisering van motiverende energiebronne binne-in individue of groepe tydens hul funksionering onder

moeilike omstandighede) het Leon se positiewe selfwaarde en self-effektiwiteit met betrekking tot sy toereikende portuurgroepverhoudinge as dryfkrag gedien om homself toereikend as middel-adolessent in die gesin van sy vader te kan handhaaf.

Leon het volgens die Veerkragmodel (wat veerkragtige ontwikkeling beskryf aan die hand van die bewustelike of onbewustelike keuses wat individue maak in die proses om moeilike lewensomstandighede te hanteer) binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing inderdaad in so 'n mate veerkragtig herstel dat hy met selfvertroue 'n ingeligte besluit kon maak om permanent in die gesin van sy vader te gaan woon. Hy het met positiewe selfwaarde sy besluit doelgerig deurgevoer. Sy groeiende insig met betrekking tot sy unieke identiteit en selfwaarde ten opsigte van sy huidige primêre mikro-gesinsisteem het daartoe bygedra dat hy toereikende emosionele hanteringstrategieë van selfbeheersing, effektiewe kommunikasievaardighede, bereidheid om keuses te maak, interne lokus van beheer, objektiewe kritiese denke en self-effektiwiteit begin benut het. Sodoende kon hy die proksimale prosesse van interaksie tussen hom en sy gesinslede bevorder, wat veerkragtige herstel met persoonlike groei geïmpliseer het.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Leon se huidige sekondêre mikro-gesinsisteem.**

Die hersaamgestelde gesin as Leon se aanvanklike primêre mikro-gesinsisteem, kan as ondersteunend, akkommoderend, liefdevol en aanvaardend beskryf word. Die sisteem word as 'n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien, wat Leon se progressiewe ontwikkelingsvlakke akkommodeer en bydra tot die skep van 'n veilige ruimte waarbinne hy, as middel-adolessent, aktief betrokke is. Die sisteem kan verder beskou word as gestruktureerd, waar reëls en roetine 'n belangrike rol speel, met 'n gevestigde identiteit, waar duidelike, definitiewe ouerskap-rolle kristalliseer. Leon se ingesteldheid van 'n sensitiwiteit teenoor sy gesinslede, implisiete aanvaarding van waardes, erkenning van sy moeder se eggenoot as sy "ander" vader, sy konstruktiewe appèlmatige eienskappe van aanpasbaarheid, sosiale verantwoordelikheid, en aanvaarding van gesag asook die ouers se erkenning van sy emansipasie-proses dra by tot die mobilisering van proksimale interaksie tussen gesinslede.

Leon is egter ook gekonfronteer met verskeie risiko-faktore in sy aanvanklike primêre mikro-gesinsisteem, wat proksimale interaksie-prosesse tussen gesinslede negatief beïnvloed het en veerkragtige herstel met groei gerem het. Ten spyte van die feit dat Leon reeds vir 'n tydperk van tien jaar binne die gesinsisteem van sy moeder aktief funksioneer, het sy

ingesteldheid van onsekerheid met betrekking tot sy selfwaarde ook hier neerslag gevind. Ontoereikende probleemoplossingstrategieë van 'n aangeleerde hulpeloosheid het moontlik bygedra tot oneffektiewe interaksie-patrone tussen die lede van die gesin.

Ten spyte van die selfstandigheid van Leon se besluit en optrede met betrekking tot die verandering van sy primêre plek van verblyf, is sy veerkragtige herstel met persoonlike groei bedreig deur die lojaliteitskonflik ten opsigte van sy moeder. Die moeder se moontlike verwagting dat Leon permanent in haar hersaamgestelde gesin sal funksioneer, haar moontlike belewing van verwerping weens die pleegkinders se versoek om teruggeplaas te word in die kinderhuis en Leon se skuldgevoel met betrekking tot sy versoek om by sy vader se gesin te gaan woon het sy lojaliteitskonflik geïntensiveer en bygedra tot aanvanklike ontoereikende interaksie-patrone tussen hom en sy moeder. Leon het die onsekerhede wat deur die lojaliteitskonflik veroorsaak is hanteer by wyse van ontoereikende hantering-strategieë van negatiewe selfspraak en rasionalisering.

Waar sensitisering van persoonlike sterkpunte tydens die gesprekke in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer is, het Leon sy sterkpunte begin benut ten einde sy strewe na outonomie te verbaliseer en dienooreenkomstig op te tree. Sy persoonlike sterkpunte, soos geïdentifiseer volgens die Eerste Golf van veerkragnavorsing, (wat fokus rig op die identifisering van veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing) sluit in sy kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid wat selfregulering, self-effektiwiteit, selfrefleksie en kritiese denkvermoë insluit, sy ingesteldheid van aanpasbaarheid asook sy appèlmatige eienskap van openheid teenoor sy moeder en akkommoderende gedrag teenoor sy gesinslede. Proksimale interaksie tussen hom en sy moeder is bevorder deur sy groeiende insig ten opsigte van sy self-effektiwiteit en selfwaarde wat daartoe bygedra het dat hy die toereikende emosionele hanteringstrategie van die ontwikkeling van positiewe betekenis deur die herfrasering van die probleem begin benut het.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Leon se heen-en-weer beweging tussen die twee sisteme.**

Op mesosisteemvlak is Leon vanuit die staanspoor blootgestel aan volgehoue, positiewe interaksie en ouerskap van sy biologiese ouers. Beide ouers akkommodeer en respekteer mekaar as mede-ouers deur 'n samewerkende "besigheidstipe" verhouding te handhaaf. Die ouers se funksionele kommunikasieverhouding het verder bygedra tot Leon se proksimale interaksie met sy "stief"ouers moontlik omdat Leon nie gevoelens van verdeelde lojaliteit teenoor sy biologiese ouers beleef het nie.


Die biologiese ouers se besondere verhouding met betrekking tot die moeder se pleegkinders, veral die vader se akkommoderende houding ten opsigte van hul besoeke, het aan Leon aanpasbaarheid en 'n sensitiwiteit vir die behoeftes van ander gemodelleer wat bygedra het tot die mobilisering van proksimale interaksie tussen gesinslede in beide gesinne. Leon kon dus deur middel van effektiewe kommunikasievaardighede, met die nodige sensitiwiteit teenoor sy ouers, sy strewe na outonomie optimaal realiseer.

Leon word as 'n veerkragtige ontwikkelende middel-adolessent beskou aangesien hy, in die teenwoordigheid van onsekerheid met betrekking tot sy selfwaarde in beide gesinne, die potensiaal toon om sy persoonlike sterkpunte en bates aan te wend ten einde die proksimale prosesse van interaksie binne sy aktiewe primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme te optimaliseer. Die vrugbare proksimale interaksie wat tussen Leon en die lede van beide sy mikro-gesinsisteme gegenereer en onderhou word, dra by tot 'n positiewe ontwikkelings-uitkoms wat veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer.

### 4.2.3 Deelnemer C: Fanus

#### 4.2.3.1 Feitlike konteks van Fanus se mikro-gesinsisteme


Fanus (vyftien jaar en in Gr 9, ten tye van ons gesprekke) se kerngesin het bestaan uit sy moeder, Surina, sy vader, Gerhard, sy ouer broer, Jan, sy jonger broer, Anton (onderskeidelik sestien en tien jaar oud, ten tye van ons gesprekke) en hy. Die gesin het saam met Fanus se materne grootouers op 'n plot gewoon, waar hulle 'n familie boerdery bedryf het. Elke gesin het in hul eie huis gewoon. Fanus en sy gesin het vir 'n tydperk na die Noord-Kaap verhuis, weens werksverpligtinge van die vader, maar het weer terugverhuis na hul oorpronklike woonhuis. Fanus se ouers is vier jaar gelede geskei, toe hy elf jaar oud was. Die kerngesin word in Figuur 4.12 aangedui met gebroke lyne aangesien hierdie huwelik verbrokkel het.




Figuur 4.12 Fanus se verbrokkelde kerngesin.

Fanus se vader het agt maande voor die egskeiding uit hul woonhuis getrek en tot 'n saamwoonverhouding met Trudie oorgegaan. Hy het by Trudie in haar woonhuis, bykans twintig kilometer vanaf die oorspronklike kerngesinwoning, gaan woon. 'n Buite-egtelike hersaamgestelde gesin het ontstaan, wat Fanus se sekondêre mikro-gesinsisteem gevorm het. Trudie het 'n seun uit haar vorige huwelik, Jacques (elf jaar oud ten tye van ons gesprekke) wat permanent in Fanus se sekondêre mikro-gesinsisteem gewoon het, maar wat sy biologiese vader periodiek besoek het.


Fanus se moeder het na die egskeiding aangebly in die kerngesinwoning en Fanus se primêre mikro-gesinsisteem het dus die vorm aangenaam van 'n enkelouergesin. Fanus het in daardie tyd ongereeld tussen die twee mikro-gesinsisteme beweeg. Fanus se primêre enkelouergesin en buite-egtelike sekondêre hersaamgestelde gesin word in Figuur 4.13 uitgebeeld. Aangesien daar in die studie gefokus word op Fanus se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme, word slegs sy ongereelde beweging op mesosisteemvlak met stippellyne aangedui, met 'n bewustheid van sy twee broers, Jan en Anton, se moontlike beweging op mesosisteemvlak. Gerhard se kinders, Jan, Fanus en Anton, word in die sekondêre mikro-gesinsisteem as stippellyne aangedui, aangesien hulle dié sisteem slegs periodiek besoek het.




Figuur 4.13 Fanus se primêre enkelouergesin en sekondêre buite-egtelike hersaamgestelde gesin.

Fanus se vader is na 'n jaar en 'n half van 'n saamwoonverhouding met Trudie getroud en het Fanus se sekondêre hersaamgestelde gesinsisteem gevorm. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie.


Fanus se moeder het kort na die egskeiding met Willem in 'n saamwoonverhouding betrokke geraak en 'n buite-egtelike primêre hersaamgestelde gesin is gevorm. Willem se drie kinders uit sy vorige huwelik, Magda, Wynand en Maryna (onderskeidelik vyf en twintig, een en twintig en negentien jaar oud ten tye van ons gesprekke) het op hul eie gewoon en Fanus se primêre mikro-gesinsisteem slegs periodiek besoek. Die primêre mikro-gesinsisteem het in die oorspronklike kerngesinwoning aangebly en Willem het by die familie-boerdery ingeskakel. Na twee jaar van 'n saamwoonverhouding is Surina en Willem getroud. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie. Fanus het steeds sy sekondêre mikro-gesinsisteem op 'n ongereelde basis besoek. Figuur 4.14 stel Fanus se hersaamgestelde gesinsisteme voor. Willem se kinders, Magda, Wynand en Maryna, word in die primêre mikro-gesinsisteem as stippellyne aangedui, aangesien hulle die gesin slegs periodiek besoek.




Figuur 4.14 Fanus se primêre en sekondêre hersaamgestelde gesinsisteme.

In die tydperk tussen ons tweede (2010-07-10) en vierde (2010-09-17) gesprek het Fanus nie meer sy sekondêre mikro-gesinsisteem besoek nie. Figuur 4.15 stel dus Fanus se aktiewe primêre mikro-gesinsisteem en onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem voor. Aangesien daar in die studie gefokus word op Fanus se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme, word slegs sy onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem aangedui, met 'n bewustheid dat sy twee broers, Jan en Anton, moontlik ook nie aktief in hul sekondêre mikro-gesinsisteem

funksioneer nie. Aangesien hulle funksionering nie eksplisiet gestel is nie, word Jan en Anton steeds as besoekende kinders in die sekondêre mikro-gesinsisteem aangedui.




Figuur 4.15 Fanus se aktiewe primêre hersaamgestelde gesin en onaktiewe sekondêre hersaamgestelde gesin.

#### 4.2.3.2 Die verloop van Fanus se narratiewe gesprekke

Fanus was aanvanklik positief en gemotiveerd aangaande sy deelname aan die navorsing, maar na gelang die gesprekke gevorder het, het hy al meer huiwerig en ongemotiveerd voorgekom. Ondanks my voortdurende verduideliking dat sy deelname aan die studie vrywillig is en dat hy die reg het om enige tyd te mag onttrek, het hy telkens met die bevestiging van die afsprake huiwerig gereageer. Sy minder spontane, minder spraaksame samewerkendheid het egter 'n moeilike en uitdagende navorsingsklimaat geskep.

Aanvanklik is vier gespreksgeleenthede oor 'n tydperk van vier maande geskep, naamlik op 2010-05-29, 2010-07-10, 2010-07-31 en 2010-09-17. Na afloop van die analiseringsproses van die data van die eerste vier gesprekke is 'n vyfde gespreksgeleentheid asook 'n ouergesprek met Fanus se moeder beplan. Die doel van die vyfde gesprek was tweeledig: eerstens om navorsings-vertroubaarheid te bevorder by wyse van kontrolering en uitbreiding van gegewens wat in die analise onduidelik geblyk het en tweedens om die terapeutiese proses wat uit die gesprekke gespruit het voort te sit. Die doel van die gesprek met Fanus se moeder was om haar te bemagtig om as stempersoon vir Fanus te kan optree, aangesien hy die ingesteldheid toon om moeilike omstandighede te hanteer deur negatiewe emosies sleg te ontken of te onderdruk. Tydens 'n telefoniese gesprek om 'n datum vir 'n vyfde gespreksgeleentheid met Fanus te bespreek, het hy egter sy onwilligheid tot verdere

deelname eksplisiet uitgespreek. Sy moeder het daarenteen positief op my uitnodiging vir ouerleiding gereageer en ’n gespreksgeleentheid is op 2011-06-06 geskep.

Die vier narratiewe gesprekke en een ouergesprek het in die terapie-kamer van my privaat sielkundige praktyk plaasgevind. Met die aanvang van die eerste gesprek het Fanus ’n positiewe houding gehandhaaf, maar met die verloop van die gesprek het hy meer gespanne en ongemaklik voorgekom. Die narratief het die vorm van ’n vraag-en-antwoord gesprek aangeneem, aangesien Fanus nie gemaklik en spontaan oor sy emosionele ervarings wou gesels nie. Sy emosionele onsekerheid wat deur die sensitisering met betrekking tot die probleemsituasie ontstaan het, is hanteer deur die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates.

Tydens die tweede gesprek, ses weke later, het Fanus aanvanklik gespanne en ongemotiveerd voorgekom, maar die natuurlike verloop van die proses om sy emosionele ervarings binne sy verskeie mikro-sisteme met behulp van die narratiewe tegniek “FACE” te identifiseer het algaande ’n atmosfeer van rustigheid geskep. Alhoewel Fanus met groter vrymoedigheid sy emosionele ervarings kon identifiseer en uitspreek, is duidelike spanning en ongemak opgemerk, moontlik vanweë sy geneigdheid om ongemaklike emosionele ervaringe eerder te onderdruk as om daaroor te gesels.

Die derde gesprek, drie weke later, was gekenmerk deur ’n verdere intensifisering van die spanning en ongemak, moontlik aangesien Fanus nog nie weer met sy vader in kontak was nie en sy negatiewe emosionele ervaringe met betrekking tot sy verhouding met sy vader ’n hoogtepunt bereik het. Deur middel van die narratiewe tegniek “FACE” kon persoonlike sterkpunte en eksterne bates egter verder verken word en geleentheid is gebied om emosionele ervarings met groter vrymoedigheid te kon identifiseer en uitspreek. Alhoewel Fanus deurentyd sy emosionele ervarings probeer onderdruk het, het hy egter deur middel van ’n terapeutiese intervensieproses die potensiaal getoon om sy emosionele ervarings te kon uitspreek.

’n Aansienlike tyd van ses weke het verloop tussen die derde en vierde gespreksgeleentheid, aangesien Fanus die afspraak, drie weke na die derde gespreksgeleentheid, self gekanselleer het weens vervoerprobleme. Met die bevestiging van ’n nuwe datum, was ek verras dat hy steeds sy instemming tot deelname aan ’n vierde gesprek gegee het. Ten spyte van die terapeutiese intervensieproses van die derde gesprek, waar Fanus die potensiaal getoon het om sy emosies met meer vrymoedigheid uit te spreek, was sy weerstand teen die verandering in sy betekenisgewing duidelik sigbaar.

Fanus het sy geneigdheid om negatiewe emosionele ervarings eerder te onderdruk as om daaroor te gesels bewustelik aan die hand van ’n metafoor uitgespel. Deur middel van verdere terapeutiese insette is sy betekenisgewing op ’n kognitiewe vlak ondersoek en fokus is gerig op sy geïdentifiseerde sterkpunte en bates. Na afloop van die vierde gespreksgeleentheid is ’n uitnodiging vir deelname aan ’n gratis terapeutiese intervensieproses aan Fanus en sy moeder gerig, maar hulle het nie die uitnodiging aangeneem nie.

Fanus se moeder het tydens die ouergesprek aanvanklik gespanne voorgekom en het nie spontaan oor haar omstandighede in die hersaamgestelde gesin gesels nie. Na gelang die gesprek gevorder het, het sy met meer vrymoedigheid haar ervarings ten opsigte van haar eerste huwelik en huidige hersaamgestelde gesin gedeel. Aangesien ek nie Fanus se toestemming gehad het om sy narratief met sy moeder te deel nie, het ek slegs aan haar leiding gebied ten opsigte van Fanus se hantering van sy moeilike omstandighede. Weens die sensitiwiteit van die onderwerp het ’n sensitisering van Fanus se probleemsituasies ontstaan wat emosionele ongemak en spanning by die moeder veroorsaak het. Tydens die bespreking dat die moeder en haar ouers Fanus se enigste vertrouelinge in sy huidige gesinsituasie is, het die moeder spontaan uiting gegee aan haar intense hartseer. Deur middel van die terapeutiese proses kon sy haar ontsteltenis op ’n kognitiewe vlak hanteer. ’n Uitnodiging vir verdere gratis terapeutiese ouerleiding is aan Fanus se moeder gerig, wat sy hierdie keer wel aangeneem het. Aangesien daar in hierdie studie gefokus word op middel-adolessente se ervarings binne hul hersaamgestelde gesinsisteme is die gesprek tussen my en Fanus se moeder nie op band opgeneem nie.

Die oorvertelling of representering van Fanus se narratief was ’n moeilike en uitdagende proses, aangesien Fanus ’n deurlopende ingesteldheid van geslotenheid ten opsigte van die verbalisering van sy sosiale en emosionele ervarings getoon het. In die proses om ’n gesprekskanaal te vestig waarbinne Fanus geleidelik met meer vrymoedigheid sy emosionele ervarings kon verbaliseer, was deurlopende objektiewe refleksie nodig ten einde ’n suiwer geko-konstrueerde narratief daar te stel.

### 4.2.3.3 Analise van Fanus se narratief in terme van veerkragbenutting

| Fanus se narratiewe perspektief rakende sy veerkragtigheid | Analise van Fanus se perspektiwiese narratief met betrekking tot sy emosionele belewing en die verloop van sy veerkragbenutting |
|---|---|
| **Narratiewe gesprek 1: 2010-05-29** | |
| Ek is nie eintlik 'n balletjie wat hop tussen twee gesinne nie. *As ek gelukkig is, sien ek* my pa *so een keer, twee keer, drie keer 'n jaar* (C1.50), maar dit pla my nie eintlik dat ek hom so min sien nie (C1.84). | Onaktiewe funksionering in sekondêre mikro-gesinsisteem. Fanus het homself nie as deel van sy sekondêre mikro-gesinsisteem beleef nie, weens sy vader se fisiese en emosionele onbetrokkenheid. Hy het sy onsekerheid met betrekking tot sy belewing van afstand tussen hom en sy vader hanteer deur van ontkenning gebruik te maak. Hy het reg van die begin af die metafoor van die balletjie wat hop verwerp. Kan dit moontlik dui op sy belewing van totale magteloosheid ten opsigte van sy huidige gesinsituasie? |
| Ons het my pa voor my ouers se egskeiding *in elk geval nooit gesien nie* (C1.53). Ek kan nog onthou van toe ek klein was, het ons saam met my oupa-hulle op hulle plot gebly, want my pa het vir my oupa gewerk (C1.51). Ons het elkeen in ons eie huis gebly (C1.129), maar toe trek ons Noord-Kaap toe want my pa het daar gaan werk en daar het ons hom ook byna nooit gesien nie. *Hy het in die aande tien uur* huis toe*gekom en dan het ons al geslaap en dan het hy in die oggende al vyf uur weer gery* (C1.54). *Ons het hom* net *partykeer gesien* en *met hom gesels maar dit was net so min soos wat ons hom nou sien* (C1.54). Toe trek ons weer terug Pretoria toe na hierdie huis waarin ons nou bly (C1.55). | Gedistansieerde verhouding tussen die vader en sy seuns in totaliteit. Fanus het sy vader se onbetrokkenheid van kleintyd af ervaar. Was die vader emosioneel en/of kognitief in staat om sy opvoedingsverantwoordelikheid na te kom? |
| Ek weet nie juis wat die rede was van my ouers se egskeiding nie. Ek glo *daar is twee kante van elke storie, want sê nou maar jy vra vir daai persoon wat die rede was dan sal daai persoon sê dit was sy skuld want hy het rondgefoeter, dan vra jy die ander persoon dan sê hy dit is sy skuld want hy het weer rondgefoeter* (C1.118). | BGB: Objektiewe kritiese denke. Ten spyte van Fanus se skraal verhouding met sy vader kon hy steeds die insig toon dat sy ouers se huwelik verbrokkel het deur beide partye se toedoen. Kon 'n moontlike lojaliteitskonflik ten opsigte van beide ouers bygedra het tot sy kritiese denke van om nie een van sy ouers te blameer vir die verbrokkeling van die huwelik nie? |

| | |
|---|---|
| My pa het ons wel, so vier weke terug een langnaweek, kom haal (C1.79). *Ek was bly dat hy dit gereël het, want ons sien hom min* (C1.80). *Hy het my twee broers en my nefie* by die dam *gaan aflaai, want hulle het gaan visvang* (C1.107). Ek en my pa is toe huis *toe want my oom-hulle het daar gekuier* (C1.73). *Nie een van ons hou van visvang nie* (C1.107). *Eintlik haat ek visvang* (C.102), *want daar is niemand om mee te kuier nie* (C1.105). Ek sal gaan visvang as ek met iemand kan kuier (C1.103). | Ongereelde funksionering in sekondêre mikro-gesinsisteem weens die vader se fisiese en emosionele onbetrokkenheid. Sou Fanus deur middel van sy sterk negatiewe ingesteldheid ten opsigte van die aktiwiteit van visvang sy behoefte aan emosionele koestering en spandering van kwaliteit-tyd met sy vader probeer verbaliseer het? |
| *Ek is maar soos enige kind wat nie* wou gehad het dat my *ouers moet skei nie* (C1.60). *Ek was rêrig hartseer toe my ouers uitmekaar gegaan het* (C1.59). *Ek het die* hartseer *heeltemal try uitsluit voor my ma my stiefpa leer ken het en met hom getrou het. Want toe ek my stiefpa leer ken, toe het ek nie meer nodig om dit uit te sluit nie* (C1.122). *Ek dink voor ek my stiefpa geleer ken het,* sou ek gewens het dat my ma en pa weer bymekaar moet wees, *maar nou wens ek dit nie* (C1.172). | BGB: Oënskynlike sterk binding met moeder se eggenoot reg van die begin van die moeder se verhouding met 'n nuwe egmaat. Fanus het sy belewing van pyn en onsekerheid met betrekking tot sy ouers se egskeiding hanteer deur van rasionalisering en vermyding gebruik te maak. Sou Fanus se behoefte aan 'n verhouding met 'n vaderfiguur, wat in sy emosionele behoeftes kon voorsien, moontlik bygedra het dat hy die nuweling in sy primêre mikro-gesinsisteemsonder enige teenkanting aanvaar het? |
| Oom Willem *is nou soos my pa* (C1.63). *Hy leer my meer as wat my pa my geleer het* (C1.62). *Ek geniet dit eintlik om so saam met my stiefpa te bly. Hy het 'n kort humeur en dis seker vir een of ander rede so, maar hy weet ook wanneer om grappies te maak* (C1.141). Oom Willem *is streng. Hy is amper soos my en my broers, want hy hou van karre en motorfietse* en ons ook (C1.124). *Ek vertrou* oom Willem nog *nie 100% met alles nie. Ek vertrou hom soos, as hy ry, weet ek hy sal nie 'n ongeluk maak nie, so ek is gemaklik as hy ry, maar nie met my persoonlike goed nie* (C1.156). | BGB: Aanpasbaarheid en aanvaarding van moeder se eggenoot as vervangingsvaderfiguur. Sou Fanus 'n optimale verhouding met 'n vaderfiguur gelyk gestel het aan die "leer" van manlike vaardighede? Ten spyte van 'n oënskynlike sterk binding tussen Fanus en sy moeder se eggenoot het Fanus steeds emosionele onsekerheid met betrekking tot die vertrouensverhouding tussen hom en sy moeder se eggenoot beleef. |
| *Ek sal seker vir oom Willem "pa" kan sê, maar ek het nog nooit nie. Ek weet nie hoekom nie, maar ek kan nie* (C1.133). *Sy kinders gaan die moer in wees as ek hom pa noem* (C1.134), *want vandat hulle pa met my ma getroud is, hou hulle niks van ons nie* (C1.136). | Disfunksionele verhoudings tussen stiefsibbe. |
| As iemand my sou vra hoe ek gecope *het, sal ek sê ek het nie eintlik juis iets gehad om mee te cope nie, want ek het* my pa *nie juis geken nie. Ek het hom* net *bietjie geken. Dit is seker hoe* | Fanus het sy belewing van pyn met betrekking tot sy huidige gedistansieerde verhouding met sy vader hanteer deur van rasionalisering gebruik gemaak. |

| | |
|---|---|
| *jy elke pa ken, jy weet dit is jou pa en dit,* maar verder ken jy hom nie juis nie(C1.110). | |
| Ek weet wel dat my pa 'n duik-*instrukteur is* en dat hy *ons een of ander tyd gaan leer om te duik* (C1.90). Ek wil baie graag leer om te duik (C1.89). *Nog voor my ma en pa geskei was, was ek eenkeer saam met hom toe hy gaan duik het, maar ek was nie saam met hom in die water nie, ek het net op die boot gesit terwyl hy geduik het* (C1.97). | Fanus se vader het oënskynlik vroeër wel met hom geringe bemoeienis gemaak deur hom eerder op die boot saam te neem toe hy sy sport beoefen het. Hy het met trots sy vader se kwalifikasie as instrukteur van die sport, scuba-duik, voorgehou. Ten spyte van 'n gedistansieerde verhouding tussen vader en seun klou Fanus steeds vas aan die vader se belofte om hom ook die sportsoort te "leer". |
| Ek het vandag *nie* 'n sterk verhouding met my pa nie (C1.69). Ek *vertrou* hom *amper niks nie* (C1.158). Dit voel net nie vir my reg *om hom enige iets te vertel* (C1.114) of *oor privaat goed, wat ek hulp mee nodig het,* hom te vra nie (C1.115). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Fanus het sy vader nie beskou as iemand wat in enige opsig aan sy behoeftes kon voldoen nie. Die vader se deurlopende onbetrokkenheid het moontlik bygedra tot Fanus se wantroue in sy vader se bevoegdheid as ouer. |
| Tannie Trudie *is partykeer nice,* maar *ek ken haar* ook *nie so goed nie* (C1.116). Ek het ook nie 'n sterk verhouding met haar nie (C1.170). *Ek gesels* nie eintlik met haar nie, maar ek dink *ek sal haar seker* so 'n bietjie *kan vertrou en vir haar hier en daar ietsie kan vertel* (C1.159). As ons by my pa-hulle gaan slaap, dan maak die tannie *vir my en my groot broer plek in die spaarkamer en my klein broer slaap saam met haar kind in dieselfde kamer* (C1.75). | BGB: Akkommoderende eggenote in sekondêre mikro-gesinsisteem. Die vader se eggenote het 'n poging aangewend om vir die besoekende kinders 'n ruimte te skep. Fanus het sy verhouding met sy vader se eggenote ook as gedistansieerd beleef, maar hy het 'n bereidheid getoon om meer met haar te kommunikeer. |
| *My oupa en ouma het ons geondersteun* (C1.160)*, hulle was maar altyd net daar gewees* (C1.186). My oupa *het ons* maar *geleer skiet, ons uitgevat en ons die basics geleer* (C1.56). *Hulle is Christene en ons* gaan steeds *elke Sondag kerk toe* (C1.185). | BGB: Ondersteunende grootouers. Fanus se oupa het oënskynlik sy rol as oupa effektief vertolk en hom mansdinge "geleer" wat moontlik deur Fanus beleef was as 'n vervanging van sy afwesige vader wat nie beskikbaar was om hom dinge te "leer" nie. |
| Ek en my ma het 'n baie sterk verhouding *(C1.65). Ek vertrou net my ma en dit voel of ek vir haar enige iets kan vra of enigiets kan sê en sy sal my daarmee help* (C1.152). | BGB: Stabiele ondersteunende verhouding met moeder. Fanus se moeder het sy behoefte aan emosionele koestering vervul. |
| *Ek praat nie eintlik graag met ander mense oor my pa nie* (C1.163), want ek probeer hierdie dinge *uit my kop uitsluit* (C1.121). Ek *hou nie daarvan as iemand te persoonlik raak nie, want dan begin ek ongemaklik voel* (C1.182). Ek is 'n baie privaat mens. *Ek dink jy kan nie net sommer enige iemand vertrou nie, want daar's* | Fanus het die onsekerheid met betrekking tot sy belewing van emosionele afstand tussen hom en sy vader hanteer deur doelbewus van vermyding gebruik te maak. Kon Fanus se gekweste vertroue in sy vader moontlik aanleiding gee tot sy versigtigheid om volwassenes te vertrou? |

| | |
|---|---|
| *mense wat jou* kan *bedrieg* (C1.184).<br><br>**Narratiewe gesprek 2: 2010-07-10** | |
| My pa het gister, v*ir die eerste keer in 'n lang tyd* (C2.12) *my gebel en toe gesels ons so bietjie* (C2.11). Hy het maar net gevra *of alles reg is en hoe gaan dit, en goed* (C2.13). Hy het niks gesê dat hy my gaan kom haal nie, maar *ek wil* graag *daar gaan kuier* (C2.14), *want ek wil saam met hom en een van sy vriende gaan skiet* (C2.15). Die oom *boer met mielies en die duiwe is peste, so hulle roei hulle uit* (C2.17). Die oom-hulle het my geleer dat jy weet *hoe ver jy van* die duif af geskiet het. *As jy sien* die duif *vlieg normaal dan weet jy, jy het gemis en as jy sien* die duif *slaan so briek aan dan weet jy, jy is bietjie voor verby, maar as sy gatvere so oplig dan weet jy dis agter verby* (C2.18). | BGB: Sin vir humor. Fanus het sy vorige ervaring saam met die oom op 'n komiese manier onthou en beskryf. Hy het sy behoefte om die oom te besoek wat hom "geleer" het om te skiet, eksplisiet uitgespreek. |
| As ek my situasie met iets kan vergelyk sou ek sê dit voel of ek op 'n *Big Wheel ry.* Dit is *daai groot ding wat so draai,* wat *stop* om iemand op te laai *en dan gaan dit weer op* (C2.148). *Vir die oomblik sit ek alleen* (C2.163), want *ek hou nie baie van om tussen mense wees nie, as jy alleen is, is dit rustiger* (C2.166). | Met behulp van 'n metafoor kon Fanus sy emosionele belewing van onsekerheid met betrekking tot sy ouers se egskeiding en gedistansieerde verhouding met sy vader met groter vrymoedigheid uitspreek. Sou sy belewing van alleen-wees moontlik verbandhou met sy huiwering om volwassenes te vertrou? Of sou hy slegs strewe na 'n rustigheid wat met alleen-wees gepaard gaan, met geen persoon wat emosionele eise aan hom stel nie? |
| As ek kan kies moet *die* Big Wheel *bo stop* (C2.161), want daar is dit *lekker* (C2.152). *Ek sal my ouma en oupa, en my ma en my stiefpa in* die mandjies *aan weerskante van my wil hê* (C2.167). *Ek sou nie alleen kon cope as ek nie 'n ma en 'n ouma gehad het nie, my oupa ook. Hulle het my* deur alles *gehelp* (C2.25) *en my baie gemotiveer* (C2.88). *My ouma-hulle is Christene en dit help my ook baie want hulle weet altyd wat om te sê* (C2.89). *Ek is eintlik dankbaar dat ek my stiefpa geontmoet het, want hy leer my baie dinge* (C2.43). *Ons het tot die eerste keer saam met my stiefpa sokker gekyk en dit is eintlik 'n wonder, want hy kyk nooit sokker of rugby nie* (C2.5). | BGB: Ondersteunende primêre mikro-gesinsisteem en grootouers. Fanus het nie meer van ontkenning gebruik gemaak om sy belewing van onsekerheid met betrekking tot sy ouers se egskeiding te hanteer nie, maar kon sy eksterne bates identifiseer. Hy het egter 'n eksterne lokus van beheer gehandhaaf, aangesien hy sy herstel slegs toegeskryf het aan die invloed van sy eksterne bates. |
| *Soms draai* die wiel *en wanneer ek onder, heel* | BGB: Kritiese denke en vermoë om emosies met |

| | |
|---|---|
| *onder is* (C2.152) *dan voel dit weer of die lewe net nie meer wil werk nie* (C2.151), dan voel dit vir my *sleg* (C2.153). Omdat ek my pa *eintlik in elk geval nooit sien* of gesien het nie (C2.27), *sal hy seker* in die mandjie *onder wees,* maar *nie heel onder nie* (C2.168). | meer vrymoedigheid te identifiseer en uit te spreek. Sou die verbalisering van die narratief daartoe bygedra het dat Fanus die pyn wat sy gedistansieerde verhouding met sy vader meegebring het, met meer vrymoedigheid begin erken het? |
| *Ek* voel *maar meestal moedeloos want ek weet nie hoe* die dinge *werk* nie. *My pa sê partykeer hy kom my haal dan kom hy nie* (C2.44). *Hy belowe iets, dan doen hy dit nie* (C2.45), *en ek is* nou *moedeloos om hom te vertrou* (C2.46). *Ek verlang na my pa. Dit is seker maar wat almal doen* (C2.62). Ek voel *hartseer omdat my ouers geskei is. Enigiemand sal wees* (C2.52). *Ek voel frustreerd* omdat *ek nog nie juis verstaan hoekom hulle geskei het nie* (C2.58). *Ek voel magteloos omdat ek niks daaromtrent kan doen nie* (C2.75). *Ek het nie die krag om iets daaromtrent te doen nie* (C2.78). *Ek voel verwerp omdat my pa die ander tannie se laitie leer om alles te doen wat hy vir ons gesê het hy vir ons ook gaan leer maar hy kom nooit daarby uit om vir ons te leer nie* (C2.79). | Ten spyte van die identifisering en uitspreek van emosie het hy steeds sy onsekerheid en pyn probeer hanteer deur van rasionalisering gebruik te maak. Fanus het sy belewing van intense magteloosheid ten opsigte van sy gedistansieerde verhouding met sy vader eksplisiet uitgespreek. |
| *Ek voel ook hoopvol want ek sit baie hoop op my pa, ek hoop hy doen* die dinge wat hy *sê hy gaan doen* (C2.60), *maar aan die anderkant is ek weer onseker oor hoekom hy daar is* (C2.61). *Ek vertrou hom nog nie so baie soos wat ek seker moet nie* (C2.72). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Alhoewel Fanus die gedagte gekoester het dat sy vader dalk sy emosionele behoeftes kon bevredig, het hy ook realisties geredeneer met betrekking tot sy disfunksionele vertrouens-verhouding met sy vader. |
| *Op hierdie oomblik* ***sit*** *ek net in die mandjie en ek* ***hou vas*** (C2.158), *ek weet ek hang nie oor nie* (C2.159). *Ek vertrou maar seker* ook *op die Here want wat gaan gebeur moet gebeur, so dan gee ek maar oor aan Hom. Dit pla my nie wat gebeur nie want Hy, Jesus, het klaar gesien wat gaan gebeur. So ekke is reg met alles, ek sal dit face soos dit kom* (C2.90). Ek is maar *'n rustige persoon* (C2.243). *Ek voel tevrede oor die egskeiding,* want *dis nou verby, dit pla my nie meer nie* (C2.47). *Ek weet dit is reg want ek weet my ma is gelukkig, maar omdat ek my pa so min sien is ek nie seker by hom nie* (C2.81). *Ek sal verlig voel as ek weet hy is ook gelukkig* (C2.82). | Fanus het die belewing van onsekerheid met betrekking tot sy gedistansieerde verhouding met sy vader hanteer deur van vermyding en ontkenning gebruik te maak. Hy het 'n totale magteloosheid met betrekking tot sy omstandighede beleef en was geensins aktief betrokke in 'n herstelproses nie. |
| *Oor die algemeen* is ek *'n gelukkige persoon, maar ek is* ook *baie skaam. Ek hou nie baie* | Fanus se persepsie van sy self-effektiwiteit was beperk, wat moontlik sy selfvertroue om |

| | |
|---|---|
| *daarvan om oor iets te spog nie* (C2.43). Ek het eenkeer saam met my vriende gaan ysskaats, toe wou ek 'n meisie se nommer hê, toe vra ek my vriende om vir my 'n meisie *se nommer* kry, *toe doen hulle dit* (C2.94). | met die teenoorgestelde geslag optimaal te sosialiseer lamgelê het. |
| Ek besef ek moet seker met my pa praat (C2.116) oor al die dinge wat my pla, maar *ek kan nie eintlik met hom oor alles praat nie. My gevoelens is nie iets waarmee ek met hom openlik* (C2.137) *sal wil praat nie* (C2.111). Ek sal ook nie vir hom kan sms nie, *want 'n sms vat te lank* (C2.140). | Fanus het nie 'n bereidheid getoon om enigsins uit sy gemaksone van vermyding te beweeg nie en het ook nie in staat daartoe gevoel nie. |
| As ek my pa van my emosies sou kon vertel, sou ek hom van my *verlange wou vertel* (C2.118), maar ek sal baie *onseker* wees (C2.120) omdat ek nie meer *vertroue in hom* het nie. (C2.121). Ek wantrou hom want *partykeer kom hy nie al het hy gereël dat hy ons kom haal* (C2.132). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Fanus het besef dat alvorens hy nie sy vader kon vertrou nie, hy nie sy emosionele ervarings met hom kon deel nie. |
| Dit *voel of ek toegesluit is want ek praat met niemand eintlik* oor my emosies *nie, ek hou dit vir myself* (C2.175), vandat ek oor my gevoelens met Tannie kon praat *voel ek beter en voel ek nie so toegesluit en verwerp nie* (C2.172). | Deur middel van die narratief het Fanus in 'n mate deur sy beskermende laag van ontkenning en vermyding gebreek en kon hy sy emosionele ervaring van eensaamheid en verwerping met groter vrymoedigheid verbaliseer. |
| **Narratiewe gesprek 3: 2010-07-31** | |
| Die ding van die egskeiding (C3.26) pla my nog steeds (C3.26). My gedagtes het die afgelope tyd *bietjie rond gespring in my kop, maar toe raak dit weer stil* (C3.18), want *sulke goed pla my nie juis nie. Dis maar net hoe ek is* (C3.22). *Ek is maar* net *rustig* (C3.45). | Ten spyte van die vorige gesprekke, waar Fanus met groter vrymoedigheid sy emosionele ervaringe kon verbaliseer, het hy weereens sy emosionele pyn en onsekerheid met betrekking tot die egskeiding probeer hanteer deur van ontkenning gebruik te maak. |
| *Ek voel wel bekommerd en onseker oor my pa, want ek weet nie waar hy is en wat hy doen nie en wanneer ek hom weer gaan sien nie. Ek het* drie weke gelede *laas van hom gehoor* (C3.44 & 3.45). *Ek verlang baie na hom* (C3.157). Eintlik *weet ek nie of* my pa *al ooit daar was vir my nie* (C3.112), *want hy sien ons min en hy praat min met ons. Dit is asof hy try om ons heeltemal te wil afskryf* (C3.115). *Ek dink* my pa wil *niks met my te doen hê nie, en dat hy eenkant is en as hy ons nodig het dan is ons weer maar net daar* (C3.116), *maar partykeer dink ek ook dis sy* | BGB: Eerlike, meer vrymoedige verbalisering van emosies. Fanus het nie meer die pyn probeer hanteer deur van ontkenning gebruik te maak nie, maar wel nog van rasionalisering. Hy het sy vader se werksomstandighede voor-gehou as rede vir sy onbetrokkenheid. |

| | |
|---|---|
| *werk, want hy is baie besig* (C3.159). | |
| *Ek voel seergemaak* (C3.145) *oor al hierdie dinge van die egskeiding* (C3.147). *Dit maak my baie seer om daaraan te dink* (C3.161) *en daarom sny ek dit liewer uit* (C3.160). Ek wil my hartseer *heeltemal weggooi, uitsluit en nooit weer daaraan dink nie (C3.140).* | BGB: Kritiese objektiewe denke. Fanus het 'n bewustheid getoon van sy ontoereikende emosionele hanteringstrategieë van ontkenning en vermyding. |
| Soms, as ek hartseer voel, sal ek 'n entjie gaan *stap. Op ons plot is daar 'n spruitjie by die dam* (C3.127). As ek daar is *dan sit ek en dink 'n rukkie oor wat gebeur het, en dan stap ek weer* terug *en vergeet dan van alles* (C3.132). *Dis maar net hoe ek is. Ek try nie daaraan dink nie en dan na 'n ruk dan vergeet ek net daarvan* (C3.133). *As ek myself heeltemal afsny kan dit my mos nie hartseer maak nie* (C3.91). | Sou die fisiese aktiwiteit van stap in sigself 'n daad van ontvlugting wees? Fanus het steeds van vermyding gebruik gemaak om sy gevoelens van pyn te hanteer. |
| *Ek* het gedink *dis 'n goeie manier* om die hartseer te hanteer (C3.139), maar die tannie het aan my verduidelik dat daar beter maniere is. Sy het gesê dat dit sal help as ek my gevoelens neerskryf (C3.163). *Ek het nie mooi geweet hoe* en wat *om dit te doen nie* (C3.164), *maar die tannie het net gesê ek moet skryf soos wat ek dink. Ek skryf toe: Ek voel hartseer want ek sien my pa nie. Dit voel of hy my afskeep en of hy my nie wil sien nie en of hy net beter goed het om te doen* (C3.165). Vir die eerste keer kon ek regtig sê hoe ek voel (C3.167). Ek het nogal myself verras (C3.178). Ek het nie gedink ek sal so maklik oor my gevoelens kan praat nie (C3.181). | Deur middel van terapeutiese intervensie kon Fanus sy emosionele ervaring met betrekking tot sy verhouding met sy vader op 'n kognitiewe vlak met groter vrymoedigheid verbaliseer en selfs neerskryf. |
| Alhoewel die tannie gesê het dat ek guts gehad het om my gevoelens neer te skryf het dit steeds niks aan die situasie verander nie (C3.169). Aan die anderkant is ek *dankbaar dat ek nou 'n stiefpa het soos oom Willem, wat my goed leer* (C3.43). *Hy is meer by die huis, hy sê wat ons moet doen en hy help ons baie* (C3.46). Nou *weet ek iemand gee eintlik om* vir ons (C3.47), maar *ek dink* oom Willem *het ons net halfpad deelgemaak* van sy lewe. *Hy steek nog goed vir ons weg* (C3.94). *Hy het vir ons vertel hy was ook in die army en hy was ook soos ek, rustig, en een dag toe besluit hy net genoeg is* | BGB: Kritiese objektiewe denke. Fanus se objektiewe evaluering van die situasie het hom gelei om sy dankbaarheid teenoor sy moeder se eggenoot te kon uitspreek. Die moeder se eggenoot het Fanus se behoefte aan emosionele veiligheid vervul, aangesien hy aktief betrokke was in die opvoedingsgebeure. Fanus het egter steeds onsekerheid beleef met betrekking tot sy vertrouensverhouding met sy moeder se eggenoot. Kon sy subjektiewe vrees van verwerping deur sy vervangingsvaderfiguur moontlik aanleiding gee tot sy belewing van onsekerheid met betrekking tot sy lidmaatskap van sy primêre mikro-gesinsisteem? |

| | |
|---|---|
| *genoeg* (C3.95), maar *hy praat nie daaroor nie, so ek weet nie wat het toe gebeur nie* (C3.96). | |
| Nou het oom Willem *'n baie kort humeur* en *hy skreeu baie op ons* (C3.49), *maar ek het* al *geleer om myself daaraan af te vee* (C3.50). *Dit pla my nie* as hy op my skreeu nie, *ek hoor wat hy sê maar ek vat dit net soos* asof *hy normaal met my praat* (C3.51). *Ek het maar net geleer afsny* (C3.82). *In die begin toe my stiefpa begin skreeu het, was ek baie pieperig* (C3.80) *want ek was nie gewoond daaraan nie. My ouers het mos nie gewoonlik op my geskreeu nie,* so sy geskreeuery *het my verbaas,* eintlik *verras. Ek het kort-kort gehuil maar met die tyd het ek daaraan gewoond geraak, so dit pla my nie meer nie* (C3.82). My ouma-hulle *het ook vir my gebid en met my gepraat en dit het baie gehelp* (C3.78 & 3.79). | Ten spyte van 'n oënskynlike hegte verhouding tussen Fanus en sy moeder se eggenoot van die staanspoor af, het Fanus egter onsekerheid beleef met betrekking tot die hantering van sy moeder se eggenoot se vinnige temperament weens sy ingesteldheid van verbale aggressie teenoor die gesinslede. Fanus het weereens sy onsekerhede hanteer deur van ontkenning en distansiëringgebruik te maak. |
| Oom Willem skreeu gewoonlik op ons as ons aangejaag het en iets gedoen het wat ons nie moet nie. (C3.52). Soms voel ek dit is onreg-verdig as hy skreeu en *ek het niks gedoen* (C3.57), maar gelukkig weet *ek mos wanneer ek iets gedoen het en wanneer ek nie iets gedoen het nie* (C3.58). *Ons gesels* nie eintlik *so baie nie* (C3.107) *want ek is bang hy skreeu op my of hy word kwaad of iets* (C3.110).<br>*Alhoewel my ma en oom Willem lief is vir mekaar en 'n goeie verhouding het* (C3.97), hou sy ook nie daarvan *as hy so skreeu* nie en sy *ignoreer hom ook* (C3.66). As oom Willem my kwaad maak, dan *draai ek net om en loop maar weg* (C3.69). *Ek skakel myself seker af van die negatiewe* dinge (C3.90). | BGB: Kritiese objektiewe denke en aanvaarding van gesag. Fanus se insig ten opsigte van sy aandeel in 'n konfliksituasie tussen hom en sy moeder se eggenoot asook sy ingesteldheid van aanvaarding van gesag dra by tot sy kritiese evaluering van 'n situasie. Die moeder se egge-noot se ingesteldheid van verbale aggressie dra egter daartoe by dat Fanus se vertrouens-verhouding met hom skipbreuk gely het.<br>Fanus se moeder het vermydingsgedrag gemodelleer. |
| Nadat ek met die tannie oor my gevoelens gepraat het en dit nie meer weggesteek het nie, *voel ek beter* (C3.181). *Ek is nou rustiger oor hierdie hele ding* van die egskeiding *en is nie meer* so *bang nie* (C3.197). | BGB: Objektiewe kritiese denke. Deur die terapeutiese intervensie-proses van verbalise-ring van emosionele ervaringe het Fanus 'n mate van verligting ervaar. |
| **Narratiewe gesprek 4: 2010-09-17** | |
| *Ek het my pa baie lanklaas gesien, ek kan nie eers onthou hoe lank laas nie. Ek dink ek het hom eenkeer gesien in twee, drie maande* (C4.5). *Dit pla my nie meer om hom so min te* | Ten spyte van die terapeutiese intervensie in die vorige gesprek het Fanus weereens sy emosionele onsekerheid en pyn met betrekking tot sy gedistansieerde verhouding met sy vader probeer hanteer deur van ontkenning en |

| | |
|---|---|
| *sien nie, want toe my ma en my pa getroud was toe het ons hom in elk geval nie gesien nie* (C4.144). | rasionalisering gebruik te maak. |
| *Ek het 'n paar weke* gelede *verjaar en* my pa *het my net gebel en gesê, "Ja, ek sal volgende week jou geskenk vir jou bring" en ek wag nou nog vir hom* (C4.118). *Dit pla my nie* (C4.123) en *ek gaan nie eers die moeite doen* om met hom hieroor te praat nie (C4.125), *want hy is te besig met sy werk en sulke goed* (C4.130). *As ek wel daaroor* gaan *praat dan gaan ek net opgewerk word en dan gaan ek net nog kwater word* (C4.133). *Ek* ***wil nie*** met my pa *daaroor praat nie* (C4.134). | Fanus het sy teleurstelling in sy vader se gedrag eksplisiet uitgespreek, maar hy het steeds sy emosionele pyn probeer hanteer deur van ontkenning en vermyding gebruik te maak. |
| *Ek het* nou *'n stiefpa en hy trek my aandag daarvan af* (C4.120). *Ek help hom soms as hy besig is en hy vat ons partykeer êrens heen en partykeer kom haal hy ons by die skool en leer ons goedjies* (C4.148). | BGB: Oënskynlike positiewe binding met moeder se eggenoot. Willem se daadwerklike aandag aan Fanus het as kompenserende faktor gedien vir sy vader se onbetrokkenheid, maar het hy ook aan Fanus se emosionele behoeftes voldoen? |
| My pa kom ons miskien volgende naweek haal, maar *ek wil nie eers eintlik meer na hom toe gaan nie* (C4.10). My pa het so 'n ruk terug met my broer gepraat, en *toe vra hy wat wil hy doen, toe sê my broer hy wil 'n mechanic word. Toe gaan my pa gal af en sê vir my broer "Jy wil spanners gooi", toe sê my broer "Ja, dis lekker om spanners te swaai"* (C4.16). *My pa het mos so bietjie sielkunde gestudeer en prokureur, ek weet nie eintlik nie, maar ek neem maar aan dat hy wil hê ons moet ook in daai rigting ingaan* (C4.16). *Ek wil graag* meer in die meganiese rigting studeer (C4.12). | Fanus het sy emosionele pyn en onsekerheid met betrekking tot sy gedistansieerde verhouding met sy vader weereens hanteer deur van vermyding gebruik te maak. Hy het die moontlikheid van konflik tussen hom en sy vader met betrekking tot sy eie beroepskeuse probeer vermy deur aan te dui dat hy nie gretig was om sy vader te besoek nie. |
| *My Christenskap* (C4.70) *en selfrespek* (C4.71) *is die eienskappe van myself wat ek die meeste vir ander mense wys, maar ek wys nie sommer vir ander my emosies nie, want jy kan makliker seerkry* (C4.77) . As ek 'n beeld kan gebruik om myself beter te kan beskryf sal ek sê ek is min of meer soos 'n kluis (C4.31). 'n Kluis is *iets waarin jy iets in wegbêre* (C4.33). *My kluis is sterk* (C4.38) *en ek sluit nie maklik oop nie* (C4.42). Ek sluit my negatiewe emosies liewer weg, want dan kan ek nie seerkry nie. As ek nie daaroor praat of daaraan dink nie, dan is ek gelukkig (C4.31-4.123). | BGB: Objektiewe kritiese denke. Fanus kon met behulp van die metafoor van die kluis sy ontoereikende emosionele hanteringstrategieë beskryf en het geen bereidheid getoon om die ontwikkeling van positiewe betekenis deur die herfrasering van die probleem te oorweeg nie. |

| | |
|---|---|
| As ek my en my ouers met diere kan vergelyk weet *ek oom Willem en my pa is nie dieselfde nie* (C4.160). Oom Willem is *'n pitbull* (C4.155) *want hy het 'n kort humeur* (C4.152) *en hy is nie bang nie* (C4.153). My ma en ouma *is* altwee *beertjies* (C4.156& 4.162) want hulle *is altyd daar as ek hulle nodig het* (C4.157 & 4.163). *My ma en pa sal ver van mekaar af wees* (C4.158) *want hulle baklei baie* (C4.159) My pa is *'n hoogmoedige bobbejaan* (C4.175) en tannie Trudie sal *'n leeuwyfie wees wat nie altyd weet wat sy wil hê nie* (C4.179). Ek is *'n skaap* (C4.181), maar *ek sal nader aan oom Willem wil wees* (C4.164). *'n Skaap is* mos *ook rustig* en *hy het respek vir sy persoon wat hom oppas* (C4.182). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Deur middel van die metafoor van die diere kon Fanus sy emosionele belewing van die volwassenes in sy lewe met groter vrymoedigheid verbaliseer. Die verwysing na sy moeder se eggenoot as 'n "pitbull" en na homself as 'n "skaap" beklemtoon sy kwesbaarheid in sy verhouding met sy moeder se eggenoot. Die verwysing na sy vader as 'n "hoogmoedige bobbejaan" en homself as 'n "skaap" beklemtoon die intense emosionele gedistansieerdheid tussen hom en sy vader. Fanus het homself beleef as 'n individu met min self-effektiwiteit, met 'n totale magteloosheid om enigiets aan sy gegewe situasie te kan verander ten spyte van sy begeerte vir 'n sterker verhouding met sy moeder se eggenoot. Met die verwysing na homself as 'n "skaap" wat respek het vir die persoon wat hom "oppas" beklemtoon hy sy behoefte aan 'n opvoeding-verhouding waar die volwassenes aktief teenwoordig is en hom versorg. |
| Nou is ek baie moeg en ek wil nie verder oor myself of oor my situasie praat nie (C4.188 & 4.189). | Fanus het intense emosionele blootstelling beleef tydens die verbalisering van sy emosionele belewings. Hy het die ongemaklike situasie probeer hanteer deur weereens van doelbewuste vermyding gebruik te maak. |

### 4.2.3.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Fanus se veerkragbenutting.

Binne die uniekheid van Fanus se hersaamgestelde gesinsisteme, waar hy volwaardig lid van **twee** mikro-gesinsisteme behoort te wees, maar slegs aktief funksioneer binne **een** gesinsisteem, vind sy ontwikkeling dus slegs in een mikro-gesinsisteem plaas. Vanweë sy vader se onaktiewe funksionering en gedistansieerde verhoudingstrukture in die sekondêre mikro-gesinsisteem kan die interaksie-patrone daar geensins as proksimaal beskou word nie. Effektiewe proksimale interaksie-prosesse word slegs voltrek op die basis van 'n kombinasie van die durende en hoë frekwensie **beskikbaarheid** van hierdie prosesse in die mikro-gesinsisteme en die individue se **disposisie** om die geleenthede raak te sien en te **benut.** Volgens my bio-ekologiese definisie van veerkragtigheid (2.5.2) wat spesifiseer dat 'n veerkragtige middel-adolessent sy/haar persoonlike sterkpunte en bates moet kan **aanwend** ten einde die proksimale prosesse van interaksie binne ontwikkelingsisteme te kan optimaliseer, kan geredeneer word dat Fanus nie sy veerkrag-eienskappe binne sy

sekondêre mikro-gesinsisteem asook in die heen-en-weer beweging tussen die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme kan benut nie.

’n Meta-analise van Fanus se vier gesprekke laat blyk dat hy intense emosionele blootstelling beleef het tydens die verbalisering van sy narratief, strydig met sy sterk ingesteldheid om moeilike omstandighede te vermy deur negatiewe emosies te ontken of te onderdruk. Ondanks die bate-gebaseerde benadering, wat fokus rig op die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates asook die veerkrag-gebaseerde terapeutiese intervensie, wat fokus rig op die deurbreek van die beskermende lae van onder andere rasionalisering en ontkenning, in ’n poging om die individu te lei om sy/haar eie ingebore veerkrag te ontdek, het Fanus se ingesteldheid aangaande die wyse waarop hy moeilike omstandighede hanteer nie verander nie. Die vraag is of Fanus sy veerkrageienskappe **benut** het ten einde veerkragtige herstel met persoonlike groei te bewerkstellig en of hy slegs die potensiaal toon tot veerkragtige herstel, maar nog nie daadwerklik veerkragtig herstel het nie.

Ten einde ’n geïntegreerde begrypende verklaring te kan vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van Fanus se benutting, al dan nie, van sy veerkragtigheidseienskappe, sal slegs die een navorsingsvraag as raamwerk kan dien, naamlik: *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die primêre mikro-gesinsisteem?* Alvorens hierdie navorsingsvraag beantwoord kan word, word die oneffektiewe interaksie-patrone binne Fanus se sekondêre mikro-gesinsisteem egter bespreek, waarna die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Fanus se primêre mikro-gesinsisteem bespreek sal word.

- **Fanus se onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem.**

Die hersaamgestelde gesin van sy vader, as sekondêre mikro-gesinsisteem waarbinne Fanus behoort te funksioneer, word deur hom beleef as ’n gedistansieerde sisteem. Hierdie gesinsisteem word as ’n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien, wat vir die afgelope vier jaar bestaan, maar wat Fanus se progressiewe ontwikkelingsvlakke nie akkommodeer nie en dus nie daarin slaag om die veilige emosionele ruimte te skep waarbinne hy as middel-adolessent behoort te ontwikkel nie. Die sisteem word deur Fanus beskryf as ’n eenheid met ’n wankelrige identiteit, waar onsekere ouerskap-rolle kristalliseer en ontoereikende interaksie tussen gesinslede plaasvind. As gevolg van die oneffektiewe interaksie-patrone tussen die gesinslede, kon die fases van ontwikkeling soos deur Papernow (in Ganong & Coleman, 1994:143) gepostuleer, dus nie optimaal verloop nie.

Fanus het vertel dat ontoereikende interaksie-patrone tussen hom en sy vader selfs binne sy kerngesin teenwoordig was. Die hersaamgestelde gesin, as sekondêre mikro-gesinsisteem, wat ontstaan het vanuit 'n buite-egtelike verhouding, waar die verlies van die kerngesin moontlik nie effektief hanteer is nie, het moontlik die emosionele afstand tussen Fanus en sy vader vergroot. Die vader se geskiedenis van 'n ingesteldheid van fisiese en emosionele onbetrokkenheid in die opvoedingsverhouding en Fanus se ingesteldheid van 'n totale magteloosheid ten opsigte van sy gesinsomstandighede het die interaksie-prosesse verder lamgelê.

Interaksie-patrone tussen Fanus en sy vader se eggenote blyk die potensiaal te hê van toereikendheid, maar kan weens sy ongereelde funksionering in die sekondêre mikro-gesinsisteem nie as proksimaal beskou word nie. Fanus se ingesteldheid van aanvaarding van sy vader se eggenote en haar akkommoderende houding met betrekking tot die skep van 'n ruimte vir haar eggenoot se besoekende kinders sou moontlik kon bygedra het tot die mobilisering van proksimale interaksie.

Fanus toon 'n sterk behoefte aan 'n vertrouensverhouding met sy vader, maar as voorwaarde tot vertroue stel hy 'n opvoedingsverhouding waar sy vader met hom bemoeienis maak deur aan hom aandag te gee en hom dinge te leer. Die disfunksionele verhoudingstrukture en oneffektiewe interaksie-patrone tussen Fanus en sy vader dra by tot sy intense emosionele pyn en onsekerheid met betrekking tot sy vertrouensverhouding met hom. Fanus het sy emosionele pyn en onsekerhede probeer hanteer by wyse van oneffektiewe hanteringstrategieë van rasionalisering, ontkenning en vermyding en telkens in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling) slegs teruggekeer na sy huidige sone van ongemak, sonder enige persoonlike groei.

Waar sensitisering van persoonlike sterkpunte tydens die gesprekke deur middel van die bate-gebaseerde benadering en terapeutiese tegnieke gefasiliteer is, het Fanus slegs sy sterkpunte begin benut deur sy emosionele ervarings van pyn met betrekking tot sy gedistansieerde verhouding met sy vader met meer openhartigheid te verbaliseer. Sy persoonlike sterkpunte, soos geïdentifiseer in lyn met die Eerste Golf van veerkragnavorsing, (wat fokus rig op die identifisering van veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing) sluit in sy kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid wat objektiewe kritiese denkvermoë en 'n sin vir humor insluit, en sy ingesteldheid van aanpasbaarheid.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting, al dan nie, in Fanus se primêre mikro-gesinsisteem.**

Die hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem waarbinne Fanus aktief ontwikkel, word deur hom beskryf as ’n plek waar hy ten minste dinge geleer word. Die sisteem word as ’n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien wat Fanus se progressiewe ontwikkelingsvlakke akkommodeer en bydra tot die skep van ’n veilige ruimte waarbinne hy, as middel-adolessent, oënskynlik aktief betrokke is. Die sisteem kan as ’n gestruktureerde eenheid beskryf word met ’n gevestigde identiteit waar duidelike, definitiewe ouerskap-rolle kristalliseer en oënskynlik vrugbare proksimale prosesse tussen gesinslede plaasvind. Fanus ontwikkel vanuit sy aktiewe primêre mikro-gesinsisteem verder ook binne die mikro-sisteem van sy materne grootouers. Hy beskryf die mikrosisteem van sy grootouers as ’n sisteem wat hy kan vertrou, wat hom kan beskerm en in sy opvoedingsbehoeftes kan voorsien.

Interaksie-patrone tussen Fanus en sy moeder blyk vrugbaar te wees. Faktore wat bydra tot die vrugbare proksimale proses tussen hom en sy moeder sluit in sy moeder se vermoë om aan haar seun se opvoedingsbehoefte van kwaliteit-tyd te voldoen sowel as Fanus se positiewe ingesteldheid van openheid teenoor sy moeder en sy objektiewe kritiese denke rakende die aanvaarding van beide sy ouers se aandeel aan die verbrokkeling van sy kerngesin.

Interaksie-patrone tussen Fanus en sy moeder se eggenoot blyk op die oog af vrugbaar te wees. Faktore wat bygedra het tot die oënskynlike proksimale interaksie tussen Fanus en sy moeder se eggenoot sluit in sy ingesteldheid van aanvaarding van sy moeder se eggenoot as sy vervangingsvaderfiguur, sy objektiewe kritiese denke asook sy konstruktiewe appèlmatige eienskap van aanvaarding van gesag. Sy moeder se eggenoot se vermoë om Fanus se opvoedingsbehoefte van kwaliteit-tyd te bevredig dra by tot die mobilisering van die oënskynlike proksimale interaksie proses tussen hulle.

Ondanks die beskermende faktore van ’n warm vertrouensverhouding met sy moeder en sy moeder se eggenoot se toereikende bemoeienis met hom, het Fanus egter met verskeie risiko-faktore te kampe wat die proksimale proses tussen hom en sy moeder se eggenoot beperk. Faktore wat moontlik bydra tot die beperking van proksimale interaksie tussen gesinslede sluit in die vorming van die hersaamgestelde gesin vanuit ’n saamwoon-verhouding kort na die verbrokkeling van die kerngesin, wat moontlik nie effektief hanteer is nie, ’n lojaliteitskonflik ten opsigte van sy biologiese ouers, disfunksionele verhouding-strukture met sy stiefsibbe, die moeder se eggenoot se ingesteldheid van verbale aggressie

teenoor gesinslede en die moeder se modellering van vermydingsgedrag tydens haar eggenoot se verbaal aggressiewe uitbarstings. Fanus het die onsekerhede met betrekking tot sy wankelrige vertrouensverhouding met sy moeder se eggenoot probeer hanteer by wyse van oneffektiewe hanteringstrategieë van rasionalisering, ontkenning en vermyding en telkens in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling) slegs herstel terug na sy gemaksone sonder enige persoonlike groei.


Waar sensitisering van persoonlike sterkpunte tydens die gesprekke in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering en terapeutiese tegnieke gefasiliteer is, het Fanus slegs sy sterkpunte begin benut deur sy emosionele ervarings van onsekerheid met betrekking tot sy gedistansieerde vertrouensverhouding met sy moeder se eggenoot met meer open-hartigheid te verbaliseer. Sy persoonlike sterkpunte, soos geïdentifiseer in lyn met die Eerste Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die identifisering van veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing), sluit in sy kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid wat objektiewe kritiese denkvermoë en 'n sin vir humor insluit.

In die konteks van die hersaamgestelde gesin kan die middel-adolessent as veerkragtig beskou word indien **effektiewe** probleemoplossings- en emosioneel-gefokusde hantering-strategieë doelbewus gekies word om sodoende moeilike omstandighede in beide mikro-gesinsisteme te hanteer. Gesien in die lig dat 'n individu se veerkragtigheid nie bloot deur die teenwoordigheid van sekere eksterne of ook interne eienskappe manifesteer nie, maar eers deur die optimale **benutting** van die interne eienskappe asook in interaksie met die omgewing, word Fanus as 'n ontwikkelende middel-adolessent beskou wat die potensiaal toon tot veerkragtige herstel, maar nog nie daadwerklik veerkragtig herstel het nie.

### 4.2.4 Deelnemer D: Sonja


#### 4.2.4.1 Feitlike konteks van Sonja se mikro-gesinsisteme

Sonja (vyftien jaar en in Graad tien, ten tye van ons gesprekke) se kerngesin het bestaan uit haar moeder, Lara, haar vader, Gert, haar ouer broer, Ryno, haar jonger suster, Nina, (onderskeidelik sewentien en veertien jaar oud ten tye van ons gesprekke), haar halfsuster, Tryna (vyf en twintig jaar oud, ten tye van ons gesprekke) uit haar vader se vorige huwelik, en sy. Sonja se ouers is nege jaar gelede geskei, toe sy ses jaar oud was. Hulle het in daardie tyd in Gauteng gewoon. Die kerngesin word in Figuur 4.16 aangedui met gebroke lyne, aangesien hierdie huwelik verbrokkel het. Tryna word met stippellyne in die kerngesin aangedui aangesien sy dié gesin slegs periodiek besoek het.




Figuur 4.16 Sonja se verbrokkelde kerngesin.

Sonja se vader het kort ná die egskeiding met Estie in die huwelik getree en 'n hersaamgestelde gesin is gevorm wat as Sonja se primêre mikro-gesinsisteem bekend gestaan het, aangesien haar primêre plek van verblyf by die gesin van haar vader was. Estie se twee seuns uit haar vorige huwelik, Carel en Eben, onderskeidelik vyf en sewe jaar oud ten tye van hul moeder se hertroue, het permanent in Sonja se primêre mikro-gesinsisteem gewoon. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie. Sonja se moeder het ná die egskeiding op haar eie gewoon en Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem het dus die vorm aangenaam van 'n enkelouergesin. Sonja het in daardie tyd haar sekondêre mikro-gesinsisteem aktief besoek. Beide gesinne het steeds in Gauteng gewoon. Aangesien daar in die studie gefokus word op Sonja se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme, word slegs haar aktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem aangedui, met 'n bewustheid dat haar broer, Ryno en suster, Nina, moontlik ook aktief in hul sekondêre mikro-gesinsisteem funksioneer het. Aangesien hulle funksionering nie eksplisiet gestel is nie, word Ryno en Nina steeds as besoekende kinders in die sekondêre mikro-gesinsisteem aangedui. Tryna, Gert se dogter uit sy vorige huwelik, het steeds Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek.





Figuur 4.17 Sonja se enkelouergesin as sekondêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem.

Na 'n tydperk van twee jaar, toe Sonja agt jaar oud was, het haar vader se gesin Kaap toe verhuis. Sonja en Nina het nie saam met hul vader gegaan nie, maar haar broer Ryno het wel. Sonja se gesinsisteme het dus in daardie tyd omgeruil, aangesien sy permanent in die gesin van haar moeder, wat steeds in Gauteng gebly het, gaan woon het. Sonja se primêre mikro-gesinsisteem het in dieselfde tyd ook verander van 'n enkelouergesin na 'n hersaamgestelde gesin deur die moeder se huwelik met Janus. Janus se dogter, Janie, (agt jaar oud, ten tye van haar vader se hertroue) het Sonja se primêre mikro-gesinsisteem slegs periodiek besoek. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie.


Sonja se vader het kort ná die verhuising geskei en op sy eie gaan woon. Haar sekondêre mikro-gesinsisteem het dus die vorm van 'n enkelouergesin aangeneem. Sy het ná haar vader se verhuising en egskeiding nie haar sekondêre mikro-gesinsisteem besoek nie en het ook geen verdere kontak met Estie of haar seuns, Karel en Eben, gehad nie. Figuur 4.18 stel Sonja se veranderde primêre en onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteme voor. Sonja se beweging op mesosisteemvlak word nie aangedui nie, aangesien haar heen-en-weer-beweging nie plaasgevind het nie. Haar broer, Ryno, word in haar primêre mikro-gesinsisteem met stippellyne aangedui, aangesien hy dié sisteem periodiek besoek het. Tryna, Gert se dogter, uit sy vorige huwelik, het in daardie tyd nie Sonja se primêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek nie. Aangesien daar in die studie gefokus word op Sonja se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme, word slegs haar onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem aangedui, met 'n bewustheid dat haar suster, Nina, moontlik ook nie aktief in haar sekondêre mikro-gesinsisteem funksioneer het nie. Aangesien haar nie-funksionering

nie eksplisiet gestel is nie, word Nina steeds as besoekende kind in die sekondêre mikro-gesinsisteem aangedui.





Figuur 4.18 Sonja se hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem en enkelouergesin as onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem.

Sonja se moeder het ná 'n kortstondige huwelik van een jaar, toe Sonja nege jaar oud was, weer geskei en op haar eie gaan woon. Sonja se primêre mikro-gesinsisteem het dus verander van 'n hersaamgestelde na 'n enkelouergesinsisteem. Figuur 4.19 stel beide Sonja se mikro-gesinsisteme as enkelouergesinne voor. Sonja se beweging op mesosisteemvlak word met 'n stippellyn aangedui, aangesien haar heen-en-weer-beweging op hierdie stadium nie gereeld plaasgevind het nie. Tryna, Gert se dogter uit sy vorige huwelik, het weer Sonja se primêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek. Sonja het ná haar moeder se egskeiding geen kontak verder met Janus of met sy dogter, Janie, gehad nie.





Figuur 4.19 Sonja se primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme as enkelouergesinne.

Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem het weer verander toe sy tien jaar oud was. Haar vader het met Lianca in die huwelik getree en 'n hersaamgestelde gesin is gevorm. Lianca se twee seuns uit haar vorige huwelik, Arno en Louis (onderskeidelik drie en nege jaar oud ten tye van hul moeder se hertroue), het permanent in Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem gewoon. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie. Figuur 4.20 stel Sonja se enkelouer primêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde sekondêre mikro-gesinsisteem voor. Sonja se beweging op mesosisteemvlak word met 'n soliede lyn aangedui, aangesien haar heen-en-weer-beweging op hierdie stadium gereeld plaasgevind het. Haar besoeke was egter beperk tot skoolvakansies weens die fisiese afstand tussen haar twee gesinsisteme. Sonja se broer, Ryno, het ook in hierdie tyd verhuis na die gesin van sy moeder. Tryna, Gert se dogter uit sy vorige huwelik, het steeds Sonja se primêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek.





Figuur 4.20 Sonja se enkelouergesin as primêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde gesin as sekondêre mikro-gesinsisteem.

Sonja se moeder het na twee jaar van enkel-ouerskap, toe Sonja twaalf jaar oud was, in die huwelik getree met Riaan. Riaan se dogter, Amelia (twaalf jaar oud ten tye van haar vader se hertroue) het Sonja se primêre mikro-gesinsisteem slegs periodiek besoek. Die egpaar het geen kinders saam verwek nie. Figuur 4.21 stel Sonja se hersaamgestelde gesinne as primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme voor. Sonja het steeds haar sekondêre mikro-gesinsisteem aktief gedurende skoolvakansies besoek. Tryna, Gert se dogter uit sy vorige huwelik, het steeds Sonja se primêre mikro-gesinsisteem periodiek besoek.




Figuur 4.21 Sonja se hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde gesin as sekondêre mikro-gesinsisteem

Sonja se broer, Ryno, het gedurende die tyd van ons vierde en vyfde gesprek (2011-01-14 en 2011-07-18) verhuis na sy vader se gesin in die Kaap. Figuur 4.22 stel Sonja se hersaamgestelde gesinne as primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme voor. Sonja het steeds haar sekondêre mikro-gesinsisteem gedurende skoolvakansies besoek. Ryno word in Sonja se primêre mikro-gesinsisteem met stippellyne aangedui, aangesien hy dié sisteem periodiek besoek het.




Figuur 4.22 Sonja se veranderde hersaamgestelde gesin as primêre mikro-gesinsisteem en hersaamgestelde gesin as sekondêre mikro-gesinsisteem.

#### 4.2.4.2 Die verloop van Sonja se narratiewe gesprekke

Sonja het spontaan op die uitnodiging vir deelname aan die navorsing gereageer. Haar spraaksame samewerkendheid het ’n gunstige navorsingsklimaat geskep. Aanvanklik is vier gespreksgeleenthede oor ’n tydperk van vyf maande geskep, naamlik op 2010-08-14, 2010-09-18, 2010-10-04 en 2011-01-14. Na afloop van die analiseringsproses van die data van die eerste vier gesprekke is ’n vyfde en sesde gespreksgeleentheid op 2011-06-24 en 2011 - 07-21 geskep. Die doel van die vyfde en sesde gesprekke was drie-ledig: eerstens om navorsings-vertroubaarheid te bevorder by wyse van kontrolering en uitbreiding van gegewens wat in die analise onduidelik geblyk het, tweedens om Sonja se unieke ontwikkelingsproses, waar sy bepaalde voornemens gestel het rakende die manier van hantering van haar moeilike omstandighede, op te volg en derdens om ’n terapeutiese proses te begin, aangesien intense emosionele ongemak in die afloop van die vier gesprekke waargeneem is. Die eerste vier gesprekke en sesde gesprek het in die terapie-kamer van my privaat sielkundige praktyk plaasgevind. Weens vervoerprobleme wat Sonja en haar moeder ondervind het, het die vyfde gesprek plaasgevind in my kantoor van die hoërskool waar ek deeltyds as skoolsielkundige dienste lewer (sien Bylaag D op Laserskyf).

Sonja het spontaan begin gesels en die eerste gesprek was gekleur met vertelling van haar belewing van frustrasie oor die “so-wees” van haar gesinsomstandighede. Ten spyte van ’n sterk ontkennende ingesteldheid, het sy met die verloop van die gesprek haar emosies met meer vrymoedigheid begin verbaliseer en met tye ook spontaan uiting gegee aan haar emosie van pyn en hartseer. Haar emosionele onsekerheid, wat deur die sensitisering met betrekking tot die probleemsituasie na vore gekom het, is hanteer deur die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates asook verkenning van probleemoplossingsmoontlikhede. Deur middel van die terapeutiese proses het Sonja haar ontsteltenis op ’n kognitiewe vlak hanteer.

Tydens die tweede gesprek, vier weke later, het Sonja opgewek en vrolik voorgekom, moontlik omdat sy kon rapporteer dat sy die geïdentifiseerde probleemsituasie effektief, volgens haar, aangespreek het. Duidings van ’n ingesteldheid om nie selfgeldend op te tree nie was duidelik sigbaar. Sy het aanvanklik weer ’n ontkennende ingesteldheid gehandhaaf, rakende die eerlike verbalisering van haar emosionele ervarings. Met die natuurlike verloop van die proses om haar emosionele ervarings binne haar verskeie mikro-sisteme met behulp van die narratiewe tegniek “FACE” te identifiseer, het sy egter haar emosies met meer vrymoedigheid uitgespreek. Sy het weer spontaan uiting gegee aan haar pyn en hartseer.

Deur middel van 'n verdere terapeutiese proses het Sonja haar ontsteltenis op 'n kognitiewe vlak hanteer.

Die derde gesprek, drie weke later, was deurgaans styf en effens formeel. Ten spyte van die terapeutiese intervensieproses van die eerste twee gesprekke, waar Sonja die potensiaal getoon het om haar emosies met meer vrymoedigheid uit te spreek en om meer selfgeldend op te tree, was haar weerstand teen 'n verandering in haar betekenisgewing duidelik sigbaar. Haar ingesteldheid van ontkenning was inteendeel so sterk dat sy haar emosie van pyn en hartseer daardeur kon beheer. Deur middel van verdere terapeutiese insette is haar betekenisgewing op 'n kognitiewe vlak ondersoek en fokus is gerig op haar geïdentifiseerde sterkpunte en bates.

'n Aansienlike tyd van agt weke het verloop tussen die derde en vierde gespreksgeleentheid, aangesien Sonja die versoek gerig het om eers weer te gesels nadat sy haar vader se gesin in die Kaap besoek het. Sonja het tydens die vierde gesprek spontaan gesels en die gesprek was gekleur met 'n opgewonde vertelling van haar belewing van die vakansie. Sonja se weerstand teen die verandering in haar betekenisgewing was egter weer duidelik sigbaar. Sy het haar ingesteldheid om nie selfgeldend op te tree nie en om negatiewe emosionele ervarings eerder te onderdruk as om daaroor te gesels, bewustelik aan die hand van 'n metafoor uitgespel. Ten spyte van haar ingesteldheid van ontkenning het sy egter weer spontaan uiting gegee aan haar intense pyn en hartseer. Deur middel van verdere terapeutiese insette is haar betekenisgewing op 'n kognitiewe vlak ondersoek en fokus is gerig op haar geïdentifiseerde sterkpunte en bates. Na afloop van die vierde gespreksgeleentheid is 'n uitnodiging vir deelname aan 'n gratis terapeutiese intervensie-proses aan Sonja en haar moeder gerig, maar hulle het nie die uitnodiging aangeneem nie.

Tydens die vyfde gespreksgeleentheid, vyf maande later, het Sonja aanvanklik styf en effens gespanne voorgekom, moontlik omdat die gesprek plaasgevind het in my kantoor by haar skool. Met die natuurlike verloop van die gesprek het sy weldra ontspan, maar het egter nie spontaan gesels nie. In 'n poging om 'n spontane vertelling met betrekking tot haar veerkragbenutting te ontlok, is Sonja se bates en persoonlike sterkpunte eksplisiet deur my uitgelig. Alhoewel sy saamgestem het met my representering van haar bates en sterkpunte, het sy met 'n geïrriteerde houding gereageer op my vrae met betrekking tot haar veerkragbenutting. Ten spyte van haar habituele ingesteldheid van ontkenning, het sy egter spontaan weer uiting gegee aan haar emosie van pyn en hartseer. Deur middel van die terapeutiese proses het Sonja haar ontsteltenis weer op 'n kognitiewe vlak hanteer.

Die sesde gesprek, vier weke later, was deurgaans gemaklik en informeel. Sonja het opmerklik ontspanne voorgekom. Alhoewel sy met ’n rustige ingesteldheid gesels het, het sy egter weer spontaan uiting gegee aan haar intense pyn en hartseer. Deur middel van verdere terapeutiese intervensie kon sy haar ontsteltenis op ’n kognitiewe vlak hanteer. Na afloop van die sesde gespreksgeleentheid is daar weereens ’n uitnodiging vir deelname aan ’n gratis terapeutiese intervensieproses aan Sonja en haar moeder gerig.

Die oorvertelling of representering van Sonja se narratief was ’n moeilike en uitdagende proses, aangesien Sonja ’n deurlopende ervaring van intense emosionele onsekerheid beleef het wat moontlik bygedra het tot die gee van kontrasterende inligting. Spanning het dus ontstaan tussen my rol as navorser en as sielkundige. As navorser is ek voortdurend onderwerp aan die beginsel van veilige deelname, wat impliseer dat, indien emosionele ongemak wel deur die deelnemer in die verloop van die narratiewe gesprek ervaar word, daar op ’n terapeutiese wyse voortgegaan sal word met die gesprek ten einde die deelnemer te begelei om weer emosionele veiligheid te ervaar. In die proses om ’n gesprekskanaal te vestig waarbinne Sonja voortdurend emosionele veiligheid kon beleef is noodwendig skerp afgewyk van die navorsingsdoel. Deurlopende objektiewe refleksie was dus nodig ten einde ’n suiwer geko-konstrueerde narratief uit die data van die ses gesprekke daar te stel.

Op meta-vlak is ’n voortdurende bewustheid nodig van die spanning tussen Sonja se stellings en voornemens betreffende moontlike verandering in gedrag op grond van die identifisering van bates en sterkpunte asook die verkenning van probleemoplossingsmoontlikhede, en haar werklike gedrag wat nie ’n ooreenstemmende wending getoon het nie.

#### 4.2.4.3 Analise van Sonja se narratief in terme van veerkragbenutting

| **Sonja se narratiewe perspektief rakende haar veerkragtigheid** | **Analise van Sonja se perspektiwiese narratief met betrekking tot haar emosionele belewing en die verloop van haar veerkragbenutting** |
|---|---|
| **Narratiewe gesprek 1: 2010-08-14**<br><br>*Ek was* baie *jonk toe my* ouers *geskei het* (D1.7). Die gesinsomstandighede waarin ek groot geword het, het baie gewissel (D1.10-D1.50), maar op die ou-end dink ek *"geluk"* (D1.3) is die ding wat my in al die tyd laat cope het. *Ek voel as my ma en my pa gelukkig saam was, dan was hulle nou-nog saam. As hulle nie* | BGB: Aanpasbaarheid en kritiese objektiewe denke. Sonja se gesinsomstandighede het al menige keer verander en dit blyk dat sy telkens aangepas het. Sy het insig getoon in haar ouers se ongelukkige huweliksverhoudings en het ’n |

| | |
|---|---|
| *gelukkig saam is nie, wat help dit dat hulle* by mekaar is, *en waar hulle nou uit mekaar is, is hulle nog steeds gelukkig* (D1.5) en *ons kan hulle nog steeds sien* (D1.6). | buitengewone eksterne lokus van beheer ontwikkel met betrekking tot hul welsyn. Hoekom sou sy haar ouers se "geluk" vanuit die staanspoor identifiseer as haar bron van veiligheid? Het haar wisselende gesinsomstandighede haar genoodsaak om aan haar ouers se "geluk" vas te hou vir emosionele veiligheid? |
| Oor die algemeen *hou ek nie daarvan om goed oop te krap nie. Ek los eerder 'n ding toe en beweeg aan as wat ek daaroor sal dink en wonder* (D1.128), maar eintlik voel ek baie hartseer oor my ouers se egskeiding (huil) (D1.154). *Ek sal graag wil weet hoekom hulle nou eintlik geskei het* (D1.138). My ouers steek vir my goed weg en ek hou nie daarvan nie (D1.298). *As ek hulle vra hoekom is hulle uitmekaar, dan sal* my pa *sê: "Vra jou ma"* en as ek my ma vra, sê sy*: "Vra jou pa"* of my pa sê iets, dan sê my ma iets anders (D1.152). So ek het al geleer dat dit nie help om dinge oop te *krap nie, want ek gaan* in elk geval *nie antwoorde kry nie* (D1.131). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie en eerlike identifisering en verbalisering van emosie. Ten spyte van haar vermoë om haar gedrag te evalueer en haar pyn en onsekerheid met betrekking tot haar ouers se egskeiding eerlik te verbaliseer, het sy haar onsekerhede hanteer by wyse van vermyding. |
| Ek cope deur eerder aan die *toekoms* te dink en nie net altyd *te dink hoe dit kon gewees het nie* (D1.53). Ek sou sê ek *dink dan eerder net positief* (D1.130) *en aan moontlike oplossings* (D1.276), soos nou met my ouers se egskeiding. Ek dink dit is 'n goeie ding (D1.137), want ek leer om voor te bly met dinge van die lewe (D1.115). Met ander woorde, *as* ek *ouer is dan gaan* ek *weet hoe om verhoudings te hanteer, want* ek *leer* mos nou *uit my ma en pa se foute* (D1.116). *My vriendinne help my ook nogal baie, want met hulle kan ek praat en dan voel ek beter al kry ek nie antwoorde nie* (D1.146). | BGB: Kritiese objektiewe denke en ondersteunende portuurgroep. Sou die nodigheid vir aanpasbaarheid by haar wisselende gesinsomstandighede haar moontlik genoodsaak het om aan positiewe, toekomsgerigte denke en aan haar portuurgroep vas te hou? Ten spyte van haar positiewe denke en ondersteunende portuurgroep het sy haar gevoelens van pyn en basis onsekerheid hanteer by wyse van rasionalisering en ontkenning. |
| As ek moet eerlik wees, *sal ek sê dit is baie moeilik om van die een plek af na die ander plek te gaan, veral met my pa wat in die Kaap bly* en my ma wat in Pretoria bly. *Dit is nie altyd lekker nie, want partykeer is ek nie lus om by my ma weer te wees nie, en partykeer wil ek by my pa wees* (D1.51). *Op 'n tyd wou ons almal by my pa gaan bly het* (D1.86), *maar* my ma *is teen dit. Sy wil nie hê nie* (D1.87) en ek *weet nie hoekom nie* (D1.85). Aan die ander kant, *as ek so heen en weer beweeg pla dit my nie om my ma te los nie, want* ek weet mos *dit is nie vir ewig nie* (D1.161) *en* gelukkig is *niks onregverdig nie* (D1.165), want ek spandeer *bietjie tyd saam* met *my ma en 'n bietjie tyd saam* met *my pa* (D1.164). | BGB: Eerlike, toenemend vrymoedige verbalisering van verskeurdheid ten opsigte van haar beweging tussen haar twee gesinsisteme. Sonja het 'n intense lojaliteitskonflik beleef en die begeerte om by haar vader te gaan woon uitgespreek. Sy het die verskeurdheid hanteer by wyse van rasionalisering en ontkenning. |

| | |
|---|---|
| *Ek is baie lief vir my pa* (huil) (D1.229) en ons *sms gereeld of het* telefoniese *kontak met mekaar* (D1.106). Ons het oor die algemeen 'n *goeie verhouding,* maar dit voel in die laaste tyd vir my of my pa van my *wegtree en ek weet nie hoekom nie* (D1.211). *Hy was al die jare naby my en nou ewe skielik trek hy homself terug* (D1.213). Miskien is dit *omdat my boetie nou volgende jaar by hom gaan bly* (D1.227). My boetie is baie *hardegat* (D1.182). *As hy kwaad is vir iemand sal hy vir lang tye nie met jou praat nie* (D1.181). My pa *probeer dit nou vir my boetie lekker maak, want as ons by die see sit dan sal hy met hom praat oor klomp goed* en dan dink ek, *ek wil ook bietjie gesels soos pa en dogter* (D1.228). *Dit is baie lekker om by my pa te kuier, maar dit is vir my pa moeilik om aandag aan ons al drie van ons te gee* (D1.175). *As hy saam met my wil wees, dan sal my boetie sê hy gee baie meer aandag aan my as aan hom* (D1.176), maar ek voel weer my pa gee meer aandag aan my boetie (D1.228). | BGB: Vertrouensverhouding met haar akkommoderende en betrokke vader. Ten spyte van die vader se fisiese afstand, het hy steeds op 'n kontinue basis aktief kontak gemaak met sy dogter. Sonja het egter onsekerheid beleef rakende haar verhouding met haar vader en het haarself in kompetisie beleef met haar broer ten opsigte van haar vader se aandag en emosionele koestering. Met die vooruitsig dat haar broer by haar vader sou gaan woon, wat onbewustelik ook haar begeerte was, het sy haar vrese hanteer by wyse van rasionalisering. |
| *Partykeer wens ek vir ietsie meer* in ons verhouding (D1.239). *Ek wil nie noodwendig* alleen saam met hom wees *nie, maar ek wil hê hy moet effort maak om met my te gesels* (D1.223). Ek wil graag hoor dat hy vra, *"Hoe gaan dit met jou?" (huil)* (D1.215). *As hy meer van my wil weet, sal dit cool wees* (D1.222). *Ek wil ook bietjie belangrik voel* (D1.199). *Ek wil voel ek maak hom trots* (D1.241). | BGB: Eerlike, vrymoedige verbalisering van behoefte. Gebrekkige selfwaarde en vrees vir verlies van die vertrouens-verhouding met haar vader het moontlik bygedra tot Sonja se belewing van 'n behoefte aan sy erkenning. |
| *My pa is iemand wat daarvan hou as jy goed doen op skool en in sport* (D1.262). *Ek voel ek doen beter as my boetie met skoolwerk (huil), maar ek wil hoor wat ek bereik het* (D1.247), *ek wil nie net altyd vir hulle sê wat ek bereik het nie* (D1.265). *Ek sal aanhou om goed te doen en om te bereik wat ek wil* (D1.264), maar ek dink as ek dit van hom af hoor sal dit *my help motiveer om aan te hou met my sport* (D1.262). | Sonja se pyn, onsekerheid en vrees vir verlies van die verhouding met haar vader asook haar gebrekkige selfwaarde het moontlik bygedra tot haar ingesteldheid op erkenning. |
| Ek weet nie of ek sommer net met my pa sal gaan praat oor die goed wat my pla nie, want ek hou nie daarvan om oor my gevoelens *face to face te praat* nie (D1.302). Ek voel ongemaklik met die emosionele moment (D1.301). Ek dink ek sal skryf, want *as ek skryf kan ek daaroor gaan dink, maar* as ek dit net so moet sê en *hulle sê iets dan weet ek nie dadelik wat om te sê nie* (D1.305). *Een dag was my pa met my sarkasties* en dit het my baie seergemaak, *toe skryf ek vir hom 'n brief* oor alles wat my pla en ook oor | BGB: Vermoë tot selfrefleksie. Sonja het 'n bewustheid getoon van haar onsekerheid met betrekking tot haar vermoë om haarself in 'n verbale konfliksituasie te kan handhaaf. Haar gebrekkige selfwaarde en vrees vir verlies van verhouding het moontlik bygedra tot haar ontoereikende self-handhawende gedrag. |

| | |
|---|---|
| *ander goed wat ek teruggehou het* en nooit met hom bespreek het nie (D1.209). | |
| *My ma sê ook nooit, "Ek is trots op jou" nie, maar ek gee nie om nie* (D1.266). *Ek wil dit net partykeer ook van haar hoor* (D1.267). *Alhoewel ek en my ma nie eintlik diep dinge met mekaar praat nie, het ons tog 'n baie oop verhouding* (huil) (D1.134), maar ek weet nie of ek vir haar sal kan sê hoe ek voel nie. E*k en my ma het baie baklei toe ek jonger was, omdat ek vir haar gesê het hoe ek voel* (D1.278), *maar ons baklei nie meer nie. Ek sal nie vir haar ewe skielik kan sê "hoor hier ma, dit en dit en dit" nie* (D1.280). *Dit voel net awkward om te sê, "ma ek en jy moet praat". Ek hou nie daarvan nie* (D1.281) *Dis nie genuine nie* (D1.285). | BGB: Vermoë om emosies te verbaliseer. Sonja was, volgens haar, vroeër in staat om haar gevoelens teenoor haar moeder uit te spreek en haarself te handhaaf. Sou Sonja se strewe na outonomie moontlik bygedra het tot die vroeëre konflikverhouding tussen haar en haar moeder? Hoe het die moeder hierdie konflikverhouding hanteer dat hulle vertrouensverhouding soveel skade gely het? Sou Sonja se onsekerheid om haarself optimaal te handhaaf in 'n konfliksituasie voortgespruit het uit haar en haar moeder se disfunksionele verhouding? |
| *My ma het baie verskillende verhoudings gehad* (D1.126). Ek kan onthou dat ek nogal bly was toe my ma weer getrou het, *want toe ons in Krugersdorp gebly het was my ma alleen en ons het nogal gesukkel* (D1.82). *Ons het gelukkig gebly en die oom het baie van my gehou* (D1.123), *maar toe moes die oom Kongo toe gaan* (D1.119). *My ma het my nooit gesê hoekom hulle uit was nie, maar* ek dink *sy het op hom verneuk* (D1.120). *My ma het baie saam met haar vriendinne uitgegaan en dan het my ouma ons opgepas. Toe ontmoet sy vir oom Riaan en toe gaan dinge weer beter* (D1.124). My ma sal my vertel wat pla haar van oom *Riaan, maar oor die verlede tussen haar en my pa* sê sy niks nie (D1.135). | BGB: Aanpasbaarheid ten spyte van onstabiele omstandighede. Sonja het ten spyte van haar moeder se wisselende verhoudings telkens aangepas by die nuwe gesinsomstandighede. Haar aanpassings het egter saamgehang met moontlike verligting omdat hulle omstandighede verbeter het. Sy het aanvaarding van haar moeder se vorige eggenoot ervaar. Het haar moeder werklik in Sonja se emosionele ontwikkelingsbehoeftes voorsien, of was Sonja maar telkens oorgelaat aan die genade om maar net te moet aanpas? |
| Ek en oom Riaan praat met mekaar, *maar dis nie soos 'n pa nie* (D1.77). *Ek sal hom nooit sien as 'n pa-figuur nie. Ek sien hom soos 'n ou wat my ma help in die huis en vir haar omgee* (D1.78). *Dit voel vir my of ek gelukkig is, want my ma is gelukkig* (D1.125). *Solank sy net gemaklik is met haar lewe, sal ons mos inpas* (D1.126). | BGB: Akkommoderende gedrag weens eksterne lokus van beheer. Sonja se geskiedenis van wisselende gesinsverhoudings het haar genoodsaak om akkommoderende gedragspatrone te handhaaf ter wille van haar moeder se geluk asook haar eie emosionele veiligheid. Ten spyte van haar akkommoderende gedrag het sy afstand beleef ten opsigte van haar verhouding met haar moeder se eggenoot. Sy het haar pyn en hartseer hanteer by wyse van ontkenning en rasionalisering. |
| *Al wens ek soms* my ouers was *nog saam* (D1.51), w*eet ek dit sal nie werk nie* (D1.52), want hulle *baklei nog* | BGB: Kritiese objektiewe denke en selfwerksaamheid. Ten spyte van 'n |

| | |
|---|---|
| *baie, veral oor die foon. Die meeste van die kere is dit oor misverstande* (D1.54, 1.55) *oor ons kinders* (D1.56), soos oor my boetie en sussie wat nie goed doen op skool nie. My pa voel my ma gee nie genoeg aandag aan ons nie en my *ma voel sy kan niks daaraan doen nie, want sy kan ons nie dwing om te leer nie* (D1.59). *Ek dink my pa het 'n punt beet omdat my ma ons bietjie meer moet druk en sê, "Dis tyd vir skoolwerk". My ma sal sê, "As jy dit wil doen, doen dit", maar ek dink jy moet iewers 'n lyn trek* (D1.62). Sy moenie ook meer my boetie se take vir hom doen nie, want hy moet leer om dinge self te doen (D1.69). *Gelukkig like ek dit om my eie take en goed te doen* (D1.66). | verskil in ouerskapstyl tussen Sonja se biologiese ouers, kon sy steeds insig toon in die belangrikheid van selfwerksaamheid. Alhoewel sy steeds 'n mate van lojaliteitskonflik beleef het, was sy in staat om 'n kritiese oordeel aangaande haar ouers se hantering van die probleem met betrekking tot die kinders se skoolwerk te maak. Die moeder se permissiewe ouerskapstyl en emosionele onbetrokkenheid het moontlik bygedra tot Sonja se belewing van emosionele onveiligheid. |
| Ek weet nie hoekom is my ma so teen die idee dat ons by my pa kan gaan bly nie (D1.87). Ek dink maar dit is oor my *pa se dogter, Tryna, uit sy vorige huwelik* (D1.89). *Tryna* het by my pa gebly en toe het daar iets gebeur. *Tryna praat nou nog nie met my pa nie* (D1.90). *Partykeer bel hy haar net om te hoor, maar sy wil nie met hom praat nie* (D1.91). *Ons weet glad nie wat daar gebeur het nie. My ma sê net ons kinders hoef nie te weet nie. My pa sê net hy weet ook nie hoekom nie. Ek dink my ma is bang om ons na my pa toe te stuur, maar ek sien nie in enige opsigte dat my pa iets verkeerd sal doen aan ons nie* (D1.101). *My pa is baie besorg oor ons* (D1.102) *en sal rêrig enigiets vir ons doen* (D1.102). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Sonja se ouers het oënskynlik die omstandighede rondom haar halfsuster op 'n disfunksionele manier hanteer wat moontlik kon bygedra het tot Sonja se lojaliteitskonflik. Ten spyte van 'n onopgeloste probleemsituasie tussen Sonja se ouers het sy steeds haar vertroue in haar vader se ouerskap-vaardighede en goeie bedoelings gestel. |
| My pa laat ons elke vakansie Kaap toe vlieg (D1.112). As ons daar kuier, *slaap al drie seuns in die een kamer en ek en my sussie slaap in Arno se kamer* (D1.171), *maar daar is altyd 'n rakkie vir my en my sussie* (D1.173). Ek en Arno kom ook goed met mekaar oor die weg, *ons praat baie met mekaar* (D1.203). *Hy probeer baie soos 'n boetie wees. Hy en my boetie kom ook baie goed oor die weg* (D1.206). | BGB: Aktiewe funksionering in sekondêre mikro-gesinsisteem, met akkommoderende ouers en toereikende stiefsibbe verhoudings. Ten spyte van die fisiese afstand tussen die twee gesinsisteme, het die vader steeds die verantwoordelikheid geneem om die kinders aktief in sy gesin te laat funksioneer. Al die lede van die gesin het tydens besoeke aanpassings gemaak om die kinders in die sekondêre mikro-gesinsisteem te akkommodeer. |
| *Tannie Lianca is baie oulik en ek en sy verstaan mekaar nogal goed* (D1.191), *maar partykeer praat sy met jou, dan soek sy iets agter jou* (D1.184). My sussie *hou baie van my stiefma* (D1.107). *Sy en my stiefma het baie kontak* (D1.108), maar *hulle skinder meer as enigiets anders, want sy wil by my pa gaan bly* (D1.109). *Haar houding het nogal baie verander.* | Ten spyte van die pogings van die vader se eggenote om Sonja in die gesinsisteem te akkommodeer, het Sonja onsekerheid beleef met betrekking tot haar sosiale posisie in die gesin. Sy het haarself in kompetisie met haar suster beleef vir erkenning deur haar vader se |

| | |
|---|---|
| *Sy raak baie geheimsinnig* (D1.177). Ek kry die idee sy weet iets en sy wil my nie sê nie (D1.178) en ek hou nie daarvan nie. *Wees eerder eerlik met my as wat jy iets vir my weghou* (D1.179). My pa is net soos ek, *as jy nie met hom eerlik is nie, en hy vind uit, dan sal hy vir jou kwaad wees.* (D1.297). | eggenote. Sy het haar buitestaander-status hanteer deur van negatiewe blamering gebruik te maak. |
| Ek dink my grootse probleem is dat ek eintlik net wil *hoor dat ek hulle gelukkig maak* (D1.324). *Ek wil net hê hulle moet weet dat ek darem 'n effort maak* (D1.334). | BGB: Eerlike verbalisering van behoefte aan erkenning. Ten spyte van haar ingesteldheid van 'n basis onsekerheid om haarself optimaal te kan handhaaf het sy met groter vrymoedigheid haar behoefte aan erkenning en die feit dat sy haar spesifiek daarvoor inspan geverbaliseer. |
| Ek dink ek sal die probleem probeer oplos deur vir my pa-hulle te *sê: "Ek weet julle werk hard, maar sê net vir my ten minste dankie"* (D1.314). Die tannie het, tydens ons gesprekke oor hoe ek cope, my ook geleer om vir myself erkenning te gee. Sy het gesê ek moet elke dag in die spieël kyk en dan vir myself sê "Ek is okay". Ek dink nogal dit is 'n oulike idee (D1.336). | BGB: Kritiese denke. Sy het insig getoon in die waarde van 'n meer toereikende selfhandhawende ingesteldheid, soos voorgestel tydens hierdie gesprek. Sou Sonja met behulp van die kognitiewe gedragsbeheerstrategie moontlik haar selfwaarde kon verhoog? Sal haar nuutgevonde insig met betrekking tot haar vermoë om van 'n meer effektiewe kommunikasie-strategie gebruik te maak, in haar gedrag neerslag vind? |
| **Narratiewe gesprek 2: 2010-09-18** | |
| My pa *is baie lief vir sy kinders. Hy weet van alles wat by die skool aangaan al is hy in die Kaap* (D2.45). Hy het so 'n ruk terug agtergekom dat iets fout was, want ek was nie meer so opgewonde soos altyd nie (D2.10). Hy het my toe ge-sms en ge*vra wat aangaan* (D2.6) en toe sms ek terug en toe vertel ek hom hoe ek voel (D2.10). Hy het my toe gebel en ons het die ding uitgesorteer. Albei van ons het oor die telefoon gehuil (D2.7 & 2.46), maar *nou is als weer okay* (D2.4). | BGB: Ondersteunende, betrokke vader en 'n geringe groei in selfgeldende optrede deur Sonja. Ten spyte van die vader se fisiese afstand was hy ingestel op Sonja se gemoedstemming en hy het met haar positiewe bemoeienis gemaak. Sonja se voorneme, tydens die eerste gesprek, om haar behoeftes aan haar vader te verbaliseer, het wel neerslag gevind in haar gedrag en sy het meer selfgeldend opgetree, maar eers nadat haar vader haar daaroor uitgevra het. Sy het dit aanvanklik nie direk gekommunikeer nie. |
| Ek het met my ma gepraat toe *sy besig was om kos te maak. Ek het* haar gehelp *en ewe skielik toe sê ek vir haar, "Hoekom sê ma nie dat ma trots is op my nie?"* | BGB: Vermoë tot selfrefleksie. Sonja het insig getoon in haar ingesteldheid om nie selfgeldend teenoor haar moeder op te |

| | |
|---|---|
| (D2.22). *Toe sê sy vir my as sy met die een praat en sê, "Jy is beter as die ander een" dan kraak sy die ander een af* (D2.23). *So sy kan dit nie rêrig sê nie, maar sy sê, sy sê vir my op ander maniere* (D2.24). *Sy sal vir my sê soos, "Jy doen altyd goed", maar as sy dit sê dan bedoel sy, "Jy is altyd die een wat haar trots maak" en dit het ek nie geweet nie* (D2.25). *Sy het gesê ek vat goed anderste op sonder om daaroor te redeneer* (D2.26), maar ek dink ek *sê nie altyd wat* ek *dink nie* (D2.34). | tree nie. Gesien in die lig van Sonja se gebrekkige vertrouensverhouding met haar moeder en haar voorkeur om eerder van skriftelike kommunikasie gebruik te maak, word die geloofwaardigheid van haar rapportering van die gesprek tussen haar en haar moeder egter bevraagteken. Kon Sonja se gebrekkige selfwaarde en intense behoefte aan goedkeuring en erkenning, selfs deur my as navorser, moontlik bygedra het tot haar vermoede-like fabrisering van inligting? |
| My pa het toe verlede week uiteindelik vir my gesê dat hy trots is op my, want ek het die top 5 vir toerisme gehaal (D2.11). *Gewoonlik sou hy net sê, "Dis nice, dis great"* (D2.13), *en hierdie keer het hy dit gesê, en my ma ook* (D2.14). My pa het ook vir my gesê, *"Jy is 'n great dogter"*, maar ek het toe gevoel dat hy dit nie bedoel nie, want hoekom sê hy dit nou, nadat ek hom gesê het wat ek wil hoor. *Hy moet dit uit sy eie uit sê* (D2.32). | BGB: Intellektuele bevoegdheid en bo-gemiddelde skolastiese prestasie. Ten spyte van haar vader se verbale erken-ning van en die skool se toekenning vir Sonja se skolastiese prestasie het sy steeds onsekerheid beleef ten opsigte van haar emosionele sekuriteit en selfwaarde. |
| *As ek my gevoelens moet beskryf sou ek sê ek voel hartseer as iemand my teleurstel of as ek seerkry.* Ek voel soms seergemaak *as iemand iets agter my rug sê, soos my ma partykeer. Dan sal ek haar vra wat is dit, dan sal sy sê, "Nee dit is niks nie"* (D2.81). As dit gebeur dan sal *ek in my kamer gaan sit en dan met tyd sal my ma eventually met my kom praat* (D2.82). | Die konteks van die konflikverhouding tussen Sonja en haar moeder het moontlik bygedra tot haar belewing van 'n verlies aan emosionele sekuriteit wat moontlik gemanifesteer het in 'n gebrekkige selfwaarde. Sy het die konflik tussen haar en haar moeder hanteer by wyse van distansiëring. |
| Ek voel ook *seergemaak as my vriendinne nie met my eerlik is nie.* Dit het so 'n ruk terug gebeur dat ek en een van my vriendinne vasgesit het, *maar toe het ek vir haar gesê wat* my *pla* en toe praat ons daaroor en nou is ons *vriendskap weer beter* (D2.35). | BGB: Deelname aan portuurgroep. Sonja het die konflik tussen haar en 'n vriendin hanteer by wyse van 'n effektiewe kommunikasie strategie. |
| *Ek voel ook seergemaak as ek my pa of my ma moet bye sê by die lughawe* (huil) (D2.84). Dit is vir my moeilik omdat *my pa wil hê ek moet* by hom bly *en my ma wil hê* ek moet by haar bly (D2.85). Ek voel *ek moet die heeltyd kies, want my pa sê die heeltyd: "Jy wil mos nie by my bly nie".* Ek voel *dis nie my skuld nie.* Dit is my *ma wat dit nie wil hê nie* (D2.87). | Sonja het 'n intense lojaliteitskonflik beleef wat moontlik geïntensiveer is deur haar eie onuitgesproke behoefte om by haar vader te gaan woon asook haar ouers se ontoereikende hantering van die situasie. Sy het haar verskeurd-heid hanteer deur haarself te distan-sieer en haar moeder te blameer. |
| *Ek raak partykeer moeg om so tussen my ma en my pa te staan* (D2.97), om soos die *tannie sê, 'n balletjie te wees wat hop en hop* (D2.99). *Ek kan nie by my pa wil* | BGB: Eerlike en vrymoedige erkenning van emosie. Deur middel van die metafoor van die balletjie, wat nie volgens haar |

| | |
|---|---|
| *hop en daar gaan bly en gelukkig wees nie, want hy wil tyd en aandag gee aan almal, maar hy kry nie genoeg tyd vir almal nie. Alhoewel hy vir ons goeters koop, spandeer hy nie fisies pa-tyd saam met ons nie* (D2.100). | veerkrag voorgestel het nie, maar eerder 'n outomatiese beweging, kon sy haar frustrasie met die onbevredigende hoeveelheid aandag wat sy ervaar in die gesin van haar vader verbaliseer. |
| *Ek voel ook seergemaak as ek wedstryd speel en my ma-hulle is nie daar nie* (D2.88). *Sy werk gewoonlik op Saterdae en sy werk elke keer as ons na skool wedstryde het, partykeer is dit net te ver en wil ek vir haar sê sy moet nie so ver ry nie* (D2.113). *En as ek by die skool speel en my sussie speel toevallig ook dan sal sy daar wees en dan is ek onseker of my ma bly vir my of vir my sussie. Ek voel ek speel langer as my sussie* (D2.114) *en sy kan ten minste net 'n game kom kyk* (D2.115). *Alhoewel my ma vir my sal sê, ek maak haar trots en ek is 'n goeie dogter, voel dit partykeer nie so nie* (D2.116). | Sonja het 'n intense lewensonsekerheid beleef wat moontlik deur haar wankelrige vertrouensverhouding met haar moeder en die sibbe-wedywering geïntensiveer is. Sy het weinig vertroue in haar moeder se bedoelings gehad. |
| Soms voel *ek frustreerd as ek myself moet forseer om gelukkig te probeer wees* as ek nie gelukkig is nie(D2.73). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie en eerlike verbalisering van emosie. Sonja het vir 'n vlietende oomblik insig getoon in haar ingesteldheid om negatiewe emosie eerder te onderdruk. |
| *Ek word geïrriteerd as ek werk in die skool en dan sê almal vir my ek moet nie werk nie, maar ek wil werk* (D2.65). | BGB: Prestasie-georiënteerdheid met intrinsieke motivering. Ten spyte van haar gebrekkige selfwaarde, kon sy haarself motiveer deur haar eie strewe om te wil presteer. |
| Ek raak bekommerd (D2.104) en *bang* (D2.226) *as my ma en my pa baklei, want hulle sal aanhoudend die foon in mekaar se oor dooddruk en dan dink ek, "Wat nou?". My pa wou gehad het ons moes die vakansie soontoe gaan toe sê my ma "nee", want my ma dink my boetie hardloop weg van sy probleme by die huis.* My boetie en my ma baklei baie. Hulle bakleiery *maak my* soms *gespanne, want ek is baie bang dinge loop verkeerd* in die familie (D2.225), en as *dit gebeur weet ek ons gesin gaan uitmekaar val* (D2.105). *My boetie is ook baie weird* (D2.135). *Soms sal ek hom net iets vra dan klap hy die deur toe en op ander dae sal hy my weer slaan.* Alhoewel ek nie daarvan hou dat hy my slaan nie(D2.136), is dit maar okay, *want dit is hoe hy is, hy wil dalk net speel* (D2.137). | BGB: Eerlike verbalisering van emosie. Die verskil in ouerskapstyl en die ontoereikende hantering van konflik deur die biologiese ouers asook die moeder se ontoereikende hantering van die sibbe-konflik het moontlik bygedra tot Sonja se intense onsekerheid met betrekking tot haar emosionele veiligheid in haar gesin. Sy het haar onsekerheid hanteer by wyse van rasionalisering. Sy het 'n ingesteldheid getoon om eerder ondergeskik aan haar broer te bly as om selfgeldend op te tree en moontlik by te dra tot verdere konflik. |
| My boetie *kan nie met my ma-hulle praat nie, want hulle het nie 'n goeie verhouding nie* (D2.139). *So ek wil net eintlik vir hom net daar wees* (D2.140). *Ek sal* | Sonja het verantwoordelikheid geneem in die disfunksionele gesinsverhoudingstrukture in haar primêre mikro-gesin- |

| | |
|---|---|
| *dan* met hulle *gaan praat en by altwee wees. Ek probeer gewoonlik dat niemand uitgesluit voel nie* (D2.106). *As ek* niks aan die saak doen nie, *voel ek, ek speel nie 'n rol nie* (D2.107). *Ek voel dit is my verantwoordelikheid om te sorg dat almal okay is en as dinge nie okay is nie, dan blameer ek myself. Ek het al eenkeer vir my ma gesê, "ek is die een wat die gesin bymekaar hou",* (D2.105) . | sisteem. Deur haar selfopgelegde taak van tussenganger het sy moontlik haar vrees vir die verbrokkeling van die gesin probeer hanteer. |
| *Dit is my verantwoordelikheid dat as ek 'n probleem het moet ek dit myself regmaak* (D2.232). En *as ek dit nie doen nie dan is dit my skuld dat dit nie okay is nie.* So as dinge weer okay is dan weet ek, *ek het die regte ding gedoen om uit te help* (D2.233). | BGB: Selfverantwoordelikheid. Ten spyte van Sonja se insig met betrekking tot haar aandeel aan probleemoplossing met betrekking tot verhoudings in die gesin, was sy steeds gedryf deur haar behoefte aan harmonie. |
| *Ek dink nie ek het baie selfvertoue nie, want as ek voor 'n klas moet praat dan kry ek skaam of as daar iets fout is tussen my en iemand dan sal ek te skaam wees om dit vir hulle te sê* (D2.123), *daarom sal ek liewer 'n sms tik* of 'n brief skryf(D2.124). | BGB: Kritiese selfrefleksie. Sonja was in staat om haarself krities te beoordeel. |
| *Ek is wel trots op myself omdat ek top 5 in toerisme is.* (D2.119). *Ek motiveer myself deur te wil beter doen as die ander kinders* (D2.144) en daarom werk ek baie hard. Soms gebeur dit dat ek *verlore raak in die klas, dan sal ek die werk op my eie deurlees en dit dan leer* (D2.157). Ek sal *hard werk net vir my ouers, want my boetie en sussie doen nie goed* op skool *nie* (D2.159). | BGB: Intellektuele bevoegdheid, positiewe selferkenning en selfwerk-saamheid. Sonja het baie goed presteer in een van haar skoolvakke en kon haarself daarvoor erkenning gee. Haar intense behoefte aan erkenning en emosionele sekuriteit het egter moontlik bygedra tot haar afhanklikheid van eksterne bronne van motivering. |
| Laas keer het ek baie *moedeloos* gevoel oor die dinge wat nie reg was tussen *my en my pa en my ma nie* en ek *wou net opgee* (D2.79). *Ek dink ek moet dinge net los* (D2.252) *en wanneer dinge nie meer kan nie, dan sal ek eers iets begin doen, anders dink ek dalk te veel en ek is bang daarvoor* (D2.253). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Sonja het insig getoon in haar emosionele belewing van onsekerheid met betrek-king tot haar verhouding met haar ouers asook in haar ingesteldheid om verant-woordelikheid te neem vir haar gesins-lede se welstand. Sy het egter 'n huiwering getoon om haar optrede doelbewus te verander. |
| **Narratiewe gesprek 3: 2010-10-04** | |
| *Ek het die afgelope tyd* die tannie *se raad gevolg deur partykeer voor die spieël te staan en vir myself te sê: "Ek is okay"* (D3.11). *Partykeer, as ek voel ek kan nie meer nie, dan dink ek wat* die tannie *vir my gesê het, dan kyk ek vir myself in die spieël en dan* | BGB: Selfmotivering. Sonja het die kognitiewe-beheerstrategie van self-aanvaarding begin benut ten einde haar selfwaarde te verhoog. Alhoewel sy gaan dink het oor haar rol as vredemaker in die gesin, het sy egter steeds haar |

| | |
|---|---|
| *sal ek sê "Okay ek kan"* (D3.12). Alhoewel dit *weird is om dit te doen, doen ek dit en ek dink dit help nogal* (D3.13). Ek het baie gaan dink oor wat die tannie vir my gesê het oor die verantwoordelikhede wat ek op my skouers neem, *maar eintlik wil ek maar net uithelp* (D3.9). | gedrag regverdig by wyse van rasionalisering. Sou haar pyn en gebrek aan emosionele sekuriteit so diep gewortel lê dat haar kritiese denke daardeur oorskadu word? |
| *Ek dink nie meer baie aan my ma en pa se egskeiding nie, maar nou die dag het ek weer. My pa stuur gewoonlik baie sms'e wat sê: "Ek is lief vir julle", maar ek kan nie sê "Ek is lief vir julle" nie, want my ma en my pa is* mos nie meer *saam nie* (D3.23). | BGB: Betrokke vader. Ten spyte van die vader se fisiese afstand het hy gereeld met sy kinders telefoniese kontak gemaak en sy liefde aan hulle bevestig. Ten spyte van oënskynlike positiewe gesinsverhoudinge in die sekondêre mikro-gesinsisteem kon Sonja nie spontaan op haar vader se bevestiging van sy liefde reageer nie en het sy onsekerheid beleef. Sonja se lojaliteitskonflik het moontlik bygedra tot haar onsekerheid. |
| As ek myself aan die hand van 'n beeld moet beskryf sou ek sê ek is soos die balletjie waarvan die tannie gepraat het. Ek *spring heeltyd van die een plek na die ander plek. Die balletjie is tevrede dat hy altwee plekke spring* (D3.16) en *met altwee families oor die weg kan kom* (D3.17). Ek is mos 'n persoon wat altyd *die goeie in 'n situasie probeer sien* (D3.20). | Sonja het haar onsekerhede met betrekking tot haar verhoudings in haar gesinsisteme hanteer by wyse van ontkenning en rasionalisering. Sy het met behulp van die metafoor van 'n balletjie, emosionele ervarings binne haar gesinsisteme in positiewe terme beskryf. Hoekom het sy weer die metafoor van die balletjie gebruik as sy in die vorige gesprek die beeld oënskynlik verwerp het? |
| Hier by my ma-hulle *is die kommunikasiekanaal redelik oop, want ons verstaan mekaar* (3.134) *en ons het nie regtig konflik nie* (D3.135). *Alhoewel ek en oom Riaan lekker kan gesels, verwag ek nie dat hy my moet help soos 'n ma nie of my pa nie. Ek sien hom net as my ma se man* (D3.143). *Ons gee ook nie vir mekaar drukkies en soentjies nie. As ons dalk vlieg sal ek vir hom 'n drukkie gee maar dit is dit* (D3.145). *Ek gee nie om oor die verhouding tussen my en oom Riaan nie, want hy maak my ma gelukkig en solank my ma gelukkig is kan sy meer met ons deel en vir my 'n ma wees* (D3.148). | BGB: Kritiese denke en aanvaarding van moeder se eggenoot. Sonja het 'n ingesteldheid van aanvaarding ten opsigte van haar moeder se eggenoot gehandhaaf en het insig getoon in sy aandeel aan haar moeder se geluk en die voordeel wat dit vir haar ingehou het. |
| *Ek het gedink die kommunikasiekanaal tussen my en my pa-hulle is oop* (D3.98), maar vandat ek met die tannie gepraat het, is ek nie meer so seker nie. *Ek besef dat ek* partykeer iets sal dink, maar dit nie sê nie (D3.29) | BGB: Kritiese objektiewe denke. Sonja kon die probleem-areas in haar kommunikasieverhouding met haar vader se gesin objektief evalueer. Haar voorneme om van meer effektiewe kommunikasie- |

| | |
|---|---|
| | strategieë gebruik te maak het dus nog nie neerslag gevind in haar gedrag nie. |
| *Partykeer is dit ook beter om stil te bly en ander kere nie* (D3.30). Soos met die ding van waar ek moet bly. *Ek verkies dit eintlik dat my ma sê ek moet nie daar bly nie, want dan weet ek, ek hoef nie te kies nie* (D3.39). Ek sal mos nooit kan kies nie, dit gaan *nie reg wees nie* (D3.40). So om nie te kies nie, is my *situasie heeltyd makliker* (D3.49). Maar my pa *laat my sleg voel, want hy sê ek is oud genoeg om te sê waar ek wil bly (D3.61) en dan weet ek nie wat om te doen nie* (D3.62). | Ten spyte van 'n bewustheid van ontoereikende kommunikasie-patrone het sy haar gedrag probeer regverdig by wyse van rasionalisering. Sonja het so verskeur gevoel tussen haar ouers dat sy ter wille van haar eie emosionele beheer haarself gedistansieer het van die probleem. Haar lojaliteitskonflik is geïntensiveer deur haar vader se ontoereikende hantering-strategie. |
| Ek het ook eenkeer vir my pa *'n briefie en sjokolade* Kaap toe gestuur. Toe hy weer met my gepraat het, het hy nie eens vir my *dankie* gesê vir die *briefie* nie, hy het net gevra of ek nie iets nodig het nie (D3.18). Alhoewel dit my bietjie pla, dink ek maar net dis hoe hy is (D3.19). | Sonja se gebrekkige selfwaarde en onsekerheid met betrekking tot haar sosiale posisie in die gesin het haar blind gemaak vir haar vader se pogings om haar optimaal te versorg. Sy het egter haar onsekerheid hanteer by wyse van rasionalisering. |
| As ons by my pa is, sal almal *bietjie anders wees* (D3.83) of dalk is dit net *ek wat anders is* (D3.84). My sussie is ook *heeltemal anders* (D3.91), *maar sy verander as gevolg van tannie Lianca* (D3.89). *Sy is meer vir tannie Lianca as vir my pa* (3.91). *Tannie Lianca en my sussie skinder baie, dit is asof my sussie volwasse wil wees voor tannie Lianca (D3.92) en dan is dit ongemaklik vir my en my boetie, want ons ken my sussie nie so nie. My sussie is gewoonlik iemand wat 'n sagte hartjie het, maar tannie Lianca maak haar hard* (D3.93). | BGB: Kritiese objektiewe denke. Met die verbalisering van haar narratief kon sy haar gedagtes begin evalueer. Sy het egter steeds 'n intense onsekerheid beleef met betrekking tot haar sosiale posisie en selfwaarde in haar sekondêre mikro-gesinsisteem en het haar onsekerhede hanteer by wyse van blamering. |
| Aan die anderkant is tannie Lianca *nogal nice en sy gee rêrig om. Sy het eenkeer vir my geskryf en gesê "Jy is die dogter wat ek nooit gehad het nie"* (D3.192). *Sy verstaan kinders meer* (D3.153), maar sy hou *nie baie van die see nie. Ek en my sussie sal dan nie altyd weet wat om rêrig te sê nie en dan sal ons maar saam met haar gaan shopping doen* (D3.105), alhoewel ons *eerder see toe wou gegaan het* (D3.107). | BGB: Akkommoderende houding teenoor die vader se eggenote. Ten spyte van Sonja se onsekerheid rakende haar sosiale posisie in die gesin van haar vader, het sy positief gereageer op haar vader se eggenote se poging om toenadering deur haar voorkeure te erken. |
| *Ek dink ons moet die kommunikasiekanaal oopmaak deur dinge vir mekaar reguit te sê* (D3.114). *Dit kan veral werk as ons eet, want ons sit almal om die tafel* (D3.118). *Aan tafel praat almal mos gewoonlik oor ietsie van die dag en dan kan ons begin praat oor mekaar se* gevoelens (D3.119). *Ons kan byvoorbeeld vir my sussie sê dat ons dink sy verander en dalk dink* | BGB: Kritiese objektiewe denke. Sonja het insig getoon in haar ontoereikende kommunikasie-strategieë. Sy het 'n toereikende probleemoplossingstrategie voorgestel ten einde die kommunikasie tussen haar en haar gesinslede te |

| | |
|---|---|
| *ons net so en is dit dalk nie so nie* (D3.120) of ons kan vir tannie Lianca sê sy *moet partykeer ook iets saam met ons doen* (D3.172). *Ek dink ek gaan definitief die kommunikasiekanaal tussen my en my pa-hulle bietjie skoonmaak* (D3.231). | optimaliseer. Sou haar voorneme om haar kommunikasie-styl te verander hierdie keer in haar gedrag neerslag vind? |
| **Narratiewe gesprek 4: 2011-01-14** | |
| Ek en my sussie was vir drie weke by my pa in die Kaap (D4.1). My boetie was nie hierdie keer saam nie (D4.2). Ek wil nou nie lelik wees nie*, maar ons het die tyd meer geniet sonder my boetie, omdat my pa gewoonlik meer aandag gee aan my boetie en meer worry oor sy behoeftes. Hierdie keer het ek en my sussie en my pa saam gesels* (D4.25). | BGB: Aktiewe funksionering in sekondêre mikro-gesinsisteem. Sonja het hierdie keer nie nodig gehad om met haar broer te kompeteer vir haar vader se aandag nie. Sy kon meer selfgeldend optree in haar omgang met hom. |
| Na hierdie vakansie by my pa wil ek myself eerder vergelyk met *"'n bootjie* wat *op water is, want ek is nou rustig"* (D4.160). Ek is nie *net meer 'n balletjie* wat tussen my ouers rondhop nie (D4.262). *Die bootjie gaan nog steeds heen en weer, tussen my ma en my pa, maar op sy eie tyd en hy is rustig en doen sy eie ding* (D4.167). *Die water om my is rustig en daarom is ek ook rustig* (D4.174). *En soos wat ek met my lewe aangaan, gaan hierdie bootjie ook nog vorentoe* (D4.176). | BGB: Selfstandige verbalisering van emosie en matige groei in selfgeldende optrede. Met behulp van haar eie metafoor kon Sonja haar emosionele belewing selfstandig uitspreek. Sou die terapeutiese intervensie van die afgelope drie gesprekke neerslag gevind het in haar belewing van haarself as rustig en dat sy wel 'n individu is met 'n eie identiteit of het sy slegs rustigheid beleef omdat sy nie nodig gehad het om met haar broer te kompeteer vir haar vader se aandag nie? |
| Ek dink ek is rustiger omdat ek dinge begin uitredeneer het, soos byvoorbeeld my probleem dat ek gevoel het dat ek minder aandag by my pa kry (D4.182). *Ek het besef dat ek van my kant af ook aan hom moet aandag gee* (D4.186). *So ek het terwyl hy in sy kamer lê en TV kyk, het ek by hom gesit en sy voete gesmeer* (D4.185). Ek en my sussie het ook saam met my pa gery as hy moet werk en dan het ons lekker gesels (D4.16-4.20). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie. Sonja was in staat om te reflekteer oor haar eie gedagtes. Sy het insig getoon in haar aandeel aan 'n verhouding met haar vader. Sou haar broer se afwesigheid en die feit dat sy nie meer in kompetisie gestaan het vir haar vader se aandag nie, haar gedrag laat wysig het, of het sy werklik van positiewe heroorweging gebruik gemaak? |
| Die tannie waarmee ek gesels het, het ook gesê dat ek twee hawens het waar ek my bootjie kan gaan vasmeer (D4.193). Die een hawe is die gesin van my pa, waar ek my *bootjie stop en vakansie hou* (D4.191) en die ander hawe is die gesin van my ma (D4.193). Ek dink elke hawe is ewe groot (D4.198), alhoewel die *liefde* binne elkeen verskil (D4.204). Soos byvoorbeeld *my pa sal drukkies gee en sal jou vashou* | BGB: Vader wat emosionele sekuriteit bied. Alhoewel Sonja se lojaliteitskonflik moontlik kon bydra dat sy nie bewustelik haar ouers met mekaar wou vergelyk nie, het sy wel onbewustelik haar tevredenheid uitgespreek met haar vader se vermoë om aan haar emosionele sekuriteit te bied. |

| | |
|---|---|
| *en my ma sal weer sê: "Ek wil so graag dit en dat vir julle gee"* (D4.205). | |
| Ek het ook verder gedink oor *hoekom ek vir almal verantwoordelik voel* (D4.30). *Ek besef dit is nie dat ek verantwoordelik voel nie, ek doen net altyd wat van my verwag word* (D4.31). *As ons by die see is dan het ons meer familie-tyd saam en dan kuier ons lekkerder saam. Jy wil by jou pa wees vir jou pa, jy wil nie by jou pa wees vir niks doen nie.* (D4.32). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie. Sonja was in staat om te reflekteer oor haar eie gedagtes. Sy het haar rol as verantwoordelike persoon, soos in die tweede gesprek geïdentifiseer, nou nie as negatief beskou nie, maar eerder haar betrokkenheid as 'n bevrediging van haar behoefte aan kwaliteit-tyd gestel. |
| Maar dit gebeur ook soms *dat tannie Lianca nie iets saam met my pa iets wil doen nie, dan praat my pa met my en dan praat tannie Lianca met my. Gewoonlik sal ek vir tannie Lianca sê, "Tannie moet dalk bietjie meer tyd saam met my pa spandeer"* (D4.139). Tannie Lianca spandeer nie baie tyd aan my pa nie, soos byvoorbeeld as sy in die aand klaar *kos gemaak het, gaan stort sy, en dan kyk sy TV in die kamer. My pa voel hy is getroud, hy het 'n vrou maar sy vrou is nooit daar nie. Ek het vir haar so iets probeer verduidelik* dat ek byvoorbeeld *in die aand my pa se voete sal room smeer, want ek weet hy like dit. Toe sê ek vir tannie Lianca sy moet dit begin doen, want my pa het gesê, as hy voel dat sy meer aandag aan hom gee sal hy nie omgee om aandag aan haar terug te gee nie* (D4.143). | Ten spyte van haar siening aangaande haar rol in die gesinsverhoudings, het sy steeds tussenbeide getree en verant-woordelikheid geneem vir die uitsortering van haar vader en sy eggenote se konflik aangaande tyd-spandering met mekaar. Sou die ouers werklik hul probleme met haar bespreek het, of het sy die tussenganger rol aangeneem omdat haar geluk primêr afhanklik is van die voortbestaan van hul huwelik? |
| Maar ek het *besluit om die mense uit te los, dat hulle na my toe kom* (D4.239). Ek moenie interfere nie (D4.240). *Soos byvoorbeeld, my boetie het vandag, toe ek vir my ma gewag het dat ons kan ry, vir my kom vra, "Waarnatoe gaan jy?"* (D4.241). *Ek het nie eerste na hom toe gegaan en gesê, "Praat met my" nie* (D4.242). | BGB: Kritiese denke. Sonja het insig getoon in haar ingesteldheid om kommu-nikasie in konfliksituasies te inisieer. Sonja se broer het sonder haar inisiëring met haar gekommunikeer en sy het die toenadering positief beleef. |
| As daar nou weer 'n storm in my lewe moet kom sal my bootjie in die *begin nie ingee nie, maar as die bootjie wil verdrink sal ek gaan stop en sê, "Maak 'n verskil" en "Moet nie sink nie" en dan sal ek hom ophou met 'n band met die Here* (D4.210). *As ek met die Here praat dan voel ek altyd beter* (D4.211). As my bootjie wel *ingee, weet ek hy sal weer opkom* (D4.213). | BGB: Kritiese denke en groeiende weerbaarheid. Met behulp van 'n kognitiewe-beheerstrategie het sy haar vrese met betrekking tot haar selfbehoud, 'n klein bietjie onder beheer gebring en het daardeur haar selfagting versterk. |
| *Ek kan ook met my goeie vriendinne gaan praat* (D4.246), *want hulle is altyd daar vir my* (D4.250). *Ek hoef* dan *nie alles alleen in my kop te redeneer nie* (D4.256). | BGB: Ondersteunende portuurgroep. Sonja het aanvaarding en ondersteuning deur haar portuurgroep ervaar. |

| | |
|---|---|
| Toe ek laaskeer so moedeloos gevoel het oor my probleme met my ouers, was die tannie gelukkig daar om my te help (D4.194) en sy het rêrig 'n *verskil gemaak* (D4.207). Sy *het my gehelp* om myself te verstaan (D4.208). Sy het byvoorbeeld vir my gesê *ek moet voor 'n spieël staan en sê "Ek like jou" en toe sit ek* sommer *'n pyltjie by my spieël* dat ek dit elke dag kan sien (D4.277). Sy het ook gesê ek moet my bootjie gaan teken of verf (D4.276) en hom êrens in my kamer sit (D4.277) sodat ek elke dag kan onthou dat ek spesiaal is (D4.279). | Vermoë tot eerlike selfrefleksie. Sonja het sterk gesteun op die kognitiewe-beheerstrategie van self-aanvaarding soos aan haar voorgehou tydens ons vorige gesprekke as eksterne hulpbron. |
| **Narratiewe gesprek 5: 2011-06-24** | |
| Ek het toe my bootjie versier en hom teen my kas geplak (D5.12), daar waar ek hom elke dag kan sien (D5.13). | Sonja het vyf maande later steeds sterk gesteun op die kognitiewe-beheer-strategie van self-aanvaarding as eksterne hulpbron. |
| *Ek is tevrede* met my omstandighede (D5.16). My boetie bly nou van die begin van die jaar af by my pa, maar hy kom kuier darem so nou en dan vir ons (D5.13). Ek moet sê, hy het baie verander, want hy groet my nou beter (D5.81). Ek dink *hy het self besef dat dit gaan hom nêrens bring as hy* so negatief is nie (D5.82). | BGB: Aanpasbaarheid en kritiese denke. Ten spyte van die feit dat haar primêre mikro-gesinsisteem vir die vyfde keer verander het, blyk dit dat sy weereens aangepas het. Sou die feit dat haar broer nie meer in haar primêre mikro-gesinsisteem funksioneer nie kon bygedra het tot haar minder negatiewe persepsie van hom? |
| Al die konflik tussen ons kinders is *nou weer uitgesorteer* (D5.27). *Ek en my sussie het deesdae, nee eintlik het ons oor die algemeen, 'n goeie verhouding met mekaar* (D5.16). | BGB: Toereikende sibbe-verhouding. Sou die verhuising van haar broer kon bygedra het tot 'n meer positiewe verhouding tussen Sonja en haar suster? |
| *Ons praat ook* nog baie *met my pa, maar partykeer sms hy nie altyd nie, maar ons sms hom nog steeds. Dis nie van: "As pa my nie sms nie, dan gaan ek ook nie vir pa sms nie"* (D5.37). | BGB: Positiewe heroorweging. Sonja het nie meer so 'n intense vrees vir verlies aan verhouding met haar vader beleef nie. Sy het haar vader se oënskynlik mindere kontak nie geïnterpreteer as verwerping nie, maar het die verantwoor-delikheid geneem om van haar kant af kontak te maak. |
| *Ek en my ma is ook okay, as iets pla, dan praat ons ook met mekaar, nie dat daar iets gepla het nie, maar as iets kleins sou voorkom. Ek krop dit nie meer binne op nie* (D5.37), maar ek *praat ook nie direk met my ma nie. Ek sal met haar* liewer *oor die foon praat* | Sonja het steeds van ontoereikende hantering strategieë van vermyding en ontkenning gebruik gemaak om konflik tussen haar en haar moeder te hanteer. |

| | |
|---|---|
| (D5.42) en *partykeer, dan sal ek nie altyd kan sê wat my pla nie, want ek dink dit sal selfregkom* (huil) (D5.39). | |
| *Maar by my vriendinne is dit anders. As ons vriendinne probleme het, dan sal ons dit reguit uitpraat en elkeen sal sê hoe hy voel* (D5.97). *Ons is baie reguit met mekaar, want dit is al wat help, anders gaan ons baie baklei* (D5.98). | BGB: Toereikende konflikhantering-strategie met portuurgroep. Sonja was in staat om konflik binne haar portuur-groep meer toereikend te hanteer. |
| My vriendinne beteken baie vir my. Elke keer as ek klaar met die tannie gepraat het, het ek my *vriendinne gaan vertel* (D5.84) *en as ek so praat en vertel dan kom ek agter wat dan fout is* (D5.85). | BGB: Vertrouensverhouding met portuur-groep. Sonja het haar portuurgroep in so 'n mate vertrou, dat sy die inhoud van die narratiewe gesprekke met hulle gedeel het en sodoende kon sy, volgens haar, moontlik verder perspektief oor haar gedagtes kry. |
| Ek dink my positiewe ingesteldheid werk vir my (D5.102), want as ek negatief gaan bly dink, gaan *dit my nêrens bring nie* (D5.101). | BGB: Positiewe toekomsgerigte denke. Sonja het insig getoon in die absolute nodigheid van haar positiewe toekomsgerigte denke ten einde haar emosionele selfbehoud te bly verseker. |
| **Narratiewe gesprek 6: 2011-07-21** | |
| Die vakansie was baie lekker. Ek en tannie Lianca *het goed oor die weg gekom. Ons het lekker gesels en saam shopping gaan doen* (D6.122). | BGB: Toereikende verhouding met vader se akkommoderende eggenote. |
| *Al wat my nou nog ' bietjie pla is as my pa vir my vra, "Hoekom kom bly jy nie by my nie?" Ek weet nie dan wat om te sê nie, want daar is nie iets wat my weghou van my ma nie en ook nie iets wat my weghou van my pa nie* (D6.17). *Ek kyk maar net af en sê niks en dan gaan ek maar net aan waarmee ek besig was* (huil) (D6.55). Soms dink ek my pa is *suinig* as hy my so 'n vraag *vra* (D6.47). Dit was mos *die hof wat gesê het ek moet by my ma bly. Ek het mos nie vir hulle gevra om te skei nie* (D6.63) en *hy moenie van my verwag om te kies nie* (huil) (D6.77). As ek nou *my ma moet los, gaan dit haar ook seer maak en my pa is in elke geval lankal daaraan gewoond* dat hy ons net vakansies sien. *Om nou daar te wil bly, ek weet nie so mooi nie* (D6.48). *Dit is nie te sê ek wil nie by my ma bly nie of ek wil nie by my pa bly nie, dis net nie lekker om te kies by wie wil ek bly nie. Dit is soos my vriendin, haar pa en ma is ook geskei en toe moes sy kies en toe kies sy haar pa en toe is haar ma kwaad* | BGB: Eerlike verbalisering van probleem-situasie. Sonja het 'n intense lojaliteits-konflik beleef wat moontlik geïntensiveer is deur haar vader se versoek aan haar om permanent by hom te kom woon. Ten spyte van haar eerlike erkenning van ongemak wat haar vader se versoek op haar gehad het, het sy haar belewing van verskeurdheid steeds hanteer by wyse van distansiëring, vermyding, blamering en rasionalisering. Alhoewel sy die woord "suinig" gebruik het om haar ontsteltenis aangaande haar vader se versoek te beskryf, het sy moontlik die semantiese waarde van die woord verwar met die woord "selfsugtig". |

| | |
|---|---|
| *vir haar* (D6.46). Ek dink nie my pa verstaan regtig die penarie waarin ek sit nie (D6.87), *maar dit sal regkom* (D6.88). | |
| As ek nou so terugkyk na myself en ek dink waaroor ek en die tannie oor die afgelope elf maande gesels het, kan ek myself nou vergelyk met 'n *is-gelyk-aan teken* (D6.7). In wiskunde gebruik 'n mens mos die simbool om te wys *dat die eenkant gelyk is aan die ander kant, maar die is-gelyk-aan teken bly steeds in die middel* (D6.9). *Hierdie kant is my ma-hulle en hierdie kant is my pa-hulle, so ek is die bootjie wat nog steeds in die middel is. Dit is soos byvoorbeeld, a+b=c+d* (D6.12). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie. Sonja was in staat om te reflekteer oor haar eie gedagtes en posisie, en het met behulp van die metafoor van 'n is-gelyk-aan teken haar belewing van 'n gelykheid van haar twee mikro-gesinsisteme en dat sy nie daartussen kan kies nie, eksplisiet uitgespreek. Kan haar beskrywing ook dui op haar moontlike belewing van 'n vasgevangenheid tussen haar twee biologiese ouers? |
| Ek het so 'n rukkie terug 'n prentjie van 'n seilboot op 'n stormagtige see in 'n tydskrif raakgeloop en toe *dink ek nogal aan* die tannie en waaroor ons alles gesels het (D6.25). Aan die begin was daar ook 'n *stormpie* om my bootjie. My *bootjie was op pad êrens heen, maar hy het nie geweet* waarheen *nie* (D6.34), want die seile van my bootjie *was nog nie gespan* (D6.35). *Dit het my baie gehelp om met die tannie te kon praat. Dit was nie lekker om* oor sekere dinge te praat nie, *maar jy kom agter, met tyd soos wat jy praat, dinge kom uit* (D6.36). *Die tannie het my gehelp om* oor dinge te *dink en dan het ek begin redeneer en op die ou einde het ek my toutjie opper en opper getrek* (D6.37). Ek het toe self sy seile begin span, want *my bootjie moet self kan seil en hy moet weet waarnatoe hy op pad is* (D6.32). *Nou span my seile weer en ek is nou in 'n rigting in* (D6.38). *My bootjie is nou regop. Ek het nou hoop vir myself* (D6.28). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie, kritiese objektiewe denke en groeiende self-waarde. Alhoewel Sonja steeds sterk gesteun het op die kognitiewe-beheer-strategie van self-aanvaarding as ek-sterne hulpbron, kon sy haar emosionele onsekerheid aangaande haar selfwaarde aan die hand van 'n metafoor met meer vrymoedigheid uitspreek en het sy insig getoon in en erkenning gegee aan haar eie aandeel in die proses om haar emosionele selfbehoud te verseker. |
| *Ek wonder nie meer of my ma en my pa gelukkiger saam sou gewees het nie* en ek redeneer nou ook vir myself dat *hulle geskei is omdat hulle nie gelukkig was nie* (D6.39). *Maar partykeer wonder 'n mens maar nog steeds. My pa sê baie keer vir my, "Ek wonder wat sou gebeur het as tyd anders was"*, (D6.40), *maar jy kom eintlik by jouself agter wat die antwoord is, jy redeneer dit net vir jouself uit* (D6.41). *Nou het ek net vrede in myself gemaak, en gesê hulle is gelukkig sonder mekaar* (D6.34). | BGB: Positiewe heroorweging en objektiewe kritiese denke. Alhoewel Sonja haar onsekerheid en pyn ten opsigte van haar ouers se egskeiding steeds hanteer het by wyse van rasionalisering, het haar insig begin verdiep in die bewustelike kognitiewe proses van aanvaarding. |
| Ten spyte van die feit dat my ouers al lankal geskei is, is dit steeds nie vir my lekker om so tussen my pa en my ma te beweeg nie (huil) (D6.105), maar ek glo | BGB: Groeiende interne lokus van beheer. Sonja het insig getoon dat sy in die gedwonge beweging tussen haar twee |

| | |
|---|---|
| ook dat iets my bootjie moes laat beweeg het of soos die tannie gesê het, iets het my bootjie woema gegee. My bootjie het *tog beweeg, nie dat hy wil nie, hy moet. Ek het nie 'n keuse nie, so ek moet beweeg* tussen my ouers (D6.113)*. Ek dink wat my help om te seil, is my eienskap van om positief te wees en hoop te hê. As jy nie hoop nie kan jy nêrens kom nie* (D6.114), *want jy moet jouself opbou* (D6.115). | gesinsisteme nie net meganies funksioneer het nie, maar dat haar innerlike krag van positiewe denke bygedra het tot haar suksesvolle heen-en-weer-beweging. |
| Al is al hierdie dinge nie lekker om aan te dink nie, *weet ek dat ek daaroor sal kom* (D6.107). My bootjie se *seile is daar vir hom, soos my vriendinne wat altyd vir my daar is, en soos die tannie en ek help myself nou seil van die een kant na die ander kant* (D6.110). | BGB: Vermoë tot selfrefleksie, erkenning van eksterne bates asook interne lokus van beheer en groeiende selfaanvaarding en self-effektiwiteit. Ten spyte van haar insig in die nodigheid van eksterne hulpbronne, het sy ook insig getoon in en erkenning gegee aan haar persoonlike aandeel ten einde moeilike omstandig-hede te kan hanteer. Sy kon met 'n meer selfgeldende houding verklaar dat sy ook 'n aandeel in haar emosionele selfbehoud het en dat sy nie net oorgelewer is aan die gesins-omstandighede nie. |
| Ek het gedink om weer vir my pa 'n sms te stuur soos wat ek laaskeer gedoen het toe iets my van hom gepla het (D6.91). Ek wil hom graag vertel dat hy my seermaak (huil) (D6.83), as hy van my verwag om te kies (D6.77), maar ek weet nie of dit nou die regte tyd is nie (D6.101). *Op hierdie oomblik baklei* my pa *en my boetie vreeslik baie* (D6.92). My pa *het nou klaar seer genoeg met* die probleme met *my boetie, en dan kom ek ook nog met my probleme, so dit gaan nie werk nie* (D6.100). *Ek is* so *bang ek maak hom seer* (D6.81). | Ondanks haar intensie om haar belewing van verskeurdheid met haar vader via skriftelike kommunikasie te bespreek, het sy egter weer teruggeval in haar gemaksone van vermyding. Sy het die oënskynlike broosheid van haar vader weens sy konflikverhouding met haar broer as ontsnappingsroete gebruik. |
| *Ek sal graag weer met* die *tannie wil kom gesels, want dit help my nogal baie* (D6.128). | BGB: Aanvaarding van verantwoordelikheid met betrekking tot die beskikbare geleenthede vir persoonlike groei. Sonja het 'n bereidheid getoon om vrywillig deel te neem aan verdere terapeutiese gespreksgeleenthede. |

#### 4.2.4.4 'n Bio-ekologiese interpretasie van Sonja se veerkragbenutting

Sonja se hersaamgestelde gesinsisteme is twee unieke gesinskontekste wat beide op 'n komplekse fondament van wisselende verhoudings en verhoudingstrukture gebou is. Haar primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme het twee jaar na die verbrokkeling van haar kerngesin omgeruil. Die konteks van haar primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme het in 'n tydperk van nege jaar onderskeidelik vyf en vier keer verander.

'n Meta-analise van Sonja se ses gesprekke laat blyk dat sy intense emosionele blootstelling beleef het tydens die verbalisering van haar narratief, strydig met haar sterk ingesteldheid om moeilike omstandighede te vermy deur negatiewe emosies te ontken of te onderdruk. In 'n poging om Sonja te lei om haar eie ingebore veerkrag te ontdek, deur die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates, is veerkrag-gebaseerde terapeutiese intervensie gebruik, in lyn met die Derde Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op beskermende prosesse om veerkrag te bevorder). Ondanks die terapeutiese intervensie het Sonja se ingesteldheid aangaande die wyse waarop sy moeilike omstandighede hanteer egter min verander. Die vraag is of Sonja haar veerkrag-eienskappe **benut** het ten einde veerkragtige herstel met persoonlike groei te bewerkstellig en of sy slegs die **potensiaal** toon tot veerkragtige herstel, maar nog nie daadwerklik veerkragtig herstel het nie.

Ten einde 'n geïntegreerde begrypende verklaring te kan vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van Sonja se benutting, al dan nie, van haar veerkrag-eienskappe, word die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Sonja se primêre mikro-gesinsisteem eerstens bespreek, waarna die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem bespreek sal word. Ten slotte sal die narratief van die verloop van veerkragbenutting in Sonja se heen-en-weer beweging tussen haar twee mikro-gesinsisteme bespreek word.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting, al dan nie, in Sonja se primêre mikro-gesinsisteem**

Die hersaamgestelde gesin van Sonja se huidige primêre mikro-gesinsisteem word deur haar as 'n konflik-belaaide, onsekere sisteem beskryf wat tot dusver oënskynlik min bygedra het tot lewensekerheid en grondige vertroue by haar, maar dit moontlik eerder ondermyn. Die sisteem word as 'n interafhanklike, steeds veranderlike gesinseenheid gesien wat tot dusver Sonja se progressiewe ontwikkelingsvlakke weinig akkommodeer het en dus min, indien enigsins, bydra tot die skep van 'n veilige ruimte waarbinne sy, as middel-adolessent, toereikend kan ontwikkel. Die sisteem kan as 'n veranderlike eenheid beskryf word met 'n

wankelrige identiteit, waar sibbe-konflikverhoudings en onsekere ouerskap-rolle voorkom en ontoereikende interaksie tussen gesinslede plaasvind.

Die huidige hersaamgestelde gesin van haar moeder, as primêre mikro-gesinsisteem, het vanuit 'n geskiedenis van wisselende verhoudings ontstaan. Die sisteem het eers bestaan as 'n enkelouergesin vir twee jaar, wat in daardie tyd Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem gevorm het, daarna as 'n hersaamgestelde gesin vir een jaar, om Sonja se primêre mikro-gesinsisteem te vorm, daarna weer as 'n enkelouergesin vir twee jaar en eers daarna as die huidige primêre hersaamgestelde mikro-gesinsisteem, wat tans vir drie jaar bestaan. Ryno, Sonja se broer, het ook bygedra tot veranderinge in haar huidige primêre mikro-gesinsisteem. Hy was aanvanklik nie deel van dié sisteem nie, aangesien hy vir 'n tydperk van twee jaar, na hul ouers se egskeiding, as deel van Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem funksioneer het, waarna hy verhuis het en vir 'n tydperk van vyf jaar deel van haar primêre mikro-gesinsisteem was. Tans funksioneer hy weer as deel van haar sekondêre mikro-gesinsisteem, aangesien hy weer terugverhuis het na die gesin van haar vader.

Die onstabiliteit van, en die veranderinge binne, die primêre mikro-gesinsisteem, wat moontlik nie effektief aangespreek is nie, het die effektiwiteit van die proksimale prosesse binne dié sisteem moontlik verder beperk. Sonja het vertel van ontoereikende interaksie-patrone tussen haar en haar moeder wat reeds in haar laerskooljare teenwoordig was en aangevoer dat haar openheid in die verbalisering van haar gevoelens en gedagtes destyds die oorsaak was van intense konflik tussen hulle. Faktore wat moontlik kon bygedra het tot die ontoereikende kwaliteit van die proksimale proses tussen Sonja en haar moeder sluit in Sonja se onsekerheid met betrekking tot die vertrouensverhouding met haar moeder, haar ingesteldheid om eerder konfliksituasies te vermy as om effektiewe hanteringstrategieë te gebruik en 'n lojaliteitskonflik ten opsigte van haar biologiese ouers.

Faktore met betrekking tot die moeder wat moontlik bygedra het tot die huidige ontoereikende kwaliteit van die proksimale proses tussen Sonja en haar moeder sluit in die moeder se ingesteldheid van geheimsinnigheid aangaande die geskiedenis van die egskeiding, haar geskiedenis van wisselende verhoudings wat bygedra het tot die skep van onstabiele gesinsomstandighede, haar geringe emosionele en fisiese betrokkenheid by Sonja se buitemuurse aktiwiteite, haar oënskynlike onbetrokke, toeskietlike ouerskapstyl en haar oneffektiewe hantering van sibbe-konflik.

Die disfunksionele verhoudingstrukture en oneffektiewe interaksie-patrone tussen Sonja en haar moeder dra by tot haar intense emosionele pyn en onsekerheid met betrekking tot haar vertrouensverhouding met haar moeder en haar intense behoefte aan emosionele sekuriteit binne haar primêre mikro-gesinsisteem. Sonja het haar emosionele pyn en onsekerhede probeer hanteer by wyse van oneffektiewe hanteringstrategieë van rasionalisering, ontkenning en vermyding en in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling) telkens slegs teruggekeer na haar huidige sone van ongemak, sonder persoonlike groei. Ook die vyfde gesprek, waar Sonja eksplisiet aangedui het dat sy steeds die moeilike omstandighede in die gesin van haar moeder hanteer by wyse van vermyding, bevestig haar steeds durende sone van ongemak.

Waar sensitisering met betrekking tot persoonlike sterkpunte tydens die gesprekke ooreenkomstig die bate-gebaseerde benadering by wyse van terapeutiese tegnieke binne die Derde Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op beskermende prosesse om veerkrag te bevorder) gefasiliteer is, het Sonja slegs haar sterkpunte begin benut deur haar emosionele ervarings van pyn met betrekking tot haar belewing van verskeurdheid tussen haar biologiese ouers en haar gedistansieerde verhouding met haar moeder met meer openhartigheid te verbaliseer. Haar persoonlike sterkpunte, soos geïdentifiseer in lyn met die Eerste Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die identifisering van veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing), sluit in haar kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid, wat kritiese objektiewe denkvermoë en selfrefleksie insluit, asook haar ingesteldheid van aanpasbaarheid in onstabiele gesinsomstandighede.

Die moontlikheid bestaan dat Sonja se ingesteldheid van aanpasbaarheid in onstabiele gesinsomstandighede nie ontstaan het vanuit ’n positiewe ingesteldheid teenoor ander gesinslede nie, maar eerder vanuit ’n vrees vir verdere verlies van sekuriteit deur nog ’n krisis in die gesinsverhoudings. Sy het die rol van tussenganger vertolk, oënskynlik omdat sy insig kon toon in die broosheid van haar gesinsituasie en die belangrikheid van die “geluk” van die ander om haar vir haar eie emosionele welsyn. Haar eksterne lokus van beheer het dus bygedra tot verminderde vermoë om selfgeldend in ’n konfliksituasie binne haar gesin op te tree, wat bygedra het dat die proksimale interaksie tussen gesinslede verder lamgelê is.

Interaksie tussen Sonja en haar moeder se eggenoot blyk die potensiaal te hê van toereikendheid, maar kan weens haar ingesteldheid van ’n eksterne lokus van beheer met betrekking tot haar emosionele sekuriteit in haar primêre mikro-gesinsisteem nog nie as ’n proksimale proses beskou word nie. Sonja se ingesteldheid van aanvaarding van haar

moeder se eggenoot sou egter wel moontlik kon bydra tot die mobilisering van proksimale interaksie ten spyte van haar skewe motivering daarvoor.

Sonja ontwikkel vanuit haar primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme verder ook binne die mikro-sisteme van die skool en portuurgroep, wat bydra tot haar ontwikkeling. Sy beskryf die mikrosisteem van die skool as beskermend en ondersteunend. Haar persoonlike sterkpunte van intellektuele bevoegdheid, prestasie-georiënteerdheid, selfwerksaamheid en verantwoordelikheid ten opsigte van haar skoolwerk asook haar probleemoplossings-vaardighede dra by tot die bevordering van 'n positiewe akademiese selfbeeld en verhoging van selfwaarde. Sy beskryf die mikrosisteem van haar portuurgroep as ondersteunend en akkommoderend. Haar ingesteldheid van sensitiwiteit en positiwiteit teenoor haar maats en 'n bereidheid om keuses te maak met betrekking tot die wyse waarop sy konflikverhoudinge hanteer, asook haar sosialiseringsvaardighede, dra by tot die bevordering van haar sosiale selfbeeld en ondersteuning in haar moeilike omstandighede.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting, al dan nie, in Sonja se sekondêre mikro-gesinsisteem**

Die hersaamgestelde gesin as sekondêre mikro-gesinsisteem waarbinne Sonja aktief ontwikkel, is aanvanklik bewustelik deur haar beskryf as 'n plek waar sy vakansie kan hou en meer tyd en aandag van haar vader sou wou ontvang en onbewustelik as 'n plek waar sy graag permanent sou wou wees. Die sisteem word as 'n interafhanklike ontwikkelende gesinseenheid gesien wat Sonja se progressiewe ontwikkelingsvlakke akkommodeer en bydra tot die skep van 'n veilige ruimte waarbinne sy, as middel-adolessent, ontwikkel. Die sisteem kan as 'n gestruktureerde eenheid beskryf word met 'n gevestigde identiteit waar duidelike, definitiewe ouerskap-rolle kristalliseer, ruimte doelbewus vir die besoekende kinders geskep word en oënskynlik vrugbare dog beperkte proksimale prosesse tussen gesinslede plaasvind.

Interaksie-patrone tussen Sonja en haar vader blyk oënskynlik vrugbaar te wees. Faktore wat hiertoe bygedra het sluit in haar vader se konsekwente optrede, om van die tydperk van die hertroue met sy huidige vrou, die beweging van Sonja tussen haar mikro-gesinsisteme elke skoolvakansie in stand te hou met die koop van vliegkaartjies na die Kaap, asook sy appèlmatige eienskap om verbaal bevestiging van sy liefde vir sy dogter gee, sy ingesteldheid van 'n positiewe betrokkenheid as vader ten spyte van sy fisiese afstand en Sonja se positiewe ingesteldheid teenoor haar vader, haar vertrouensverhouding met hom en haar gemotiveerde, aktiewe funksionering in sy gesin.

Ondanks die beskermende faktor van die betrokkenheid van Sonja se biologiese vader, het sy egter ook te kampe met verskeie risiko-faktore in haar huidige sekondêre mikro-gesinsisteem, wat proksimale interaksie-prosesse tussen gesinslede beperk het en veerkragtige herstel met groei gerem het. Ten spyte van die feit dat Sonja reeds vir ’n tydperk van vyf jaar aktief binne die gesinsisteem van haar vader funksioneer, haar ingesteldheid van erkenning van haar vader se eggenote, haar konstruktiewe appèlmatige eienskappe van aanpasbaarheid en haar sosiale verantwoordelikheid, het haar ingesteldheid van onsekerheid met betrekking tot haar emosionele sekuriteit ook hier neerslag gevind.

Die gesin van haar vader het vanuit ’n geskiedenis van wisselende gesinsisteme ontstaan. Die sisteem het eers as ’n hersaamgestelde gesin vir twee jaar bestaan, wat in daardie tyd Sonja se primêre mikro-gesinsisteem gevorm het, daarna as ’n enkelouergesin vir drie jaar, wat vir Sonja ’n onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem gevorm het, en eers daarna as die huidige hersaamgestelde gesin wat reeds vir vyf jaar bestaan en Sonja se aktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem vorm. Die onstabiliteit van en veranderinge binne dié sisteem het moontlik die kwaliteit van die interaksie-prosesse binne haar huidige sekondêre mikro-gesinsisteem beïnvloed.

Die geskiedenis van Sonja se broer se betrokkenheid in die gesin van haar vader asook sy gedragsprobleme wat oor afstand toenemende aandag van haar vader geverg het, het bygedra tot Sonja se intense belewing van onsekerheid met betrekking tot haar sosiale posisie in dié gesin asook ’n vrees vir verlies van ’n vertrouensverhouding met haar vader, wat weer gekristalliseer het in ’n gebrekkige selfwaarde en ontoereikende selfhandhawende gedrag.

Sonja het die onsekerhede en pyn wat met haar gebrekkige selfwaarde asook ’n vrees vir die verlies van die vertrouensverhouding met haar vader saamgehang het, hanteer by wyse van ontoereikende emosionele strategieë van blamering, vermyding en negatiewe kommunikasiepatrone en dikwels in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling) slegs teruggekeer na haar huidige sone van ongemak.

Waar sensitisering van persoonlike sterkpunte tydens die gesprekke ooreenkomstig die bate-gebaseerde benadering en terapeutiese tegnieke gefasiliteer is, het Sonja slegs haar sterkpunte begin benut deur haar emosionele ervarings van pyn met betrekking tot haar behoefte aan goedkeuring deur haar vader met meer openhartigheid te verbaliseer. Haar persoonlike sterkpunte, soos geïdentifiseer in lyn met die Eerste Golf van veerkragnavorsing,

(wat fokus rig op die identifisering van veerkrag-eienskappe van die individu en sy/haar omgewing) sluit in haar kognitiewe vermoë van intellektuele bevoegdheid, wat kritiese objektiewe denkvermoë en selfrefleksie insluit en haar ingesteldheid van aanpasbaarheid in onstabiele gesinsomstandighede.

- **Die narratief van die verloop van veerkragbenutting, al dan nie, in Sonja se heen-en-weer beweging tussen die twee sisteme.**

Op mesosisteemvlak is Sonja vanuit die staanspoor blootgestel aan negatiewe interaksie tussen haar biologiese ouers. Ten spyte van die feit dat Sonja se kerngesin reeds nege jaar gelede verbrokkel het, ervaar sy steeds 'n lojaliteitskonflik ten opsigte van haar biologiese ouers. Haar belewing van verskeurdheid tussen haar ouers word geïntensiveer deur haar biologiese ouers se voortdurende konflikverhouding met betrekking tot haar opvoedingsbehoeftes, hul verskil in ouerskapstyl, hul ontoereikende hantering van die dogters se primêre plek van verblyf asook haar eie onsekerheid en pyn met betrekking tot haar emosionele veiligheid en behoefte aan erkenning van haar lidmaatskap aan beide haar mikro-gesinsisteme.

Sonja het die onsekerhede wat deur die lojaliteitskonflik veroorsaak is, hanteer by wyse van ontoereikende emosionele hanteringstrategieë van negatiewe blamering, onderdrukking, vermyding en rasionalisering en telkens in terme van die Veerkragmodel binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkrag-ontwikkeling) slegs teruggekeer na haar huidige sone van ongemak.

In die konteks van die hersaamgestelde gesin kan die middel-adolessent as veerkragtig beskou word indien **effektiewe** probleemoplossings- en emosioneel-gefokusde hanteringstrategieë doelbewus gekies word om sodoende moeilike omstandighede in beide mikro-gesinsisteme te hanteer. Gesien in die lig dat 'n individu se veerkragtigheid nie bloot deur die teenwoordigheid van sekere eksterne of ook interne eienskappe manifesteer nie, maar eers deur die optimale **benutting** van die interne eienskappe asook in interaksie met die omgewing, word Sonja as 'n ontwikkelende middel-adolessent beskou wat die potensiaal toon tot veerkragtige herstel, maar nog nie daadwerklik veerkragtig herstel het nie.

## 4.3 TER AFSLUITING

In my poging om 'n begrypende verklaring te vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van middel-adolessente van geskeide ouers se benutting van

hul veerkrag-eienskappe in die konteks van die hersaamgestelde gesin, het ek van die standpunt uitgegaan dat elke individu gebore word met ’n natuurlike vermoë om veerkragtig te wees en die lewe se probleme suksesvol te kan oorbrug (Bernard 1995:1). In die metaforiese vergelyking van ’n veerkragtige middel-adolessent met ’n rubberballetjie wat bons tussen twee mikro-gesinsisteme in die teenwoordigheid van verskeie risiko-faktore, blyk dit uit die data dat, ofskoon die rubberballetjie ’n natuurlike eienskap van elastisiteit het, al vier deelnemers aan my navorsing nie noodwendig ‘bons’ nie. Die data hou dus die moontlikheid in dat veerkrag en veerkragbenutting nie ’n enkelvoudige eienskap of proses is nie, maar verband mag hou met komplekse interaktiewe prosesse. Binne die raamwerk van die positiewe sielkunde, die drie golwe van veerkragnavorsing en die bio-ekologiese perspektief, is ek as navorser sowel as sielkundige, tot stilstand geruk voor die realiteit van komplekse verhoudingstrukture in die konteks van die hersaamgestelde gesinne van die vier deelnemers en dat veerkragbenutting nie vir elk van hulle so vanselfsprekend blyk te wees nie. In my poging om sin te maak van die data gesamentlik sal ek my dus moet oopstel vir die moontlike herkonseptualisering van veerkrag en/of veerkragbenutting.

# HOOFSTUK 5

# OORSIG VAN DIE NAVORSING, META-SKOU, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

Egskeiding is 'n potensieel vernietigende realiteit in ons samelewing. Derduisende kerngesinne verbrokkel jaarliks en die herstrukturering van gesinsisteme gaan dikwels gepaard met verskeie ontwikkelingsuitdagings vir die kind (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:449; Afifi, 2003:729; Ayoub *et al.,* 1999:297; Dunn *et al.,* 2005:223). Volgens die bio-ekologiese model verskil die ontwikkelingskonteks van die kind in die hersaamgestelde gesin radikaal van die ontwikkeling van die kind in die konteks van die kerngesin (Ebersohn, 2006). Verdeelde lidmaatskap aan twee mikro-gesinsisteme en die gevolglike kompleksiteit van die mesosisteem is onder andere die uitdagings wat 'n ontwikkelende kind in die konteks van die hersaamgestelde gesin in die gesig staar (2.3.2).

Die doel van my studie is verklaar as tweeledig (1.3). Eerstens om 'n verklarende begryping te vorm van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van middel-adolessente van geskeide ouers se benutting van hul veerkrageienskappe. Fokus is gerig op die middel-adolessent se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin, in die teenwoordigheid van dikwels disfunksionele verhoudings tussen die geskeide biologiese ouers. Tweedens is daar ten doel gestel dat die verwagte teoretiese bydrae van hierdie studie sal voortbou op die bestaande kennisbasis rakende die veerkragteorie en die bio-ekologiese sisteemteorie ten einde die verryking van die opvoedkundige sielkundige praktyk met betrekking tot die aanpassing van adolessente van geskeide gesinne binne die hersaamgestelde gesin te ondersteun.

My studie is gerig deur die volgende primêre navorsingsvraag: *Hoe benut middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrageienskappe om, ten spyte van 'n dikwels disfunksionele verhouding tussen hul biologiese ouers op mesosisteemvlak, steeds optimaal te ontwikkel, in die proses van hul beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin?*

Ten einde die primêre navorsingsvraag te kon beantwoord, is die volgende sekondêre navorsingsvrae deurskou:

- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die primêre mikro-gesinsisteem?*
- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die sekondêre mikro-gesinsisteem?*
- *Wat is die narratief van die verloop van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers in die heen-en-weer beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme?*

Alvorens ek die navorsingsvraag vanuit die data van die vier gevallestudies kan probeer beantwoord, moet ek eers 'n oorkoepelende blik op my navorsing rig om sodoende my insig en begryping van die verskynsel van veerkragbenutting te verskerp. Vervolgens bied ek 'n oorsig van my navorsing deur 'n opsomming te gee van Hoofstukke Een tot Vier. Daarna vervolg ek met 'n meta-skou op my navorsing. Die meta-skou sluit in: 'n deurskouing van my rol in die navorsing, 'n vergelykende analise van die proksimale prosesse binne elke deelnemer se mikro-gesinsisteme met 'n spesifieke verwysing na moeilike gesinsomstandighede en negatiewe emosionele belewings as risiko-faktore wat die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme beperk, asook persoonlike sterkpunte en ekstrinsieke hulpbronne wat benut is ten einde proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme te bevorder. Die meta-skou word afgesluit met 'n sinteserende bespreking van die mesosisteem wat proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme kan bevorder of beperk. Ná die meta-skou gaan ek dan poog om die navorsingsvraag te beantwoord, waarna ek 'n kritiese beskouing op my navorsing in terme van die sterkpunte, beperkings, leemtes en knelpunte asook die moontlike waarde van my navorsing in terme van kennisuitbreiding en opvoedkundige sielkundige praktyk sal bespreek. Ten slotte sal ek aanbevelings maak met betrekking tot toekomstige navorsing asook die opvoedkundige sielkundige praktyk.

## 5.2 OORSIG VAN DIE NAVORSING

Hoofstuk Een het gedien as die inleidende oriëntasie tot my studie. Die fondament vir die rasionaal van my studie is gelê deur die bevindings vanuit my Meestersgraadstudie wat gefokus het op die geskeide biologiese vader se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind (Ebersohn, 2006). Vanuit die bio-

ekologiese model van Bronfenbrenner soos daar deur my aangepas (Ebersohn, 2006:73), het ek nou in hierdie studie gefokus op die benutting van veerkrageienskappe deur middel-adolessente van geskeide ouers binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin. Ek het gepoog om tot 'n helderder begryping te kom van die pogings wat middel-adolessente aanwend om in die oënskynlike warboel van funksionele en disfunksionele verhoudings in die mikro-gesinsisteme sowel as mesosisteem, steeds hul ontwikkelingstake effektief te deurloop.

Die studie het vertrek vanuit sekere aannames (1.4), gegrond op literatuur, bevindings vanuit my Meestersgraadstudie asook ervarings vanuit my privaatpraktyk as Opvoedkundige Sielkundige. Slegs sommige hiervan is geverifieer deur my navorsingsresultate en bevindings. Aan die hand van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner is die uniekheid van die opvoedingskonteks van die kind in die hersaamgestelde gesin in my Meestersgraadstudie oopgedek. Die hersamestelling van die gesin na egskeiding impliseer dat die ontwikkeling van die kind, anders as in 'n kerngesin, benewens in mikrosisteme van onder andere skool en portuurgroep, in **twee** mikro-gesinsisteme plaasvind, naamlik die *primêre mikro-gesinsisteem* waar die kind permanent woon saam met sy/haar biologiese ouer wat ouerlike regte en verantwoordelikhede het, en die *sekondêre mikro-gesinsisteem* van die ander biologiese ouer, waar die kind slegs periodiek besoek aflê. Ouerskap in 'n hersaamgestelde gesin is meer kompleks, met uitdagings wat nie noodwendig in 'n kerngesin voorkom nie. Optimale kommunikasie tussen gewese egmaats speel in die konteks van die hersaamgestelde gesin 'n groot en betekenisvolle rol in die suksesvolle voltrekking van gesamentlike voortgesette ouerskap na egskeiding. Die aanname dat unieke interpersoonlike verhoudings tussen gesinslede gevorm word tydens die hersamestelling van 'n gesin, met uitdagings wat nie noodwendig in die kerngesin voorkom nie, is tydens die studie bevestig, soos bespreek sal word in 5.3.3.2 en 5.3.3.3.

Die aanname dat 'n individu se veerkrag ontwikkel nie bloot deur die teenwoordigheid van sekere eksterne of ook interne eienskappe nie, maar veral deur die optimale **benutting** van die interne eienskappe asook in **interaksie** met die omgewing, is bevestig soos sal blyk in die bespreking in 5.3.3.4.

Die aanname dat die verbrokkeling van die hersaamgestelde gesin met die nodige ondersteuning voorkom of verminder kan word indien die **kinders**, onder andere, meer ondersteuning ontvang om die unieke uitdagings van 'n hersaamgestelde gesin te kan hanteer en dat die **kinderkliënte** in die opvoedkundige sielkundige terapeutiese konteks gelei en ondersteun behoort te word om hul kragte te ontdek en aan te wend sodat optimale

ontwikkeling as resultaat van veerkragbenutting as uitkoms gesien kan word, is nie bevestig nie, soos aangedui sal word in 5.3.3.4.

In Hoofstuk Twee het ek die daarstelling van 'n teoretiese begronding vir die studie nagestreef deur 'n bio-ekologiese interpretasie van veerkrag aan die hand van 'n kritiese literatuuroorsig te konstrueer. Ek het ten aanvang die bestudering van die ontwikkelende middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin vanuit die perspektief van die positiewe sielkunde benader. Daarna het ek die konsep van veerkrag as suksesvolle ontwikkeling van middel-adolessente in die konteks van die hersaamgestelde gesin deurdink. Ten einde die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm volledig te kon belig en die dinamiek rondom die middel-adolessent se ontwikkeling in die konteks van die hersaamgestelde gesin te kon begryp, het ek die ontwikkelingsuitdagings binne die konteks van die hersaamgestelde gesin eksplisiet gestel. In 'n poging om veerkrag en veerkragbenutting te konseptualiseer het ek vervolg deur die verskillende dimensies van veerkrag, soos gerig deur die veerkragnavorsing, met mekaar te vergelyk. Drie benaderings of 'golwe' (Richardson, 2002:307) van veerkragnavorsing is in oorweging geneem. Hierdie drie golwe is onderskeibaar op die basis van hul oriëntering tot die veerkrag konstruk, naamlik in hul fokus op die rol van die individu in die bereiking van veerkragtigheid. Ten slotte het ek 'n geïntegreerde bio-ekologiese definisie van 'n veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin gekonstrueer en bespreek.

In Hoofstuk Drie het ek my navorsingsmetodologiese beplanning en verloop, my rol as navorser, die kwaliteitsversekeringskriteria van my studie en die etiese maatreëls wat ek tydens my studie moet handhaaf, deurdink. Ek het eerstens 'n uiteensetting van my teoretiese paradigma gegee. Vanuit 'n ontologiese perspektief het ek hierdie studie vanuit die sosiaal-konstruktivistiese wêreldbeskouing benader: Individue is voortdurend besig om realiteite in die wêreld waarin hul leef en werk te konstrueer en hulle heg veelvuldige subjektiewe betekenisse aan hul ervaring van die realiteit. Aangesien ek die subjektiewe realiteit van die middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin wil probeer verstaan, om sodoende die aard van hul veerkragbenutting te bepaal, het ek dus die studie vanuit die Interpretivistiese paradigma as epistemologiese perspektief benader.

Ek het myself as 'n kwalitatiewe navorser gedefinieer, aangesien ek die verskynsel van veerkrag binne die natuurlike konteks van die hersaamgestelde gesin wou bestudeer ten einde te poog om die inligting beter te verstaan en te interpreteer in terme van betekenis(se) wat die deelnemer daaraan toevoeg. Die ruimte om die konteks van meer as een hersaamgestelde gesin as 'n uniekheid te hanteer is met behulp van 'n veelvoudige

gevallestudie as navorsingsontwerp geskep. Die formaat van beskrywing is deur die narratiewe werkwyse gedefinieer, aangesien die narratief kennis oplewer vanuit 'n individuele singewing wat die verstaan van menslike gedrag verdiep, uitbrei, verryk en verhelder. Vier Afrikaanssprekende blanke middel-adolessente (twee seuns en twee dogters) wat tussen 14 en 16 jaar oud was, is deur middel van 'n doelmatige steekproeftrekking as deelnemers betrek. Ek het verskeie strategieë gebruik om volledige, vergelykbare en bevestigde data te verkry van die persepsies, beskouings en ervarings van middel-adolessente van geskeide ouers aangaande hul eie individuele veerkrag. Die strategieë wat ek aangelê het in 'n triangulasie-handeling behels informele gesprekvoering, ongestruktureerde narratiewe gesprekvoering, 'n narratiewe tegniek ("FACE"-instrument), observasie, veldnotas, en reflektiewe navorser-joernalisering.

Vier gespreksgeleenthede oor 'n gemiddelde tydperk van vier maande is geskep. Na afloop van die analisering van die data van die eerste vier gesprekke is 'n vyfde, en in een geval ook 'n sesde, gespreksgeleentheid geskep. Die doel van die opvolggesprekke sal volledig in die meta-skou op my rol in die navorsing (5.3.2) bespreek word.

Hoofstuk Vier bevat die data-analise en bevindings. Elke geval is afsonderlik geanaliseer, aangesien die nuanses van die geïdentifiseerde temas van veerkragbenutting telkens uniek is en in terme van die sosiale konteks waarin die temas voorkom, van mekaar verskil. Die aanbieding van die data per geval het sistematies geskied. Eerstens het ek die feitelike konteks van die deelnemer se mikro-gesinsisteme aan die hand van die bio-ekologiese sisteemteorie uiteengesit. Daarna het ek vervolg met 'n uiteensetting van die verloop van die narratiewe gesprekke wat opgevolg is deur 'n analise van die deelnemer se narratief in terme van emosionele belewing en veerkragbenutting, soos deur my oorvertel of gerepresenteer. Elke deelnemer se veerkragbenutting is aan die hand van die drie sekondêre navorsingsvrae (1.2), my bio-ekologiese definisie van 'n veerkragtige middel-adolessent (2.5.2) asook binne die eerste drie golwe van navorsing met betrekking tot veerkrag (2.4) ontleed.

Elke geval is in diepte ondersoek en 'n begrypende verklaring van die samehangende, wederkerige en/of responsiewe dinamiek van middel-adolessente van geskeide ouers se benutting van hul veerkrageienskappe kan inderdaad slegs gevorm word deur middel van 'n meta-skou op elke geval. Intra-vergelykings van die risiko- en beskermende faktore moet dus gedoen word met die oog daarop om die proses van veerkragbenutting in terme van die bevordering van proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme van elke deelnemer te ondersoek.

## 5.3 META-SKOU OP MY NAVORSING

### 5.3.1 Inleiding

As kwalitatiewe navorser glo ek dat alle individue, in 'n poging om van hulle leefwêreld te probeer sin maak, hulle eie realiteite skep en spesifieke betekenis aan gebeure en ervarings gee. Aangesien hierdie studie 'n uitvloeisel is van my denke en nuuskierigheid rakende die sosiale wêreld van die middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin en dus deel van my is, het ek nooit probeer om myself daarvan los te maak of te skei nie. Dit was dus vir my belangrik dat ek bewus en sensitief moes bly met betrekking tot die waardes, veronderstellings, vooroordele en perspektiewe wat ek na die studie gebring het en die mate waarin dit 'n invloed op die studie kon uitoefen. Deur middel van selfrefleksie en gesprekke met my studie-leier het ek voortdurend seker gemaak dat ek wesenlik ék as navorser bly en nie deur my aannames en vooroordele beïnvloed word nie.

As interpretivistiese navorser is my doel nie om die "waarheid" weer te gee nie, maar eerder om veelvuldige realiteite te ontdek. In my soeke na kennis, was ek dus ook voortdurend beïnvloed deur my eie perspektiewe en subjektiwiteit sowel as deur die inligting wat oopgedek is. Wat ek egter deurgaans op gefokus het, was om my eie stem voortdurend te kon raak hoor en dan daaroor te kon reflekteer. Ek het deurgaans hard gewerk aan my vermoë om 'n *"not-knowing"* posisie in te neem, ten einde binne die sosiale konstruktivisme werklik 'n dieper begryping van die fenomeen van veerkragbenutting te kon vorm. Ek het verstaan dat kennis geko-konstrueer sou word deur die vrae wat ek sou vra en die manier waarop ek na antwoorde sou luister en daarop sou respondeer, asook hoe die deelnemers sou respondeer op my vrae en aanmerkings. Aangesien die realiteit van die hersaamgestelde gesin kompleks is, kan die sosiale ervarings van die deelnemers nie gereduseer word tot 'n enkelvoudige interpretasie nie en daarom is 'n gedetailleerde deurskouing van die data essensieel.

Die leefwêreld van 'n individu in terme van verskynsels en gebeure kan slegs verstaan word deur 'n verstandelike proses van interpretasie wat beïnvloed word en in interaksie staan met die sosiale konteks. As navorser kon ek slegs werk met die inligting voor, tydens en vanuit die data-insameling en ek kan geensins verklaar dat ek 'n volledige beeld van my deelnemers en/of die konteks van elke deelnemer het nie. Alhoewel ek in die singewing aan die data gefokus het op veelvoudige betekenisgewing, kon ek hoegenaamd nie reg laat geskied aan die rykheid van die data nie, aangesien ek selektief daarmee omgegaan het en gefokus het op 'n spesifieke wyse van analise.

In my poging om die navorsingsvraag te beantwoord streef ek na die vertroubaarheid van my bevindinge deurdat die data wat op 'n vertroubare wyse ingewin en geanaliseer is, nou ook op 'n vertroubare wyse interpreteer. Ek reflekteer dus voortdurend op my eie posisie vanuit die navorsingstoel, aangesien 'n onbewuste persoonlike agenda die vertroubaarheid van die navorsingsbevindings en gevolgtrekkings sou kon beïnvloed. Die meta-skou op my navorsing bied my dus die geleentheid om met 'n breër visie my navorsing te beskou. Die doel van my meta-skou is dan juis om nie bevindings te veralgemeen nie, maar om oor verskillende deelnemerperspektiewe en unieke kontekste te reflekteer, sodat soortgelyke situasies beter verstaan kan word en die resultate van die studie as uitbreiding op die huidige kennisbasis van die fenomeen van veerkragbenutting kan dien asook toegepas kan word in die terapeutiese ondersteuning van middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne in verbandhoudende kontekste.

### 5.3.2 Meta-skou op my rol in die navorsing.

Met die uitnodiging aan die middel-adolessente om deel te neem aan die navorsing het ek die doel van my studie aan die hand van die metafoor van 'n rubberballetjie soos volg aan hulle verduidelik:

> *"Om deel te wees van 'n hersaamgestelde gesin beteken dat jou ouers geskei is en jou biologiese ouers weer getroud is. Jy kan òf in die hersaamgestelde gesin van jou ma woon en jou pa se gesin oor naweke en vakansies besoek, òf jy kan in die hersaamgestelde gesin van jou pa woon en jou ma se gesin oor naweke en vakansies besoek. Daar is heelwat tieners wat met hierdie unieke omstandighede "cope" en wie se ontwikkeling positief bly. Ek vergelyk hulle met rubberballetjies wat bly terugbons. Die doel van my studie is om te verstaan wat die rubberballetjie sy veerkrag gee om te kan bons. Met ander woorde, waar en hoe gebruik die tieners hul veerkrag om ten spyte van moeilike omstandighede steeds te ontwikkel en te 'cope'?"*

Ek was dus op soek na spesifieke deelnemers, *"who can travel with me on my journey towards more knowledge..."* (Henning, 2004:71). Daarom het ek beplan om die narratiewe van die elke-dag-se gebeure in die lewe van die middel-adolessent wat binne die konteks van die hersaamgestelde gesin funksioneer, as data op te neem, met die doel om tot begrip en diepere insigte te kan kom aangaande die middel-adolessent se veerkragbenutting in sy/haar beweging tussen die primêre- en sekondêre mikro-gesinsisteme. Tydens die aanvang van die data-insamelingsproses het ek beplan om te fokus op suiwer vertelling van

tipes insidente waar die middel-adolessent pogings aangewend het om die moeilike omstandighede binne hul konteks waar hulle verbonde is aan twee mikro-gesinsisteme te hanteer. Verder het ek beplan dat die sessies afgestem sou word op bate-identifisering met betrekking tot die middel-adolessent se veerkrageienskappe en benutting daarvan. Die daaropvolgende sessies het ek beplan om te fokus op die verloop en/of mobilisering van die geïdentifiseerde veerkrageienskappe. Die doel van dié struktuur was om die narratief van die verloop van veerkragbenutting te verken in die lig van die bates en sterkpunte wat geïdentifiseer is.

Ongeag die stewige fondament van waaruit die rasionaal van my studie opgebou is, die kritiese bestudering van die literatuur en die deeglike metodologiese beplanning, het elk van die vier deelnemers aan my studie my egter saam met **hulle** op hulle paaie laat loop. Met die aanvang van die narratiewe gesprekke het ek aan elke deelnemer die doel van die studie weer aan die hand van die metafoor van 'n rubberballetjie verduidelik. My intensie was om die deelnemers vanuit die staanspoor te sensitiseer ten opsigte van hul persoonlike sterkpunte en bates. Ek was egter ontnugter deur al vier deelnemers se respons op my metaforiese verduideliking van die bonsende rubberballetjie. In teenstelling met die verwagte respons van 'n vertelling van hul hanteringstrategieë, het al vier deelnemers egter vanuit die staanspoor hul emosionele onsekerheid as probleem eksplisiet gestel. Heidi het haar emosionele onsekerheid met betrekking tot haar lidmaatskap aan haar sekondêre mikro-gesinsisteem laat blyk, Leon het sy emosionele onsekerheid met betrekking tot sy sosiale rangorde en selfwaarde binne sy destydse sekondêre mikro-gesinsisteem laat blyk, Fanus het sy emosionele onsekerheid met betrekking tot sy belewing van afstand tussen hom en sy vader in sy sekondêre mikro-gesinsisteem laat blyk en Sonja het haar emosionele onsekerheid met betrekking tot haar selfwaarde in die konteks van beide haar gesinsisteme gestel. Heidi, Fanus en Sonja het verder ook intense emosionele onsekerhede in die afloop van die verbalisering van hul narratiewe ervaar, wat deurentyd op 'n kognitiewe vlak terapeuties hanteer is.

As hoof data-insamelingsinstrument was ek dus van meet af gekonfronteer met intense spanning tussen my rolle as opvoedkundige sielkundige in praktyk en as navorser, wat dus konsekwente refleksie van my as navorser genoodsaak het. Ek het besef dat ek voortdurend op my navorsing gefokus moes bly deur na spesifieke inligting te soek wat my sou help om dieper begrip en kennis van die fenomeen van veerkragbenutting te ontwikkel en terselfdertyd moes ek op etiese gronde die deelnemers se emosionele onsekerheid, wat deur die sensitisering van die probleemsituasie ontstaan het, hanteer. Aangesien die deelnemers se narratiewe soms gesentreer het rondom die hantering en oplossing van

problematiese ervarings in die konteks van veral die sekondêre mikro-gesinsisteem, het die proses van narratiewe data-insameling, binne die raamwerk van die bate-gebaseerde benadering, my dus genoodsaak om met tye ŉ terapeutiese vraag eerder as ŉ navorsingsvraag te stel. Ek het gevolglik gefokus op deeglike refleksie na afloop van elke kontaksessie met elke deelnemer, ten einde outentieke data te verseker.

Ek het aanvanklik net vier narratiewe gesprekke per deelnemer beplan, maar die uniekheid van elke deelnemer se sosiale konteks en deelname het in al die gevalle gelei tot verdere opvolggesprekke. Bo en behalwe die een doelwit van die opvolggesprekke, naamlik vir die kontrolering van inligting wat uit die analise onduidelik geblyk het, was ŉ verdere doelwit tydens die vyfde gesprek, en in Sonja se geval ook ŉ sesde gesprek, dan ook om die terapeutiese proses voort te sit, ten einde die emosionele onsekerhede wat vanuit die narratiewe gesprekke geblyk het verder te kon hanteer.

Fanus was egter nie gewillig om aan die vyfde gesprek deel te neem nie en het dus op daardie stadium van die studie onttrek, maar ouerleiding is wel met sy moeder onderneem. Alhoewel Leon ook emosionele onsekerhede tydens die verbalisering van sy narratief ervaar het, kon hy dit toereikend binne die afloop van die narratiewe hanteer en was die verdere doelwit van die vyfde gesprek met hom om die proses van sy ontwikkeling op te volg, waar hy bepaalde keuses gemaak het in die manier van hantering van sy moeilike omstandighede.

ŉ Uitnodiging vir deelname aan verdere gratis terapeutiese intervensie is na afloop van die data-insamelingsproses aan elke deelnemer en sy/haar ouers gerig. Slegs Heidi en haar moeder het my uitnodiging opgevolg. Sonja het haar bereidheid getoon om die terapeutiese proses voort te sit, maar in die kort tydperk wat verloop het sedert my sesde gesprek met haar het sy en haar moeder nog nie met my kontak gemaak nie.

Die terapeutiese waarde wat verbalisering by wyse van die narratief gebied het, tesame met die beskermende proses van terapeutiese intervensie waar ŉ sensitisering vir persoonlike sterkpunte en bates in ooreenstemmig met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer is, het moontlik bygedra tot Heidi se proses van veerkragtige herstel met persoonlike groei binne slegs haar primêre mikro-gesinsisteem en Leon se proses van veerkragtige herstel met persoonlike groei binne beide sy mikro-gesinsisteme.

Ondanks die beskermende prosesse van my terapeutiese intervensie tydens die gesprekke, waar ŉ sensitisering vir persoonlike sterkpunte en bates in ooreenstemmig met die bate-

gebaseerde benadering gefasiliteer is, het Fanus en Sonja slegs daarby baat gevind om hul sterkpunte te benut om hul pyn en emosionele ongemak met meer openhartigheid in hul narratiewe te kon verbaliseer, maar nie om die interaksie-prosesse in hul onderskeie mikro-gesinsisteme te bevorder nie. Die representering van Fanus en Sonja se narratiewe was gevolglik 'n moeilike en uitdagende proses, aangesien Fanus deurlopend 'n ingesteldheid van geslotenheid ten opsigte van die verbalisering van sy sosiale en emosionele ervarings getoon het en Sonja deurlopend 'n ervaring van intense emosionele onsekerheid beleef het wat moontlik bygedra het tot die gee van weersprekende weergawes.

Ek het dus my rol as terapeut as komplementerend tot die navorsingsproses gesien en is van mening dat ek daarin geslaag het om die deelnemers se intense emosionele pyn met respek en empatie te hanteer. Tydens die narratiewe gesprekke het ek versigtig, respekvol en sistematies die deelnemers se uitgangspunte, betekenisse, ervarings en gebeure in hul lewe probeer ondersoek en gesamentlik kon ons 'n mate van begrip van hul persoonlike realiteite ko-konstrueer. Gesien in die lig van my ineengevlegte rolle van navorser en terapeut het my deelname aan die narratiewe gesprekke die deelnemers se response noodwendig beïnvloed. In my sinmaking van die data van elke narratiewe gesprek het ek sterk gesteun op my refleksie oor my betrokkenheid by die situasie en my eie invloed op die deelnemer en sy/haar unieke proses. Objektiewe refleksie was dus deurlopend nodig ten einde 'n suiwer geko-konstrueerde narratief uit die gespreksdata daar te stel. Dit is dan om hierdie rede dat ek tydens die analise van die gespreksdata onderskei het tussen die deelnemer se narratiewe perspektief en my analise van die deelnemer se perspektiwiese narratief (Hoofstuk Vier).

Elke deelnemer aan my studie het op 'n unieke manier sy/haar voetspore in my hart afgedruk. Ek het opregte waardering vir elkeen van die vier deelnemers wat hul vertroue in my gestel het en ten spyte van sensitisering van die probleemsituasies die deursettingsvermoë getoon het om aan die narratiewe gesprekke deel te neem.

### 5.3.3 Vergelykende analise van die proksimale prosesse in die deelnemers se mikro-gesinsisteme

#### 5.3.3.1 Inleiding

Besien vanuit die bio-ekologiese model blyk dit dat die grootste uitdaging met betrekking tot die dieper begryping van die fenomeen van veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde gesin, die begryping is van die kompleksiteit van die verskillende sisteme,

en hoe die sisteme mekaar wederkerig beïnvloed. Middel-adolessente is aktiewe deelnemers aan hul eie ontwikkeling en dus nie net oorgelewer aan hul omgewing of omstandighede nie. Die middel-adolessent en sy/haar ouers, "stief"ouers, sibbe en "stief"sibbe se unieke persoonseienskappe beïnvloed die interaksie-patrone in die onderskeie mikro-gesinsisteme wederkerig en sodoende ook die proksimale proses. Proksimale prosesse moet herhaaldelike, van-aangesig-tot-aangesig interaksies wees, en toenemend kompleks van aard word en plaasvind op 'n gereelde basis, oor 'n uitgebreide tydsperiode, ten einde as ondersteunend tot die ontwikkeling van die middel-adolessent te kan dien.

Die optimale ontwikkeling van die middel-adolessent in die hersaamgestelde gesin hang dus af van die kwaliteit sowel as kwantiteit van die proksimale prosesse in beide mikro-gesinsisteme. Die effektiwiteit van proksimale prosesse kan verminder word deur verskeie risiko-faktore wat moeilike gesinsomstandighede (5.3.3.2) en negatiewe emosionele belewings (5.3.3.3) insluit en wat eie en uniek is aan die ontwikkelingskonteks van die herstrukturering van 'n gesin na egskeiding. Aan die ander kant kan proksimale prosesse egter weer bevorder word deur die teenwoordigheid van beskermende faktore of veerkrageienskappe, wat persoonlike sterkpunte en bates insluit, **gesamentlik** met die **proses** van die **benutting** van veerkrageienskappe deur die middel-adolessent (5.3.3.4). Binne die raamwerk van die positiewe sielkunde (2.2), die drie golwe van veerkragnavorsing (2.4) en die bio-ekologiese perspektief, waar die vier hoofelemente van proses, persoon, konteks en tyd die primêre fokuspunt is (2.5), het ek die veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin soos volg gedefinieer:

> *'n Ontwikkelende veerkragtige middel-adolessent wat gekonfronteer word met moeilike gesinsomstandighede in 'n hersaamgestelde gesin beskik oor die vermoë om persoonlike sterkpunte (intrinsieke eienskappe), wat 'n positiewe disposisie, ekologiese hulpbronne en konstruktiewe appèlmatige eienskappe insluit, asook bates (alle ekstrinsieke hulpbronne binne die interafhanklike sisteme), aan te wend ten einde die proksimale prosesse van interaksie te optimaliseer. Die vrugbare proksimale interaksie tussen die middel-adolessent en die lede van twee mikro-gesinsisteme genereer 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms wat veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer.*

Volgens my definisie van 'n veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin word **Heidi** en **Leon** as **veerkragtige ontwikkelende middel-adolessente** beskou aangesien hulle hul veerkrageienskappe benut ten einde proksimale prosesse van interaksie in hul gesinsisteme te optimaliseer. Die vrugbare proksimale

interaksie wat tussen Heidi en die **lede van slegs haar primêre mikro-gesinsisteem** gegenereer word, dra by tot 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms wat die voortdurende proses van veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer (4.2.1.4). Die vrugbare proksimale interaksie wat tussen Leon en die **lede van beide sy mikro-gesinsisteme** gegenereer en onderhou word, dra by tot 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms wat die voortdurende proses van veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer (4.2.2.4). **Fanus** en **Sonja** word as **ontwikkelende middel-adolessente** beskou wat die **potensiaal** toon tot veerkragtige herstel, maar nog nie daadwerklik veerkragtig herstel het nie (4.2.3.4 & 4.2.4.4).

Ten einde te kon begryp **hoe** die deelnemers dit kon regkry om hul **veerkragpotensiaal** te kon **mobiliseer,** het die bevindings betrekking op die verbandhoudende ooreenkomste, raakpunte en verskille tussen dié deelnemer wat daarin geslaag het om vrugbare proksimale interaksie tussen haar en die gesinslede van slegs haar primêre mikro-gesinsisteem te genereer, dié deelnemer wat daarin geslaag het om vrugbare proksimale interaksie tussen hom en die gesinslede van beide mikro-gesinsisteme te genereer, en dié deelnemers wat slegs die potensiaal getoon het om interaksie-prosesse te bevorder, maar nie daadwerklik daarin geslaag het om vrugbare proksimale interaksie tussen hulle en die gesinslede van beide hul mikro-gesinsisteme te genereer nie.

Binne die unieke ontwikkelingskonteks van elke deelnemer se hersaamgestelde gesinsomstandighede asook die unieke verloop van elke deelnemer se narratiewe gesprekke kan ek uiteraard nie aanspraak maak op volledigheid van die identifisering van die deelnemers se moeilike gesinsomstandighede (Tabel 5.1) en negatiewe emosionele belewings (Tabel 5.2) as risiko-faktore, of ook die deelnemers se persoonlike sterkpunte (Tabel 5.3) en ekstrinsieke hulpbronne (Tabel 5.4) as beskermende faktore nie. Die teenwoordigheid of afwesigheid van 'n spesifieke risiko- en/of beskermende faktor moet vir holistiese begryping verder ook teen die agtergrond van elke deelnemer se unieke kontekstuele omstandighede gekaats word. Die name van die deelnemers word konsekwent in al vier die tabelle in dieselfde volgorde vermeld en dié volgorde stem ooreen met die volgorde waarin ek die deelnemers, op grond van hul instemming tot deelname, by my studie betrek het en ook bespreek het in Hoofstuk vier.

#### 5.3.3.2 Moeilike omstandighede as risiko-faktore wat die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme beperk.

Met die hersamestelling van 'n gesin na egskeiding verander die gesinstruktuur van die kind se mikro-gesinsisteme en die toevoeging van 'n nuwe lid of lede gee opsigself aanleiding tot

unieke interpersoonlike verhoudings (2.3.2.1). In die proses om te verstaan hoe die deelnemers in interaksie met die lede van hul onderskeie mikro-gesinsisteme verkeer het, is die feitlike konteks van elke deelnemer se mikro-gesinsisteme (4.2.1.1; 4.2.2.1; 4.2.3.1 & 4.2.4.1) in ag geneem. Tabel 5.1 gee 'n visuele voorstelling van die moeilike gesinsomstandighede as eksterne risiko-faktore wat na vore gekom het en die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme van elke deelnemer beperk het. Getrou aan die aard van kwalitatiewe navorsing, is die ordening van die faktore tematies.

| Risiko-faktore | Heidi | Leon | Fanus | Sonja |
|---|---|---|---|---|
| Ontoereikende hantering van verlies van vroeëre kerngesin | ■ | ■ | ■ | ■ |
| Onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem | ■ | | ■ | |
| Veranderinge binne die primêre mikro-gesinsisteem | | ■ | ■ | ■ |
| Veranderinge binne die sekondêre mikro-gesinsisteem | ■ | ■ | ■ | ■ |
| Ontoereikende hantering van veranderinge binne die primêre mikro-gesinsisteem | | ■ | | ■ |
| Ontoereikende hantering van veranderinge binne die sekondêre mikro-gesinsisteem | ■ | ■ | | ■ |
| Verskil in ouerskapstyl van biologiese ouers | ■ | | | ■ |
| Voortdurende konflikverhouding tussen biologiese ouers | ■ | | ■ | ■ |
| Konflikverhouding tussen egmaats in die primêre mikro-gesinsisteem | | | ■ | |
| Konflikverhouding tussen egmaats in die sekondêre mikro-gesinsisteem | ■ | | | |
| Nie-ondersteunende moeder | | | | ■ |
| Nie-ondersteunende eggenoot van moeder | | | ■ | ■ |
| Nie-ondersteunende vader | ■ | | ■ | |
| Nie-ondersteunende eggenote van vader | ■ | | ■ | |
| Werksomstandighede van vader | ■ | | | |
| Sibbe-konflik | | | | ■ |
| "Stief"sibbe-konflik | | ■ | ■ | ■ |
| Oneffektiewe hantering van sibbe-konflik deur ouer/s | | | | ■ |
| Oneffektiewe hantering van "stief"sibbe-konflik deur ouer | | ■ | ■ | ■ |

Tabel 5.1 Eksterne risiko-faktore in die konteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsisteme

Gesien in die lig van die uniekheid van die ontwikkelingskonteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsisteme, toon Tabel 5.1 dat elkeen blootgestel was aan 'n unieke 'pakket' van moeilike gesinsomstandighede. Risiko-faktore wat te wagte was vanuit die eie en unieke aard van die herstrukturering van 'n gesin na egskeiding sluit in, die ontoereikende hantering van verlies van die vroeëre kerngesin, 'n onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem, voortdurende veranderinge binne die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme, ontoereikende hantering van verlies van die veranderinge binne die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme, 'n verskil in ouerskapstyl van en voortdurende konflik

tussen biologiese ouers, nie-ondersteunende egmaats van biologiese ouers, "stief"sibbe-konflik en die oneffektiewe hantering van "stief"sibbe-konflik deur die ouer/s. Risiko-faktore wat nie spesifiek in die konteks van die hersaamgestelde gesin voorkom nie, maar wat oor die algemeen in die konteks van 'n kerngesin ook kan voorkom sluit in, 'n konflikverhouding tussen egmaats in 'n gesinsisteem, nie-ondersteunende moeder en/of vader, die werksomstandighede van die vader, sibbe-konflik en oneffektiewe hantering van sibbe-konflik deur ouers. Samevattend bevestig die geïdentifiseerde teenwoordigheid van risiko-faktore in die ontwikkelingskonteks van elke deelnemer, die unieke uitdagings wat volgens die literatuur eie is aan 'n hersaamgestelde gesin wat ontstaan na egskeiding (2.3.2).

Die verbandhoudende risiko-faktore wat in al vier gevalle moontlik bygedra het tot die beperking van proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme, is die ontoereikende hantering van verlies van die vroeëre kerngesinsisteem en veranderinge binne die sekondêre mikro-gesinsisteem. Die literatuur ondersteun die resultate met betrekking tot die risiko-faktor aangaande die ontoereikende hantering van verlies van die kerngesinsisteem. Die vorming van die twee mikro-gesinsisteme met die egskeiding van die ouers word voorafgegaan deur ingrypende veranderinge en verskeie verliese. Veranderinge ten opsigte van gesinsidentiteit, verhoudings, rolverwagtings en maatskaplike posisie kom onder andere voor. Die verlies van verhoudings, drome en geleenthede, familielede asook die verandering van woonplek en die ingrypende verandering van die alledaagse lewensroetine wat eie is aan 'n kerngesin, word ervaar. Indien verliese rondom die egskeiding nie behoorlik deurgewerk word, voor verdere veranderinge in een van die twee mikro-gesinsisteme plaasvind nie, kan aanpassingsprobleme in die hersaamgestelde gesin moontlik deur die kinders sowel as die ouers ervaar word (Lampard & Peggs, 1999:445; Scheepers, 1991:63; Visher & Visher in Ganong & Coleman, 1994:132).

Gesien in die lig van elke deelnemer se unieke geskiedenis rakende die ontstaan van hul mikro-gesinsisteme blyk dit vanuit die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratiewe dat die veranderings in die deelnemers se ontwikkelingskonteks verder bygedra het tot die beperking van die proksimale prosesse in die deelnemers se onderskeie mikro-gesinsisteme. Heidi en Leon se ontwikkelingskonteks het in 'n tydperk van tien jaar onderskeidelik vyf en ses keer verander (4.2.1.1 & 4.2.2.1). Fanus en Sonja was onderskeidelik in 'n tydperk van vier en nege jaar, vier en sewe keer aan veranderinge in hul ontwikkelingskonteks blootgestel (4.2.3.1 & 4.2.4.1). Gedagtig aan die verbandhoudende risiko-faktor van veranderinge binne die sekondêre mikro-gesinsisteem, kan die afleiding moontlik gemaak word dat die beperkte fisiese teenwoordigheid van die deelnemer in sy/haar sekondêre mikro-gesinsisteem, as gevolg van verdeelde lidmaatskap aan twee

mikro-gesinsisteme, die optimale aanpassing in die teenwoordigheid van veranderings binne dié sisteem bemoeilik. Dit blyk verder dat met die totstandkoming van Heidi en Leon se hersaamgestelde gesinne onderskeidelik as sekondêre en destydse sekondêre mikro-gesinsisteem, die verlies van die enkelouerverhouding met hul vader, wat onderskeidelik agt en drie jaar geduur het, nie effektief hanteer is nie en dit kon dus verder bygedra het tot die beperking van die proksimale prosesse in hul onderskeie gesinsisteme.

Die literatuur ondersteun nie die resultate met betrekking tot die hantering van veranderings binne die sekondêre mikro-gesinsisteem nie. Die meeste van die navorsing fokus eensydig op die aanpassing van die kinders met hul moeder en "stief"vader tydens die vorming van 'n nuwe gesin en min aandag is nog gegee aan die vader wat weer hertrou en aan die dinamiek van die vader se gesin (Gosselin, 2010:108).

Die literatuur ondersteun wel die resultate met betrekking tot die res van die geïdentifiseerde risiko-faktore waaraan die deelnemers in die konteks van hul hersaamgestelde gesinne blootgestel was. Hiervan is die risiko-faktor van 'n voortdurende konflikverhouding tussen biologiese ouers na egskeiding en hertroue die meeste onder die soeklig (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004:448; Amato & Gilbreth, 1999:559, Beaudry *et al.,* 2004:86; Cohen & Fowers, 2004:39; Dunn, 2002:154-161; Golish, 2003:41; Sobelewski & King, 2005:1196; White & Gilbreth, 2001:155). Die impak wat die risiko-faktor van 'n voortdurende konflikverhouding tussen die biologiese ouers op die interaksie-prosesse in Heidi, Fanus en Sonja se mikro-gesinsisteme gehad het asook die belangrikheid van die afwesigheid van dié risiko-faktor in Leon se ontwikkelingskonteks word volledig in 5.3.4 bespreek as die invloed wat die mesosisteem uitoefen op die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme van die deelnemers.

#### 5.3.3.3 Intrinsieke eienskappe as risiko-faktore wat die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme beperk.

Gesien in die lig van die bogenoemde moeilike gesinsomstandighede as risiko-faktore (5.3.3.2) en al vier die deelnemers se eksplisiete verbalisering van emosionele onsekerheid as probleemstelling vanuit die staanspoor van die narratiewe gesprekke, blyk dit dat verdeelde lidmaatskap aan twee mikro-gesinsisteme vir elke deelnemer komplekse emosionele uitdagings gebied het. In die proses om te kon verstaan hoe die deelnemers in interaksie met die lede van hul onderskeie mikro-gesinsisteme verkeer het, is die deelnemers se persepsie van hul ontwikkelingskonteks in ag geneem. Tabel 5.2 gee 'n

visuele voorstelling van die risiko-faktore as intrinsieke eienskappe wat na vore gekom het en die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme van elke deelnemer beperk het. Die ordening is tematies.

| Risiko-faktore | Heidi | Leon | Fanus | Sonja |
|---|---|---|---|---|
| Grondliggende behoefte aan emosionele sekuriteit | | | | ■ |
| Fantasie van versoening tussen biologiese ouers | ■ | | | ■ |
| Lojaliteitskonflik ten opsigte van biologiese ouers | ■ | ■ | ■ | ■ |
| Onsekerheid van lidmaatskap aan sekondêre mikro-gesinsisteem | ■ | | ■ | |
| Onsekerheid van sosiale posisie binne die primêre mikro-gesinsisteem | | ■ | | ■ |
| Onsekerheid van sosiale posisie binne die sekondêre mikro-gesinsisteem | ■ | ■ | ■ | ■ |
| Onsekerheid aangaande 'n vertrouensverhouding met moeder | | | | ■ |
| Onsekerheid aangaande 'n vertrouensverhouding met eggenoot van moeder | | | ■ | |
| Onsekerheid aangaande 'n vertrouensverhouding met vader | | | ■ | |
| Onsekerheid aangaande 'n vertrouensverhouding met eggenote van vader | ■ | | ■ | |
| Aangeleerde hulpeloosheid as 'n onvermoë om selfgeldend op te tree | | ■ | | ■ |
| Eksterne lokus van beheer | | ■ | ■ | ■ |
| Gebrekkige selfwaarde | | ■ | ■ | ■ |

Tabel 5.2 Interne risiko-faktore in die konteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsisteme.

Vanuit die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratiewe met betrekking tot hul emosionele belewing blyk dit volgens Tabel 5.2 dat elke deelnemer blootgestel is aan 'n unieke 'pakket' van onsekerhede wat intense pyn en hartseer veroorsaak het. Risiko-faktore wat te wagte was vanuit die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin na egskeiding sluit in 'n fantasie van versoening tussen biologiese ouers, lojaliteitskonflik ten opsigte van biologiese ouers, onsekerheid van lidmaatskap en sosiale posisie binne die onderskeie mikro-gesinsisteme en onsekerheid aangaan die vertrouensverhouding met ouers se egmaats. Risiko-faktore wat in die algemeen ook in die konteks van 'n kerngesin voorkom, sluit in 'n grondliggende behoefte aan emosionele sekuriteit, aangeleerde hulpeloosheid as 'n onvermoë om selfgeldend op te tree, eksterne lokus van beheer en gebrekkige selfwaarde. Samevattend blyk dit dat die deelnemers in die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin blootgestel was aan interne risiko-faktore wat nie in die ontwikkelingskonteks van 'n kerngesin teenwoordig sou gewees het nie.

Twee verbandhoudende risiko-faktore, wat uniek is aan die konteks van die hersaamgestelde gesin, het na vore gekom en het in al vier deelnemers se ontwikkelingskontekste bygedra tot die beperking van proksimale prosesse in hul mikro-

gesinsisteme. Die eerste risiko-faktor was die mate waartoe die deelnemers 'n lojaliteitskonflik ten opsigte van hul biologiese ouers beleef het. Binne die unieke konteks van Heidi, Fanus en Sonja se hersaamgestelde gesinsisteme, asook gesien in die lig van die teenwoordigheid van die risiko-faktor van 'n voortdurende konflikverhouding tussen die biologiese ouers, blyk dit dat die ingesteldheid van gegriefdheid teenoor mekaar van hierdie deelnemers se ouers, moontlik die deelnemers se belewing van verskeurdheid tussen hul ouers geïntensiveer het. Heidi se moeder het in haar teenwoordigheid openlike verbale vyandigheid teenoor haar vader getoon (4.2.1.4), beide Fanus se ouers het mekaar beskuldig van ontrouheid as rede vir die verbrokkeling van die kerngesin (4.2.3.4) en Sonja se vader het voortdurend aan haar eksplisiete versoeke gerig om by hom te kom woon (4.2.4.4). Ten spyte van die feit dat Leon ook 'n lojaliteitskonflik ten opsigte van sy biologiese ouers beleef het, het die toereikende kommunikasie verhouding tussen sy biologiese ouers moontlik bygedra tot die ontwikkeling van positiewe betekenis deur die herfrasering van die probleem. Leon het dus van meer toereikende hanteringstrategieë gebruik gemaak om die invloed van die lojaliteitskonflik op die proksimale prosesse in sy gesinsisteme te beperk (4.2.2.4).

Die tweede verbandhoudende risiko-faktor was die deelnemers se onsekerheid van hul sosiale posisie in die sekondêre mikro-gesinsisteem, wat moontlik geïntensiveer is by twee deelnemers deur hul unieke betrokkenheid in die sisteem en by die ander twee deelnemers moontlik deur hul subjektiewe vrese. Heidi en Fanus het nie aktief in hul sekondêre mikro-gesinsisteme gefunksioneer nie en daarom was die kwantiteit van interaksie-geleenthede beperk (4.2.1.4 & 4.2.3.4). Aan die anderkant het Leon en Sonja wel aktief in hul sekondêre mikro-gesinsisteme gefunksioneer, wat dus die kwantiteit van hulle interaksie-geleenthede verhoog het, maar Leon se gebrekkige selfwaarde en aangeleerde hulpeloosheid as onvermoë om homself as individu effektief binne sy destydse sekondêre mikro-gesinsisteem te kon handhaaf (4.2.2.4) en Sonja se grondliggende behoefte aan emosionele sekuriteit in beide haar gesinsisteme (4.2.4.4) het die proksimale prosesse in hul mikro-gesinsisteme steeds beperk.

Die literatuur ondersteun die resultate met betrekking tot die eerste verbandhoudende risiko-faktor van verdeelde lojaliteit as 'n intrinsieke eienskap wat proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme kan beperk (Amato & Afifi, 2006:222; Braith *et al.,* 2001:221; Crohn, 2006:119; Gosselin, 2010:108; Kriel, 1996:227; McGoldrick & Carter, 2005:417 & Svare, Jay & Mason, 2004:81).

In die proses om elke deelnemer se persoonlike narratief, wat binne ŉ sosiale narratief vervat is, te kon verstaan, ten einde hul veerkragbenutting te kon identifiseer, was dit nodig dat ek eers moes verstaan hoe die deelnemers hulle moeilike omstandighede hanteer het. Dit is egter op hierdie punt belangrik om weer te beklemtoon dat, binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing, wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling, veerkragtige individue moeilike omstandighede nie bloot hanteer of daarmee "cope" nie, maar dat hulle wel **aktief** betrokke is in ŉ **proses** waar bepaalde keuses gemaak moet word ten opsigte van die manier van **hantering** van ŉ situasie. Tydens my konseptualisering van veerkrag en veerkragbenutting het ek gevolglik eksplisiet gewys op die verskil tussen *"coping"* en veerkrag (2.4.3.5).

Aangesien die term *veerkrag* verwys na die aangepaste **uitkoms** na afloop van die **hanteringsproses** van ŉ krisis of stressituasie en *"coping"* na ŉ gedrag**respons** wat die fisiese en emosionele effek van stresvolle lewensomstandighede kan verminder, het die verskillende hanteringstrategieë ŉ radikale invloed op die interaksie-prosesse tussen die gesinslede in die deelnemers se mikro-gesinsisteme uitgeoefen. Vanuit die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratiewe blyk dit dat Heidi, Leon, Fanus en Sonja hul moeilike gesinsomstandighede en negatiewe emosionele belewings hanteer het by wyse van ontoereikende hanteringstrategieë van onder andere blamering, onderdrukking, vermyding, rasionalisering, negatiewe selfspraak, ontkenning en negatiewe kommunikasiepatrone. Volgens my definisie van ŉ veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin (2.5.2) moet die middel-adolessent dus doelbewus **effektiewe** hanteringstrategieë **kies** ten einde die moeilike omstandighede, binne beide mikro-gesinsisteme, gedragsmatig optimaal te kan hanteer.

#### 5.3.3.4 Persoonlike sterkpunte en bates wat geïdentifiseer is in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering en benut is ten einde proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme te bevorder.

Tydens die analise van die gespreksdata is daar dus gefokus op die verkenning van die unieke verhoudings en interaksies tussen die individuele deelnemers en die gesinslede van hulle onderskeie mikro-gesinsisteme ten einde te kon bepaal **wie** effektiewe hanteringstrategieë doelbewus **gekies en uitgevoer** het om sodoende die moeilike omstandighede in beide mikro-gesinsisteme te kon hanteer.

Besien vanuit die Derde Golf van veerkragnavorsing, wat fokus rig op die analisering van motiverende energiebronne binne-in individue of groepe tydens hul funksionering onder

moeilike omstandighede, was die veerkrag-gebaseerde intervensie proses (wat gefokus het op die deurbreek van die beskermende lae van onder andere rasionalisering, ontkenning en vermyding in 'n poging om die deelnemers te lei om hul eie ingebore veerkrag te ontdek) egter nie so eenvoudig nie. Weens die sensitiwiteit van die onderwerp (die vorming van 'n hersaamgestelde gesin na egskeiding) het al vier deelnemers tydens die verbalisering van hul narratiewe, emosionele onsekerhede beleef wat geïntensiveer is deur die sensitisering met betrekking tot elkeen se unieke probleemsituasie.

Die identifisering van persoonlike sterkpunte en bates van elke deelnemer was gevolglik verbind met 'n besondere terapeutiese proses waaraan elke deelnemer op 'n unieke wyse deelgeneem het. Ondanks elke deelnemer se instemming tot deelname is die vraag egter, **Hoe** het die deelnemers hulself **oopgestel, al dan nie,** vir die fasilitering van die terapeutiese proses waar hulle hul eie beskermende lae van onder andere rasionalisering, ontkenning en vermyding moes kon afskil in 'n poging om hul ingebore veerkrageienskappe te ontdek en moontlik te benut?

Al vier die deelnemers het vanuit die staanspoor hul emosionele onsekerheid as probleem eksplisiet gestel, waaruit die moontlikheid blyk dat elke deelnemer hul eie onrealistiese verwagting gekoester het van hul deelname aan die studie. Ondank my pogings om met die aanvang van elke gespreksgeleentheid die doel en prosedure van die studie duidelik te maak, het elke deelnemer tydens die narratiewe gesprekke hul eie roete gevolg.

Heidi, wat haar emosionele onsekerheid met betrekking tot haar lidmaatskap aan haar sekondêre mikro-gesinsisteem laat blyk het, het vanuit die staanspoor haar onsekerheid rakende haar verhouding met haar vader hanteer by wyse van rasionalisering en ontkenning. Ondanks die proses waarbinne sy haar sterkpunte en bates begin identifiseer het en binne haar primêre mikro-gesinsisteem begin benut het, het sy eers tydens die vierde en vyfde gesprekke 'n geringe gereedheid getoon om deur haar beskermende lae van rasionalisering en ontkenning te breek en kon sy eers toe haar belewing van pyn en hartseer met betrekking tot haar onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem met groter waarheid identifiseer en uitspreek.

Leon, wat sy emosionele onsekerheid met betrekking tot sy sosiale posisie en selfwaarde binne sy destydse sekondêre mikro-gesinsisteem laat blyk het, het andersyds vanuit die staanspoor 'n gereedheid getoon om deur sy beskermende lae van oneffektiewe hanteringstrategieë te breek en het sy geïdentifiseerde sterkpunte binne beide sy mikro-gesinsisteme begin benut ten einde die proksimale prosesse te bevorder.

Fanus, wat sy emosionele onsekerheid met betrekking tot sy belewing van afstand tussen hom en sy vader in sy sekondêre mikro-gesinsisteem laat blyk het, was geensins gereed vir deelname aan die veerkrag-gebaseerde terapeutiese intervensie-proses nie. Hy het deurgaans ŉ ingesteldheid getoon om moeilike omstandighede te hanteer deur negatiewe emosies eerder te ontken of te onderdruk. Fanus het wel die potensiaal getoon om sy emosies met meer vrymoedigheid uit te spreek, maar het telkens sterk weerstand getoon teen verandering in sy betekenisgewing. Die relatief min persoonlike sterkpunte wat by hom na vore gekom het, skyn intense weerstand teen die proses van identifisering van sterkpunte te weerspieël. Sy onttrekking aan die studie na die vierde gesprek bevestig sy weerstand teen die terapeutiese proses en dui daarop dat hy nog nie emosioneel gereed was om homself oop te stel vir die terapeutiese proses waar insig en begrip in hanteringstrategieë gefasiliteer is nie.

Sonja, wat haar emosionele onsekerheid gestel het met betrekking tot haar selfwaarde in die konteks van beide haar gesinsisteme, was ook nie emosioneel gereed om haarself oop te stel om aan die veerkrag-gebaseerde terapeutiese intervensie-proses deel te neem nie. Ten spyte van die terapeutiese waarde van die eerste vyf gesprekke, waar Sonja die potensiaal getoon het om haar emosies met meer vrymoedigheid uit te spreek, het haar intense behoefte aan emosionele sekuriteit moontlik bygedra tot haar weerstand teen ŉ verandering in haar betekenisgewing. Sonja het eers teen die sesde gesprek haar gereedheid tot die veerkrag-gebaseerde intervensieproses getoon. Haar spontane voorstel om aan verdere terapeutiese prosesse deel te neem, bevestig haar gereedheid.

ŉ Voortdurende bewustheid is egter nodig van die deelnemers se response wat algaande beïnvloed is deur my pogings om persoonlike sterkpunte te identifiseer, en my gepaardgaande terapeutiese insette. Leon se response wat ontlok is en wat by wyse van afleiding op sterkpunte gedui het, het vanuit die staanspoor teruggekoppel na sy gedrag. Sy unieke ontwikkelingsproses, waar hy bepaalde keuses gemaak het in die manier van hantering van sy moeilike omstandighede, het bygedra tot die optimalisering van die proksimale prosesse in beide sy mikro-gesinsisteme. In Heidi, Fanus en Sonja se gevalle bestaan die moontlikheid dat ŉ respons ontlok is wat slegs by wyse van afleiding op ŉ sterkpunt gedui het en nie vanuit die staanspoor teruggekoppel het op gedrag nie. In die afloop van Heidi en Sonja se narratiewe gesprekke was daar dus ŉ voortdurende spanning tussen hulle stellings en voornemens betreffende moontlike veranderinge in gedrag binne hul onderskeie gesinsisteme en hulle werklike gedrag wat nie ŉ ooreenstemmende wending getoon het nie. Ten spyte van die feit dat Heidi se veerkraggedrag nie in haar onaktiewe sekondêre mikro-gesinsisteem neerslag kon vind nie, kon sy wel haar gedrag binne haar

primêre mikro-gesinsisteem anders rig, terwyl Sonja se gedrag nie in een van haar gesinsisteme verander het nie.

Veerkragbenutting kan dus metafories gesproke met 'n motor vergelyk word. Die motor beskik oor die potensiaal om te beweeg, maar as die meganisme nie gereed is om aangeskakel te word nie, kan die motor se bewegingspotensiaal ook nie benut word nie. Elke deelnemer beskik dus oor sy/haar unieke 'veerkragmotor' met 'n unieke meganisme van persoonlike sterkpunte en bates. Aangesien 'n volledige bio-ekologiese interpretasie van die deelnemers se veerkragbenutting in Hoofstuk Vier bespreek is (4.2.1.4, 4.2.2.4, 4,2,3.4 & 4.2.4.4), word daar in hierdie afdeling slegs 'n sinteserende bespreking van die deelnemers se benutting van hul veerkragpotensiaal gebied.

Tabel 5.3 gee 'n visuele voorstelling van die deelnemers se geïdentifiseerde persoonlike sterkpunte, wat 'n positiewe disposisie, ekologiese hulpbronne en konstruktiewe appèlmatige eienskappe insluit asook die effektiewe benutting daarvan. Die deelnemers se persoonlike sterkpunte wat na vore gekom het in die narratiewe gesprekke, is geïdentifiseer in lyn met die Eerste Golf van veerkragnavorsing, (wat fokus rig op die identifisering van veerkrageienskappe van die individu) en die benutting daarvan is geïdentifiseer soos dit na vore gekom het in terme van die Veerkragmodel (wat veerkragtige ontwikkeling beskryf aan die hand van die bewustelike of onbewustelike keuses wat individue maak in die proses om moeilike lewensomstandighede te hanteer) binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling). Die deelnemers se geïdentifiseerde persoonlike sterkpunte, tematies georden, word in die tabel teenoor die ooreenstemmende eienskap onder die naam van elk in blou aangedui. Die persoonlike sterkpunte wat die deelnemer **benut** het ten einde die proksimale prosesse in die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme te bevorder, word onderskeidelik aangedui in rooi en groen direk onder die spesifieke persoonlike sterkpunt.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Persoonlike sterkpu | | | on | | Fanus | | Sonja | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | S | P | S | P | S |
| Positiewe binding en vertrouensverhouding met moeder | | | | | | | | |
| Positiewe binding en vertrouensverhouding met eggenoot van moeder | | | | | | | | |
| Positiewe binding en vertrouensverhouding met vader | | | | | | | | |
| Positiewe binding en vertrouensverhouding met eggenote van vader | | | | | | | | |
| Positiewe binding en vertrouensverhouding met grootouer/s | | | | | | | | |
| Sensitiwiteit teenoor gesinslede | | | | | | | | |
| Implisiete aanvaarding van waardes | | | | | | | | |
| Aanvaarding van gesag | | | | | | | | |
| Intellektuele bevoegdheid | | | | | | | | |
| Strewe na outonomie | | | | | | | | |
| Probleemoplossingsvaardighede | | | | | | | | |
| Aanpasbaarheid | | | | | | | | |
| Bereidheid om keuses te maak | | | | | | | | |
| Bereidheid om kritiek te aanvaar | | | | | | | | |
| Effektiewe kommunikasie vaardighede | | | | | | | | |
| Interne lokus van beheer | | | | | | | | |
| Selfrefleksie | | | | | | | | |
| Objektiewe kritiese denke | | | | | | | | |
| Positiewe akademiese selfbeeld | | | | | | | | |
| Positiewe selfwaarde | | | | | | | | |
| Positiewe sosiale selfbeeld | | | | | | | | |
| Positiewe waaghouding | | | | | | | | |
| Prestasie-georiënteerd | | | | | | | | |
| Self-effektiwiteit | | | | | | | | |
| Selfwerksaamheid | | | | | | | | |
| Sin vir humor | | | | | | | | |
| Sosiaal verantwoordelike gedrag | | | | | | | | |
| Toereikende sosialisering met portuurgroep | | | | | | | | |
| Effektiewe gedragsreguleringstrategie | | | | | | | | |
| Vermoë om emosies te identifiseer en te verbaliseer | | | | | | | | |
| Effektiewe emosionele reguleringstrategie | | | | | | | | |
| Positiewe lewensuitkyk | | | | | | | | |

Tabel 5.3 Persoonlike sterkpunte in die konteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsisteme.

Vanuit die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratiewe met betrekking tot hul persoonlike sterkpunte blyk dit volgens Tabel 5.3 dat elke deelnemer oor ŉ unieke 'put' van positiewe disposisies, ekologiese hulpbronne en konstruktiewe appèlmatige eienskappe beskik het. Dit blyk dat die eerste twee deelnemers kon voordeel trek uit hul 'put' van persoonlike sterkpunte om die proksimale prosesse in hul gesinsisteme te kon bevorder. Leon het in ŉ meerdere mate sy 'put' benut, aangesien hy die proksimale prosesse in beide sy mikro-gesinsisteme kon bevorder, waar Heidi slegs daarin kon slaag om die proksimale prosesse binne haar primêre mikro-gesinsisteem te bevorder. Dit blyk verder dat die laaste twee deelnemers slegs oor ŉ 'put' van persoonlike sterkpunte beskik het, maar nog nie daaruit kon voordeel trek ten einde proksimale prosesse in hul gesinsisteme te bevorder nie, met ander woorde Fanus en Sonja het oënskynlik nog nie hul veerkrageienskappe benut nie.

Die meeste van die persoonlike sterkpunte wat by die deelnemers geïdentifiseer is, kan verbind word met ontwikkeling in beide kern- en hersaamgestelde gesinsisteme. Die enigste twee persoonlike sterkpunte wat inderdaad na vore gekom het as unieke eienskappe binne die konteks van die hersaamgestelde gesin na egskeiding, is die positiewe disposisie van ŉ sterk binding en vertrouensverhouding met die biologiese ouers se egmaats. Slegs Heidi en Leon beskik oor die positiewe disposisie van ŉ sterk binding en vertrouensverhouding met hul moeder se eggenoot en **benut** dan ook hierdie besondere positiewe ingesteldheid om proksimale prosesse in hul primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme, onderskeidelik, te bevorder. Die positiewe disposisie van ŉ sterk binding en vertrouensverhouding met die biologiese vader se eggenote kon by Leon en Sonja geïdentifiseer word, maar slegs Leon benut dié besondere persoonlike sterkpunt ten einde die proksimale prosesse in sy primêre mikro-gesinsisteem te bevorder.

Tabel 5.4 gee ŉ visuele voorstelling van die deelnemers se geïdentifiseerde bates (alle ekstrinsieke hulpbronne binne die interafhanklike sisteme) asook die effektiewe benutting daarvan. Die deelnemers se bates of ekstrinsieke hulpbronne wat na vore gekom het in die narratiewe gesprekke, is geïdentifiseer in lyn met die Eerste Golf van veerkragnavorsing, (wat fokus rig op die identifisering van veerkrageienskappe van die individu se omgewing) en die benutting daarvan is geïdentifiseer soos dit na vore gekom het in terme van die Veerkragmodel (wat veerkragtige ontwikkeling beskryf aan die hand van die bewustelike of onbewustelike keuses wat individue maak in die proses om moeilike lewensomstandighede te hanteer) binne die Tweede Golf van veerkragnavorsing (wat fokus rig op die interaktiewe proses van veerkragontwikkeling). Die deelnemers se geïdentifiseerde bates of ekstrinsieke hulpbronne, tematies georden, word in die tabel teenoor die ooreenstemmende bate onder

die naam van elk in blou aangedui. Die bates of ekstrinsieke hulpbronne wat die deelnemer **benut** het ten einde die proksimale prosesse in die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme te bevorder word onderskeidelik aangedui in rooi en groen direk onder die spesifieke bate of ekstrinsieke hulpbron.

| Ekstrinsieke hulpbronne | Heidi | | Leon | | Fanus | | Sonja | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | P | S | P | S | P | S | P | S |
| Stabiele en ondersteunende primêre mikro-gesinsisteem | | | | | | | | |
| Stabiele en ondersteunende sekondêre mikro-gesinsisteem | | | | | | | | |
| Effektiewe en ondersteunende portuurgroep mikro-sisteem | | | | | | | | |
| Effektiewe skoolomgewing | | | | | | | | |
| Funksionele kommunikasie verhouding tussen biologiese ouers | | | | | | | | |
| Ondersteunende moeder | | | | | | | | |
| Ondersteunende eggenoot van moeder | | | | | | | | |
| Ondersteunende vader | | | | | | | | |
| Ondersteunende eggenote van vader | | | | | | | | |
| Ondersteunende grootouer/s | | | | | | | | |

Tabel 5.4 Bates in die konteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsisteme.

Vanuit die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratiewe met betrekking tot alle eksterne hulpbronne binne die interafhanklike sisteme, kan gesien word in Tabel 5.4 dat elke deelnemer ook oor 'n unieke "put" van bates of ekstrinsieke hulpbronne binne die interafhanklike sisteme beskik het. Dit blyk dat die eerste twee deelnemers kon voordeel trek vanuit hul 'put' van bates of ekstrinsieke hulpbronne, ten einde die proksimale prosesse in hul gesinsisteme te kon bevorder. Leon het in 'n meerdere mate sy "put" benut, aangesien hy die proksimale prosesse in beide sy mikro-gesinsisteme kon bevorder, waar Heidi slegs daarin kon slaag om die proksimale prosesse binne haar primêre mikro-gesinsisteem te bevorder. Dit blyk verder dat die laaste twee deelnemers slegs oor 'n "put" van bates of ekstrinsieke hulpbronne beskik het, maar nog nie daaruit kon voordeel trek ten einde proksimale prosesse in hul gesinsisteme te bevorder nie, met ander woorde Fanus en Sonja het oënskynlik nog nie hul veerkrageienskappe benut nie.

Bates of ekstrinsieke hulpbronne wat te wagte was vanuit die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin na egskeiding sluit in 'n stabiele en ondersteunende primêre en sekondêre mikro-gesinsisteem, funksionele kommunikasie-verhouding tussen biologiese ouers, en ondersteunende egmaats van biologiese ouers. Bates of ekstrinsieke hulpbronne wat in die algemeen ook in die konteks van 'n kerngesin voorkom, sluit in die teenwoordigheid van 'n effektiewe en ondersteunende portuurgroep mikro-sisteem, 'n effektiewe skoolomgewing, ondersteunende biologiese ouers en ondersteunende grootouers. Samevattend blyk dit dat die effektiwiteit van Leon se primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme bygedra het tot die bevordering van die proksimale prosesse binne sy mikro-gesinsisteme wat veerkragtige herstel met groei geïmpliseer het. Die effektiwiteit van slegs Sonja se primêre mikro-gesinsisteem het bygedra tot die bevordering van die proksimale prosesse binne haar ontwikkelingskonteks van dus slegs een mikro-gesinsisteem

Die literatuur ondersteun die resultate met betrekking tot die geïdentifiseerde sterkpunte en bates wat as beskermende faktore gedien het in die teenwoordigheid van die unieke ontwikkelingsuitdagings van elke deelnemer (Buss, 2000:16; Diener, 2000:34; Kumpfer in Kumpfer & Summerhays, 2006:155; Masten, 2001:227; Peterson, 2000:44; Ryan & Deci, 2000:68; Schwartz, 2000:79 & Simonton, 2000:151). Die literatuur ondersteun verder die resultate dat die teenwoordigheid *per se* van beskermende faktore of veerkrag-ondersteunende eienskappe in die deelnemers se mikro-gesinsisteme nie so 'n groot impak soos die effektiewe proksimale interaksie **prosesse** van die deelnemer(s) in die ontwikkelingsisteme het nie. Die veerkrag van deelnemers in die hersaamgestelde ontwikkelingskonteks ontwikkel nie net bloot deur die teenwoordigheid van sekere eksterne of interne eienskappe nie, maar veral deur die **bewuste benutting** van die interne eienskappe **asook** in interaksie met die eksterne omgewing of ander mikro-sisteme (Bouwer, 2011:57; Donald *et al*., 2002:51; Swart & Pettipher, 2011:11).

Heidi het dus bewustelik gekies om haar geïdentifiseerde sterkpunte te benut en het veerkragtig herstel **slegs binne haar primêre mikro-gesinsisteem**, wat gepaardgaande persoonlik groei geïmpliseer het. (4.2.1.4). Leon het bewustelik gekies om veerkragtig te herstel met gepaardgaande persoonlike groei in beide sy mikro-gesinsisteme (4.2.2.4). Fanus en Sonja het, ten spyte van hul veerkragpotensiaal, bewustelik gekies om slegs terug te keer na hul huidige sones van ongemak (4.2.3.4 & 4.2.4.4).

Binne die unieke ontwikkelingskonteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsomstandighede, blyk dit dat die keuse wat die deelnemers gemaak het ten opsigte

van die benutting van veerkrageienskappe egter begelei is deur 'n komplekse proses van bewuste en onbewuste denkprosesse. Tydens die verbalisering van die narratiewe is 'n sensitisering vir persoonlike sterkpunte en bates in ooreenstemmig met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer, wat bygedra het tot die uiteindelike keuse wat die deelnemers kon maak.

### 5.3.4 Die invloed wat die mesosisteem uitoefen op die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme

'n Sintese van die meta-skou op my rol in die navorsing (5.3.2), die vergelykende analise van moeilike gesinsomstandighede (5.3.3.2) en negatiewe emosionele belewings (5.3.3.3) as risiko-faktore wat die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme beperk, asook persoonlike sterkpunte en ekstrinsieke hulpbronne (5.3.3.4) wat benut is ten einde proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme te bevorder, laat blyk dat die verhouding wat daar in die mesosisteem tussen die biologiese ouers bestaan het, 'n belangrike rol gespeel het in die proses van die middel-adolessente se veerkragbenutting al dan nie.

Vanuit die analise van die deelnemers se perspektiwiese narratiewe blyk dit dat die mesosisteem in die ontwikkelingskonteks van slegs een van die vier deelnemers, naamlik Leon, effektief funksioneer het. Die interaksie van Leon se twee mikro-gesinsisteme is vanuit die staanspoor positief instandgehou deur die biologiese ouers se volgehoue, positiewe ouerskap en funksionele kommunikasieverhouding, wat weer bygedra het tot die bevordering van proksimale prosesse tussen die gesinslede binne beide gesinsisteme.

Die interaksie van Heidi, Fanus en Sonja se twee mikro-gesinsisteme onderskeidelik is negatief beïnvloed deur die biologiese ouers se disfunksionele kommunikasieverhouding, wat weer bygedra het tot die beperking van proksimale prosesse tussen die gesinslede binne beide hul gesinsisteme. Die mesosisteem in Heidi en Fanus se ontwikkelingskontekste is moontlik negatief beïnvloed deur hul moeder se durende passiewe houding aangaande die vader se emosionele en fisiese onbetrokkenheid en die moeder se optrede wat daarop dui dat sy nie daarin kon slaag om die vader se betrokkenheid te verhoog nie. Waar die mesosisteem in Leon se ontwikkelingskonteks positief beïnvloed is deur beide sy ouers wat mekaar geakkommodeer en gerespekteer het as mede-ouers, was die mesosisteem in Sonja se ontwikkelingskonteks moontlik negatief beïnvloed deur haar ouers se ingesteldheid van wantroue in mekaar se ouerskapvaardighede.

Tydens die uiteensetting van die feitelike konteks van die deelnemers se mikro-gesinsisteme aan die hand van die bio-ekologiese sisteemteorie (4.2.1.1; 4.2.1.2; 4.2.1.4 & 4.2.1.4) is die beweging van die deelnemers tussen hulle twee mikro-gesinsisteme op mesosisteemvlak aangedui. Heidi, Fanus en Sonja se beweging op mesosisteemvlak het vanaf die tydperk van die verbrokkeling van die kerngesin tot en met elkeen se laaste narratiewe gesprek veranderinge getoon. Heidi se beweging tussen haar twee mikro-gesinsisteme het afgeneem van aktief, na ongereeld en uiteindelik na geen beweging nie. Fanus se beweging tussen sy twee mikro-gesinsisteme het afgeneem van ongereeld na geen beweging nie en Sonja se beweging tussen haar twee mikro-gesinsisteme het gefluktueer van gereeld na ongereeld en weer terug na gereeld. Leon is die enigste deelnemer wie se beweging tussen sy twee mikro-gesinsisteme, vanaf die verbrokkeling van sy kerngesin tot en met sy laaste narratiewe gesprek, voortdurend gereeld plaasgevind het selfs ongeag sy verskuiwing vanaf sy moeder se mikro-gesinsisteem na dié van sy vader.

Ofskoon Leon en Sonja, anders as die ander twee deelnemers, onderskeidelik vir 'n tydperk van tien en vyf jaar aktief tussen hul twee mikro-gesinsisteme beweeg het, kan slegs die mesosisteem in Leon se ontwikkelingskonteks as effektief beskou word. Die mesosisteem in die ontwikkelingskonteks van Heidi, Fanus en Sonja blyk uiters disfunksioneel te wees weens die ontoereikende interaksie van die onderskeie mikro-gesinsisteme, waartoe die risiko-faktor van 'n voortdurende konflikverhouding tussen die biologiese ouers (5.3.3.2) direk bygedra het.

Die moontlikheid bestaan dat Heidi, Fanus en Sonja se aanvanklike eksplisiete stellings met betrekking tot hul emosionele onsekerhede as probleemstelling tydens hul eerste narratiewe gesprek kon voortgevloei het uit die problematiek van die disfunksionele interaksie van hul mikro-gesinsisteme. Heidi se emosionele onsekerheid met betrekking tot haar lidmaatskap aan haar sekondêre mikro-gesinsisteem, Fanus se emosionele onsekerheid met betrekking tot sy belewing van afstand tussen hom en sy vader en Sonja se emosionele onsekerheid met betrekking tot haar selfwaarde in die konteks van beide haar gesinsisteme het moontlik verband gehou met die unieke kontekstuele risiko-faktore van elk. Daarenteen blyk die emosionele onsekerheid van Leon met betrekking tot sy sosiale rangorde en selfwaarde binne sy destydse sekondêre mikro-gesinsisteem voort te gespruit het uit sy ingestelheid van 'n aangeleerde hulpeloosheid as 'n onvermoë om selfgeldend op te tree en **nie** vanuit 'n disfunksionele mesosisteem nie.

Binne die unieke ontwikkelingskonteks van die deelnemers se hersaamgestelde gesinsomstandighede, blyk dit dat die **keuse** wat Leon gemaak het ten opsigte van die

benutting van sy veerkrageienskappe wel **begelei** is deur ŉ komplekse proses van bewuste en onbewuste denkprosesse, maar ook positief **beïnvloed** is deur ŉ effektiewe mesosisteem.

Die literatuur bevestig die resultate waarvolgens die mesosisteem die proksimale prosesse in die deelnemers se mikro-gesinsisteme beïnvloed. Die verhouding tussen die biologiese ouers in die konteks van die hersaamgestelde gesin na egskeiding speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind (Beaudry *et al.,* 2004:98; Dunn *et al.,* 2005:223) as lid van die twee nuwe mikro-gesinsisteme. Die interaksies van die twee mikro-gesinsisteme in die mesosisteem beïnvloed die wyse waarop die ouers in beide mikro-gesinsisteme pogings aanwend om verhoudinge met hul kind/ers te handhaaf. Die verdeelde lidmaatskap van die kind aan twee mikro-gesinsisteme beklemtoon die belangrikheid van gesonde interaksie tussen dié twee mikro-gesinsisteme (Ebersohn, 2006).

Geen verdere literatuur, met betrekking tot die bio-ekologiese teorie, ten opsigte van die invloed wat die mesosisteem uitoefen op die proksimale prosesse in die mikro-gesinsisteme, kon egter as ondersteunend tot die resultate gevind word nie.

### 5.3.5 Ten slotte

Tydens die proses van my sinmaking van die resultate het die uniekheid van elke deelnemer se ontwikkelingskonteks my steeds getref. Ek het gedink dat my studie aangaande die veerkragbenutting van die middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin ŉ positiewe en opwindende ervaring gaan wees, maar die pyn en hartseer van Heidi, Fanus en Sonja se narratiewe my egter diep geraak. Die woorde van Blum (in Snyder & Lopez, 2007:108) het my weer laat besin oor my uitgesproke naïewe metafoor van ŉ bonsende rubberballetjie:

> *"Resilience research is often not bright and shiny at all. If you're going to study people climbing upward, you have to start at the very rocky bottom"*

Bo en behalwe die rubberballetjie se natuurlike eienskap van elastisiteit moet hy tog ŉ basis of grondvlak hê waarvandaan gebons kan word. Die verhouding tussen die ouers in die kerngesin (mikro-gesinsisteem) vorm die fondament waarvandaan die rubberballetjie kan bons. Die hersaamgestelde gesinsisteme na egskeiding impliseer egter dat die mesosisteem (die interaksie tussen die primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme) ŉ dikwels *"very rocky bottom"* of selfs ŉ onvaste *"rocky bottom"* vorm vanwaar die rubberballetjie moet bons. Ten spyte van die feit dat Leon se biologiese ouers tien jaar gelede as egmaats geskei het, het

hulle egter nooit as ouers geskei nie. Die funksionele verhouding wat hulle as ouers handhaaf aangaande Leon se ontwikkelingsbehoeftes, het vir Leon 'n stewige fondament op mesosisteemvlak gevorm, waarvandaan hy kon begin bons. Ouerpare soos dié van Heidi, Fanus en Sonja, wat nie 'n effektiewe kommunikasie-verhouding op mesosisteemvlak kon handhaaf nie, slaag dus nie daarin om aan hul kinders 'n stewige fondament te gee waarvandaan hulle kan bons nie.

## 5.4 GEVOLGTREKKINGS: DIE ANTWOORD OP MY NAVORSINGSVRAAG

Die uniekheid van elke deelnemer se ontwikkelingskonteks, soos aangetoon in Hoofstuk Vier, beperk uiteraard veralgemening in die finale gevolgtrekkings van my studie, wat gemaak sal word aan die hand van die beantwoording van my navorsingsvraag, naamlik:

***Hoe benut middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrageienskappe om, ten spyte van 'n moontlik disfunksionele verhouding tussen hul biologiese ouers op mesosisteemvlak, steeds optimaal te ontwikkel, in die proses van hul beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin?***

Die wyse waarop middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrag in hul beweging tussen twee mikro-gesinsisteme benut, al dan nie, is ten diepste 'n sistemiese aangeleentheid. Middel-adolessente van geskeide ouers wat tussen twee mikro-gesinsisteme beweeg word blootgestel aan gekompliseerde en komplekse interaktiewe ontwikkelingsprosesse. Hulle eie bewustelike besluitneming ten opsigte van die benutting van hul veerkrageienskappe ('n proses waaroor hulle beheer het) sowel as die invloed van die verhouding tussen hul biologiese ouers op mesosisteemvlak ('n faktor waaroor hulle geen beheer het nie) dra by tot die bevordering of beperking van hul optimale ontwikkeling.

Die effektiwiteit van die veerkrag-gerigte terapeutiese intervensies tydens ons gesprekke, waar 'n sensitisering vir persoonlike sterkpunte (positiewe disposisies, ekologiese hulpbronne en konstruktiewe appèlmatige eienskappe) en bates (ekstrinsieke hulpbronne binne die interafhanklike sisteme) in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer is, is beïnvloed deur hierdie middel-adolessente deelnemers van geskeide ouers se emosionele sekuriteit en gereedheid om hulself bewustelik oop te stel, al dan nie, vir die proses van **identifisering** en **mobilisering** van hul natuurlike **veerkrageienskappe.**

Middel-adolessente van geskeide ouers se emosionele sekuriteit blyk afhanklik te wees van onder andere die funksionering van die mesosisteem (dié faktor waaroor hulle geen beheer het nie). Die interaksie van middel-adolessente se twee mikro-gesinsisteme, die mesosisteem, word uitsluitlik deur die biologiese ouers bepaal. Effektiewe interaksie-patrone deur geskeide biologiese ouers, met ander woorde, ouers wat 'n effektiewe kommunikasie verhouding handhaaf en hul ouerskap gesamentlik konstruktief voortsit ten spyte van hul egskeiding, dra in bepalende mate by tot die emosionele sekuriteit van hul middel-adolessente kind wat gedwonge behoort aan twee mikro-gesinsisteme. Oneffektiewe interaksie-patrone deur geskeide biologiese ouers, met ander woorde, biologiese ouers wat 'n oneffektiewe kommunikasie verhouding handhaaf en nie daarin slaag om hul ouerskap gesamentlik voort te sit ten spyte van hul egskeiding nie, dra in bepalende mate by tot die emosionele onsekerheid van hul middel-adolessente kind wat gedwonge behoort aan twee mikro-gesinsisteme.

Middel-adolessente van geskeide ouers wat emosionele sekuriteit beleef en sodoende ook gereed is om hulself doelbewus oop te stel vir die identifisering van hul veerkrageienskappe, blyk dan bewus te raak van hul potensiaal om hul veerkrageienskappe te mobiliseer ten einde hul moeilike gesinsomstandighede effektief te kan hanteer. Tydens die gesprekke is 'n verandering van betekenisgewing dus op 'n kognitiewe vlak gefasiliteer en die proses waar middel-adolessente uit hul eie bepaalde voornemens van verandering in gedrag geverbaliseer het, is hierdeur bevorder.

Die middel-adolessente deelnemers wat nie emosionele sekuriteit beleef het nie en sodoende hulself nie oopgestel het vir die terapeutiese proses nie, het dit egter moeilik gevind om hul veerkrageienskappe te identifiseer, wat dus die proses inhibeer het waar hulle bewus kon raak van hul veerkragpotensiaal en die benutting daarvan ten einde hul moeilike gesinsomstandighede effektief te hanteer. 'n Verandering van betekenisgewing word in so 'n geval moeilik op 'n kognitiewe vlak gefasiliteer en die proses waar middel-adolessente gelei word om self bepaalde voornemens van verandering in gedrag te verbaliseer, word sodoende lam gelê.

Die middel-adolessente wat wel die keuse uitoefen om hulself oop te stel vir 'n terapeutiese proses, maak dan 'n verdere doelbewuste **keuse** om hul veerkragpotensiaal te **benut,** al dan nie, deur hul veerkrageienskappe gedragsmatig te mobiliseer of te negeer. Middel-adolessente wat die keuse maak om hul veerkragpotensiaal te benut, mobiliseer hul geïdentifiseerde veerkrageienskappe deur hul geverbaliseerde voornemens van effektiewe hanteringstrategieë in hul **gedrag** te laat neerslag vind. Sodoende kan hulle die moeilike

omstandighede binne **beide** mikro-gesinsisteme effektief hanteer. Effektiewe hanteringstrategieë dra by tot die bevordering van proksimale prosesse tussen die middel-adolessente en die lede van beide hul mikro-gesinsisteme. Hierdie vrugbare proksimale interaksie dra by tot 'n positiewe ontwikkelingsuitkoms wat veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer.

Middel-adolessente wat die keuse maak om nie hul veerkragpotensiaal te benut nie, blyk dit moeilik te vind om hul geïdentifiseerde veerkrageienskappe in hul gedrag te laat neerslag vind. Ofskoon hulle wel voornemens van effektiewe hanteringstrategieë in die terapeutiese proses kon verbaliseer, slaag hulle egter nie daarin om die moeilike omstandighede binne **beide** mikro-gesinsisteme effektief te kan hanteer nie. Hulle gaan dikwels voort met die gebruik van oneffektiewe hanteringstrategieë ten einde hulself te beskerm teen die emosionele blootstelling wat die moeilike gesinsomstandighede, en in besonder die disfunksionele mesosisteem, in hul ontwikkelingskonteks meebring. Oneffektiewe hanteringstrategieë dra by tot die beperking van proksimale prosesse tussen die middel-adolessente en die lede van beide hul mikro-gesinsisteme. Hierdie beperkte interaksie dra by tot 'n ongunstige ontwikkelingsuitkoms wat veerkragtige herstel inhibeer.

Die verklarende begryping van die samehangende, wederkerige en responsiewe dinamiek van veerkragbenutting van middel-adolessente van geskeide ouers lê opgesluit in die mesosisteem. Die mesosisteem en die middel-adolessente se unieke proses van veerkragbenutting vorm 'n onlosmaaklike geheel en beïnvloed mekaar wederkerig. 'n Effektief funksionerende mesosisteem dra in 'n bepaalde mate by tot middel-adolessente van geskeide ouers se gemobiliseerde benutting van hul veerkragpotensiaal, aangesien hulle emosioneel toegerus word, deur hul biologiese ouers in die mesosisteem, om hul veerkragpotensiaal in beide mikro-gesinsisteme te benut. 'n Oneffektiewe funksionerende mesosisteem dra in 'n bepaalde mate by tot die middel-adolessente van geskeide ouers se beperkte geleenthede om hul veerkragpotensiaal te mobiliseer, aangesien hulle nie deur hul biologiese ouers in die mesosisteem emosioneel toegerus word om hul veerkragpotensiaal in beide gesinsisteme te kan benut nie.

'n Wederkerige wisselwerking vind gevolglik plaas. Dié middel-adolessente wat hul veerkragpotensiaal in beide hul mikro-gesinsisteme benut, dra tot 'n groot mate weer by tot die effektiewe instandhouding van die mesosisteem deur hul biologiese ouers en dié middel-adolessente wat emosioneel nie veilig voel om hul veerkragpotensiaal in beide hul mikro-gesinsisteme te benut nie, bevorder tot 'n groot mate die instandhouding van 'n oneffektiewe mesosisteem deur hul biologiese ouers. Die effektiwiteit van die mesosisteem bepaal verder

die responsiewe dinamiek van middel-adolessente van geskeide ouers se veerkragbenutting. In die geval waar 'n effektiewe mesosisteem figureer, stel die middel-adolessente hulself gemaklik oop vir terapeutiese intervensie en maak hulle dan 'n bewuste keuse om hul veerkragpotensiaal in beide mikro-gesinsisteme te benut. In die geval waar 'n oneffektiewe mesosisteem figureer, en waar die middel-adolessente slegs in staat is om hulself tot 'n geringe mate oop te stel vir terapeutiese intervensie, maak hulle dan ook 'n keuse òf hulle hul veerkragpotensiaal slegs in een mikro-gesinsisteem gaan benut en òf hulle hul veerkragpotensiaal in nie een van hul mikro-gesinsisteme gaan of kan benut nie.

Besien in die lig van die **veerkragteorie** (aan die hand van die Eerste, Tweede en Derde Golwe van veerkragnavorsing (2.4)) kan dit dus gestel word dat middel-adolessente van geskeide ouers gelei kan word om hul veerkragpotensiaal te benut. Dit wil voorkom of die **wyse** waarop middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrageienskappe benut, egter afhanklik is van die aard van die middel-adolessent se deelname aan 'n terapeutiese proses, sowel as die aard van hul mesosisteem.

In die metaforiese vergelyking van die **middel-adolessent** as 'n **rubberballetjie** kan die rubberballetjie wat nie oor 'n stewige fondament in die mesosisteem beskik nie, ('n faktor waaroor hulle hoegenaamd geen beheer het nie) dus nie die opgaaf opgelê word om onafhanklik van die problematiese interaksie tussen hul biologiese ouers hul veerkragpotensiaal te benut ('n proses waaroor hulle wel beheer het) nie. Veerkragbenutting *per se* skyn dus afhanklik te wees van een of ander vorm van vaste basis in die kind se ontwikkelingskonteks, wat, in die geval van egskeiding, die mesosisteem blyk te wees.

Nóg die teenwoordigheid van beskermende faktore in die middel-adolessent se mikro-gesinsisteme, nóg die middel-adolessent se veerkrag-ondersteunende persoonseienskappe het dus in sigself voldoende impak sonder die effektiewe funksionering van die mesosisteem. Die literatuur aangaande die optimale ontwikkeling van 'n kind in die konteks van die hersaamgestelde gesin bevestig my insig aangaande die belangrikheid van die effektiewe funksionering van die mesosisteem. Amato en Gilbreth (1999:559) en Amato (2000:1269) postuleer dat, indien ouers gesamentlike ouers kan bly ten spyte van die feit dat hulle nie meer as 'n kerngesin funksioneer nie, die kinders se ontwikkeling daarby kan baat vind. Adler-Baeder en Higginbotham (2004:448) stel selfs 'n program voor waar ouers gelei moet word om 'n samewerkende "besigheidstipe" verhouding met die vorige egmaat te handhaaf, om sodoende die negatiewe impak van 'n oneffektiewe verhouding op die kinders se ontwikkeling in die konteks van die hersaamgestelde gesin te bekamp.

## 5.5 KRITIESE BESKOUING OP MY NAVORSING

### 5.5.1 Sterkpunte van my studie

My studie toon op 'n teoretiese- sowel as metodologiese vlak verskeie sterkpunte. Op teoretiese vlak was my besluit om voort te bou op die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner soos in my Meestersgraadstudie deur my aangepas, sinvol. Besien vanuit dié model impliseer die hersamestelling van die gesin na egskeiding dat die ontwikkeling van die kind, anders as in 'n kerngesin, benewens in mikro-sisteme van onder andere skool en portuurgroep, ook binne **twee** mikro-gesinsisteme plaasvind (Ebersohn, 2006:73). Tydens die bestudering van die veerkragfenomeen in hierdie studie, binne die teoretiese raamwerk van die positiewe sielkunde en die eerste drie golwe van veerkragnavorsing, het die bio-ekologiese model dus die ruimte geskep om die kompleksiteit en diversiteit van middel-adolessente se unieke ontwikkelingskontekste in totaliteit in ag te neem. Fokus is gerig op die middel-adolessent se beweging tussen die twee mikro-gesinsisteme van die hersaamgestelde gesin, in die situasie van 'n dikwels disfunksionele mesosisteem.

Verdere sterkpunte in my studie is dan ook my definisie van 'n veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin asook my toepassing daarvan in die navorsing, aangesien dit 'n sintese vorm van die bio-ekologiese model, die positiewe sielkunde en bevindings uit die drie golwe van veerkragnavorsing. Ek het die deelnemers se benutting van persoonlike sterkpunte (positiewe disposisies, ekologiese hulpbronne en konstruktiewe appèlmatige eienskappe) en bates (ekstrinsieke hulpbronne) wat in ooreenstemming met die bate-gebaseerde benadering gefasiliteer is, gevolglik aan die hand van my definisie beoordeel. Sodoende is my insig verdiep met betrekking tot die wisselwerking van die benutting van veerkrageienskappe en die interaksie-patrone in die middel-adolessent se mikro-gesinsisteme. Met hierdie werkbare definisie was dit vir my deurgaans moontlik om elke bevinding te kon kaats teen my teoretiese raamwerk.

Tydens my literatuuroorsig kon ek geen studies opspoor waar die bio-ekologiese model aangelê is om die ontwikkeling van die middel-adolessente in die konteks van 'n hersaamgestelde gesin na egskeiding te belig nie. Ek kon ook geen studies opspoor rakende die toepassing van die veerkragteorie op die konteks van middel-adolessente in hersaamgestelde gesinne nie. Die bevindings en gevolgtrekkings van hierdie studie kwalifiseer dus as 'n bydrae tot die bestaande kennisbasis rakende bio-ekologiese sisteemteorie sowel as die veerkragteorie. Met betrekking tot die bio-ekologiese sisteemteorie kan daar aanvaar word dat 'n jeugdige van geskeide ouers in die konteks van

die hersaamgestelde gesin, oor die **potensiaal** beskik om persoonlike sterkpunte en bates te mobiliseer, ten einde die proksimale prosesse binne beide hul mikro-gesinsisteme te bevorder wat veerkragtige herstel met persoonlike groei impliseer.

Met betrekking tot veerkragteorie kan aanvaar word dat die proses van 'n jeugdige se veerkragtige herstel dus nie afhanklik is alleenlik van die mobilisering van veerkrag-ondersteunende eienskappe nie, maar ook van 'n stabiele konteks, in die geval van egskeiding die effektiwiteit van die mesosisteem van die geskeide ouers. Riglyne met betrekking tot die proses van veerkragbenutting van die middel-adolessent van geskeide ouers, kan hiervolgens voorsien word ten einde die optimale ontwikkeling van adolessente van geskeide gesinne binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin te ondersteun.

Metodologies was die deelname van die middel-adolessente van geskeide ouers wat weer hertrou het om 'n hersaamgestelde gesin te vorm, 'n besondere sterkpunt in die studie. Op grond van hul stand van ontwikkeling kon die middel-adolessente lig werp op hulle subjektiewe oortuigings en persepsies en het hulle waardevolle insigte met betrekking tot veerkragbenutting na vore gebring. Die narratiewe werkswyse wat ek as data-insamelingstegniek gebruik het, was besonder sinvol. Die ongestruktureerde narratiewe gesprekke het die veilige ruimte geskep waarbinne die verstaan van veelvuldige realiteite geko-konstrueer kon word.

Die insig gebied deur my Meestersgraadstudie wat gehandel het oor die geskeide biologiese vader in 'n hersaamgestelde gesin se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind, sowel as my ervaring in my opvoedkundige sielkundige praktyk met middel-adolessente van geskeide ouers in die konteks van die hersaamgestelde gesin, kan moontlik beskou word as verdere sterkpunte in my studie. Ek was hierdeur gelei om die deelnemers met respek en deernis te benader, wat ons vertrouensverhouding bevorder het. Die data wat oor 'n gemiddelde tydperk van vier maande per deelnemer ingesamel is, het 'n voortdurende kontak tussen my en die deelnemers in stand gehou wat daartoe bygedra het dat ons vertrouensverhouding versterk het.

Die gebruik van die narratiewe tegniek "FACE" ten einde die deelnemers se emosionele ervarings binne hulle verskeie mikro-sisteme te identifiseer was na my oordeel sinvol. Dié narratiewe tegniek het bygedra dat die deelnemers hul emosionele ervarings binne hul verskeie mikro-sisteme met meer vrymoedigheid en met spesifieke verwysing na hul primêre en sekondêre mikro-gesinsisteme kon identifiseer en uitspreek.

ŉ Moontlik buitengewone en selfs aanvegbare sterkpunt van my studie is dat ek as hoof data-insamelingsinstrument, deur middel van die narratiewe werkswyse, maar getrou aan die aard van kwalitatiewe navorsing, my rolle as navorser en terapeut versoen het. Weens die sensitiwiteit van die onderwerp (die vorming van ŉ hersaamgestelde gesin na egskeiding) het al vier deelnemers tydens die verbalisering van hul narratiewe, emosionele onsekerhede beleef wat geïntensiveer is juis deur die sensitisering met betrekking tot elkeen se unieke probleemsituasie. Tydens die metodologiese beplanning het ek aanvanklik net vier narratiewe gesprekke per deelnemer beplan, maar die uniekheid van elke deelnemer se sosiale konteks en deelname het in al die gevalle gelei tot verdere opvolggesprekke, juis om die terapeutiese proses te kon voortsit, ten einde die emosionele onsekerhede wat vanuit die narratiewe gesprekke geblyk het verder te hanteer. Deurdat ek die rol van fasiliteerder van die narratiewe gesprekke vertolk het en, meer in besonder, met betrekking tot die sensitisering van persoonlike sterkpunte en bates, kon ek ondersteunend optree waar uitdagings en probleme gestel was. Waar ek in gehoorsaamheid aan die professionele etiese imperatief opgetree het, kon ek bydra tot verdere insigte aangaande die fenomeen van veerkragbenutting, aangesien ek in staat was om die deelnemers se intense emosionele pyn met respek en empatie te hanteer en terselfdertyd om outentieke data te vind.

Die analisering van die gespreksdata, waar ek onderskei het tussen die deelnemer se narratiewe perspektief en my analise van die deelnemer se perspektiwiese narratief, is na my oordeel een van die besondere sterkpunte van my navorsing. Gesien in die lig van my ineengevlegte rolle van navorser en terapeut het my deelname aan die narratiewe gesprekke die deelnemers se response noodwendig beïnvloed. In my sinmaking van die data van elke narratiewe gesprek moes ek dus sterk steun op my refleksie oor my betrokkenheid by die situasie en my eie invloed op die deelnemer en sy/haar unieke proses. Die analise van die deelnemer se perspektiwiese narratief is dus my objektiewe tematiese beskrywing van die deelnemer se narratief, gesien deur die deelnemer se lens.

Die kontinue refleksie en bespreking met my studie-leier is na my mening ŉ verdere sterkpunt van my studie. Deurlopende kontak en deurskouing van inligting het plaasgevind, wat my metodologiese beplanning en uitvoering versterk het en triangulasie van inligting verskerp het. Die vertroubaarheid en volledigheid van my bevindings is sodoende bevorder.

Vanuit die aard van my professie as opvoedkundige sielkundige en gesien in die lig dat ek as navorser opgetree het, het die bevindings van my studie verdere toepassingswaarde vir die opvoedkundige sielkunde praktyk. ŉ Groot waarde van die navorsing vir die opvoedkundige sielkundige praktyk mag moontlik lê in die fasilitering van gesinsterapie. Dit

kan voordelig wees vir die opleiding van opvoedkundige sielkundiges om die aspekte van die unieke funksionering van die hersaamgestelde gesinskonteks in die opleiding in te sluit. Die terapeute wat met hersaamgestelde gesinne werk sal dus toegerus wees om die ontwikkelingsuitdagings wat eie en uniek is aan die hersaamgestelde gesin te kan herken en erken, ten einde effektiewe begeleiding te kan bied.

### 5.5.2 Beperkings, leemtes en knelpunte van die navorsing

Die beperkings, leemtes en knelpunte van die studie het betrekking op die literatuur sowel as die metodologie. Die literatuuroorsig met betrekking tot die ontwikkelingsuitdagings in die hersaamgestelde gesin het laat blyk dat daar oor die afgelope dekade onder meer gefokus is op faktore wat bepalend kan wees vir optimale aanpassing binne die hersaamgestelde gesin. ŉ Duidelike skuif vanaf ŉ probleem-gesentreerde benadering na ŉ meer oplossing-gesentreerde benadering kan waargeneem word. Literatuur ten opsigte van die **wyses van hantering** van moeilike situasies **deur die kind** binne die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin was egter beperk. Geen literatuur ten opsigte van die bio-ekologiese verklaring van die ontwikkeling van die kind in die konteks van **twee mikro-gesinsisteme** kon opgespoor word nie.

ŉ Beperking vanuit die metodologiese hoek is die klein skaal van die navorsing, wat slegs vier deelnemers betrek het wat almal behoort het aan een samelewingskonteks, naamlik dié van Afrikaansprekende blankes. Bo en behalwe die feit dat kwalitatiewe navorsing dit nie ten doel stel om resultate te veralgemeen nie, maar slegs om resultate aan te wend op toepaslike situasies, kan die resultate nie sonder meer op hersaamgestelde gesinsituasies in ander kulture toepaslik gemaak word nie.

ŉ Leemte in die studie is dat die deelnemers se ouers (biologiese sowel as "stief"ouers) nie ook by die studie betrek is om ŉ meer volledige beeld van die dinamiek van interaksie-patrone in die onderskeie mikro-gesinsisteme te verkry nie. Deelname van die ouers sou egter moontlik my vertrouensverhouding met die deelnemers beperk het en daarom het ek nie die ouers betrek nie.

Die tydsduur van die proses van data-insameling is vir my ŉ groot leemte in my studie. Soos bespreek in 5.3.3.4, het al die deelnemers hulself nie dadelik oopgestel vir die fasilitering van ŉ terapeutiese proses, waar hulle hul eie beskermende lae van onder andere rasionalisering, ontkenning en vermyding moes afskil in ŉ poging om hul ingebore veerkrageienskappe te ontdek en te benut nie. Met inagname van die feit dat 'n proses van

*verandering* met moeite verloop, kon die gesprekke wat betreklik kort op mekaar gevolg het insigte dikwels slegs op rasionele vlak aanraak, wat nog nie kon deurstoot tot konsekwente handeling nie. Indien daar meer tyd was vir toepaslike situasies om op te duik, dus 'n proefondervindelike ondersoek van die nuwe moontlikhede, veral waar dit om 'n ingesteldheid of gewoonte gegaan het, sou die middel-adolessente moontlik met hul veerkragpotensiaal kon begin eksperimenteer het. Daar kan geredeneer word dat die eerste toepassing selde volkome *'reg' is,* wat by implikasie die resultate kon beïnvloed het. Vanweë 'n bepaalde tydsbeperking en praktiese redes is die terapeutiese intervensie van Heidi en Sonja se gevalle nie as data in hierdie studie opgeneem nie, wat by implikasie die bevindings moontlik kon beïnvloed het.

Die feit dat ek geen meetmiddel gebruik het om die veerkragbenutting van die deelnemers te bepaal voor die aanvang van die studie nie, kan as 'n moontlike knelpunt in my studie beskou word. Ek het egter van die standpunt uitgegaan dat elke individu gebore word met 'n natuurlike vermoë om veerkragtig te wees. Die doel van my studie was dan juis om die samehangende, wederkerige en responsiewe dinamiek van hul veerkragbenutting te ondersoek. Gesien in die lig van al vier deelnemers se respons om vanuit die staanspoor hul emosionele onsekerheid as probleem eksplisiet te stel, is ek van oordeel dat dit die vertroubaarheid van die data bevorder het dat ek **nie** 'n meetmiddel ingeskakel het nie. Met 'n meetmiddel wat byvoorbeeld 'n beantwoording van 'n vraelys sou vereis het, kon die moontlikheid bestaan het dat die deelnemers emosionele skade sou ly aangesien hul emosionele ongemak, wat deur die sensitisering van die probleemsituasie onstaan het, nie dadelik deur my hanteer kon word nie.

'n Verdere knelpunt van my navorsing behels moontlik die vraag of veerkragbenutting met of sonder terapeutiese by-sturing ondersoek moet word. Daar sou redeneer kon word dat die deelnemers se veerkragbenutting moontlik ondersoek moes/kon geword het deur slegs van ongestruktureerde onderhoude gebruik te maak, dus dat my terapeutiese ondersteuning die resultate moontlik gekontamineer het. In retrospeksie sou ek weer narratief-terapeuties te werk gegaan het, aangesien die ontwikkelingskonteks van die middel-adolessent wat deel is van twee mikro-gesinsisteme so uiters kompleks is. 'n Enkelvoudige ondersoek na die fenomeen van veerkragbenutting, sonder 'n beskermende proses van terapeutiese intervensie en 'n sensitisering waar persoonlike sterkpunte en bates by wyse van die bate-gebaseerde benadering geïdentifiseer is en in sommige gevalle gemobiliseer kon word, is myns insiens nie eties verantwoordbaar nie.

ŉ Verdere knelpunt van my studie wat moontlik kon bydra tot die beperking van insig is geleë in die proses van data-analise, waar ek relatief min aandag gegee het aan die deelnemers se gebruik van metafore. Ek het byvoorbeeld nie gefokus op die frekwensie van die metafoorgebruik, verskille tussen metafore van dogters en seuns en die verskillende bron- en teikendomeine wat ter sprake gekom het nie.

ŉ Ander belangrike invloed wat moontlik kon bygedra het tot die beperking van insig met betrekking tot die fenomeen van veerkragbenutting, is die menigte invloede wat uitgeoefen is op die data wat na vore gebring is. Gegewe die kwalitatiewe aard van my studie, kon my eie persoonskwaliteite die response van die deelnemers beïnvloed het. In elke stap van die metodologiese uitvoering van my studie en soos ek reeds deurgaans in hierdie hoofstuk verklaar het, het ek sover moontlik daarteen gewaak dat my eie subjektiewe menings, opinies en vooroordele nie my bevindings sowel as die interpretasies van die studie kon beïnvloed nie.

## 5.6 AANBEVELINGS MET BETREKKING TOT VERDERE NAVORSING

Die literatuuroorsig met betrekking tot die ontwikkelingsuitdagings in die hersaamgestelde gesin het laat blyk dat daar oor die afgelope dekade onder meer gefokus is op faktore wat bepalend kan wees vir optimale aanpassing binne die hersaamgestelde gesin. Geen literatuur kon egter opgespoor word waar daar so ten diepte sistemies te werk gegaan is om die **wyse** (die hoe) van veerkragbenutting van middel-adolessente in die konteks van ŉ hersaamgestelde vanuit die bio-ekologiese model te ondersoek nie. Ofskoon ek ŉ werkbare definisie (wat ŉ sintese gevorm het van die bio-ekologiese model, die positiewe sielkunde en bevindings uit die drie golwe van veerkragnavorsing) van ŉ veerkragtige middel-adolessent in die konteks van die hersaamgestelde gesin gekonstrueer en benut het, kon ek my insig slegs verdiep met betrekking tot die wisselwerking van middel-adolessente se benutting van veerkragpotensiaal en hul interaksie-patrone binne elkeen se mikro-gesinsisteme. Die verdere vraag is of die middel-adolessente van geskeide ouers se sibbe en/of "stief"sibbe se unieke persooneienskappe en interaksie-patrone, in hul onderskeie mikro-gesinsisteme, moontlik ŉ rol kon gespeel het in die wyse waarop die middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkragpotensiaal gemobiliseer het.

My studie kan dus uitgebrei word deur te fokus op die wisselwerking van die sibbe en "stief"sibbe se persoonseienskappe op die dinamiek van die benutting van die middel-adolessente van geskeide ouers se veerkragpotensiaal. Dit beteken egter dat die studie dus

ook verder uitgebrei sal moet word na andersoortige deelnemers, soos kinders in die ontwikkelingsfase van die vroeë- en middelkinderjare, ten einde die konseptualisering van veerkragbenutting in die konteks van die hersaamgestelde gesin te bevra, te verfyn en te verryk.

Besien vanuit die beperkte tydgleuf waarbinne ek gepoog het om aan die hand van narratiewe gesprekke die fenomeen van veerkragbenutting van middel-adolessente van geskeide ouers te probeer verklaar, het vrae rondom die metodologiese proses van ‘n narratiewe werkswyse ontstaan, byvoorbeeld, watter faktore van die narratiewe gesprekke in elke stadium van die narratiewe gesprekproses moontlik kon bygedra het tot die mobilisering van die deelnemers se veerkragpotensiaal. My studie behoort dus uitgebrei te word deur verdere longitudinale navorsing met betrekking tot die spesifieke bydrae wat die proses van narratiewe gesprekke in die mobilisering van veerkragpotensiaal van middel-adolessente van geskeide ouers kan bied.

Besien vanuit die veerkragteorie, fokus veerkrag-gerigte terapeutiese intervensie op die bevordering van optimale ontwikkeling deur die proses van veerkragbenutting te fasiliteer. Dit blyk egter uit die bevindings van my studie dat die **wyse** waarop middel-adolessente van geskeide ouers hul veerkrageienskappe benut, egter nie bevorder kan word **sonder** die by-sturing van ŉ terapeutiese proses waar **biologiese ouers** leiding ontvang aangaande die optimalisering van hul middel-adolessente kind se mesosisteem nie. Binne die teoretiese raamwerk van die veerkragteorie is dit dus van kardinale belang dat hierdie studie uitgebrei behoort te word deur verdere navorsing te doen met betrekking tot veerkrag-gerigte intervensie in die ontwikkelingskonteks van die hersaamgestelde gesin, waar daar **spesifiek** gefokus word op ondersteuning vir **geskeide biologiese ouers in die mesosisteem**. ŉ Ondersoek na die besondere invloede wat binne die mesosisteem uitspeel, met spesifieke benutting van die persoon-proses-konteks-tyd perspektief van die bio-ekologiese model, kan bydra tot ŉ begryping van elke mesosisteem se “*rocky bottom*” in meer besonderhede.

Toegepaste praktyk gerigte navorsing kan gerig word op die wyse waarop die funksionering van die mesosisteem geoptimaliseer kan word, wat beteken dat ŉ wyer veld van dissiplines, soos die regspraktyk, maatskaplike dienste en opvoedkundige sielkunde betrek behoort te word. Dit kan voordelig wees om die belangrikheid van ŉ effektiewe mesosisteem, ŉ vaste *“rocky bottom”,* in die ontwikkelingskonteks van ŉ kind na egskeiding, in opleiding in te sluit. Professionele persone uit hierdie dissiplines kan ŉ belangrike bydrae lewer in die begeleiding van biologiese ouers, wat die mesosisteemvlak in die proses van egskeiding gaan betree of reeds betree het.

## 5.7 TEN SLOTTE

In die metaforiese vergelyking van 'n veerkragtige middel-adolessent as 'n rubberballetjie, wat 'bons' tussen twee mikro-gesinsisteme in die teenwoordigheid van verskeie risiko-faktore, is die rubberballetjie se 'bons' afhanklik van 'n stewige fondament in die mesosisteem waarvandaan gebons kan word. Indien geskeide biologiese ouers gelei kan word om hul ouerskap effektief op mesosisteemvlak te kan voortsit, ten spyte van hul egskeiding, kan hulle daarin slaag om vir hulle middel-adolessente kind/ers 'n vaste "*rocky bottom"* daar te stel waarvandaan hulle kan 'bons'. Sodoende kan middel-adolessente van geskeide ouers in die konteks van die hersaamgestelde gesin hul veerkragpotensiaal optimaal benut en suksesvol die moeilike gesinsomstandighede in die konteks van die hersaamgestelde gesin te bowe kom. Die bydrae wat hierdie studie lewer tot voortbou op die bestaande kennisbasis rakende die veerkragteorie en die bio-ekologiese sisteemteorie, maak ook 'n verryking van die opvoedkundige sielkundige praktyk met betrekking tot die aanpassing van middel-adolessente van geskeide ouers binne die hersaamgestelde gesin moontlik. Egskeiding is inderdaad 'n potensieel vernietigende realiteit, maar net so kan die hersaamgestelde gesin 'n mosaïek van positiewe verhoudings en optimale ontwikkeling wees.

**LITERATUURVERWYSINGS**

Ackermann, C. 2001. Promoting development during adolescence. In P. Engelbrecht & L. Green. *Promoting learner development. Preventing and working with barriers to learning.* pp. 101-108. Pretoria: Van Schaik.

Adams, Q., Collair, L. & Oswald, M. 2004. Research in educational psychology in South Africa. In I. Eloff & L. Ebersöhn (Eds.). *Keys to educational psychology*. pp 354-374.Cape Town: UCT Press..

Adler-Baeder, F. & Higginbotham, B. 2004. Implications of remarriage and stepfamily formation for marriage education. *Family Relations*, 53: 448-458.

Afifi, T.D. 2003. Feelings caught in stepfamilies: Managing boundary turbulence through appropriate communication privacy rules. *Journal of Personal Relationships,* 20: 729-756.

Afifi, T.D. & Schrodt, P. 2003. Uncertainty and the avoidance of the state of one's family in stepfamilies, postdivorce single-parent families, and first-marriage families. *Human Communication Research*, 29: 516-532.

Afifi, T.D. & Schrodt, P. 2004. Adolescents' and young adults' feeling of being caught between their parents in divorced and non-divorced house-holds. *Communication Monographs,* 70: 142-173

Ahrons, C.R. & Tanner, J.L. 2003. Adult children and their fathers: Relationship changes 20 years after parental divorce. *Family Relations*, 52: 340-351.

Allison, C. 2005. Contesting the myth of the "wicked stepmother": Narrative analysis of an online stepfamily support group. *Western Journal of Communication*, 69: 27-47.

Alvesson, M. & Sköldberg, R. 2000. *Reflexive methodology, new vistas for qualitative research*. California, London, New Delhi: Sage Publications.

Amato, P.R. 2000. The consequences of divorce for adults and children. *Journal of Marriage and the Family,* 62: 1269-1287.

Amato, P.R. & Afifi, T. 2006, Feeling caught between parents: Adult children's relations with parents and subjective well-being. *Journal of Marriage and Family*, 69: 222-235.

Amato, P.R. & Gilbreth, J. 1999. Non-resident fathers and children's well-being: A meta-analysis. *Journal of marriage and the Family*, 61: 557-573.

Anderson, G. & Arsenault, N. 1998. *Fundamentals of Educational Research*. London: Routledge Falmer.

Aquilino, W.S. 2006. The noncustodial father-child relationship from adolescence into young adulthood. *Journal of Marriage and Family*, 68: 929-946.

Artis, J.E. 2007. Maternal cohabitation and child well-being among kindergarten children. *Journal of Marriage and Family*, 69: 222-236.

Ayoub, C.C., Deutsch, R.M., & Maraganore, A. 1999. Emotional distress in children of high-conflict divorce: The impact of marital conflict and violence. *Family and Conciliatory Courts Review*, 37: 297-314.

Barber, B.K. 2005. Positive interpersonal and intrapersonal functioning: An assessment of measures among adolescents. In K.A. Moore & L. H. Lippman. *What do children need to flourish? Conceptualising and measuring indicators of positive development.* pp 147-162. USA: Springer.

Barrett, A.E. & Turner, R.J. 2005. Family structure and mental health: The mediating effects of socio-economic status, family process, and social stress. *Journal of Health and Social Behaviour*, 46: 156-169.

Baxter, L.A., Braithwaite, D.O. & Bryant, L.E. 2006. Types of communication triads perceived by young-adult stepchildren in established stepfamilies. *Communication Studies*, 57: 381-400.

Beaudry, M., Boisvert, J.M., Simard, M., Parent, C. & Blais, M.C. 2004. Communication: A key component to meeting the challenges of stepfamilies. *Journal of Divorce & Remarriage*, 42(1/2): 85-104.

Becker, D. & Marecek, J. 2008. Positive psychology: History in remaking? *Theory & Psychology,* 18: 581-604.

Benokraitis, N.V. 1999. *Marriage and families. Change, choices and constraints.* New York: Macmillan.

Bernard, B. 1995. Fostering resilience in children [Electronic version]. *Eric Digest*, 95:1-3

Bernstein, A.C. 2000 Remarriage: Redesigning couplehood. In P. Papp (ed.). *Couples on the fault line: New directions for therapists.* pp. 284-311. New York: Guildford Press.

Bigner, J.J. 1998. *Parent-child relations: An introduction to parenting*. New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. & Hiemstra, L.W. 2003. *Tweetalige woordeboek.*(8ste Uitgawe). Pharos Woordeboeke.

Booyse, J. & Swanepoel, C. 2007. Opvattings oor onderwysverandering soos weerspieël in die metaforiese uitdrukking van onderwys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 47(1): 95-111.

Bouwer, C. 2011. Identification and assessment of barriers to learning. In E. Landsberg, D. Krüger & N. Nel. *Addressing barriers to learning.* 2nd Edition. Pretoria: Van Schaik, 51-68.

Braithwaite, D.O., Olson, L.N., Golish, T.D., Soukup, C. & Turman, P. 2001. ''Becoming a family'': Developmental processes represented in blended family discourse. *Journal of Applied Communication Research*, 29: 221-24.

Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development. Experiments by nature and design.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Bronfenbrenner, U. 1992. Ecological system theory. In R. Vasta. (ed.). *Six theories of child development: Revised formulations and new trends.* London: Jessica Kingsley, 187-249.

Bronfenbrenner, U. 2001. The bio-ecological theory of human development. In N.J. Smelser & P.B. Baltes (eds.). *International encyclopaedia of the social and behavioural sciences.* New York: Elsevier. Pp. 6963-6970.

Bronfenbrenner, U. & Ceci, S.J. 1994. Nature-Nurture Reconceptualized in Developmental Perspective: A Bio-ecological Model. Psychological Review, 101 (4), 568-586.

Brown, S.L. 2004. Family structure and child wellbeing: The significance of parental cohabitation. *Journal of Marriage and Family*, 66: 351-367.

Brown, S.L. 2006. Family structure transitions and adolescent well-being. *Demography*, 43: 447-461.

Brown, S.L. & Manning, W.D. 2009. Family boundary ambiguity and the measurement of family structure: The significance of cohabitation. *Demography*, 46: 85-101.

Buchanan, C.M., Maccoby, E.E. & Dornbusch, S.M. 1991. Caught between parents: Adolescents' experience in divorced homes. *Child Development*, 62: 1008-1029.

Buss, D.M. 2000. The evolution of happiness. *American Psychologist*, 55:15-23.

Carr, A. 2004. *Positive psychology. The science of happiness and human strengths.* USA: Brunner-Routledge.

Ceglian, C.P. & Gardner, S. 2000. Attachment style and the "wicked stepmother" spiral. *Journal of Divorce & Remarriage,* 34(1/2):111-129.

Christopher, J.C. & Campbell, R.L. 2008. An interactivist-hermeneutic metatheory for positive psychology. *Theory & Psychology*, 18: 675-697.

Christopher, J.C. & Hickinbottom, S. 2008. Positive psychology, ethnocentrism, and the disguised ideology of individualism. *Theory & Psychology*, 18: 563-589.

Clandinin, D.J. & Connelly, F.M. 2000. *Narrative inquiry, experiences and story in the qualitative research.* San Francisco: Jossey-Bass.

Cohen, D.J. & Fowers, B.J. 2004. Blood, sweat, tears: Biological ties and self-investment as sources of positive illusions about children and stepchildren. *Journal of Divorce & Remarriage*, 42(1/2): 39-59.

Cohen, L., Monion, L. & Morrison, K. 2000. *Research methods in education*. (5th ed). London: Routledge Falmer.

Coleman, M., Ganong, L. & Fine, M. 2000. Reinvestigating remarriages: Another decade of progress. *Journal of Marriage and Family*, 62: 1288-1307.

Coleman, M., Fine, M.A., Ganong, L.H., Downs, K.J.M. & Pauk, N. 2001. When you're not the Brady Bunch: Identifying perceived conflicts and resolution strategies in stepfamilies. *Personal Relationships*, 8: 55-73.

Compas, B.E. 1998. An agenda for coping research and theory: Basic and applied developmental issues. *International Journal of Behavioural Development,* 22: 231-237.

Compton, W.C. 2005. *An introduction to positive psychology*. Belmont, CA: Thomson/Wadsworth.

Creswell, J.W. 1998. *Qualitative, inquiry and research design. Choosing among five traditions.* London: Sage Publications.

Creswell, J.W. 2002. *Educational research.* New Jersey: Merrill Prentice Hall.

Creswell, J.W. 2003. *Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods Approaches.* California: Sage Publications.

Creswell, J.W. 2007. *Qualitative Inquiry and Research Design: Choosing Among Five approaches* (2nd ed.). Thousand Oaks: Sage Publications.

Crohn, H.M. 2006. Five styles of positive step mothering from the perspective of young adult stepdaughters. *Journal of Divorce and Remarriage*, 46:119-134.

Davey, M., Eaker, D.G. & Walters, L.H. 2003. Resilience processes in adolescents: Personality profiles, self-worth, and coping. *Journal of Adolescent Research,* 18(4): 347-362.

Davidson, R. 2008. More than 'just coping': The antecedents and dynamics of resilience in a qualitative longitudinal study. *Social Policy & Society* 8(1) 115-125.

Deleire, T. & Kalil, A. 2005. How do cohabiting couples with children spend their money? *Journal of Marriage and Family*, 67: 286-295.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2000. Introduction: The discipline and practice of qualitative research. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds.). *The handbook of qualitative research* (2nd ed.). pp. 1-29. Thousand Oaks: Sage Publications.

Devenson, A. 2003. *Resilience*. South-Australia: Allen & Unwin.

Diener, E. 2000. Subjective well-being. *American Psychologist*, 55: 34-43.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. *Educational psychology in social context,* (2nd ed). Cape Town: Oxford University Press.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2006. *Educational psychology in social context,* (3rd ed). Cape Town: Oxford University Press.

Dunn, J. 2002. The adjustment of children in stepfamilies: Lessons from community studies. *Child and Adolescent Mental Health*, 7(4): 154-161.

Dunn, J. 2004. Annotation: Children's relationship with their non-resident fathers. *Journal of Child Psychology and Psychiatry,* 45: 659-671.

Dunn, J., O'Connor, T.G. & Cheng, H. 2005. Children's responses to conflict between their different parents: Mothers, stepfathers, non-resident father, and non-resident stepmothers. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology*, 34(2): 223-234.

Du Plessis, J. 1993. *'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n sielkundige-opvoedkundige perspektief.* DEd-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Du Plessis, J. 1994. *Enkele kenmerke van, en probleme eie aan die hersaamgestelde gesin*. Lyra Academica. 9(2): 65-68.

Dupuis, S.B. 2007. Examining remarriage: A look at issues affecting remarried couples and the implications towards therapeutic techniques. *Journal of Divorce and Remarriage.* 48(1/2): 91-104.

Dyer, C. 2006. *Research in psychology: A practical guide to methods and statistics*. Oxford: Blackwell Publishing.

Ebersöhn, L. & Eloff, I. 2006. *Life Skills and assets*. Pretoria: Van Schaik.

Ebersohn, S. 2006. Die verhouding van die vader in 'n hersaamgestelde gesin met sy nie-inwonende kind. Ongepubliseerde M Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Egan, G. 2002. *The skilled helper: A problem-management, and opportunity-development approach to helping.* (7th ed.). California: Brooks/Cole Thomson Learning.

Ehrenberg, M.F. 1996. Cooperative parenting arrangements after marital separation: Formal couples who are able to make it work. *Journal of Divorce and Remarriage*, 26: 93-116.

Eloff, I. 2003. Introduction to the asset-based approach to life-skills counseling. In P. Engelbrecht & L. Green. 2001. *Promoting learner development. Preventing and working with barriers to learning*. Pretoria: Van Schaik.

Fakulteit Opvoedkunde. 2003. *Etiese beginsels: Fakulteit Opvoedkunde*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Felner, R.D. 2006. Poverty in childhood and adolescence. In S. Goldstein & R.B. Brooks. *Handbook of resilience in children*. pp. 125-148. USA: Springer.

Fergus, S. & Zimmerman, M.A. 2005. Adolescent resilience: A framework for understanding healthy development in the face of risk. *Annual Reviews. Public Health*, 26: 399-419.

Fischer, T.F., De Graaf, P.M. & Kalmijn, M. 2005. Friendly and antagonistic contact between former spouses after divorce. *Journal of Family Issues,* 26 (8): 1131-1163.

Fine, M.A., Donnelly, B.W. & Voydandoff, P. 1991. The relation between adolescent's perception of their family lives and their adjustment in stepfather families. *Journal of Adolescent Research,* 6: 423-436.

Frankl. V.E.1984. *Man's search for meaning*. New York: Washington Square Press.

Furstenberg, F.F. Jr. 2000. Sociology of adolescence and youth in the 1990s: A critical commentary. *Journal of Marriage and the Family*, 62: 896-910.

Fowers, B.J. 2008. From continence to virtue: Recovering goodness, character unity, and character types for positive psychology. *Theory & Psychology,* 18: 629-653.

Gable, S.L. & Haidt, J. 2005. What (and why) is positive psychology? *Review of General Psychology*, 9: 103-110.

Ganong, L.H. & Coleman, M. 1994. *Remarried family relationships.* California: Sage.

Garmezy, N. 1991. Resilience in children's adaption to negative life events and stressed environments. *Pediatric Annals,* 20: 459-466.

Gilbert, K.R. 2000. *The emotional of qualitative research*. New York: CRC Press.

Gillham, J.E. & Seligman, M.E.P. 1999. Footsteps on the road to positive psychology. *Behaviour Research and Therapy*, 37: 163-173.

Glantz, M.D. & Johnson, J.L. 1999. *resilience and development. Positive life adaptions*. New York: Kluwer Academic/Plenum.

Goldenberg, I. & Goldenberg, H. 2004. *Family therapy an overview*. (6th ed.). United States: Thomson Brooks/Cole.

Goldstien, S. & Brooks, R.B. 2006. *Handbook of resilience in children*. USA: Springer.

Gosselin, J. 2010. Individual and family factors related to psychosocial adjustment in stepmother families with adolescents. *Journal of Divorce & Remarriage*, 51: 108-123.

Golish, T.D. 2003. Stepfamily communication strengths: Understanding the ties that bind. *Human Communication Research,* 29: 41-80.

Gouws, E., Kruger, N. & Burger, S. 2000. *The adolescent*. (2nd ed.). Sandown: Heinemann.

Greef, M. 2002. Information collection: Interviewing. In A.S. de Vos, (Eds.). *Research at grass roots. For the social sciences* and *human service professions* (2nd ed.). pp. 291-320. Pretoria: Van Schaik.

Grobler, M.J. 2001. *'n Spelterapeutiese riglyn vir die begeleiding van die kind in die vroeë kinderjare in die hersaamgestelde gesin na egskeiding.* Ongepubliseerde M Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Guignon, C. 2002. Hermeneutics, authenticity and wims of psychology. *Journal of Theoretical & Philosophical Psychology*, 22: 83-102.

Gumbiner, J. 2003. *Adolescent assessment*. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

Halford, K., Nicholson, J. & Sanders, M. 2007. Couple communication in stepfamilies. *Family Process.* 46(4): 471-483.

Halpern-Meekin, S. & Tach, L. 2008. Heterogeneity in two-parent families and adolescent well-being. *Journal of Marriage and Family.* 70: 435-451.

Harvey, J. & Delfabbro, P.H. 2004. Resilience in disadvantaged youth: A critical overview. *Australian Psychologist*, 39: 3-13.

Hatch, J.A. 2002. *Doing qualitative research in educational settings*. Albany: State University of New York Press.

Hauser, S. & Allen, J. 2006. Overcoming adversity in adolescence: Narratives of resilience. *Psychoanalytic inquiry*, 26: 549-576.

Hauser, S., Allen, J. & Golden, E. 2006. *Out of the woods: Tales of resilient teens*. Cambridge, MA: Harvard University Press

Health Profession Council of South-Africa (HPCSA). 2005. Form 223: *Rules of Conduct Pertaining Specifically to Psychology*. Pretoria: HPCSA.

Held, B.S. 2002. The tyranny of the positive attitude in America: Observation and speculation. *Journal of Clinical Psychology*, 58: 965-992.

Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.

Hetherington, E.M. 1991. Presidential address: Families, lies and videotapes. *Journal of Research on Adolescence,* 4: 323-348.

Hetherington, E.M. & Elmore, A.M. 2003. Risk and resilience in children coping with their parent's divorce and remarriage. In S. Luthar (ed.) *Resilience and vulnerability: Adaption in the context of adversities.* pp. 182-213. Cambridge: Cambridge University Press.

Hofferth, S.L. 2006. Residential father family type and child well-being: Investment versus selection. *Demography*, 43: 53-77.

Hollister-Wagner, G.H., Foshee, V.A. & Jackson, C. 2001. Adolescent aggression: Models of resiliency. *Journal of Applied Social Psychology*, 31(3): 455-466.

Houshyar, S. & Kaufmann, J. 2006. Resiliency in maltreated children. In A. Isaacs 2002. Annotation: Children's adjustment to their divorced parents' new relationships. *J Peadiatr. Child Health.* 38: 329-331.

Jansen, J. 2004. An introduction to educational theory. In L. Ebersohn & I. Eloff (Eds.) *Keys to educational psychology.* pp. 374-386. Cape Town: University of Cape Town Press.

Jeynes, W.H. 2000. A longitudinal analysis on the effects of remarriage following divorce on the academic achievement of adolescents. *Journal of Divorce & Remarriage*, 33(1/2): 131-148.

Jeynes, W.H. 2006. The impact of parental remarriage on children: A meta-analysis. *Marriage & Family Review*, 40(4): 75-102.

Josselson, R., Lieblich, A. & McAdams, D. 2003. Introduction. In R. Josselson, A. Lieblich & D. McAdams (Eds.). *Up close and personal*. pp. 13-28. Washington, DC: American Psychological Association.

Juby, H., Billette, J.M., Laplante, B. & Le Bourdais, C. 2007. Nonresident fathers and children parents' new unions and frequency of contact. *Journal of Family* Issues, 28 (9): 1220-1245.

Kaplan, L.S. 1991. *Coping with stepfamilies*. New York: The Rosen Publishing Group.

Kapp, T. 2002. *'n Geïntegreerde gesinsterapeutiese werkswyse met hersaamgestelde gesinne*. Ongepubliseerde M Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kenyon, G.M. & Randall, L.W. 1997. *Restorying our lives: Personal growth through autobiographical reflection*. Westport, Ct: Praeger.

Keyes, C.L.M. & Lopez, S.J. 2002. Toward a science of mental health. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.). *The handbook of positive psychology.* pp. 45-59. New York: Oxford Press.

King, V. 2006. The antecedents and consequences of adolescents' relationships with stepfathers and non-resident fathers. *Journal of Marriage and Family*, 68: 910-928.

King, V. 2007. When children have two mothers: Relationships with non-resident mother, stepmothers and father. *Journal of Marriage and family,* 69: 1178-1193.

Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. 1993. *Building communities from the inside. A path toward finding and mobilizing a community's assets.* Chicaco: ACTA.

Kriel, A.C. 1996*. Die kwesbaarheid van die hersaamgestelde gesin: 'n Sosiopedagogiese ondersoek.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Kritzas, N. & Grobler, A.A. 2009. The relationship between perceived parenting styles and resilience during adolescence. *Journal of Child and Adolescent Mental Health*. 17(1): 1-12.

Kumpfer, K.L. & Alvarado, R. 2003. Family-strengthening approaches for the prevention of youth problem behaviour. *Am. Psychol*, 58: 457-465.

Kumpfer, K.L. & Summerhays, J.F. 2006. Prevention approaches to enhance resilience among high-risk youth. *Ann. New York Academy of Sciences,* 1094: 151-163.

Lampard, R. & Peggs, K. 1999. Reparenting: The relevance of parenthood and gender to cohabitation and remarriage among the formerly married. *British Journal of Sociology,* 5(3): 443-465.

Leedy, P.D. & Ormrod, J.E. 2005. *Practical research: Planning and design*. (8th ed.). New Jersey: Pearson Education, Inc.

Lerner, R.M. 2006. Resillience as an attribute of the development system. *Ann. N.Y. Acad. Sci*., 1094: 40–51

Lieblich, A., Tuvan- Maschiach, R. & Zilber, T. 1998. *Narrative research*. Londen: Sage Publications.

Lincoln, Y.S. & Guba, E.G. 1985. *Natuaralistic Inquiry*. Bevery Hills: Sage Publications.

Louw, D. & Louw, L. 2007. *Die ontwikkeling van die kind en die adolessent*. ABC Drukkers.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike ontwikkeling* (3rd ed.). Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Lötter, L. "FACE" 2007 http://www.face-emotions.co.za.

Luthar, S.S., Cicchetti, D. & Becker, B. 2000. The construct of resilience: A critical evaluation and guidelines for future work. *Child Development*, 71: 543-562.

MacDonald, W., & De Maris, A. 1995, Remarriage, stepchildren, and marital conflict: Challenges to the incomplete institutionalization hypothesis. *Journal of Marriage and the family*, 57: 387-98.

Maddux, J.E. 2002. Stopping the "madness": Positive psychology and the deconstruction of the illness ideology and the DSM. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.). *The handbook of positive psychology.* pp. 13-25. New York: Oxford Press.

Manning, W.D., & Lamb, K.A. 2003. Adolescent well-being in cohabiting, married, and singleparent families. *Journal of Marriage and Family*, 65: 876-893.

Marsiglio, W. 2004. When stepfathers claim stepchildren: A conceptual analysis. *Journal of Mariagge and family,* 66: 22-39.

Marsiglio, W., & Hinojosa, R. 2007. Managing the multifather family: Stepfathers as father allies. *Journal of Marriage and Family*, 69: 845-862.

Mason, J. 2002. (2nd ed.). *Qualitative researching*. London: Sage.

Masten, A.S. 2001. Ordinary magic: Resilience processes in development. *American Psychologist*, 56(3): 227-328.

Masten, A.S 2004. Regulatory processes, risk, and resilience in adolescent development. *Ann. N.Y. Acad. Sci.*, 1021: 310-319.

Masten, A.S. & Coatsworth, J.D. 1998. The development of compentence in favorable and unfavorable envirinments: Lessons from research on successful children. *American Psychologist*, 53(2), 205-220.

Masten, A.S. & Obradović, J. 2006. Competence and resilience in development. *Ann. New York Academy of Sciences,* 1094: 13-27.

Masten, A.S. & Reed, M.J. 2002. Resilience in development In C.R. Snyder & S.J. Lopez. *Handbook of positive psychology*: USA: Oxford Univers Press.

MacDonald, W., & De Maris, A. 1995, Remarriage, stepchildren, and marital conflict: Challenges to the incomplete institutionalization hypothesis. *Journal of Marriage and the family,* 57: 387-98.

Mahoney, M.M. 2006. Stepparents as third parties in relation to their stepchildren. *Family Law Quarterly*, 40: 81-108.

Masten, A.S., Best, K.M., & Garmezy, N. 1990. Resilience and development: Contributions from the study of children who overcome adversity. *Development and Psychopathology,* 2: 425-444.

McGoldrick, M. & Carter, B. 2005. Remarried families. In B. Carter & M. McGoldrick. *The expanded family life cycle: Individual, family, and social perspectives*. (3rd ed). 417-432. USA: Pearson.

McLeod, L. 2001. *Qualitative research in counseling and psychotherapy*. Londen: SAGE Publications.

McMillan, J.H. & Schumacher, S 2001. *Research in education. A conceptual Introduction*. New York: Haper Collins College.

Mekos, D., Hetherington, E.M., & Reiss, D. 1996. Sibling differences in problem behavior and parental treatment in non-divorced and remarried families. *Child Development*, 67: 2148-2165.

Merriam, S.B. 1998. *Qualitative research and case study applications in education.* San Francisco: Jossey- Bass.

Merriam, S.B. 2002. *Qualitative research in practice.* San Francisco: Jossey- Bass.

Miller, A. 2008. A critique of positive psychology – or "the new science of happiness. *Journal of Philosophy of Education,* 42: 591-608.

Morse, J.M. & Richards, L. 2002. *Readme first for a user's guide to qualitative methods*. California, London, New Delhi: Sage Publications.

Mouton, J. 2001. *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies – A South African guide and resource book*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Mouton, J. & Marais, H. 1992. *Basiese begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Moore, S. & Cartwright, C. 2005. Adolescents' and young adults' expectations of parental responsibilities in stepfamilies. *Journal of Divorce & Remarriage*, 43(1–2): 109-127.

Niemann, R., Niemann, S., Brazelle, R., Van Staden, J., Heyns, M. & De Wet, C. 2000. Objectivity reliability and validity in qualitative research. *South African Journal of Education,* 20(4): 283-286.

Odendal, F.F. & Gouws, R.H. 2000. *HAT – Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal*. Midrand: Perskor.

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative research and evaluation methods* (3rd ed.). Thousand Oaks: Sage Publications.

Peterson, C. 2000. The future of optimism. *American Psychologist*, 55: 44-55

Plummer, K. 2001. *Documents of life*: *An invitation to a critical humanism*. London: SAGE Publications.

Polkinghorne, D.E. 1988. *Narrative knowing and human science*. Albany: State University of New York Press.

Plomin, R., Asbury, K. & Dunn, J. 2001. Why are children in the same family so different? Nonshared environment a decade later. *Canadian Journal of Psychiatry*, 46: 225-233.

Prinsloo, E. 1991. *Die selfaktualisering van die stiefkind*. DEd-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid- Afrika.

Rayn, R.M. & Deci, E.I. 2000. Self-determination theory and the facilitation of intrinsic motivation, social development, and well-being. *American Psychologist*, 55: 68-78.

Republic of South Africa 2006. Children's Act, No. 38 of 2005. Government Gazette.

Riessman, C. 1993. *Narrative analysis.* New Delhi: Sage Publications.

Riessman, C. 2002a Analysis of personal narratives. In J.F. Gubrium & G.E. Richardson, The metatheory of resiliency and resiliency. *Journal of Clinical Psychology*. 58(3): 307-321.

Riessman, C. 2002b Narrative analyzing. in A.H. Huberman & M.B. Miles (Eds.) *The qualitative researcher's companion.* pp. 217-304. New Delhi: Sage Publications.

Richardson, F.C. & Guingnon, C.B. 2008. Positive psychology and philosophy of social science*. Theory & Psychology*, 18: 605-627.

Richardson, G.E. 2002. The metatheory of resilience and resiliency. *Journal of Clinical Psychology*, 58(3), 307-321.

Richardson, G.E., Neiger, B., Jensen, S. & Kumpfer, K. 1990. The resiliency model. *Health Education*, 21: 33-39.

Riolli, L., Savicki, V. & Cepani, A. 2002. Resilience in the face of catastrophe: Optimism, personality, and coping in the Kosovo crisis. *Journal of Applied Social Psychology,* 8: 1604-1627.

Robinson, M. 1993. Comment on 'Promoting co-operative parenting after separation'. *Journal of Family Therapy* 15: 263-271.

Rodgers, K.B. & Rose, H.A. 2002. Risk and resiliency factors among adolescents who experience marital transition. *Journal of Marriage & Family*, 64: 1024-1037.

Rutter, C & Rutter, D.R. 2002. Illness representation, coping and outcome in irritable bowel syndrome. *British Journal of Health Psychology*, 7: 377-392.

Sarrazin, J. & Cyr, F. 2007. Parental conflicts and their damaging effects on children. *Journal of Divorce & Remarriage,* 47(1/2): 77-92.

Scheepers, L. 1991. *Die Hersaamgestelde gesin: 'n Maatskaplikewerk-perspektief*. Ongepubliseerde Ph.D –proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Scheier, M.F. & Carver, C.S. 1985. Optimism, coping, and health: Assessment and implications of generalized outcome expectancies. *Health Psychology*, 4: 219-247.

Schmiege, C.J., Richards, L.N. & Zvonkovic, A.M. 2001. Remarriage: For love or money? *Journal of Divorce & Remarriage*, 36(1/2):123-140.

Schoon, I. 2006. *Risk and resilience: Adaptations in changing times.* New York: Cambridge University Press.

Schwartz, B. 2000. Self-determination. *American Psychologist*, 55: 79-88.

Searle, A. 1999. *Introducing research and data in psychology*. New York: Routledge.

Seligman, M.E.P. 2002. Positive psychology, positive prevention, and positive therapy. In C.R. Snyder & S.J. Lopez (Eds.). *The handbook of positive psychology.* pp. 3-9. New York: Oxford Press.

Seligman, M.E.P. & Csikszentmihalyi, M. 2000. Positive psychology: An introduction. *American Psychologist*, 55(1): 5-14.

Simonton, D.K. 2000. Creativity. *American Psychologist*, 55: 151-158.

Slife, B.D. & Richardson, F.C. 2008. Problematic ontological underpinnings of positive psychology: A strong relation alternative. *Theory & Psychology,* 18: 699-723.

Smith, J.A. & Osborne, M. 2003. Interpretative phenomenological analysis, in F.A. Smith (ed.). *Qualitative psychology, a practical guide to research methods*. pp. 51-80. California, London, New Delhi: Sage Publications.

Snyder, C.R. & Lopez, S.J. 2007. *Handbook of positive psychology*. USA: Oxford University Press.

Sobolewski, J.M. & King, V. 2005. The importance of the co-parental relationship for nonresident father's ties to children. *Journal of Marriage and Familiy*, 67(5): 1196-1212.

Stake, R. 2000. Case Studies. In N.K. Denzin & Y.S. Lincoln (Eds.). *Handbook of qualitative research.* pp. 236-247. London: Sage Publications.

Stanley, S.M., Markman, H.J., & Whitton, S.W. 2002. Communication, conflict, and commitment: Insights on the foundations of relationship success from a national survey. *Family Process*, 41: 659-675.

Statistics South Africa. 2009. *Key findings: Marriage and divorces*. Stats Online, P0307.

Stewart, S.D. 2005. Boundary ambiguity in stepfamilies. *Journal of Family Issues*, 26(7): 1002-1029.

Stoll, B.M., Arnaut, G.L., Fromme, D.K. & Felker-Thayer, J.A. 2005. Adolescents in stepfamilies: A qualitative analysis. *Journal of Divorce & Remarriage*, 44(1/2): 177-189.

Stratton, P. 2003. Causal attributions during therapy: Reconstituted families and parental blaming. *Journal of family Therapy,* 25: 161-180

Svare, G.M., Jay, S., & Mason, M.A. 2004. Stepparents on stepparenting: An exploratory study of stepparenting approaches. *Journal of Divorce & Remarriage*, 41: 81-97.

Swart, R. 1994. *Die opleiding van die opvoedkundige sielkundige as refleksiewe praktisyn.* (Ongepubliseerde DEd Dissertasie). Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, Gauteng, Suid-Afrika.

Swart, E. & Pettipher, R. 2005. A framework for understanding inclusion. In E. Landsberg, D. Kruger & N. Nel. (Eds.). *Addressing barriers to learning.* pp. 3-23. Pretoria: Van Schaik.

Swart, E. & Pettipher, R. 2011. A framework for understanding inclusion. In E. Lansberg, D. Kruger & E. Swart. (Eds.). *Addressing barriers to learning. A South African perspective*. pp 3-26 (2nd ed). Pretoria: Van Schaik.

Swick, K.J. & Williams, R.D. 2006. An analysis of Bronfenbrenner's bio-ecological perspective for early childhood educators: Implications for working with families experiencing stress. *Early Childhood Education Journal,* 33(5): 371-379.

Taylor, S.J. & Bogdan, R. 1998. *Introduction to qualitative research methods* (3rd ed.). New York: John Wiley and Sons.

Terre Blanche, M. & Kelly, K. 2002 Interpretative methods. In K. Durrheim & M. Terre Blanche (Eds.). *Research in practice: Applied methods for the social sciences*. pp131-146. Cape Town: University of Cape Town Press.

Thomas, R.M. 2000. *Comparing theories of child development*, (5th ed.). USA: Wadsworth/Thomson Learning.

Tiet, Q.Q., Bird, H.R., Hoven, C., Cohen, P., Jensen, P.S. & Goodman, S. 1998. Adverse life events and resilience. *Journal of the American Academy of Child and Adolescent Psychiatry.* 37(11): 1191-1200.

Tugade, M.M., Fredrickson,B.L. & Feldman, B. 2004. Psychological resilience and positive emotional granularity: Examining the benefits of positive emotions on coping and health. *Journal of Personality* 72:6: 1162-1186.

Tugade, M.M. & Fredrickson, B.L. 2004. Resilient individuals use positive emotions to bounce back from negative emotional experiences. *J. Pers. Soc. Psychol.*, 86: 320-333.

U.S. Bureau of the Census 2003. *Current population reports, Marital Status and Living*

Visher, E.B. & Visher, J.S. 1982. *How to win as a stepfamily.* New York: Dembner Books.

Visher, E.B. & Visher, J.S. 1996. *Therapy with stepfamilies.* New York: Brunner/Mazel.

Weissberg, R.P. & Kumpfer, K.L. 2003. Special issue: Prevention that works for children and youth. *American Psychologist*, 58: 425-490.

Werner, E.E. 1995. Resilience in development. *Current Directions in Psychological Science*, 4: 81-85.

Werner, E.E. & Smith, R.S. 2001. *Journal from childhood to midlife: Risk, resilience, and recovery*. New York: Cornell University Press.

White, L. & Gilberth, J.G. 2001. When children have two fathers: Effects of relationships with stepfathers and non-custodial fathers on adolescent outcomes. *Journal of Marriage and Family* 63: 155-167.

Willing, C. 2001. *Introducing qualitative research in psychology: Adventures in theory and method*. Philadelphia: Open University Press.

Woolfolk, R.L. 2002. The power of negative thinking: The melancholia, and the tragic sense of life. *Journal of Theoretical and Philosophical Psychology*, 22: 19-27.

Wright, M.O.D. & Masten. A.S. 2005. Resilience processes in development: Fostering positive adaptation in context of adversity. In S. Goldstein & R. Brooks (Eds.) *Handbook of resilience in children*. pp 17-37. Kluwer Academic/Plenum. New York.

Wright, M.O.D. & Masten, A.S. 2006. Resilience processes in development. In S. Goldstein & R.B. Brooks. *Handbook of children*. pp. 17-39. USA: Springer.

Vogt Yuan, A.S., & Hamilton, H. 2006. Stepfather's involvement and adolescent well-being. *Journal of Family Issues*, 27: 1191-1213.

Yoshikawa, H. 1994. Prevention as cumulative protection: Effects of early family support and education on chronic delinquency and its risks. *Psychological Bulletin*, 115: 28-54.